UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# RELEVANTE PREDIKING IN ‘n VERANDERENDE WêRELD VAN RELATIWITEIT: ‘n ONDERSOEK NA DEELNAME AAN DIE EREDIENS EN DIE HOUDING TEENOOR KERK EN PREDIKING ONDER GELOWIGES IN DIE KONTEKS VAN DIE PAARL

**DEUR**

**PIETER HENDRIK BARNARD**

**VOORGELê TER VERVULLING VAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
PhD PRAKTIESE TEOLOGIE
IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROFESSOR C J A VOS
MEDE-PROMOTOR: PROFESSOR H J C PIETERSE**

**AUGUSTUS 2009**

© University of Pretoria

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK INDELING ii

VOORWOORD xvi

OPSOMMING xix

SUMMARY xxi

HOOFSTUK 1

INLEIDING: OP SOEK NA RELEVANTE PREDIKING IN 'n VERANDERENDE WêRELD VAN RELATIWITEIT

1. Beskrywing van konteks 1
2. Literatuuroorsig met die doel om navorsingsleemte te bepaal 9
3. Navorsingsleemte 17
4. Probleemstelling 21
5. Vraagstelling 24
6. Doelstelling 25
7. Metode van ondersoek 26

**HOOFSTUK 2**

**LEEFWêRELD EN TYDGEES** 27

| | | |
|---|---|---|
| 1. | ‘n Veranderende wêreld van relatiwiteit | 34 |
| 1.1 | Premodernisme | 35 |
| 1.2 | Modernisme | 36 |
| 1.3 | Postmodernisme | 37 |
| 1.3.1 | Die Oordrewe Realiteit *(‘Hyper Reality’*) | 45 |
| 1.3.2 | Die Ontstaan van ‘n Nuwe Realiteit *(‘A New Realism’*) | 49 |
| 1.4 | Tydperk na Postmodernisme- Konvergensie | 52 |
| 1.4.1 | Individuele tendense | 54 |
| 1.4.2 | Leierskap tendense | 54 |
| 1.4.3 | Kerklike tendense | 57 |
| 1.4.3.1 | Prediking in ‘n digitale kultuur | 59 |
| 1.4.3.2 | Verhoudings in ‘n digitale kultuur | 60 |
| 1.4.3.3 | Kinders in ‘n digitale kultuur | 61 |
| 1.4.4 | Matrys vir die orale-, letter-, uitsaai- en digitalekultuur | 62 |
| 1.5 | Die Ontluikende Kerk *(‘Emerging Church’)* | 67 |
| 1.6 | Individualisme | 74 |
| 1.6.1 | Impak van Individualisme op die kerk, die gemeenskap en die prediking | 79 |
| 1.6.1.1 | Negatiewe impak | 81 |

| | | |
|---|---|---|
| **1.6.1.2** | **Positiewe impak** | **83** |
| **1.6.2** | **Verskillende individuele faktore wat inwerk op die prediking** | **86** |
| **1.6.2.1** | **Spiritualiteitsvoorkeure** | **88** |
| **1.6.2.1 i)** | **Kopspiritualiteit** | **89** |
| **1.6.2.1 ii)** | **Hartspiritualiteit** | **90** |
| **1.6.2.1 iii)** | **Mistiekspiritualiteit** | **92** |
| **1.6.2.1 iv)** | **Handspiritualiteit** | **95** |
| **1.6.2.2** | **Generasies** | **97** |
| **1.6.2.2 i)** | ***'GI'* Generasie** | **99** |
| **1.6.2.2 ii)** | ***'Silent'* Generasie** | **100** |
| **1.6.2.2 iii)** | ***'Boomer'*** | **100** |
| **1.6.2.2 iv)** | **'*X*' ers** | **101** |
| **1.6.2.2 v)** | **Millenniums** | **101** |
| **1.6.2.3** | **Persoonlikheidstyl en Spesifieke meetinstrumente** | **103** |
| **1.6.2.3 i)** | **MBTI® (*Myers-Briggs Type Indicator®)*** | **104** |
| **1.6.2.3 ii)** | **Die Sestien-persoonlikheidsfaktor-vraelys (16 PF)** | **105** |
| **1.6.2.3 iii)** | **Hans Eysenck se Personality Questionnaire (EPQ)** | **106** |
| **1.6.2.3 iv)** | **Die Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)** | **106** |
| **1.6.2.3 v)** | **Die Edwards Personality Inventory (EPI)** | **106** |
| **1.6.2.3 vi)** | **Die Enneagram** | **109** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6.2.3 vii) | Gallup StrengthsFinder | 109 |
| 1.6.2.4 | Behoeftes en verwagtinge | 114 |
| 1.6.2.5 | Geloofsontwikkeling | 116 |
| | a) Fase 1: Vertroue - die fase van die oergeloof en die inkorporatiewe self | 117 |
| | b) Fase 2: Simbolisering/Fantasering - die fase van die intuïtiewe beskermende geloof en die impulsiewe self | 117 |
| | c) Fase 3: Morele ontwikkeling - die fase van die imperiale self | 118 |
| | d) Fase 4: Sintetisering - die fase van die sinteties-konfessionele geloof en in interpersoonlike self | 118 |
| | e) Fase 5: Individualisering - die fase van die individuatiewe-reflektiewe geloof en die institusionele self | 119 |
| | f) Fase 6 Reïntegrasie – die fase van die konjunktiewe geloof en die inter-individuele self | 120 |
| | g) Fase 7: Universalisering – die fase van die veralgemeende geloof en die God-gegronde self | 120 |
| 1.6.2.6 | Leerstyle | 121 |
| 1.6.2.6 i) | Ouditorium | 122 |
| 1.6.2.6 ii) | Visuele | 122 |

| | | |
|---|---|---|
| **1.6.2.6 iii)** | **Kinesteties** | **122** |
| **1.6.2.6 iv)** | **Analities** | **122** |
| **1.6.2.6 v)** | **Globaal** | **122** |
| **1.6.2.6 vi)** | **Konkreet voortvloeiend** | **123** |
| **1.6.2.6 vii)** | **Abstrak voortvloeiend** | **123** |
| **1.6.2.6 viii)** | **Abstrak lukraak** | **123** |
| **1.6.2.6 ix)** | **Konkreet lukraak** | **123** |
| **1.6.2.7** | **Intelligensies** | **124** |
| **1.6.2.7 i)** | **Taalkundige intelligensie** | **125** |
| **1.6.2.7 ii)** | **Logies/Wiskundige intelligensie** | **125** |
| **1.6.2.7 iii)** | **Musikale intelligensie** | **126** |
| **1.6.2.7 iv)** | **Ruimtelik/visuele intelligensie** | **126** |
| **1.6.2.7 v)** | **Kinestetiese intelligensie** | **127** |
| **1.6.2.7 vi)** | **Interpersoonlike intelligensie** | **127** |
| **1.6.2.7 vii)** | **Intra persoonlike intelligensie** | **128** |
| **1.7** | **Materialisme** | **129** |
| **1.7.1** | **Historiese fases van Materialisme** | **130** |
| **1.7.1.1** | **Klassieke Materialisme** | **130** |
| **1.7.1.1 i)** | **Materialisme van die ‘*Verligting*’ en die tydperk daarna** | **130** |
| **1.7.1.1 ii)** | **Wetenskaplike materialisme en Analitiese filosofie** | **131** |
| **1.7.1.1 iii)** | **Historiese materialisme** | **131** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.7.1.1 iv)** | **Godsdiens en owerhede** | **133** |
| **1.8** | **Verbruikerisme** | **135** |
| **1.8.1** | **Wat is verbruikerisme?** | **137** |
| **1.8.2** | **Die ontstaan van verbruikerisme** | **141** |
| **1.8.3** | **Karaktertrekke van verbruikerisme** | **144** |
| **1.8.3.1** | **Wetenskap en die behoefte aan inligting** | **144** |
| **1.8.3.2** | **Vinnige oplossing en gemak** | **145** |
| **1.8.3.3** | **Ervaring-gedrewe** | **147** |
| **1.8.3.4** | **Identiteit** | **149** |
| **1.8.3.5** | **Materialisme, Advertensie en Menslike behoeftes** | **150** |
| **1.8.3.6** | **Die arm mens** | **152** |
| **1.8.3.7** | **Individualisme en sosiale status** | **154** |
| **1.8.3.8** | **Die jeug is die groep wat geteiken word** | **156** |
| **1.8.3.9** | **Die rol van verbruikerisme op die plaaslike kerk** | **157** |
| **1.9** | **Waarnemings in die Paarl** | **160** |

**HOOFSTUK 3**

**HERMENEUTIESE BENADERING EN HOMILETIESE MODEL**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Sosiale kulturele veranderinge** | **164** |
| **2.** | **Verandering in religieuse kommunikasie** | **166** |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Die Oralekultuur – Liturgiese Kerk | 172 |
| 2.2 | Die Letterkultuur- Reformasie Kerk | 176 |
| 2.3 | Die Uitsaaikultuur – | |
| | Die Kontemporêre/Feesviering Kerk | 184 |
| 2.3.1 | Die waarheid word bekragtig deur ervaringe | 191 |
| 2.3.1.1 | Geloof is oortuiging van sonde | 192 |
| 2.3.1.2 | Die teenwoordigheid van God | 192 |
| 2.3.1.3 | Aanbiddingsgeleenthede: | |
| | Program-gedrewe en musiekstyle | 193 |
| 2.3.1.4 | Kerklike Argitektuur is promosie gedrewe | 193 |
| 2.3.1.5 | Pragmatiese skuiwe rondom Moraliteit | 194 |
| 2.4 | Die Digitalekultuur- Konvergensie Kerk | 194 |
| 2.4.1 | Die Waarheid is versamelend en kontekstueel | 199 |
| 2.4.2 | Geloof is gelowige skeptisisme | 199 |
| 2.4.3 | Die Liggaam van Christus | 200 |
| 2.4.4 | Aanbiddingsgeleenthede: Samekomste | 201 |
| 2.4.5 | Aanbiddingstyle: Spesifieke kontekstuele liedere | 202 |
| 2.4.6 | Kerkargitektuur: Toeganklik, interaktief en | |
| | aanpasbaar | 202 |
| 2.4.7 | Skuif in Moraliteit: Terug na die | |
| | oorspronklike van verstaan | 203 |
| 3. | Hermeneuties teologiese veranderinge | 205 |

| | | |
|---|---|---|
| **4.** | **Teks hermeneutiek** | **206** |
| **5.** | **Hermeneutiek** | **206** |
| **5.1** | **Hans-Georg Gadamer se siening van die hermeneutiek** | **213** |
| **5.2** | **Paul Ricoeur se siening van die hermeneutiek** | **224** |
| **5.3** | **Teologiese refleksie op Gadamer en Ricoeur** | **233** |
| **5.4** | **Hermeneutiek en Empirie** | **233** |
| **6.** | **‘n Homiletiese model** | **234** |
| **6.1** | **Inleiding** | **234** |
| **6.2.** | **Hermeneuties Kommunikatiewe preekteorie** | **236** |
| **6.2.1** | **Die Pneumatologies-Christologiese begronding van kommunikatiewe handelinge** | **237** |
| **6.2.2** | **Kommunikasieteorieë** | **242** |
| **6.2.2.1** | **Die Psigologiese benadering** | **245** |
| **6.2.2.2** | **Die Interaksionistiese benadering** | **245** |
| **6.2.2.3** | **‘n Transaksionele benadering** | **246** |
| **6.2.2.4** | **Eksistensiële en hermeneutiese benadering** | **247** |
| **6.2.2.5** | **Simboliese interaksionisme** | **248** |
| **6.2.2.6** | **‘n Liniêre model** | **250** |
| **6.2.2.6 i)** | **Harold D. Lasswell (1952)** | **250** |
| **6.2.2.6 ii)** | **CE Shannon en W. Weaver** | **251** |

| | | |
|---|---|---|
| **6.2.2.6 iii)** | **DK Berlo (1960) se SMRC-model** | **251** |
| **6.2.2.7** | **’n Dialogiese kommunikasiemodel** | **252** |
| **6.2.2.8** | **’n Dialogies-kommunikatiewe homiletiek** | **254** |
| **6.2.2.9** | **Kommunikasievelde** | **256** |
| **6.2.2.9 i)** | **Massakommunikasie** | **256** |
| **6.2.2.9 ii)** | **Mondelinge kommunikasie van geskrewe tekste** | **258** |
| **6.2.2.10** | **Kommunikasiesteurnisse** | **260** |
| **6.2.2.10 i)** | **Demografie** | **261** |
| **6.2.2.10 ii)** | **Politieke faktore** | **261** |
| **6.2.2.10 iii)** | **Kulturele faktore** | **261** |
| **6.2.2.10 iv)** | **Die prediker se persoon** | **262** |
| **6.2.2.10 v)** | **Kerklike selfverstaan** | **262** |
| **6.2.2.10 vi)** | **Taalkode** | **262** |
| **6.2.2.10 vii)** | **Skriftelike gebeure** | **263** |
| **6.2.2.10 viii)** | **Rasionalistiese binding** | **263** |
| **6.2.2.10 ix)** | **Eenrigtingverkeer** | **263** |
| **6.2.3** | **Ekklesiologie** | **264** |
| **6.2.3.1** | **Agt ekklesiologiese faktore** | **265** |
| **6.2.3.2** | **Die kerk as instituut** | **265** |
| **6.2.3.3** | **Die kerk as gemeenskap** | **269** |
| **6.2.4** | **Antropologie** | **272** |
| **6.2.4.1** | **’n Holistiese antropologie** | **273** |
| **6.2.4.2** | **Antropologies-teologiese begrippe naamlik** | |

| | | |
|---|---|---|
| | die verbond, die wet en die koninkryk | 273 |
| 6.2.4.3 | Teologies-antropologiese perspektiewe | |
| | van die liturg | 274 |
| 6.2.4.3 i) | Sondaars | 275 |
| 6.2.4.3 ii) | Begenadigde sondaars | 275 |
| 6.2.4.3 iii) | Begenadigde begaafdes | 276 |
| 6.2.4.3 iv) | God se tyd | 276 |
| 6.2.4.3 v) | Noodsituasie | 276 |
| 6.2.4.3 vi) | Verbondsperspektief | 277 |
| 6.2.5 | ‘n Hermeneuties-kommunikatiewe homiletiek | 277 |
| 6.2.5.1 | Die preek as ‘n homiletiese kunswerk | 278 |
| 6.2.5.2 | Kritiek teen die preek as kommunikasie gebeure | 279 |
| 6.3 | ‘n Basisteorie vir relevante prediking | 283 |
| 6.3.1 | Die prediking as 'n religieuse handeling | 283 |
| 6.3.2 | Die prediking binne twee perspektiewe | 284 |
| 6.3.2.1 | 'n Hermeneutiese perspektief | 285 |
| 6.3.2.1 i) | Die rol van verstaan | 285 |
| 6.3.2.1 ii) | Die rol van die konkrete | 286 |
| 6.3.2.2 | 'n Kommunikatiewe perspektief | 287 |
| 6.3.2.2 i) | Die rol van taal- en die oorredende handelinge | 287 |
| 6.3.2.2 ii) | Die belang van die hoorder | 288 |
| 6.3.2.2 iii) | Geloofsvorming tot eer van God | 289 |

**HOOFSTUK 4**

**‘n EMPIRIESE ONDERSOEK OOR RELEVANTE PREDIKING ONDER GELOWIGES IN DIE PAARL**

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Inleiding** | **290** |
| **2.** | **Navorsingsprobleem** | **291** |
| **3.** | **Navorsingsmetodologie** | **292** |
| **3.1** | **Inleiding** | **292** |
| **3.2** | **Kwalitatiewe ondersoek** | **293** |
| **3.2.1** | **Tipes navorsingstrategieë** | **294** |
| **3.2.2** | **Eienskappe van kwalitatiewe navorsing** | **294** |
| **3.2.3** | **Insamelingstegnieke van data** | **295** |
| **3.2.4** | **Kwalitatiewe navorsing as proses** | **295** |
| **3.2.5** | **Die kwalitatiewe navorser** | **295** |
| **3.2.6** | **Geloofwaardigheid, betroubaarheid en egtheid** | **296** |
| **3.2.7** | **Onderhoudsvoering op ‘n kwalitatiewe manier** | **297** |
| **4.** | **Beskrywing van onderhoude en willekeurige ondersoek** | **297** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **Keuse van deelnemers** | **297** |
| **4.2** | **Verkose gemeentes** | **298** |
| **4.3** | **Onderhoude** | **298** |
| **4.3.1** | **Samestelling van die gestruktureerde onderhoudskedule** | **299** |
| **4.3.2** | **Plek van onderhoude** | **299** |
| **5.** | **Verwerkte onderhoude** | **300** |
| **5.1** | **Inleiding** | **300** |
| **5.2** | **Vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule** | **301** |
| **5.2.1** | **Keuse van deelnemers ten opsigte van die vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule** | **306** |
| **5.2.2** | **Reaksies van deelnemers ten opsigte van die vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule** | **310** |
| **5.2.2.1** | **Reaksies op: Bywoning van Sondag se erediens** | **310** |
| **5.2.2.2** | **Reaksie op: Kwaliteit van die prediking in gemeente** | **312** |
| **5.2.2.3** | **Reaksie op: Beoordeling van laaste ses maande se preke** | **313** |
| **5.2.2.4** | **Reaksie op: Raak die prediking jou persoonlike lewe aan?** | **314** |

| | | |
|---|---|---|
| **5.2.2.5** | **Reaksie op:** | |
| | **Ervaring van die Heilige Gees se** | |
| | **teenwoordigheid tydens die prediking** | **314** |
| **5.2.2.6** | **Reaksie op:** | |
| | **Verwagting van die preek tydens die erediens** | **316** |
| **5.2.2.7** | **Reaksie op:** | |
| | **Voortbestaan van gemeente** | |
| | **sonder die prediking elke Sondag** | **317** |
| **5.2.2.8** | **Reaksie op:** | |
| | **Indien jy die prediking moet waarneem,** | |
| | **hoe sou jy dit inrig?** | **318** |
| **5.2.2.9** | **Reaksie op:** | |
| | **Medium van terugvoering ten opsigte van** | |
| | **die prediking** | **319** |
| **5.2.2.10** | **Reaksie op:** | |
| | **Die verstaan van konteks en leefwêreld van** | |
| | **die hoorder** | **319** |
| **5.2.2.11** | **Reaksie op:** | |
| | **Help die prediking jou persoonlik in die wêreld** | |
| | **waarbinne jy leef? Slaag die prediking?** | **320** |
| **6.** | **Samevatting** | **321** |

## HOOFSTUK 5

## VOORSTEL VIR VERBETERING EN VERSTERKING VAN TEORIE EN PRAKTYK MET DIE OOG OP STRATEGIESE OPTREDE IN DIE PREDIKING IN 'n VERANDERENDE KULTUUR

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Interaksie tussen bevindinge en die homiletiese model en die veranderende kultuur | 324 |
| 1.1 | Die preek is belangrik in die homiletiese model | 325 |
| 1.2 | Die werk van die Heilige Gees in die preekproses | 327 |
| 1.3 | Die toepassing in die preek is nie persoonlik genoeg nie | 331 |
| 1.4 | Lof en aanbiddingsbehoeftes | 335 |
| 1.5 | Die uitsaaikultuur en die oorgang na die digitalekultuur | 339 |
| 2. | Die ontwikkeling van 'n praktyk model | 346 |
| BIBLIOGRAFIE | | 349 |
| BYLAAG A | | 388 |
| BYLAAG B | | 394 |

## VOORWOORD

Op een of ander manier het ek nog altyd getwyfel aan my akademiese vermoëns. Op skool was een van my grootste begeertes om 'n akademiese balkie op my skoolbaadjie te kon vaswerk. Dit was egter nooit vir my beskore nie, want ek het seker te veel krieket, tennis en rugby gespeel. Hierdie studie is 'n vervulling van 'n droom waaraan ek 39 jaar lank getwyfel het. 'n Oorwinning oor twyfel en onsekerheid wat iewers geplant was in my kinderjare. Soveel te meer wil ek 'n opregte woord van dank en waardering uitspreek aan hulle wat deel was en is van hierdie droom:

- Ons God die Vader wat voorsien en sorg, Sy Seun Jesus Christus vir genade en liefde en die Heilige Gees vir gawes en talente om Sy Koninkryk te kan bou deur die prediking

- My vrou Delia wat saam met my op 'n lewensreis is. Dankie my engel dat jy nog altyd lojaal was teenoor my. Dankie dat jy my toelaat om my ding te doen. Ek lief jou vir die vrou wat jy vir my is. Ek lief jou ook vir die ma wat jy is vir ons twee seuntjies. Dankie vir die vertroue in my as ek weg van die huis af moes wees om my vlerke te span

- Aan Armand en Reinhard wil pappa net sê: "Julle is pappa se hart se punt. Ek hoop dat deur hierdie studie ek julle ook kan help om julle passies en roeping te ontdek en te laat leef soos pappa syne leef. Mag julle die effek van hierdie studie sien groei op pappa en julle se lewens soos wat julle groter word. Mag julle groot word en weet pappa is altyd daar vir julle. Lief julle!"

- Professor Cas Vos, my promotor en akademiese pa. Professor het nog altyd in my geglo as mens. Van my eerste jaar as student in 1990 tot nou

toe was daar ‘n besonderse band tussen ons. Dankie en ek lief en eer u daarvoor. U is meer as net ‘n professor!

- Professor Hennie Pieterse my studieleier wat op so ‘n besonderse wyse my begelei het in die studie. Die eenvoud en gemaklikheid van u as mens was ‘n voorreg om regstreeks te kon beleef. Vir die liefde wat ek by u en u vrou beleef het aan huis, wat die studie ‘n vreugde gemaak het

- My ouers, pa André en ma Ina, wat nog altyd saam met my in alles was en nog steeds is. Aan julle toewyding en belangstelling in my as oudste seun het ek nooit getwyfel nie. Vir die telefoonoproepe, die opry van Nelspruit na Pretoria wanneer ek opgekom het van die Kaap vir studies en die trots wat julle uitstraal oor my as mens kan nooit genoeg dankie gesê word nie. Ek lief julle uit die diepte van my hart!

- Oom Schalk en Tannie Elaine Joubert wat gehelp proeflees het. Julle is twee kosbare mense waarvoor ek groot waardering het

- Dr. Cornel Gerber wat ‘n vriend en ondersteuner was op vele terreine. Dankie vir jou vriendskap en finansiële hulp om hierdie droom te kon waar maak

- Dr. Hendrik Venter, my mentor en geestelike pa. Doktor het my opgetel in ‘n tyd toe ek die Here se hand so nodig gehad het. Dankie dat Doktor nog steeds God se hand in my lewe is. Ek lief U en waardeer U. Mag ek ook soos die lewensjare toeneem ‘n mentor en geestelike vader vir ander wees soos u vir my was

- My vriend Ds. George Nel. Van Universiteit af was jy deel van my lewe. Dankie vir jou positiwiteit en vriendskap deur die jare.

- Hein en Hanneli Koegelenberg wat op 'n besonderse wyse in my lewe belê sodat ek my vlerke kan span en die mens kan wees wat God wil hê ek moet wees. Ek lief julle en ek dank julle.

- Prof. Stephan Joubert wat my brein gereeld prikkel en help om die akademie en die praktyk bymekaar te bring. Dankie vir al die koffie afsprake en die tyd wat altyd gemaak word vir my om te gesels oor die lewe in Sy greep.

- Dr. Nelis Steyn wat sy doktorale studies 'n jaar voor my klaargemaak het. Dankie Nelis vir jou hulp en tyd wat jy gemaak het aan die begin van hierdie reuse taak. Op 'n besonderse manier het jy rigting gegee aan hierdie proefskrif. Ek dank jou daarvoor opreg.

- Die Ouderlinge raad van Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl wat die drie maande studieverlof aan my toegestaan het om hierdie studie te kon voltooi. Dankie dat julle vir my ruimte gegun het om hierdie droom te kon verwesenlik. Dankie ook vir die finansiële ondersteuning om hierdie studie te kon voltooi. 'n Ouderlinge raad soos julle gun ek vir elke predikant omdat julle ware leiers in God se kerk is.

- Al my gemeentelede, familie en vriende wat belangstelling getoon het en my oor die jare aangemoedig het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**OPSOMMING**

**RELEVANTE PREDIKING IN 'N VERANDERENDE WÊRELD VAN RELATIWITEIT: 'N ONDERSOEK NA DEELNAME AAN DIE EREDIENS EN DIE HOUDING TEENOOR KERK EN PREDIKING ONDER GELOWIGES IN DIE KONTEKS VAN DIE PAARL**

**deur**

**Pieter Hendrik Barnard**

**Promotor: Prof KJA Vos**

**Mede-Promotor: Prof HJS Pieterse**

**Departement: Praktiese Teologie**

**Graad: PhD Praktiese Teologie**

In 'n veranderende wêreld van relatiwiteit blyk dit dat die preek al hoe meer in die spervuur is. Op elke gebied van die menslike onderneming beleef ons veranderinge. Dit maak dat prediking in die konteks van 'n veranderende wêreld en kultuur al hoe meer kompleks word. Wat vyftig jaar gelede as homiletiese wysheid gesien is, geld nie meer nie. Die kritiese vraag is: Het die prediking nog 'n toekoms? Het ons enige idee oor die effek en ontvangs van 'n preek. In die huidige kritieke situasie waarin die kerk wêreldwyd verkeer, word veral ook die prediker aangespoor tot selfondersoek en herwaardering van sy prediking.

In die ondersoek van die probleem en die soeke na moontlike oplossing word daar in hierdie studie aangesluit by die 'prakties-teologiese metodologie' waarvolgens die bestaande praktyk wetenskaplik ondersoek word. Dit geskied deur aandag te skenk aan die dinamiese wisselwerking tussen teorie en praktyk. Hierdie proses vind gestalte deur 'n hermeneutiese interaksie tussen 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek wat uitmond in 'n verstelde praktykteorie. In **Hoofstuk 1** word die navorsings leemte, probleemstelling, vraagstelling en doelstelling van die studie vasgelê. Die navorsings leemte behels dat die meeste predikers 'n persepsie het dat hulle in noue kontak met die

hoorders is, en dat predikers dink dat direkte terugvoer vanaf die hoorders nie nodig is nie. Die leefwêreld en tydgees waarbinne die prediking plaasvind en die hoorder se behoeftes rondom die prediking is nog nie in die Paarl op 'n grondige empiriese wyse ondersoek is nie. Prediking in die konteks van die Paarl is 'n monologiese gebeurtenis, waar die hoorder passief is. Die kern van die probleemstelling is die gebrek aan deelname van gemeentelede aan die preek in die erediens. Die vraagstelling is of prediking nog relevant is en of prediking steeds moet gestalte vind op dieselfde wyse binne ons veranderende wêreld van relatiwiteit? Die doel van hierdie ondersoek was om vas te stel wat die hoorders beskou as relevante prediking en of die preek nog steeds 'n bestaansreg het. In **Hoofstuk 2** word daar gekyk na die leefwêreld, kultuur en tydgees waarbinne die hoorders lewe. In **Hoofstuk 3** word verskillende hermeneutiese benaderings uiteengesit om sodoende 'n basis teorie vir relevante prediking te kan ontwikkel. Dit dien as 'n konseptuele raamwerk vir die empiriese deel van die studie. In **Hoofstuk 4** word die empiriese ondersoek onderneem. Dit geskied deur kwalitatiewe onderhoude wat fokus op individue uit verskillende gemeentes in die Paarl. Inligting is versamel deur middel van in-diepte onderhoude wat deur gestruktureerde onderhoudskedules voorafgegaan word. Daar is byvoorbeeld gevind dat die oorgrote meerderheid gelowiges die prediking sien as 'n onvervangbare element. In **Hoofstuk 5** is daar 'n hermeneutiese interaksie tussen die resultate van die empiriese ondersoek en die voorafgaande teoretiese vertrekpunte. Hierdie gegewens wat op mekaar inspeel lei tot nuwe of verstelde konsepte vir 'n relevante praktykteorie om die praktyk te rig en te stuur. Dit is 'n regulatiewe aktiwiteit wat die bestaande praktyk wil bevestig en bewus maak van sekere aanpassings. In hierdie verstelde praktykteorie is daar gepleit vir nuwe klem op die kultuur en konteks waarbinne die prediking plaasvind. Daar sal meer gereeld na die hoorder se stem geluister moet word sodat meer inter aktiwiteit tussen prediker en hoorder kan plaasvind. Ook nuwe kommunikasietegniek sal aangeleer moet word vir die prediking wat in 'n ontluikende digitalekultuur moet plaasvind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SUMMARY

**RELEVANT PREACHING IN A CHANGING WORLD OF RELATIVISM: A RESEARCH INTO PARTICIPATION TOWARDS THE WORSHIP-SERVICE AND THE ATTITUDE TOWARDS THE CHURCH AND PREACHING AMONG BELIEVERS IN THE CONTEXT OF PAARL**

**by**

**Pieter Hendrik Barnard**

**Promotor: Prof CJA Vos**

**Co-Promotor: Prof HJC Pieterse**

**Department: Practical Theology**

**Degree: PhD Practical Theology**

In a changing world of relativism there are many critical voices against the preaching of a sermon. These critical voices put the sermon under attack. In all facets of human life we experience change. That makes the preaching of a sermon more complex in the context of a changing world. What looked like homiletic wisdom fifty years ago, doesn't count today. The critical question is: Does preaching have a future? Do we have any idea of the effect and reception of a sermon? Because of the present critical situation of peoples' perception about the church in general, the preacher is encouraged to introspection and revaluation of his sermons.

In the research of the problem and the seeking for some possible solutions this study connects with the 'practical theological methodology' whereby the standing scientific praxis is researched. This is done by giving attention to the dynamic interaction between theory and praxis. This process is structured by a hermeneutical interaction between a literature study and a empirical research which results in an adjusted practical theory.

In **Chapter 1** the research problem is stated, followed by an explanation and formulation of the question under research as well as the purpose thereof. The

deficiency in the research entails that most preachers think they are in close contact with the hearers to sermons and that direct feedback from the hearers is unnecessary. The world in which the spirit, the time the sermon is delivered and the hearers needs towards the sermon, haven't been researched on a empirical basis in Paarl. Preaching within listeners in the context of the churches in Paarl is in the form of a monologue where the listener sits passively. The centre of the problem statement of this research is the shortage of involvement of congregation members towards the sermon during the worship service. The question under research is whether preaching is still relevant and whether preaching still must take place in the same way that we are familiar with. The purpose of this research is to find out what the hearer considers as relevant preaching and if preaching must still be that prominent in the worship service. In **Chapter 2** we look at the world in which we live and the timeline wherein the hearer lives. In **Chapter 3** we will look at different hermeneutical approaches to get to a base theory for relevant preaching. This will serve as a conceptual framework for the empirical part of the study. In **Chapter 4** we undertake the empirical research. It takes place in the form qualitative interviews which focus on individuals from different churches in Paarl. Information was obtained by means of in-depth interviews preceded by structured interview schedules. As an example, the research found that the majority of believers regard the preaching of a sermon as an irreplaceable element of the church and of one's Christians life. **Chapter 5** reveals the results of a hermeneutical interaction between the imperical research and the preliminary theoretical assumptions. The results that play in towards each other will lead to new or adjusted concepts for a relevant practical theory to guide the praxis in a new direction. This is a regulative activity which confirms the existing praxis and makes us aware of certain adaptations. In this adjusted practical theory there is pleaded for a new emphasis towards the culture and context where preaching takes place. Therefore more often preachers must listen to the hearers voices to create interactivity between preacher and hearer. New communication techniques also need to be taught regarding preaching in a new digital culture.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING: OP SOEK NA RELEVANTE PREDIKING IN ‘N VERANDERENDE WÊRELD VAN RELATIWITEIT

Hoofstuk 1 skep die plaatvorm vir hierdie studie. In hierdie hoofstuk word die basiese navorsingsvoorstel van die proefskrif vervat. Daar vind ’n beskrywing plaas van die konteks waaruit hierdie studie ontspring met ‘n breë literatuuroorsig om die navorsingsleemte deeglik te bepaal. Die probleemstelling, vraagstelling, doelstelling en metode van ondersoek vind ook gestalte in Hoofstuk 1.

### 1. Beskrywing van konteks

Die Paarl is die hart waar die kultuur van die blanke Afrikaner ontstaan het. In hierdie pragtige dorp en vallei het die taal Afrikaans sy neerslag gevind en is ook die plek waar die Bybel die eerste keer in Afrikaans vertaal is (Van Rensburg 1997:43). Die ryke tradisies van kerke en skole is deel van die Paarl (vgl. Rosenthal 1978).

Die Paarl Vallei strek vanaf Franschhoek in die Suide, tot Wellington in die Noorde. Daar is 12 Nederduitse Gereformeerde Kerke in die Paarlvallei. Die oudste (Wikipedia 2009) is die Ned. Geref. Kerk Paarl-Strooidak (204 jaar- 3de oudste gemeente en oudste kerkgebou) en naas hom die Ned. Geref. Kerk Wellington-Andrew Murray (170 jaar- die 26ste oudste). In al hierdie gemeentes is daar ‘n ryke tradisie van predikers (di. Andrew Murray, SJ du Toit, GWA van der Lingen) wat tot vandag toe nog mense se lewens beïnvloed. Die aanddiens soos ons dit in die Ned. Geref. Kerk ken, het juis ontstaan in die Ned. Geref. Kerk Paarl-Strooidak waar die dominees so lank in die oggende gepreek het dat

lidmate gevra het om in die aande weer te kan kom en die res van die preek te kan hoor (Olivier 1952).

Nog steeds lui die kerkklokke elke Sondag in die Paarl-Vallei en roep dit mense om te kom luister na God se Woord. Lidmate kom luister na predikers wat 'n boodskap vanaf God verkondig. In sommige gemeentes sit die eredienste stampvol, maar in sommige is dit 'n hartseer verhaal van leë kerkbanke wat meer is as hulle wat op die banke moet sit. Lidmate migreer tussen kerkgrense, denominasies, leerstellinge en taal op soek na voedsel vir hulle siele. Die invloei van Gautengers in die Paarl is ooglopend baie. Die meeste van die navorser se vriende in die gemeente kom van Gauteng. Dit het die gevolg dat die Paarl sy karakter heeltemal verloor en 'n moderne dorp word met nuwe gesigte wat net meer en meer word. Die navorser se gemeente – Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl – sit aan die voet van die Afrikaanse Taalmonument. Die Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl bevind hom in die kern van nuwe demografiese ontwikkelinge en die uitdagings vir kerkwees in 'n nuwe konteks is groot. Die ervaring is dat sekere Christene in die Paarl glad nie meer 'n tuiste vind in die Ned. Geref. Kerk nie. Die '*Paarl Family Church'* sit met 80% Afrikaans-sprekende lidmate en hoor net Engelse Woordverkondiging. In die konteks van die Paarl word leerstellinge rondom grootdoop (herdoop), die genadegawes, sekere interpretasies van God se seën ensovoorts, belangriker geag as dit wat reeds gepreek word. Daar is 'n diepe soeke by lidmate na waarheid en om God te probeer verstaan. Stemme word gehoor dat lidmate nie geestelik gevoed word in sekere eredienste nie. Ten spyte van die stemme wat ons binne-in die eredienste hoor, wat van hulle wat nooit eers die eredienste bywoon nie? Hoekom is die Kerk en die prediking vir hulle so irrelevant dat hulle nie behoefte daaraan het nie?

Na 13 jaar in die bediening, waarvan 9 jaar in die Paarl, begin die navorser kritiese vrae vra rondom die prediking in die gereformeerde erediens. Sondag na Sondag word daar moeite gemaak om mense op die mees kreatiewe maniere te voed met die Woordverkondiging, maar dat daar ware transformasie plaasvind in

lidmate en gemeenskappe se lewens is weinig sigbaar. Meeste Ned. Geref. Kerke in die Paarl Vallei is deur die program van Rick Warren- 40 dae van Doelgerigte Lewe- waar daar op die mees praktiese en sistematiese manier gepreek is oor die basiese beginsels van 'n sinvolle lewe. Party gemeentes het ook die opvolg op die 40 dae gedoen (40 dae van Gemeenskap – Saam is ons Beter) wat daarop gemik is om die gemeenskap te impakteer. Almal is opgewonde en aan die brand oor die inhoud en veral dit wat van die kansel af gesê word.

Sonder om krities te raak teenoor die '*Mighty Men Conference'* van Angus Buchan in Natal, is die bekommernis dat die prediking van Buchan die middelpunt van die naweek is, dat die manne terugkom van die naweek met 'n belewenis, maar dat die Paarl gemeenskap nie beter word nie. Saam met dit alles word daar gevra of dit wat Buchan preek nie veel anders is as dit wat lidmate Sondag na Sondag hoor nie?

Die navorser se persoonlike ervaring van die konteks van die Paarl is dat die prediking dit nie regkry om dit wat gepreek word by mense te internaliseer nie. Twee jaar nadat die Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl deur 40 dae van Doelgerigte Lewe veldtog is, word daar navorsing gedoen oor lidmate se behoeftes rondom prediking en lering. Die skokkende antwoord is dat die grootste behoefte van lidmate is om te hoor oor mens se 'doel' in die lewe. Daarmee saam word daar krities gevra of die prediking lidmate werklik help sodat die Woord vlees kan word? Toon die dividende op die prediking werklik winsgewendheid in die kerk? En is die groot klem op prediking Sondag na Sondag die moeite werd?

Lidmate en vriende in die gemeente wat getroue kinders van God is, en lojaal teenoor die kerk is, begin krities raak teenoor die prediking. Hulle gevoel en waarneming is dat die prediking nie meer sentraal moet staan in die erediens nie. Hulle voel baie sterker oor die lof-en-aanbidding as momente waarby hulle eerder gevoed word.

Navorsing uit die konteks van die Paarl toon duidelik dat daar 'n oorheersende spiritualiteitstipe in eredienste aanwesig is (Barnard 2004: 66-72). Spiritualiteit verwys na dit wat te doen het met die intelligensie en immateriële kant van 'n mens wat die transendente beleef. Spiritualiteit verwys na sekere houdinge en aktiwiteite wat 'n persoon doen om kontak te maak met God (Barnard 2004:16).


In die ring van die Paarl is die kopspiritualiteit in die eredienste oorheersend. Die kopspiritualiteit lê sterk klem op die gepredikte Woord met feite en realiteit.
*"This style produces theological reflection and crafts position papers on ethical issues. It supports education and publications and causes us to examine the texts of our hymns to see if we are singing what we actually believe. Content is primary with this group, as is systematic congruence of thought and believe"* (Ware 1995:38).


Die navorsing van Barnard (2004) toon egter duidelik dat die grootste spiritualiteitsbehoefte by lidmate lê rondom die hartspiritualiteit en die mistiekspiritualiteit. Die hartspiritualiteit word omskryf as volg:
*"This is not a head trip spirituality; it is all heart- combined with the concrete, real life stuff. Here theology still emphasizes the anthropomorphic representation of God and the centrality of scripture, but this is now combined with a more affective, charismatic spirituality whose aim is to achieve holiness of life. The transformational goal is that of personal renewal"* (Ware 1995:39).

By die mistiekspiritualiteit volgens Ware (1995:41) word die hoor van God se stem belangriker geag as die praat met God. By die mistiekspiritualiteit val die klem nog steeds op die ervaringselemente, maar daar word beweeg na die meer apofatiese (mistieke) bewustheid. By hierdie tipe hoorder in 'n erediens, is hoor by God, baie meer belangrik as die praat met God. Die doel van hierdie tipe spiritualiteit is eenheid met die Heilige en al word dit nooit volkome bereik nie, is die voortdurende poging om dit te kan bereik, volkome bevredigend. Die klem val baie meer op die reis ('*the journey*') as om die bestemming te bereik met

God. Hoorders wat hierdie spiritualiteitsvoorkeur geniet word baie meer aangetrek deur 'n mediatatiewe, introspektiewe, intuïtiewe styl. Hulle fokus op 'n innerlike wêreld wat so 'n werklikheid vir hulle is net soos wat die uiterlike wêreld is (Barnard 2004:51-52).

Trouens, die handspiritualiteit is amper meer prominent as die kopspiritualiteit.
Die handspiritualiteit is die kleinste van die vier tipes spiritualiteit. Hier word wegbeweeg van denominasies of groepe na individuele persone. Hierdie individue steur hulle min aan wat denominasies of groepe sê. Vir hulle is dit belangriker om gehoorsaam te wees aan God se stem en om te getuig van God se Koninkryk wat kom. Daar is 'n onverskrokke idealisme wat verantwoordelikheid neem vir verandering en transformasie binne 'n bepaalde gemeenskap. By die handspiritualiteit is daar 'n aanmatigende, selfs aggressiewe begeerte om 'n bepaalde visie te implementeer rondom God se Koninkryk op aarde (Barnard 2004:53).






Die navorser het 'n passie en liefde vir die prediking, en is daarvan oortuig dat die prediking steeds meriete en plek het. Daar moet opnuut ontdek word hoe die prediking meer relevant kan word en dat dit 'n onvervangbare plek en rol het om vir mense doel en betekenis in hulle lewe te kan gee.

Rondom die prediking word daar aangesluit by Barth (1991:47-71) se '*Homiletics'.* Prediking is altyd ondergeskik en onderworpe aan Godsopenbaring – God wat Homself reeds deur sy Seun Jesus Christus aan die mensdom geopenbaar het (vgl Vos 1996, Cilliers 2004; Jonker 1976; Pieterse 1985). Alle handelinge in die prediking lê tussen die eerste en tweede advent (koms van Jesus Christus) en is uitsluitlik die handelinge van God (Barth 1991:47). Prediking hoef dus nie die bestaan van God te bewys of te poog om God in realiteit uit te beeld nie. God kommunikeer self aktief in prediking ('*Deus loquitur').* Verder kan prediking nooit van die Woord losgemaak word nie, maar moet dit vanuit die Skrif geskied en nie bloot oor die Skrif handel nie (Barth 1991:49). Ware prediking is dus Skrifgebonde prediking waardeur God self aan die Woord kom (Vos 2005:298).

Prediking geskied altyd ekklesiologies in die sfeer van die kerk, in ooreenstemming met die bestaan en visie van die kerk (Barth 1991:56).

Volgens Barth (1991:56-57) is die kerk (en dus die erediens) die enigste plek (ruimte) waarin mense die openbaring van God as gawe kan ontvang, anders as al die ander samelewingsverbande van waaruit die prediking van Godswoord kan geskied. Die gemeente (erediens) is ’n unieke plek waarvandaan die bediening van die versoening in Christus verkondig kan word. Prediking vind dan plaas in die teenwoordigheid van die Skrif en die sakramente. Die sakramente getuig van die openbaringsgebeure wat plaasgevind het, terwyl die Skrif getuig van die inhoud van hierdie Godsopenbaring (Barth 1991:62-63; vgl Smit 2006:232).

Prediking berus op Goddelike bevel en word gedoen uit gehoorsaamheid aan ’n Goddelike roeping (Barth 1991:63). Die mandaat van prediking as die gehoorsaamheid aan dié Goddelike bevel en roeping impliseer ’n konfessionele karakter (vgl Hoofstuk 2 punt 1.6.2.5- Fase 4). Belydenis is die antwoord op God se Woord en prediking moet ook rekening hou met groter (ouer) antwoorde van die kerk naamlik die belydenisskrifte, maar ook met die primaat van Matteus 6:33a (NAV): “Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God” (vgl Barth 1991:65).

Hoewel daar nie volgens Barth (1991:66) ’n spesifieke leerstuk ten opsigte van hierdie bediening uit die Bybel afgelei kan word nie, doen predikers (liturge) tog in hulle spesifieke gemeentes wat die apostels vir die totale kerk gedoen het.
*“To the extent that the church is the body of Christ, the preacher is the ‘successor apostolorum vicarious Christi’ (successor of the apostles and Vicar of Christ)”* (Barth 1991:66). Predikers (liturge) moet ‘n innerlike roeping, ‘n uiterlike roeping (van ‘n gemeente), ’n lewenswyse as verlostes deur Christus (wat beskeidenheid insluit) asook ’n deeglike teologiese opleiding met vertroue op die Heilige Gees hê (Barth 1991:67-71).

Vir die doel van hierdie studie sal krities gefokus word op die kultuur van vandag om agter te kom hoe beïnvloed dit die prediking. Die fokus is op ‘n veranderende wêreld van relatiwiteit. Die mees basiese verduideliking van ons wêreld

waarbinne ons leef vind gestalte in die begrip 'post modernisme'. Ons leef aan die begin van die tweede millennium sedert Christus se geboorte. Daar is baie dinge wat onseker is in ons huidige kultuur. Die enigste konstante is verandering. As aanduiding van die paradigmaskuiwe in die Westerse samelewing word die begrippe pre modern, modern en postmodern algemeen deur geleerdes gebruik. Uit die literatuur is dit duidelik dat dit nie so eenvoudig is om elkeen glashelder te definieer nie. Tog bied die basiese kenmerke en beskrywing van elk van die paradigmas 'n handige verwysingsraamwerk (vgl. Van Seters 1991:268).

Op byna elke gebied van die menslike onderneming beleef ons veranderinge. Dit maak dat prediking in die konteks van 'n veranderende wêreld al hoe meer kompleks word. Wat vyftig jaar gelede as homiletiese wysheid gesien is, geld nie meer nie. Buttrick (1994:88) vat dit goed saam as hy skryf:

*"Preaching in any age is a complicated task. For preaching is not only a hermeneutic activity of reading texts and human situations: it involves shaping words with rhetorical savvy to form understandings in common consciousness".*

Daar word aangesluit by die woorde van Walter Brueggemann (1989) wat kommentaar lewer op die rol van die prediker as 'n bron van 'n alternatiewe Christen gesentreerde verbeelding. Die prediker is daartoe verbind om die hoorder se kollektiewe verbeelding te deurdrenk met die Evangelie:

*"The event of preaching is an event of transformed imagination… Because finally church people are like other people; we are not changed by new rules. The deep places in our lives—places of resistance and embrace are reached only by stories, by images, metaphors and phrases that line out the world differently apart from our fear and hurt" (Brueggemann 1989:23).*

Uit persoonlike ervarings van 13 jaar as gemeente predikant, word die navorser al hoe meer bewus van die kompleksiteit van prediking. Die gemeentelede wil

dieselfde waarhede hoor, maar dit moet nuut en vars en relevant op die oor en oë val.

## 2. Literatuuroorsig met die doel om navorsingsleemte te bepaal

In die Suid-Afrikaanse konteks word na die prediking verwys deur onder andere werke van Johan Cilliers, Cas Vos en Willie Jonker. Johan Cilliers (2004) vra die vraag:
"Het die prediking (nog) 'n toekoms?" (Cilliers 2004:1).
Hierdie vraag word gevra na aanleiding van kritiese stemme uit die sosiale wetenskappe, kommunikasiewetenskap pê, teologiese wetenskappe, lidmate se ervarings uit die kerkbanke en pastorale faktore (Cilliers 2004:2).

Willie Jonker (1976) skryf dat ons nie langer die oë daarvoor mag sluit dat daar 'n groeiende ontevredenheid oor ons prediking by baie van ons lidmate is nie. Miskien spreek hulle nie altyd hulle besware teenoor ons uit nie. Miskien kan hulle dit nie altyd duidelik artikuleer nie. Sommige het waarskynlik al lankal net stil-stil uit die eredienste verdwyn. Andere ag dit hulle plig om ter wille van die kerk en die opvoeding van hulle kinders liewers niks te sê oor hulle negatiewe ervaringe met die prediking nie (Jonker 1976:11-12).

In Willie Jonker (2008) se nuutste boek, 'Die Relevansie van die Kerk', raak hy aspekte aan wat hy in 1987 vir die RGN ondersoek het. In al die jare was dit nooit gepubliseer nie. Dit is asof dit vandag nog net meer aktueel en relevant is. Hy maak dit duidelik dat die Kerk in die branding is. Binne die Ned. Geref. Kerk-begrip staan die prediking sentraal en is dit 'n groot bydraende faktor tot die relevansie van die kerk. Gedurende die afgelope twee eeue is die kerk in die gedrang gebring deur die ontwikkeling van die moderne werklikheidsopvatting en die emansipasie van die menslike gees, soos dit veral in die sekularisasie tot uitdrukking gekom het. Die ontwikkeling sedert die Verligting in die 18de eeu het

meegebring dat die Christelike geloof, maar ook die Christelike kerk as die draer daarvan, in die spervuur van kritiek beland het. Dit het vir die kerk ernstige gevolge gehad (Jonker 2008:5).
"Veral in die Westerse wêreld het dit meegebring dat groot samelewingsgroepe van die kerk afvallig geword het. Aanvanklik was dit die enkelinge, lede van die *'intelligentsia'*, die wysgere en die wetenskaplikes wat 'n innerlike distansie tot die kerk ontwikkel het".

Dit is baie duidelik hoe oninteressant die kerk vir die moderne mens is. Die vraag na die relevansie van die kerk word al hoe meer op die voorgrond geskuif. Die Kerk staan vandag eerder voor 'n verstikkende ongeïnteresseerdheid en die oortuiging dat die kerk wesenlik niks meer vir die moderne mens kan beteken nie. Dit is vir die kerk nie die ergste as hy bestry of uitgedaag word om rekenskap te gee van 'die hoop wat in ons lewe' (1 Pet. 3:15) nie; dit is vir die kerk veel erger as hy geïgnoreer en as betekenisloos afgeskryf word (Jonker 2008:5-6).

Vir baie mense was die kerk nog altyd die steunpilaar en 'n stem in die samelewing. Die beeld wat gelowiges en die samelewing van die kerk gehad het is nie meer soos vroeër nie. Die kerk is nie meer een van die grondpilare van die samelewing nie. Dit is ook nie meer so dat mense sonder die kerk kan klaarkom nie, maar eerder dat die kerk 'n verouderde instelling is wat die tydperk van sy ware nut oorleef het en nou nog net aan die rand van die samelewing bestaan (Jonker 2008:6).

Wat betref die boodskap wat deur die kerk verkondig word, word daar gepleit dat die kerk nie daaraan mag twyfel nie dat sy boodskap (veral deur die prediking) van heil 'n antwoord bied op die diepste vrae waarmee die wêreld worstel (Jonker 2008:6-7). Omdat die kerk getuig van die liefde van God vir die wêreld en van die koningsheerskappy van Christus oor die hele wêreld, kan die kerk hom nooit daarby neerlê om as irrelevant na die kant geskuif te word nie. Al

weet die kerk ook dat geloof nie die deel is van alle mense nie (2 Tess. 3:2), sodat daar altyd gereken moet word met die verwerping van die 'boodskap' van die kerk, moet die kerk tog ook daarmee rekening hou dat die evangelie 'n krag van God tot redding is (Rom. 1:16) en dat daar dus ook altyd diegene sal wees wat deur die Woord van God geraak en aan die Gemeente toegevoeg sal word. Die kerk glo ook dat die 'Woord wat hy verkondig', die antwoord bevat op die vrae waardeur die menslike samelewing gekwel word (Jonker 2008:6).
"Daarom moet die kerk daarvoor stry om nie na die kantlyn uitgedruk te word nie, maar om 'n geleentheid te hê om in die openbaar die 'boodskap van heil te verkondig' en te laat sien dat dit wel betekenis het vir die totale menslike bestaan".

Juis daarom moet die huidige kritieke situasie waarin die kerk wêreldwyd verkeer, aanspoor tot selfondersoek aan die kant van die kerk (en ook die prediking). Dit het daartoe aanleiding gegee dat daar verskillende antwoorde gegee is op die vraag hoe die kerk moet reageer op die gevaar om betekenisloos vir die wêreld te word. Dit is immers vir die kerk en die prediking, ook in ons land, van groot belang om helderheid te probeer verkry oor die vraag hoe hy daaraan kan ontkom om vir die wêreld irrelevant te word.

Uit bogenoemde besef mens dat die prediking van God se Woord en Kerkwees nooit geskei kan word nie. Hoe kan 'n kerk relevant wees as die prediking nie eers relevant is nie?

Vos (1996:1-6) skryf oor die preek wat in die spervuur is as gevolg van sekere gebrekkigheid.
"Preke vertoon soms 'n gebrek aan struktuur, tekstuur, postuur en kommunikasievaardighede. Al dié en nog meer gebreke bemoeilik die luisterproses aansienlik".

Vos (1996:2-5; 1990:158) noem verskeie redes hoekom die preek in die spervuur is. Hy staaf dit met navorsing uit die breë homiletiese wêreld. Die redes is wat hy aanvoer is:

- Die taal waarin die prediker die boodskap bring (Bieritz 1990:86).
- Die kommunikasieproses (Dingemans 1991:2; Henau 1993:384).
- Die vraag na die boodskap oor die verborge en swygende God (Bohren 1986:33; Jonker 1989:171; Dekker en Gäbler 1987:165; Velema 1990:189-190).
- Die hoorder en sy wêreld (Bunners 1990:162-163; Bieritz 1990:88; Hermelink 1992:297; Pieterse 1991:104-119; Dingemans 1991:64).

Alhoewel kontekste baie verskil van Suid-Afrika, moet ons tog erkenning gee deur die navorsing van George Barna en Frank Viola (2005; 2006; 2008) oor hoe mense voel en dink oor die institusionele kerk waar die prediking nog altyd sentraal staan. Daar is geen twyfel dat daar oorvleueling van kontekste is nie. So baie mense word op een of ander manier ontnugter deur die kerk se sieninge en relevansie. Miljoene wedergebore Christene verlaat die plaaslike gemeente en vind ander weë van geestelike groei en diens. Hierdie gemeentelede is onvervuld in hulle ervaring van God in die plaaslike gemeente. Hulle probeer om sekere aspekte te verander om hulle geestelike lewe meer vrugdraend te maak. Die resultaat is verhoogde frustrasie as gevolg van die gemeente se onvermoë om positiewe verandering te bring. Op die ou einde verlaat hierdie gemeentelede die plaaslike kerk, met baie kwade gevoelens, seer en ontnugtering. Maar gelukkig was die motiewe van hierdie gemeentelede gedryf deur die liefde wat hulle vir God het (Barna 2006:6).
*"But because this entire adventure was instigated by their love for God and their desire to honor Him more fully, they finally transcend their frustration and anger by creating a series of connections that allow them to stay close to God and other believers without involvement in a local church".*

George Barna (2006:8) is veral krities teenoor die impak wat prediking op die lewe van lidmate het. Die prediking is onvoldoende om sekere geloofspraktyke te laat realiseer. Binne twee ure na 'n preek kan die gemiddelde individu nie eers die tema van die preek onthou nie. Maar deur diskussie oor 'n beginsel en toepassing vir hulle lewe en ook deur 'n multi sensoriese ervaring met die gegewe beginsels, kan die preek geïnternaliseer word *"... a discussion about a principle and its application to their life, or a multi-sensory experience with those principles, they retain the information much longer and the probability that they will act on that information rises dramatically"* (Barna 2006:8).

Frank Viola (2005) in sy boek *'The Untold Story of the New Testament Church'* pleit weer dat predikers lidmate moet help om al die inligting wat hulle weergee te hanteer en te verwerk. Die predikers help nie lidmate om die werklike betekenis van die Bybel te verstaan nie. Daar is nie 'n Bybelse wêreldbeskouing of begripsraamwerk waarbinne die hoorders die verskillende stories, beginsels en idees van die Bybel kan prosesseer nie. Predikers probeer ook te veel sê. Die klem is te veel op 'informasie' en te min op 'toepassing'.

> *Few people in churches have a biblical worldview because most preachers seem intent on teaching broadly rather than deeply. That's emotionally and intellectually appealing, but until people have a mental framework through which they can process the numerous principles, ideas and stories provided in the Bible, preaching is typically an exercise in information overload. We have to prepare people to know what to do with the information. A biblical worldview gives them the filter they need to know how to categorize and implement the facts and ideals they receive*.
>
> (Viola 2005:76)

In Viola en Barna (2008) se nuutste boek *'Pagan Christianity. Exploring the roots of our Church practices'*, wat handel oor heidense praktyke wat gestalte vind in die Christelike lewenswandel (vgl. Hatch 1895:109 & Brillioth 1965:18) skryf hulle dat so vroeg soos die derde eeu, het Christene hulle preke 'n homilie genoem. 'n Homilie was dieselfde woord wat Griekse orators gebruik het vir hulle diskoerse. Homiletiek is gesien as 'n wetenskap wat sekere reëls en retoriek bevat het vanuit die Griekse en Romeinse kultuur. Om dit anders te stel, nie 'n homilie (preke) of homiletiek (die teorie van preekmaak) het 'n Christelike oorsprong nie. Dit is geërf vanaf die heidendom, saam met ander heidense praktyke.

"*A polluted stream made its entrance into the Christian faith and muddied its waters. And that stream flows just as strongly today as it did in the fourth century"* (Viola & Barna 2008:93).

Sekere getroue kerkgangers is nie meer gereeld in die eredienste nie. Hulle is tevrede om by die huis te wees saam met vriende en volgens hulle 'huiskerk' te hou. Almal deel met mekaar wat God vir hom/haar gesê het. Die behoefte om na 'n preek te kom luister is geensins 'n prioriteit of behoefte nie.

Een van die nuutste en uitdagendste boeke oor prediking is die boek van Doug Pagitt *'Preaching Re-imagined* . Hy skryf dat daar diep gedink moet word oor die rol en funksie van prediking binne geloofsgemeenskappe.

*"I am suggesting some deep considerations about the function and role of preaching within our communities of faith that will lead to particular practices"* (Pagitt 2005:11).

Hy skryf dit as gevolg van sy ervaring dat die prediking nie die effek het wat gelowiges dink dit het nie.

> *Preaching doesn't work—at least not in the ways we hope. If it did, pastors wouldn't reach with such anticipation for new books about preaching; we'd already be following the established, tried-*

> *and-true methods laid out in the huge array of available preaching resources. We wouldn't have to preach anymore; we'd just replay our perfect sermons and watch our people change… If you know how to listen, you can hear the rumblings that confirm that preaching, as we know it, is a tragically broken endeavor. It can be heard in the halls at every pastors' convention. It can be heard in the conversations among preachers at social gatherings. It can be heard in cars as people drive home from church. You most certainly would be able to hear it if you could crawl into the heads of most preachers during their times of preparation or as they step into the pulpit.*
>
> (Pagitt 2005:18-19)

Klaus Runia (1983) skryf in sy boek *'The Sermon under Attack',* dat prediking soos ons dit ken 'n monoloog is.
*"… preaching as 'a monstrous monologue by a moron to mutes"*' (Runia 1983:1). Met die eerste lees van Klaus Runia se woorde, klink dit of hy 'n weersin teen prediking het. Runia verdedig juis die prediking, maar pleit vir meer effektiewe kommunikasie tussen prediker en hoorder (vgl. Runia 1983:1-17).

Michael Frost (2006:76) skryf in *'Exiles- Living Missionally in a Post- Christian Culture'* dat wanneer die Evangelie aan mense gekommunikeer word, dit nooit kan plaasvind in 'n ononderbroke monoloog nie. Dit kan alleenlik geskied deur meervoudige gesprekke oor 'n periode van tyd met hulle wat saam met ons leef. Die vorm van die gesprek wat aangeneem word is 'n private diskoers wat intiem, persoonlik en lewensveranderend is, omdat dit ontstaan het uit 'n liefdevolle, langtermyn vertrouensverhouding tussen twee gelykes (Frost 2006:76).

Frost (2006:76) maak die onderskeid tussen die *'Evangelistic'* en *'Incarnational'* manier om die Evangelie te kommunikeer.

Deel van Boodskap

| Evangelisties | Verpersoonliking |
|---|---|
| Monoloog | Dialoog |
| Aanbieding met leerstellige punte | Uitruil van idees |
| Formalisties | Kommunikasie deur verskillende gesprekke en ervarings |

(Frost 2006:76).

Jeremy Thomson (1996) voel dat al is die prediking baie goed en relevant, dit nie die uitwerking het wat baie dink dit het nie. Hy sê die probleem lê in die konsep van prediking. In sy boek *'Preaching as Dialogue: Is the Sermon a Sacred Cow?',* skryf hy dat ten spyte van al die moeite om preke voor te berei, te preek en te luister na preke is meeste gemeentelede nie so geestelik volwasse as wat ons dink hulle is nie. Natuurlik is dit verstaanbaar as gevolg van swak preke of predikers se onkonstante lewenswandel. Maar al luister gelowiges na die beste preke deur die mees opregte predikers, word daar min vordering gemaak in die proses van Christelike dissipelskap. Sommige predikers blameer die gemeentelede vir 'n tekort aan verwagting dat God deur Sy Gees sal praat of net bloot ongehoorsaamheid (Thomson 1996:96).

*"Some preachers blame congregations for a lack of expectancy that God will speak, for an inability to listen to a 'solid exposition', or even for disobedience to what they hear. But I suspect that there is a more significant factor in the failure rate of the sermon than the quality of the preacher or the responsiveness of the hearers. The problem lies in our concept of preaching itself".*

Thomson (1996) gaan kyk ook baie krities na die historiese karakter van prediking en stel dit baie duidelik dat die huidige konteks van prediking en die Nuwe Testamentiese konteks verskillend is. Thomson ondersoek Luther en

Calvyn wat die prediking sentraal plaas binne-in die aanbiddingskonteks en waar prediking vanuit die Woord in effek die Woord van God word.

David Norrington (1996) *'To Preach or not to Preach'* het 'n meer intensiewe kritiek op die prediking soos ons dit vandag verstaan. Norrington argumenteer dat daar wel plek was vir monologiese prediking, maar dit was meer die uitsondering as die reël. Die reëlmaat was nie monologiese prediking nie, maar besprekings, dialoog, interaksies en meer-stemmige deelnames (Norrington 1996:3).

As bronne gebruik Norrington (1996:7-12) die Nuwe Testamentiese tekste. Norrington (1996:23) gebruik ook die Kerkvader tekste om te verduidelik dat die monologiese preek, soos wat dit in die meeste Gereformeerde tradisies gestalte vind, geen Bybelse ondersteuning sedert die Apostoliese periode het nie.

*"… the biblical and post-biblical evidence suggests that 'sermons' were frequently contributions to a dialogue rather than stand-alone monologues, that interaction and multi-voiced participation was normal"* (Norrington 1996:88).

(vgl. Du Rand 1950:63; Castle 1988:7; Niebuhr & Williams 1956:114; White 1964:46-47).

## 3. Navorsingsleemte

Het ons enige idee oor die effek en ontvangs van 'n preek? Die meeste reaksie wat predikers kry is woorde soos: Goeie preek!' 'Dankie' of 'Dankie vir vanoggend se preek'. Meeste predikers het 'n persepsie dat lidmate wat na hulle preke luister, noue kontak met hulle as predikers het en dat predikers dink dat dit nie nodig is om direkte terugvoer van hoorders te kry nie.

Tisdale (1997) in haar boek *'Preaching as Local Theology and Folk Art'* argumenteer dat prediking kruis-kulturele kommunikasie is. Sy gaan verder en moedig predikers aan om 'n metodologie te hê soos dié van 'n antropoloog en 'n

volkekundige ten opsigte van die gemeente. Volgens Hogan (2005:103-104) moet mens eers begin met 'n dun omskrywing van:

- Stories, onderhoude
- Argief materiaal
- Demografie
- Argitektuur en visuele kuns
- Rituele
- Gebeure en aktiwiteite
- Mense.

Hogan (2005:104) gaan verder om 'n meer omvattende omskrywing te verkry van die eksegese van die gemeente naamlik:

- Siening van God
- Siening van die mensdom
- Siening van die natuur
- Siening van tyd
- Siening van die kerk
- Siening van die Christelike missie
- Inter-verhoudings met betrekking tot die kosmologie, soteriologie, doktrines en openbarings.

Net soos wat die prediker moet weet wie hy/sy is, moet die prediker ook weet wie sy/haar preekvennoot is, naamlik die gemeente. Daarmee saam moet die prediker ook sy/haar kultuur ken *('exegete' the culture)* (Hogan 2005:104).

Hennie Pieterse (1986) skryf in sy boek 'Verwoording en Prediking' dat daar besliste leemtes in die praktyk van die prediking is ten opsigte van die tuiskoms van die boodskap by die gemeente. Die oorheersende problematiek is dat die prediker nie presies weet wat die nood, behoeftes, idees, gedagtes van die gemeente is nie. Die prediker se wêreld is te veel geskei van die gemeente se wêreld. Dit blyk verder dat die prediker ook nie weet wat die presiese opvatting van die gemeente is oor 'n spesifieke teks nie. Verder is dit ook duidelik dat die

boodskap nie voldoende konkreet gemaak word in die toepassing daarvan in die lewens van die gemeente nie. Dit alles wys op 'n kommunikasie gebrek tussen prediker en gemeente (Pieterse 1986:127-128).

Pieterse (1986) gaan verder en bespreek ook die beperkinge van die preek. Hier lê hy veral klem op die preek as *'monoloog'*.

> Die predikant is alleen aan die woord en die gemeente luister sonder die geleentheid tydens die preek tot opklaring en teenspraak. Kommunikasie is in wese 'n dialoog. Kommunikasie geskied deur interaksie, deur 'n heen-en-weer totdat die ontvanger presies weet wat die sender bedoel, wat dit beteken en wat die konsekwensies daarvan is. In die preek as monoloog kry ons dus 'n eenrigting kommunikasie en geleentheid vir misverstand, verkeerde interpretasie, afskakeling, ignorering ensovoorts is volop.
>
> (Pieterse 1986:124)

Dit is duidelik dat daar baie negatiwiteit kan wees deur eenrigting kommunikasie. Sodoende word die preke gebruik om die gemeente as 'n teiken te sien en word die gemeente nie op 'n dialogiese wyse in die preek gebeure betrek nie.

Volgens Hogan (2005:103) is prediking nooit 'n alleen moment nie. Die prediker is altyd deel van 'n sekere groep gelowiges.
*"A sermon is not a monologue. It is prepared by one who is a member of a particular community for that particular community for a particular time".*
Die belangrike vraag wat gevra moet word is hoe ken mens die karakter van 'n betrokke gemeenskap/kultuur? In die boek van Arthur van Seters (1988) *'Preaching as a Social Act: Theology and Practice'* help van Seters die prediker met die volgende vrae om die prediker te laat skakel met die wyer wêreld:

- Wat gebeur in die wêreld as hierdie preek voorberei word?
- Watter nuusgebeure word die meeste oor gepraat?
- Wat is die kwellinge en gebeure wat ons vermy?
- Hoe sien die gemeente die wêreld en wat is die gemeente se siening rondom verandering?
- Onder wie se siening oor wat rondom ons gebeur vind ons konsensus en wat is kontroversieel?
- Wat is die algemene gemoedstoestand in die gemeenskap as hierdie preek gelewer word?
- Wat is die magte van die bose wat ons identifiseer om te adresseer deur die prediking? (vgl. Hogan 2005:104).

Hierdie vrae word te min gevra vir die hoorders en dit lei tot irrelevante prediking.

Die navorsingsleemte vir hierdie ondersoek is dat die situasie en konteks waarbinne die prediking plaasvind en die behoeftes rondom die prediking van gelowiges in die Paarl, nog nie grondig op 'n empiriese wyse ondersoek is nie.
Daar word aangesluit by 'n artikel van Franciska Stark: *'Empirical Research in the field of homiletics: Asking for the hearers voice'*, waarop sy vra of daar enige idee is oor die effek en ontvangs van die preek:
*"… if you speak about everyday sermon, do we have any idea of the effects and reception? Usually feedback by the congregation after worship is limited to: 'nice sermon, thank you'"* (Stark 2005:90).

Die empiriese ondersoek is 'n relatiewe onderontwikkelde deel van die homiletiese refleksie. In die homiletiek word die meeste navorsing gewy aan die analise van die preek en hoe daar gepreek moet word. Daar is egter geen betroubare informasie beskikbaar oor die persepsie van prediking deur die hoorders in die Paarl nie. Nie die homilete of die predikers is gemotiveerd om meer kennis in te win oor die effek van prediking op die hoorder nie. Daar word 'n klomp energie gespandeer aan die proses van preek voorbereiding, retoriese strukture en die lewering, maar nooit word daar spesifiek geweet wat die

uitwerking van die prediking op die individu, sosiale en politieke vlakke is nie. Die meeste predikers dink dat goeie teorie en soliede teologie sal relevante prediking tot gevolg hê. McLure stel dit ook onomwonde in sy boek *'Claiming theology on the pulpit'* as volg:

*"When preachers are more aware of their theological principles, their preaching will be better and will have more effect"* (McLure 2003:1).

Al klink die resep goed, lê die bewys van 'n goeie resep in die eet daarvan.

(Stark 2005:92) stel dit duidelik:

*"… this eating is the job of the listeners. Thus there is a lot of homiletical recipe theory, a lot of testing of the food itself – by sermon analyses – but almost no research of the digestion of the sermon"* (Stark 2005:92).

Ook moet mense bewus word van verskillende kommunikatiewe insigte wat hand aan hand met die preekproses loop. Die vraag is steeds, het lidmate/hoorders se sieninge oor preek verander? Om die dialogiese aard van die prediking tot sy volle reg te laat kom, kan ons nie sekere aspekte van kommunikasie ignoreer nie. Gelowiges in die Paarl moet gehoor word oor hoe die hermeneutiese en dialogiese karakter versterk kan word. Gelowiges is nog nie gehoor in verband met wat hulle regtig dink, hoe hulle voel en wat hulle siening is van hulle kultuur waarbinne hulle leef nie. Die kultuur het geskuif en verander. Verandering is die enigste konstante. Hierdie studie wil spesifiek by gelowiges in die Paarl uitkom, om te hoor wat is hulle sieninge en ervaringe rondom prediking wat gestalte vind in die erediens.

## 4. Probleemstelling

In die konteks van die gereformeerde teologie staan 'prediking' nog altyd baie sentraal. Lidmate se motivering om Sondae kerk toe te gaan is/was om 'n erediens by te woon en 'n 'boodskap' te kry (preek te hoor). En dit was die primêre verantwoordelikheid van die predikante om 'n erediens te skep en 'n

boodskap week vir week te lewer. Pagitt (2005:61) noem dat die sosiale dinamiek van die sukses van teater, het veroorsaak dat die kerk 'n verhoog mentaliteit begin nastreef het. Dit het veroorsaak dat die prediker die hoofspeler op die verhoog geword het:

*"This new metaphor changed the pastor's relationship with the congregation in myriad ways, not the least of which was in the area of preaching. Over time the issue in the minds of the pastor and parishioner was not How are we living with God? but What do you have for me to hear?"* (Pagitt 2005:61).

Daar moet tog bygevoeg word dat die preek deel uitmaak van 'n groter raamwerk naamlik die liturgie. Vir die doel van hierdie ondersoek word slegs die prediking ondersoek. Die liturgie se studieveld is te omvangryk vir hierdie studie. Maar met betrekking tot die deelname kan liturgiese momente, waaronder die prediking een is, grotendeels bydrae. Die prediking het liturgiese momente nodig.

Prediking in die konteks van die Paarl is 'n monologiese gebeurtenis wat verhoog gesentreerd is, waar mense in banke sit en luister na 'n boodskap wat verbaal oorgedra word deur 'n liturg/prediker. Die kern waarom die probleemstelling draai is die gebrek aan deelname van gemeentelede aan die preek in die erediens. Dit het tot gevolg dat hulle 'n sekere houding en gesindheid inneem teenoor die kerk en die prediking.

In die lig hiervan vra mens krities of prediking nog relevant is en of prediking steeds moet gestalte vind op dieselfde wyse binne ons veranderende wêreld van toenemende relatiwiteit?

Met die skuif van Modernisme na Post-Modernisme kyk gelowiges anders na prediking. Gelowiges lewe in 'n konteks waar die waarheid relatief is en waar mense nie meer net aanvaar wat die prediker sê nie. Die kultuur het weg geskuif van passiewe instruksies na deelnemende leer, vanaf paternalisme na

deelname, vanaf monoloog na dialoog, vanaf instruksies na interaksies, vanaf eenvoud na kompleksiteit, vanaf liniêre na nie-liniêre metodes van inligting oordra. Die konvensionele manier van preek soos ons dit ken het 'n negatiewe impak op lidmate in die gemeente. Die rede hiervoor is dat die prediker die sentrale punt is waarom die gemeentebyeenkoms draai (Viola & Barna 2008: 97-98).

*"… the sermon makes the preacher the virtuoso performer of the regular church gathering… the sermon turns the church into a preaching station… the sermon freezes and imprisons the body of Christ. It fosters a docile priesthood by allowing pulpiteers to dominate the church gathering week after week"*.

Die kritiek teen prediking soos ons dit vandag ervaar in eredienste word weergegee in die volgende vrae:

- Is dit die manier hoe Jesus, die apostels en die vroeë Nuwe Testamentiese Kerke gefunksioneer het?
- Is dit nie 'n gebruik wat dominant geword het, omdat die kerk wegbeweeg het van sy wortels deur heidense kulturele praktyke aan te neem nie?
- Het die prediking nie sy ware karakter verloor omdat die kerk deur die eeue al hoe meer formeel en institusioneel geword het nie?
- Verarm, ontmagtig en onterf die prediking nie gelowiges om deelnemend te wees nie?
- Is die prediking relevant en doeltreffend in 'n kontemporêre kultuur?
- Is daar nie beter alternatiewe vir prediking soos die geskiedenis en huidige kerke vandag dit alreeds doen nie?
- Hoe reageer 'n mens as mense so oor prediking voel?
- Hoe effektief is prediking nog om jou te vorm as Christen?
- Hoe effektief is prediking om die plaaslike kerk te vorm?
- Hoe spreek mens tot die andere wat nie noodwendig met alles saamstem nie?
- Hoe vind relevante prediking gestalte met kulturele diversiwiteit?

- Hoe kan daar met waarheid en liefde deur die prediking standpunt ingeneem word?

Dit is egter baie duidelik dat ‘prediking’ nie meer die sentrale fokus is, in die konteks waarbinne mense leef nie of dat gelowiges nie meer prediking in hulle lewe meer nodig het nie. Of is voorafgaande stelling maar net ‘n oordrewe reaksie van ‘n paar kritiese fundamentele stemme? Kan die prediking nog steeds sentraal staan, of moet dit nie eerder op ander maniere gestalte vind nie? Hoekom is dit so dat regdeur die wêreld daar ‘n afname in erediensbywoning is, maar tog by sekere gemeentes is daar ‘n toename? Speel prediking ‘n belangrike rol by hierdie toenames in erediensbywoning en wat sal die rede wees waarom prediking so goed vaar binne hierdie betrokke kontekste? Wat sal veroorsaak dat die deelname aan die erediens sal toeneem en lidmate se houding teenoor die prediking en die kerk sal verander?

## 5. Vraagstelling

Die vraag is: Moet prediking in die erediens nog steeds primêr staan? Hoe lyk, klink en ervaar die hoorders relevante prediking? Wat moet gebeur dat die prediking geïnternaliseer word deur die hoorder? Wat moet gebeur dat dialoog kan plaasvind tussen die prediker en die hoorder in ‘n veranderende wêreld? Hoekom is die houdinge van lidmate negatief teenoor prediking? Wat bring mee dat hulle die Kerk verlaat?

In die voorafgaande uiteensetting vorm die volgende drie aspekte deel van die probleemvraag wat in hierdie studie aandag sal geniet:

1. Hoe vergestalt relevante prediking in gemeentes en lidmate se persoonlike voorkeure binne die Paarl?
2. Watter basis teoretiese veronderstellings bepaal hierdie praktyk?

3. Hoe kan laasgenoemde teoretiese veronderstellings verstel word, om tot ‘n verstelde praktyk te lei, waarin lidmate ervaar dat die prediking vir hulle relevant in hulle konteks is?

## 6. Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om vas te stel wat die gelowiges/hoorders sien as relevante prediking. Daarmee saam word daar ten doel gestel om lidmate se gedagtes en gevoelens te hoor en in hulle wêrelde in te klim om saam met mekaar op ‘n reis te bly na God deur die prediking.

‘n Verdere doelstelling van hierdie proefskrif is ‘n poging om die ‘kultuur’ en ‘konteks’ van gelowiges te probeer verstaan sodat hulle gesindheid en deelname teenoor die prediking en die erediens sal verbeter. Daar word aangesluit by die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 10:19-23:

> Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win. Vir die Jode het ek soos ‘n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. Vir die wat sonder die wet is, soos een sonder wet—al is ek nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus—om die wat sonder die wet is, te win; vir die swakkes het ek soos ‘n swakke geword om die swakke te win; vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red. En ek doen dit ter wille van die evangelie, dat ek ‘n deelgenoot daarvan kan word.
>
> (1933 Vertaling)

As die doel van hierdie studie slaag kan predikers beter en meer doelgerig beplan sodat daar minder kommunikasie steurnisse in die oordrag, ontvangs en interpretasie van die heilsboodskap sal wees. Predikers kan ook gehelp word om die konteks waarbinne die prediking plaasvind beter te verstaan.

## 7. Metode van ondersoek

Vir die doel van hierdie studie word 'n 'kwalitatiewe ondersoek' gedoen. Die 'kwalitatiewe ondersoek' kom nadat 'n literatuurstudie oor die veranderende kultuur gedoen is. 'n Verteenwoordigende groep gelowiges in die Paarl word gebruik as steekproef met in-diepte onderhoude. Deur die onderhoude gaan daar gepoog word om uit te vind of die probleemstelling en sieninge van verskeie outeurs rondom prediking wel so is.

Die praktiese-teologiese benadering van Gerben Heitink (1993:105-164) word gevolg. Daar word ook gebruik gemaak van HJC Pieterse (1993) se werk oor die praktiese teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap.

Vir hierdie ondersoek word 'n 'kwalitatiewe benadering' met 'n gestruktureerde onderhoudskedule gevolg. Agtien gelowiges van agtien verskillende gemeentes in die Paarl word gekies as deelnemers aan hierdie empiriese ondersoek.

Die beskrywing van die konteks waaruit hierdie studie voortspring met 'n breë literatuuroorsig om die navorsingsleemte deeglik te bepaal is verwoord. Die probleemstelling, vraagstelling, doelstelling en metode van ondersoek het ook gestalte gevind. Die plaatvorm van hierdie studie is geskep om verder op reis te gaan in die soeke na relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit.

# HOOFSTUK 2

## LEEFWÊRELD EN TYDGEES

In Hoofstuk 2 gaan daar gekyk word na hoe lyk die konteks waarbinne gelowiges in die Paarl hulleself bevind. Binne hierdie konteks vind die prediking gestalte en uiting. Relevante prediking kan alleenlik geskied waar daar 'n deeglike bewustheid is van die konteks van gelowiges in die Paarl. Die doel van hierdie hoofstuk is om verskeie aspekte van die veranderende wêreld en kultuur waarbinne geleef word, wat die prediking direk raak, te belig. Ook gaan daar gepoog word om die implikasies daarvan op die prediking te verduidelik. Dit is baie nodig om te weet hoe mense dink en leef. Vir die prediker is dit belangrik hoe mense die belangrike vrae van die lewe beantwoord. Deur hierdie antwoorde kan mens 'n blik kry binne hulle leefwêreld *('worldview')*. Sire (1997:16) definieer leefwêreld as volg:

*"… a set of presuppositions (assumptions which may be true, partially true, or entirely false) which we hold (consciously or subconsciously, consistently or inconsistently) about the basic makeup of our world".*

Heitink (2007) is van oordeel dat die kerk binne die veranderde kultuur haar boodskap moet bring. Daarom word die veranderde kultuur hier diepgaande ondersoek. Nie net het die wêreld waarbinne geleef word verander nie, maar ook die dinamiek van verandering het verander.

*"… we'll have to cope with a rate of change that becomes much more intense…"* (Martin 2006: 5).

Of mense, veral gelowiges daarvan hou of nie, almal is deel van hierdie rit.

*"For most of us, it's a roller-coaster ride of slow climbs, fast drops, and spinning turns that leave as breathless and disoriented – and the 'blur' of the present is keeping us off balance; and the increasing complexity of our technological present is confounding our efforts to hurtling headlong into a new condition: vertigo"* (Miller 2004:2).

Hierdie duiseligheid (*'vertigo'*) waarvan Miller praat kan vergelyk word met die disoriëntasie wat 'n vlieënier ervaar wanneer hy in wolke vlieg en nie meer die horison kan sien nie. Maar meer as net dit kan *'vertigo'* ook ervaar word as gevolg

van moegheid, vinnige bewegings, geraas en vibrasie, eensydige fokus, en flikkerende ligte. Dit is juis die effek van vandag se media op die mens. Die media van vandag veroorsaak tonnelvisie en 'n ontkenning van die realiteit. Miller (2004:3) som dit op:

*"The endless noise and vibration of experts on every issue adds to our sense of vertigo with conflicting opinions and analyses. The media compound the problem by bombarding our attention with the flickering strobe light of daily crises all day, every day. We are caught in the waning gyration of a vicious cycle".*

Saam met bogenoemde moet daar besef word dat mense se wêreldbeskouing of leefwêreld hul kultuur beïnvloed. Die oomblik as mense die woord kultuur hoor dink meeste aan 'n Opera huis of 'n Teater uitvoering. Maar dit is nie waar nie. Rugby, braaivleis en die buitelug is ook deel van die Suid-Afrikaanse kultuur. Hesselgrave (1978:68) beskryf kultuur as volg:

*"… a way of thinking, feeling, believing. It is the group's knowledge stored up for future use".*

Hesselgrave (1978:68) beskryf kultuur as 'n ontwerp en plan vir die lewe:

*"… a design for living. It is a plan according to which society adapts itself to its physical, social, and ideational environment… Cultures are but different answers to essentially the same human problems".*

Kultuur sluit ook in hoekom God die mens na Sy beeld geskep het:

*"Culture in the broadest sense is the purpose for which God created man after his image… [which] includes not only the most ancient callings of… hunting and fishing, agriculture and stock raising, but also trade and commerce and science and art"* (Colson & Pearcey 1988:293).

Net soos die goudvis nie bewustelik bewus is van die water in die bak nie, so ook kan mense nie bewus wees van hul leefwêreld (kultuur) nie. Die Bybel motiveer mense om bewus te wees van die kultuur waarbinne hulle leef. Die woorde in Handelinge

17:16-18 is ‘n bewys dat die Apostel Paulus die leefwêreld en die kultuur van sy tyd verstaan het.

> En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. En sommige van die Epikuréïese en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry, en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy ‘n verkondiger is van vreemde gode—omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het. En hulle het hom geneem en op die Areópagus gebring en gesê: Kan ons verneem wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word? Want u bring sekere vreemde dinge in ons ore. Ons wil dan weet wat dit tog kan wees. Nou het al die Atheners en die uitlanders wat by hulle gewoon het, vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie. Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook ‘n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan ‘n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;

want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van jul digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag (1933 Vertaling).

Daar moet besef word dat die kultuur ‘n groot invloed op ‘n mens se leefwêreld het. En wanneer die heilsboodskap aan ander gekommunikeer word dan kan die verstaan van iemand se leefwêreld en kultuur die eerste stap wees.

Om die heilsboodskap van God te verstaan in ‘n kultuur waar die Christelike lewensingesteldheid onder druk is, moet die tyd en die tydgees van die wêreld waarbinne mense leef verstaan word. Vos (1996:4;8) som dit raak op:
“Die hoorder leef nie net in ‘n godsdienstige en sosiale konteks nie, maar ook binne ‘n geestesklimaat… In die hoor gebeure spreek die eiendomlike van die tydgees ook mee”.

Dit is egter moeilik om die heersende tydgees akkuraat te bepaal. Tyd staan nooit stil nie. Oor die tydgees van die wêreld waarbinne mense leef, is daar verskillende opinies. Mense lees die tydgees van die wêreld uit verskillende wêrelddele verskillend. In die verband merk Patrick Keifert (2006:25-26) op:

> *The changes internationally are sometimes described as postmodern; this also seems too much. We certainly are in a new moment in modernity, a time when the great experiments and hopes of the European Enlightenment are coming under a needed critique… I find most of what is labelled postmodern, however, to be more a combination of this much-needed reflection and criticism with some of the modes and methods of pre modern cultures, including European.*
>
> (Keifert 2006:25-26)

In die Suid-Afrikaanse konteks is dit uiters uniek. Mens het te doen met ‘n premoderne en moderne lewensbeskouing. Die boer op die plaas bel van die plaastelefoon die skaapwagter op sy selfoon. Die medium verander die boodskap en die mense. Die medium verander selfs die wêreldbeskouing (Niemandt 2007:26).

Van die prediker word nie net verwag om eksegese van die Woord te doen nie, maar net so belangrik is die vermoë om eksegese te doen van die kultuur. Verseker hoor mens God se stem in die Skrif, maar God se stem word ook gehoor in dit wat rondom mense gebeur.

Hoewel dit moeilik is om presies te bepaal waar en in watter tydgees mense hulleself bevind, sal predikers al hoe meer bewus moet raak van die leefwêreld van die hoorders. Volgens Vos (1996:4;8), was elf jaar gelede, en nog steeds vandag 'n postmoderne tydgees met al die gepaardgaande kenmerke.

"Ons tydgees dra die stempel van postmodernisme wat onder andere die volgende kenmerke vertoon: individualisme, pluralisme, relativisme, skeptisisme en hedonisme… Postmodernisme word gekenmerk deur die tydgees waaruit onder andere rasionalisasie, individualisme, sekularisasie, waarde verskuiwing en waarde verwarring vloei".

Hierdie kenmerke hou definitiewe gevolge in vir die prediking. Geen liturg of predikant kan anders as om 'n kind van sy tyd te wees nie. Dit is asof baie predikante en liturge vasgehaak het binne die tydgees waarin hulle grootgeword het. In die verband praat Vos (2005:290) van die 'beleweniswêreld' van die homileet en die hoorders. Dit is belangrik dat die homileet nie net sal weet van die tydgees waarbinne hy/sy leef nie, maar ook in hierdie tydgees ingebed sal wees.

Van die eienskappe van 'n moderne wêreldsiening wat die liturg moet verreken, is volgens Vos (2005:289-291) onder andere 'n:

- Waarheidsperspektief wat in verhoudinge verstaan moet word
- Erkenning van beide pluraliteit en individualisme
- Globalisering
- Nuwe informasie rewolusie

Hierdie kenmerke sluit aan by die hedendaagse tydgees.

‘n Mens moet baie versigtig wees om ‘n tydvak te definieer. Veral in die konteks van Suid-Afrika is dit moeilik om objektief te bly en akkuraat die tydgees te bepaal. ‘n Mens kan nie anders as om saam te stem dat Suid-Afrika kenmerke van Postmodernisme saam met die bestaande stromings van Modernisme en Premodernisme vertoon nie (Niemandt 2007:26).

Keifert (2006:26) maak mens verder bewus van ‘n kombinasie tussen modernisme en postmodernisme:
*“Even if there is a phenomenon we can call postmodern, most persons experience a mixture of modern and postmodern life“.*

Uit bogenoemde moet ‘n mens besef dat sekere simptome van modernisme en postmodernisme verskillend geïnterpreteer kan word. Keifert (2006:26) evalueer die postmodernisme is Suid-Afrika soos volg:
*“What we see taking place for example in Africa is not so much postmodern as it is many diverse cultures emerging forcefully into the contemporary global realities that are profoundly shaped by the European- American modernity. The emergent ‘indigenous’ African churches reflect more a struggle of traditional cultures with European modernity than a post modernity”.*

In die konteks van die Paarl beleef ‘n mens die onseker vaarwater van die oorgangstyd van modernisme na postmodernisme. Verskuiwings in die mense se leefwêreld het ook ‘n invloed op sy ervaring van God. Deur die eeue was dit ook die geval. Verskuiwings in die mens se sosiale wêreld beïnvloed die mens se ervaring van sy godsdienstige wêreld (Vos 1996:4). Dit het tot gevolg dat mens nie anders kan as om dit te verreken binne die prediking nie. En nie net in die prediking nie, maar ook in kerklike en gelowige kringe.

In die boek van Rex Miller (2004) *‘The Millennium Matrix: Reclaiming the Past, Reframing the Future of the Church’* skryf hy dat die kommunikasiemiddele oor tyd verander: vanaf ‘gesproke’ na ‘geskrewe’ na ‘uitsaaibeeld’ na ‘digitale multimedia

taal'. Met elkeen van hierdie veranderinge word daar op nuwe en verskillende maniere na die wêreld gekyk. Tans bevind mense hulle midde in 'n tydgees van digitale multimedia taal wat unieke eise aan die prediking gaan stel. Miller (2004:15-16) skryf as volg:

> *When our communication tools change, our perception changes. When our perceptions change it creates a changed understanding. Changed understanding changes our psychological makeup. Changes in our interaction with the world change our relationships to one another. Changes in our relationships lead to changes in the institutions that facilitate those relationships. Our psychological makeup changes and we reshape our world in our own image.*
>
> Miller (2004:15-16)

Die effek van die digitale media het tot gevolg dat die spoed van verandering toeneem. Hierdie dinamiek kan volgens Miller (2004:4-8) opgesom word in sewe kwaliteite wat alles verband hou met die digitale media naamlik:

1. Interkonneksie
2. Kompleksiteit
3. Versnelling
4. Onvoelbaarheid/Onaantasbaar
5. Konvergensie/Samevloeiing
6. Onmiddellikheid
7. Onvoorspelbaarheid.

Binne hierdie wêreld en hierdie tydgees moet die prediking plaasvind. Die kerk het nog altyd die wêreld benader vanuit sy unieke historiese ontstaan. Deur die jare het die kerk ook aangepas by die sosiale veranderinge deur verskillende vorme aan te neem. In elkeen van hierdie vorme het die prediking nuwe gestalte gevind. Die liturgiese Katolieke kerk was ontwerp om 'n wêreld van verskillende nasies en

mondelinge gemeenskappe te verenig; denominasionele kerke het gegroei uit die vrug van intellektuele begronding wat rasionaliteit bewerkstellig het; minder gestruktureerde nie-denominasionele kerke het ook probeer aanpas by die veranderende wêreld. Maar ten spyte van die vermoë om aan te pas en te oorleef, sal geeneen van hierdie kerkvorme oorleef in die opkomende digitale kultuur nie. Wat gewerk het en goed was, is nie meer goed genoeg nie (Miller 2004:9).

Dit beteken egter nie dat die kerk sy begronding verloor het nie. Dit kan juis lei tot die ware ontdekking van die kerk se ware identiteit en kondisie. Veral die prediking kan ‘n stem wees in die middel van teenoorstaande pole om ‘n profetiese kompas te wees in ‘n tydgees van kontradiksies. Is relevante prediking nie juis om mense te help om ‘n nuwe etiek te skep nie? ‘n Etiek wat gebaseer is op die realiteit van veranderinge eerder as op die fiksie van stabiliteit. Daarom is dit nodig om duidelikheid te kry waar mense vandaan kom en waarheen mense oppad is.

## 1. ‘n Veranderende wêreld van relatiwiteit

Die nuwe leefwêreld en tydgees het tot gevolg dat die preek al hoe meer in die spervuur beland (Vos 1996:1). Van Seters (1991:267) is van oordeel dat die probleem nog verder geïntensifiseer word deur die kultuuretos waarbinne mens leef:
*“… if we assume that we are presently in the throes of an extraordinary paradigm shift in the Western society. The modern age continues but is simultaneously being challenged by the emergence of a postmodern ethos”.*
Van Seters verwys na Victor Turner se gebruik van die begrip ‘liminaliteit’ en sê:
*“This means living with anomalies in the modernist paradigm and only gradually observing and conceptualizing the beginnings of a postmodern paradigm. It is a time of living without anchor and, hence, with a degree of confusion and ambiguity – but also of promise”.*

Volgens Brueggemann (1993:6) het mens in hierdie postmoderne era in 'n sekere sin te make met die omkeer van die proses van die modernisme en word dit duidelik in die volgende vier bewegings:

*"written to oral,*
*universal to particular,*
*general to local, and*
*timeless to timely".*

Daar word dus duidelike uitdagings aan die postmoderne homiletiek gestel. Troeger (1990:296) reageer soos volg op die uitdaging deur deeglik bewus te wees van die kragte wat die prediker en die hoorder beïnvloed:

*"At the very least, a postmodern homiletic is one that tends to the complexities of the sermon as a corporate event. It is a homiletic that considers the total constellation of forces that are shaping the reception as well as the delivery of the sermon".*

Dit is dus 'n holistiese onderneming waarin erns gemaak word met die Bybelse teks, maar ook met die hoorder se reaksie en ook die hoorder se konteks in die gemeente en in die gemeenskap (vgl. Van Setters 1991:274).

Vir die doel van hierdie studie en ook om die veranderende wêreld van relatiwiteit beter te verstaan, word daar in fyner besonderhede stilgestaan by begrippe wat sekere tydperke omskryf.

## 1.1 Premodernisme

Premodernisme is die tydperk voor Modernisme. Dit word gekenmerk deur die Rooms Katolieke Middeleeue (tot en met die 1600). Mense sien die mensdom as die skepping van God. Wanneer mense na die waarheid gesoek het, het hulle God se outoriteit-die Kerk/die Pous/die Koning- genader (Sweet et al 2003:199). 'n Tydperk waarin gesag onvoorwaardelik aanvaar was, hetsy van die Koning of die Kerk of die Pous (Pieterse 1979:8). Die aarde is die middelpunt van alles.

Hierdie wêreldbeskouing het ook mense se lewensbeskouing bepaal. Die vóór wetenskaplike mens se lewe is deur wisselwerking van twee groot magte in die skepping bepaal. Aan die een kant was daar God (‘Elohim’ of ‘Jahwe’), die goeie Mag, die Skeppingsmag, wat jou seën met voorspoed (Van Wyk 2002:122). Aan die ander kant was daar die bose magte, die anti-goddelike magte, wat daarop uit was om jou te vernietig (Du Toit 2000:16-17).

### 1.2 Modernisme

Tydens die sewentiende en die agtiende eeu het daar groot veranderinge plaasgevind. Die historici noem hierdie tyd die Verligting *(‘Aufklärung’).* Uit hierdie tydperk het sekere denke ontstaan wat modernisme genoem is. In modernisme is ‘die mens’ die maatstaf van alles. Wanneer iemand na die waarheid soek, word daar gevra na die menslike rede. Dit het ook nie saak gemaak hoe belangrik, heilig of adellik die mens was nie. Gibbs en Coffey (2001:27) vat dit mooi saam met die volgende woorde:

*“As both a mode of social life and moral understanding more or less characterized by the universal claims of reason and instrumental (or means end) rationality; the differentiation of spheres of life-experience into public and private; and the pluralization and competition of Truth claims”.*

Keifert (2006:167) beskryf die modernistiese tydperk soos volg:

*“The period of European/American history (1650-1950) that features the establishment of the modern Nation State, the disestablishment of the various forms of the Church, the rise of the middle class, and the exponential growth of the influence of European/American culture throughout the world”.*

Volgens Keifert (2006:167) is modernisme ‘n positivistiese tydperk waarin die werklikheid in terme van vaste feite en waardes beskryf is:

*“Modernity especially noted the dominance of an epistomology (how we know) that tended to divide reality into facts and values”.*

Onder 'Modernisme' word die Kerk gesien as 'n plek waarheen mense kom om iets daar te ontvang. Die klem is baie sterk op die Sondag-erediens. Dit is 'n geleentheid om mense se koppe met 'n goeie preek te swaai. Die klem val sterk op die preek dat die hele gemeentelewe daardeur bepaal word. Mense laat hulle lidmaatskap en ervarings van geloofsgemeenskap bepaal deur dit wat tydens daardie uur op 'n Sondag gebeur. Baie mense se enigste ervaring van Christelike gemeenskap is beperk tot die saamwees in so 'n erediens (Niemandt 2007:85).

Modernisme het omtrent vir tweehonderd jaar geseëvier en op party plekke in die wêreld vier dit nog die botoon. Maar in die tweede helfte van die twintigste eeu het die skerp hoeke van modernisme al hoe stomper begin geword. Daar was 'n verskeidenheid van redes hoekom modernisme nie meer geseëvier het nie, maar die hoofredes is:

- Eerste en Tweede Wêreldoorloë het mense vertroue laat verloor in die goedheid van die mens
- Ekologiese rampe soos Chernobyl, '*global warming*' ens. het mense se vertroue geskaad in die wetenskap en tegnologie
- Toename in internasionale reise het mense se vertroue in hulle eie kultuur laat afstomp. Die wêreld het 'n *'global mall'* geword en mense het al hoe meer bewus geword van ander kulture en godsdienste
- Dit is arrogant om te dink dat die individu al die antwoorde het

(Couchman 2002:10).

In die lig van bogenoemde is dit ook die kritiese vraag wat in hierdie studie onderneem word naamlik: Hoe kan die prediking die kerk help, om die fokus van 'n byeenkoms van 'n uur lank op 'n Sondag te verskuif na 'n lewe in die gemeenskap elke uur elke dag van die week?

### 1.3 Postmodernisme

Postmodernisme vloei voort uit die modernisme en hanteer die wêreld na die 'mislukte' pogings van die modernisme. Tans leef mens in 'n nuwe wêreld wat gekenmerk word deur die begrip, Postmodernisme. Postmodernisme verwys na 'n breë, diverse, teenstellende perspektief en lewensfilosofie. Dit is in teenstelling met modernisme omdat daar nie 'n oorkoepelende waarheid vir almal is nie. M.a.w. 'n relatiewe waarheidsbegrip. Om die waarheid vas te stel konsulteer die mens sy/haar gevoelens en maak hy/sy 'n persoonlike keuse. Saam hiermee gaan ook die uitdagings van die nuwe tegnologiese inligtingsrewolusie en biogenetiese vraagstukke. Keifert (2006:168) definieer postmodernisme soos volg:
*"The period following modernity that begins to question many of the primary assumptions of modern culture. More than a gathered culture and position, it presents a diversity of critical questions and explorations of modernity".*

Theo Geyser (2004) in sy proefskrif, 'Die Missionêre aktualiteit van die Soeker Sensitiewe Kerkmodel in 'n postmodernistiese samelewing', beskryf die verskille in die oorgang tussen modernisme en postmodernisme:

| **MODERNISME** | **POST-MODERNISME** |
|---|---|
| Produk | Proses |
| Boek | Web |
| Analiseer met afstand | Analiseer met deelname |
| Verstaan jy? | Ervaar jy? |
| Konstruksies | Dekonstruksie |
| Domineer | Evalueer |
| Orde | Chaos |
| Romantiese uitkyk op lewe | Absurde bestaan |
| Voorspelbaar | Kompleks |

| | |
|---|---|
| Liniêr | Nie-linieêr |
| Hiërargie | Anargie |
| Rasioneel | Emosioneel |
| Woord | Stilte |
| Rigied | Aanpasbaar |
| Verteenwoordig | Afwesig |
| Regulasies en reëls | Verhoudings |
| Semantiek | Retoriek |
| Diepte | Oppervlakte |
| Narratief | Anti-narratief |
| Metafisika | Ironie |
| Transendentaal | Immanensie |
| Optimisties | Skepties |
| Kommunikeerder | Reisiger (‘*Sojourner’* ) |
| Beheer | Oorleef |
| Materie | Gees |
| Meganies | Organies |
| **TV programme**: | |
| *‘Fathers know best’* | *‘Raising Dad’* |
| *‘Brady Bunch’* | *‘Simpsons’* |
| *‘Scooby Doo’* (los misterie op) | *‘X-files’* (onverklaarbaar) |
| Dogma | Spiritualiteit |
| **‘***Experts’* | Amateurs |
| Kompetisie | Samewerking |

| | |
|---|---|
| Hoofstroom | Inheems |
| Genre | Intertekstueel |
| En/ of benadering | En/ en benadering |
| Diepte | Oppervlakte |
| God die Vader | Heilige Gees |
| *'Bigger is better'* | *'Better is better'* |
| Teks | Beeld |
| Gooi alles weg | Herwin alles |
| Gesentraliseerde hiërargie | Gedesentraliseerde hiërargie |
| Toekoms is seker | Toekoms is onseker |
| Verandering vind plaas uit die kern | Verandering vind plaas uit die periferie |
| Kuns objek, voltooide werk | Proses en gebeurtenis |
| Opgelei vir diens | Indiensopleiding |
| Hoë koste en onderhoud | Lae koste en onderhoud |
| Makro-besighede | Mikro-besighede |
| Kennis is mag | Verhoudings is mag |
| *'Learning'* | *'Unlearning'* |
| Kontrole en beheer | Bemagtiging en innovasie |
| Ervaring deur kennis | Kennis deur ervaring |
| Strategiese beplanning | Scenario's |
| Toekoms | Retro-toekoms |
| *'Branding'* | *'Permission marketing'* |

(Geyser 2004:9)

Dit is nie altyd maklik om modernisme van postmodernisme te onderskei nie. Pieterse (2007:6) vat dit raak as hy sê:

"Die postmoderne staan nie direk teenoor die moderne aanpak nie, maar is eerder 'n kritiese terugkeer na die vrae wat deur moderniteit geopper is. Daarom kan ons steeds krities gedeeltelik daarby aansluit".


Die vraag is egter hoe moet die prediking reageer op 'n postmodernistiese tydvak? Daar word aangesluit by Cilliers (2004:6) wat waarsku dat postmodernisme nooit stagnant kan wees nie:

"Postmodernisme is 'n tydvak, nie 'n alheilmiddel nie… Postmodernisme is 'n konklusie, nie 'n volledige nuwe ontwikkeling nie… Postmodernisme is repetisie, nie rewolusie nie".

Daar moet eerder gevra word na 'n teologiese verantwoordelike beoordeling en benutting van postmodernisme. Alles in postmodernisme is nie boos nie, net soos alles in modernisme nie goed was of is nie. Postmodernisme is nie iets nuut nie maar dit is eerder in 'n sin die logiese konsekwensies en kulminasie van die modernisme. Sommige volbloed post moderniste sal skrik as hulle agterkom watter moderniste hulle eintlik is. Wolfgang Welsch (1988:9-14) praat van die *'unsere postmoderne Moderne'.* Hy waarsku ook teen die *'Magie se falschen Namens'.* Cilliers (2004:6) gaan verder en sluit by Pieterse (2007:6) aan:

"Daar bestaan geen waterdigte skeiding tussen die sogenaamde pre modernisme, modernisme en postmodernisme nie, eerder 'n ineenvlegting, soos die ondersese yslae van ysberge wat teen en by mekaar inskuif".

Talle uitgangspunte van postmodernisme kan in ander tydvakke aangetref word, wel in 'n ander historiese baadjie, maar tog in wese dieselfde. Dit is in elk geval 'n ope vraag hoe duursaam die postmodernisme sal wees? Sommige sê dat dit al verby is, terwyl ander meen mens het – veral in Suid-Afrika – nog nie eers daar gekom nie. Terwyl sommige al anderkant die postmodernisme wil wees, het ander nog nie uit die pre modernisme vervel nie. Dit alles roep tot nugterheid en onderskeidingsvermoë om te weet waarop dit werklik aankom. Niemandt (2007:50) se skets illustreer dit duidelik in die Suid-Afrikaanse konteks.






Dit maak nie saak in watter tydgees, tydvakke, kultuur of oorgangsfase mense hulle bevind nie, en hoe akkuraat mens dit ook probeer bepaal nie, die prediking het die roeping en die uitdaging om teologie in die huidige leefwêreld van mense relevant te maak.

"Indien die kerk en die teologie nie die leefwêreld van die moderne mense verstaan en interpreteer nie, sal die Evangelie in die lug bly sweef" (Vos 1996:50).

In reaksie op 'n toespraak van Brian McClaren oor evangelisasie in 'n postmoderne wêreld antwoord Liftin (2004:9) soos volg:

*"While warning us against the dangers of being co-opted by modernity, he has not escaped the equal and opposite danger of being co-opted by post modernity. And from a Christian point of view, the latter is no less pernicious than the former".*

Aan die hand van 'n storie van David Couchman (2002), *'A tale of three buildings'* word daar gepoog om die veranderende wêrelde aan die hand van 'n beeld van drie prominente wêreld stature voor te stel. Hierdie beeld van die drie geboue wil iets verwoord van die verskillende leef wêrelde oor 'n tydperk van tweeduisend jaar. Ook wil dit iets verwoord van die tydgees waarbinne baie gelowiges hulle tans bevind.

<u>'n Storie van drie geboue:</u>

Die bou van die '*Keulense'* Katedraal in Duitsland het in 1248 begin. Dit het meer as seshonderd jaar geneem om te voltooi. Die *'Keulense'* Katedraal is 157m hoog en gebou tot die eer en glorie van God. Die gebou wys hemelwaarts en word gebruik vir aanbidding – 'n herinnering aan die mag van die Kerk. Dit is 'n monument van

outoriteit. Die *'Keulense'* is gebou om duisende jare te bestaan omdat God ewig is en die mensdom is die subjek van 'n heilige bestemming en doel.

Die *'Eiffel'* Toring in Parys was klaar gebou in 1889 en is 'n uitbeelding van die 100ste feesviering van die Franse Rewolusie. Die *'Eiffel'* Toring is 320m hoog (tot en met 1930 die hoogste gebou in die wêreld). Soos die *'Keulense'* Katedraal wys die gebou na die hemel, maar is gebou vir die glorie van die mense, en nie vir God nie. Dit is 'n monument wat die mag van tegnologie en menslike rede uitbeeld. Gebou om vir baie lank te bestaan, want die mensdom beheer sy eie bestemming.

Die *'Millennium Dome'* in Londen is in 1999 gebou. Dit is 320m in deursnee en 50m hoog. Die gebou is in die vorm van 'n eier gebou wat nêrens heen wys nie. Net soos die *'Eiffel'* Toring is dit nie gebou tot eer van God nie (al was die millennium 'n viering van Christus se koms na die aarde). Die *'Millennium Dome'* is ook nie gebou vir die glorie van die mens nie. Die hoofrede vir die bou was vir die operateurs om geld te maak en vir vermaak deur popkonsert. Dit is gevul deur diverse ruimtes en kontrasterende boodskappe. Die *'Millennium Dome'* is gebou om net een jaar te bestaan (vgl. Couchman 2002:15).

Die storie van die drie geboue wil iets uitbeeld van die verskillende tydgeeste. Dit probeer 'n refleksie aantoon van die werklikheid en die mensdom self, en word die kenmerke van die tydgees waarbinne geleef word. Die vraag is hoe moet daar homileties op hierdie werklikhede gerespondeer word? In die lig van bogenoemde moet die liturg, predikant en homileet deeglik bewus wees van sekere sleutel elemente van 'n veranderende wêreld. 'n Mens kan dit nie ignoreer nie want dit het 'n direkte invloed op die prediking. Couchman (2002:9) noem sewe sleutel elemente van postmodernisme.

1. Waarheid is relatief. Wat vir een persoon waar is, is nie noodwendig waar vir 'n ander persoon nie
2. Die massa-media se invloed op die mens
3. Verbruikerisme en persoonlike keuse
4. Reg of verkeerd hang van die individu se leefstyl af
5. Groeperinge en toleransie

6. Die irrelevansie van Christenskap – is ‘n private waarheid met geen aanspreeklikheid teenoor ander nie
7. Herontdekking van jouself in verskillende situasies.

Vanuit bogenoemde wil die navorser in meer besonderhede gaan kyk hoe lyk die hoorders vir wie daar gepreek word. Met ander woorde hoe lyk die wêreld en die tydgees waarbinne hulle lewe sodat die prediking al hoe meer relevant kan wees in ‘n veranderende wêreld van relatiwiteit.

Een van die hoofredes waarom predikers gereeld moet gaan kyk *(‘re-envision’)* na die tydgees en die huidige leefwêreld is omdat hulle gedagtes en hulle lewenstyl so maklik gevange raak in die dominerende kragte van die kultuur waarbinne hulle leef. Hierdie kragte kan polities, ideologies, ekonomies, godsdienstig ensovoorts wees. Daar is min onderskeid tussen die westerse kerk en die ekonomiese ideologie van vandag.

> *Idolatry still has its lure, and in modern democratic societies and in the globalized, market-based economic system within which we all live it seems to have become almost totally pervasive and yet more subtle at the same time. There seems to be little ideological or religious alternative to the domination of the free-market-based consumption other than the reactionary responses of Islam. The Western church seems to have almost totally capitulated to the economic ideology of our day.*
>
> (Frost & Hirsch 2008:46)

In die boek van Frost en Hirsch (2008:45) *‘ReJesus: A wild Messiah for a Missional Church’* vra hulle kritiese vrae rondom die leefwêreld en die tydgees waarbinne gelowiges hulleself bevind. Hulle noem dat daar gereeld gevra moet word na wat mense se gedagtes elke dag stimuleer. Met ander woorde, wat is in ‘n mens se

leefwêreld wat hom inspireer en opgewonde maak? TV, flieks, speletjies, sport, storieboeke, besigheid, die Internet? Onbewustelik vorm dit die mens se gedagtes.
*"… what stuff, coming at you from the world in which you live, most arouses or inspires you and your worldview? Television? Movies? Video games, sports, novels, business, the Internet? And yet these are not benign or valueless entertainments. They are owned or controlled by powerful forces in our society. They collectively contribute to a collective imagination that shapes us all"* (Frost & Hirsch 2008:45).
Tom Sine (2008) in sy boek, '*The New Conspirators: Creating the Future One Mustard Seed at a Time',* skryf dat tussen die Kerk in die Westerse wêreld en die ekonomiese ideologie van vandag daar weinig verskil is. Drome van die goeie lewe en 'n beter toekoms wat die Westerse samelewing beïnvloed is gebore vanuit die Verligting en die begin van modernisme. Die storie skrywers van die Verligting het die vertikale soeke na God se koninkryk omgekeer, wat die middelpunt van die Europese kultuur was (storie van *'Keulense'* Katedraal en *'Eiffel'* Toring). Deur hierdie ommekeer het daar 'n horisontale soeke na Westerse vooruitgang, tegnologiese uitnemendheid en ekonomiese groei ontstaan. Hierdie visie vir 'n beter toekoms word gesien as die Westerse droom of '*American Dream*'.
*"This vision of a better future is called the Western Dream or the American Dream, and now it is the driving myth behind the new imperial global economic order. In fact, as we will see, marketers of the new global order called McWorld, and the merchants of 'cool' are seeking to influence people everywhere on this planet to live into this dream. And they are having stunning success"* (Sine 2008).

Deeglike bewustheid van bogenoemde en die omhelsing, internalisering en verstaan daarvan sal krities wees vir relevante prediking.

### 1.3.1 Die Oordrewe Realiteit *('Hyper Reality'*)

Een van die grootste struikelblokke en obsessies van die kultuur waarbinne die prediking plaasvind is die deeglike deurdringendheid met 'oordrewe realiteit' *('hyper reality').* Dit kan gesien word in die massa produksie en verpakte produkte wat

sogenaamd beter is as die oorspronklike produk. Byvoorbeeld, vars uitgedrukte lemoensap verpak met ekstra vitamiene en minerale, lewendige klets vertonings (*'talk-shows'*) waar die aanbieder met jou praat asof julle mekaar persoonlik ken. Die piesang nagemaakte geursel proe beter as die oorspronklike piesang. Alles is kunsmatig – die versoeters, room, botter, koeldrank ensovoorts. Daar word gepraat oor die lewe van filmsterre asof mense hulle persoonlik ken, maar die bure wat langs hulle bly se name is geensins bekend nie. Daar word gepraat oor mense asof mense hulle ken en vir hulle omgee. Alles is meer 'realiteit' as die realiteit (Frost 2006:82-83).

Die Franse postmoderne filosoof Jean Baudrillard vertaal deur Glazer (1995) skryf:
*"By crossing into a space whose curvature is no longer that of the real, nor that of the truth, the era of simulation is inaugurated by a liquidation of all referentials… It is no longer a question of imitation, nor duplication, nor even parody. It is a question of substituting the signs of the real for the real"* (Glazer 1995:22).

Op soek na relevante prediking in 'n veranderende wêreld, som bogenoemde woorde die huidige dilemma en tydgees op. Glazer (1995) se woorde van Jean Baudrillard is 'n opmerking oor individue se eie konstruksie en verbruik van 'n hipermoderne nie-realiteit. Op televisie staan dit bekend as *'Reality TV'* wat meer aandag geniet as die ware ('realiteit') nuusgebeure van elke dag (Frost 1996:84). Programme soos *'I'm a celebrity-Get Me Out of Here', 'Survivor', 'Temptation Island', 'The Bachelor', 'Joe Millionaire', 'Idols', 'The Weakest Link', 'Who Want's to Be a Millionaire', The Amazing Race', 'Big Brother'*. Hierdie realiteitsprogramme word opgevolg met programme wat titels het soos *'101 Things Pulled from the Human Body'* (skokkende beelde van byvoorbeeld 'n Swaardvis se swaard wat verwyder word uit 'n man se oog), *'World's Nastiest Neighbors' en 'Plastic Surgery Nightmare'* (Seal 2003:121-125; 151-155).

Die effek van hierdie realiteitsprogramme op die deelnemers en die massas wat daarna kyk, ontlont vrae soos: Hoekom geniet die kykers dit so baie? Frost (2006:85) antwoord dit soos volg:

*"… reality TV works because it offers a fragmented en disconnected Western audience the opportunity to vicariously enter into a pseudo-community via the television set".*

'n Mens kan verstaan hoekom mense nie eers hulle bure se name en vanne ken nie. Daarom moet daar nie eers gevra word hoe hulle lewe en wat hulle doen as hulle tyd oor het in die dag nie (na aanleiding van mense wat die hele dag na 'Big Brother' kyk). Die rede vir die sukses van hierdie 'oordrewe realiteit' *('hyper reality'*) is omdat die kykers uitgenooi word om deelnemers te word van hierdie oordrewe realiteit. Die kykers kan die deelnemers se lewens beïnvloed deur hulle uit te stem van wie hulle nie hou nie via SMS of internet (Frost 2006:86).

Dit wat 'Realiteits TV' regkry, is om die wêreld waarbinne mense leef te vereenvoudig. Die regisseurs van hierdie realiteitsprogramme sny groot gedeeltes uit wat die kyker nooit sien nie. Sodoende lei dit tot 'n verskraling van stereotipes tussen die goeie en die slegte deelnemers. Frost (2006:86) verwoord dit mooi:

*"Jealousy, affection, anger, and humor are reduced to typical responses, sound bytes, and emblematic images, never fully conveying the multifaceted nature of contestants or the complexity of the situation in which they find themselves. The reason: the messiness of life wouldn't make good television".*

Wat is die gevolgtrekking? Die mense soek realiteit, maar nie egtheid nie. Dit het tot gevolg dat mense in 'n postmoderne kultuur meesters word om vals realiteit te verbruik.

*"We want a sanitized processed, and highly polished representation of something that 'approximates' reality. But in fact, reality is a frightening prospect for us, and we don't really expect that what will be presented to us on the small screen will be real"* (Frost 2006:86-87).

Postman (1986) skryf in sy boek *'Amusing Ourselves to Death'* dat die medium van televisie nie in staat is om kompleksiteit en ernstigheid oor te dra nie. Die TV kan ook nie die ware publieke diskoers van die realiteit oordra nie, omdat sekere argumente

nie genoegsame vermaak is nie. Dit het tot gevolg dat daaglikse gebeure in 'n paar sekondes of minute versnipper word. Die kyker glo nie noodwendig dit wat hy sien en hoor rondom advertensies, nuusgebeure, realiteits TV nie, maar stem passief saam om dit te verbruik asof dit die realiteit is (Postman 1986:101).

Miljoene tieners is behep met *'Idols'.* Hulle tree op asof hulle die deelnemers persoonlik ken en gebruik slegs eerste name. Die taal wat hulle gebruik spreek van intimiteit, maar twee maande na die program verby is vergeet hulle die deelnemers. Daarom vra Frost (2006:87):

*"What happens to a culture that can so quickly relate to television characters and then so quickly dispense with them? And does this affect the quality of viewers' personal relationship with 'real' people?".*

Die kulturele reperkussies van die 'Realiteits TV' moet nog gerealiseer word. Dit sal interessant wees hoe dit in die toekoms sal ontvou en ook hoe dit die prediking gaan affekteer.

Saam met die 'Realiteits TV' is daar nog 'n vorm van 'oordrewe realiteit' (*'hyper reality'*) naamlik *'blogs'* (ook genoem *'blogging'* ). *'Blogs'* is die afkorting vir *'web logs'*, wat die aanlyn dagboeke van individue bevat. Hierdie individue deel hulle gedagtes, waardes, en hulle daaglikse wandel met die res van die wêreld. Daar is 'n verskeidenheid van *'blogs'* naamlik persoonlike *'blogs'* (baie persoonlik, 'dit is my lewe', doen en late van elke dag), propaganda *'blogs'* (skrywers, politici, akademici, geestelike leiers maak hulle idees bekend oor sekere sake). Daar is ook *'blogs'* omtrent sport, seks, verhoudings, geloof, kerk, terrorisme, foto's en *'moblogs'* (foto's geneem met selfone). Die gemeenskaplike deler van alle *'blogs'* is dat die basiese geloof van dié skrywers se lewe en sieninge, gedeel word met enige persoon wat aanlyn wil gaan. Deur die anonimiteit en vryheid van die Internet begin vreemdelinge individue bespreek wat hulle nog nie eers ontmoet het nie, mét individue wat hulle ook nog nooit ontmoet het nie. Sekere *'blogs'* funksioneer soos geïndividualiseerde realiteits TV vertonings, deur hulle eie gehoor te skep van gereelde besoekers. Dit

skep pseudo-kuber gemeenskappe. *'Blogs'* is 'n medium vir sélf uitdrukking wat baie postmoderne individue gebruik vir self vermaak om sodoende 'n merk te maak in die media (Frost 2006:87-88).

Hipps (2009:115) spreek sy bekommernis uit omdat geloofsgemeenskappe slawe word van hierdie tegnologie. Hy waarsku dat geloofsgemeenskappe op die lang duur die konsekwensies hiervan gaan ervaar.

> *The internet is seen as the Holy Grail of 'building community'. … The Internet is emphatically not a neutral aid. Digital social networking inoculates people against the desire to be 'physically present' with others in real social network – networks like a church or a meal at someone's home. Being together becomes nice but nonessential… there is a big difference between being 'in touch' and truly connecting with others.*
>
> (Hipps 2009:115)

### 1.3.2 Die Ontstaan van 'n Nuwe Realiteit *('A New Realism')*

Die postmoderne (veranderende) wêreld se substitusie vir die realiteit, met 'tekens' van die realiteit, gebeur ook in die kos wat geëet word. Gereeld bevind mense dat sekere nagemaakte goed wat geëet of verbruik word net soos die oorspronklike produk proe en voel.

Maar na alles van die oordrewe realiteit ('*hyper reality*') gesê is, moet mense ook weet dat daar 'n terugkeer weg daarvan is. In hierdie veranderende wêreld van relatiwiteit soek mense naarstigtelik na 'egtheid'.

*"Sociologists, ecologists, and even advertising companies are heralding a new movement of realism. In a world of hyper-reality, there is an emerging search for authenticity, the champion of real food, culture, politics, and entertainment by a demographic called 'New Realism'"* (Frost 2006:88).

David Boyle (2004:10) in sy boek *'Authenticity: Brands, Fakes, Spin and the Lust for Real Life*' noem dat hierdie 'Nuwe Realiteit' maklik herkenbaar is. Hulle word ook genoem *'The Cultural Creatives'* (Ray & Anderson 2000:99). Hulle wil weet waar hulle kos vandaan kom en wat in die kos is. Hierdie 'Nuwe Realisme' wil korrupte politici en regerings ontmasker. Musikante moet ophou maak of hulle sing met hulle lippe terwyl die opname speel. Inbel help lyne moet beman word deur regte mense en nie masjiene wat praat nie. En betrokkenheid by plaaslike ondersteuning van gemeenskappe eerder as supermark monopolieë. Hierdie nuwe realisme is ernstig oor omgewingsake, plaas groot klem op verhoudings, verhef die rol van die vrou in die samelewing en verbind hulle aan geestelike en psigologiese groei. Die Nuwe Realiteit is teen die groot institusionele organisasies van die moderne lewe, wat insluit liberale en konserwatiewe politieke sienswyses. Hulle verwerp 'materialisme' en 'n oormatige vertoning van status. Op die oog af is hulle plat op die aarde en praktiese mense (Boyle 2004:10).

Die interessante van die 'Nuwe Realiteit' groepering is dat dit nie 'n bepaalde ouderdomsgroep verteenwoordig nie. Hulle bestaan uit ouderdomme wat wissel tussen 18-70 jariges. In hierdie groeperinge is daar meer konserwatiewes as liberaliste, maar geensins ekstremiste nie. Dit is 'n nuwe manier van politiek. Hierdie persone is oor die hele wêreld versprei en verteenwoordig alle etniese groeperinge en alle inkomstevlakke, vanaf werkersklas tot die invloedrykste persone. Hulle beskouing van die wêreld is anders as dié van die hoofstroom sieninge. Volgens Frost (2006:89-90) verwag hierdie groepering die volgende:

*"Ecologically sustainable products and services, and concern for the whole planet. An insistence on authenticity, personally, at work, in business and politics. Bringing women's issues into public life. Reporting the news differently, to see the big picture,*

*and first-person stories, and good news too. Bringing spirituality into the worldly life"* (vgl. Ray & Anderson 2000:90).

Die gemeenskaplike doel wat hierdie 'Nuwe Realiteit' saambind is die siening oor die ongeregtigheid in die wêreld en dat die enigste manier op dit te herstel die strewe na egtheid *('authenticity')* is.

*"The emphasis is on searching for and maintaining authenticity – the real, the local, the genuine, the handmade"* (Frost 2006:91).

Ook Miller (2004:129-130) skryf dat daar sekere vaardighede nodig is om te oorleef in hierdie 'Nuwe Realiteit'. Saam met Frost (2006) noem hy ook die behoefte aan egtheid *('authenticity').*

*"… you must embrace your scar of life… there is some intangible characteristic that 'the scar of life' creates; and the authenticity meter measures how much you rely on that scar in order to maintain a sense of perspective".*

Die teenpool is ook weer waar dat oordrewe egtheid kan 'n vorm van verhewenheid *('elite')* skep. Boyle (2004:295) verklaar egter dat hierdie 'Nuwe Realiteit' erken hierdie paradoks tussen egtheid en verhewenheid.

> *It is a new kind of humanism that defends human choice against the giant corporation and the technocrats who would find it cheaper just to use machines or computers to interact with us… It's an attitude that doesn't condemn extra thick-skinned tomatoes, extra ripe bananas, decaffeinated coffee beans – but does condemn the economic processes which mean they drive out the real stuff.*
>
> (Boyle 2004:295)

Volgens (Frost 2006:92) is dit nie 'n protes teen die individu se persoonlike keuses nie, maar eerder teen die beperkte keuses van die individu hoe om te lewe. Die

'Nuwe Realiste' is teen die beperkte keuses wat veroorsaak word deur die ekonomiese monopolieë van die wêreld deur multinasionale belange.
*"New Realism could develop into a systematic and active critique of the way the world is run and the way humans regard themselves and each other"* (Frost 2006:93).

### 1.4 Tydperk na Postmodernisme-Konvergensie

Relevante prediking kan nooit realiseer as daar nie gekyk word na wat die huidige dominante medium van kommunikasie is nie. Soos wat 'n kunstenaar na sy rou materiaal kyk, so is die rou materiaal vir predikers, die dominante medium van kommunikasie. Predikers moet die gedrag van die medium verstaan sodat dit doelgerig en presies aangewend kan word.

Daar is 'n nuwe tyd wat aanbreek na postmodernisme. Dit staan bekend as 'Konvergensie' (Miller 2004:96-102). Konvergensie vind gestalte binne die digitale kultuur. Die wonder van hierdie tydperk is dat mens nie alles van die vorige tydperke hoef weg te gooi of nuut te begin nie. Tydens 'Konvergensie' gaan dit om die oue te vat en weer nuut te maak om sodoende 'n verskeidenheid van perspektiewe en maniere te realiseer. Konvergensie is om die beste uit pre modernisme (orale), modernisme (letter) en postmodernisme (uitsaai) te neem. Konvergensie is die tydperk wat aanbreek waar die dominante kulture (soos bespreek in Hoofstuk 3 onder punt 2 – Verandering in religieuse kommunikasie) naamlik oraal, letter en uitsaai ineengeweef word.
*"The power of the digital era is in its ability to take the old and make it new again, to allow us to experience a variety of perspectives and ways of being"* (Miller 2004:132-133).

Die boodskap van die Evangelie verander en vergroot met elke nuwe stel van voorveronderstellings en situasies. Verskillende kulturele situasies vorm die Evangelie.

*"With each turn in the story of humanity, we are introduced to new emphases as well as to potential limits on our understanding of the gospel" (Hipps 2009:155).*

Die daad van kommunikasie reflekteer 'n verlenging van die mens se diepste wese, maar ook van wie God werklik is. Indien die kommunikasiemiddele ondersoek word, word die kern elemente van die menslike natuur aangeraak. Nie net van die mens nie, maar ook die kern van wie God is.

Gelowiges is bewus van die krag en die potensiaal van kommunikasie deur God wat die standaard gestel het in Genesis 1:3 "En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig". Die krag van God het gelê in die gesproke word (Brueggemann 1982:24). Maar wat gebeur wanneer die karakter van daardie ervaring verander? Wat is die gevolg wanneer die Gees – wat eerstens deur die gesproke woord gemanifesteer het – tot uiting kom deur die gedrukte woord, elektromagnetiese beelde of silikon gebaseerde binêre kodes? Die verandering in die tegnologie van kommunikasie het onvermydelik en fundamenteel die karakter van die kerk verander. Daar is geen twyfel dat ook die prediking – wat juis 'n kommunikatiewe handeling is – hierdeur geraak sal word. Die geheim van elkeen van hierdie kulture se geboorte hetsy oraal, letter, uitsaai of digitaal lê in die konteks van die betrokke kommunikasie-era. Die gevolg is dat persone wat leef binne 'n spesifieke kommunikasie era, hulleself en hulle wêreld verskillend sien. As daar byvoorbeeld na 'aanbidding' gekyk word uit die verskillende kulture of eras, sien dit soos volg daarna uit.

**AANBIDDING:**

| Orale-Liturgies | Letter-Reformasie | Uitsaai-Kontemporêre | Digitaal-Konvergensie |
|---|---|---|---|
| 'n Liturgiese mistieke, ervaring deur rituele. Verlaat die algemene wêreld en gaan in 'n heilige plek en oomblik in. Die Nagmaal is sentraal. | 'n Ordelike byeenkoms van prinsipiële beginsels van geloof en aanbieding van die evangelie. Die preek staan sentraal. | 'n Gebeurtenis vol aanbiedinge en feesviering rondom die Evangelie. Aanbidding en reaksie is belangrik gevolg deur stories en persoonlike ervaringe deur prediker. | 'n Samekoms vol interaktiewe, intieme, multi sensoriese, improviserende, hoogs toegewyde ervaring. 'n Fasiliteerder lei 'n oop einde ervaring. |

Volgens Miller (2004:123-132) is daar sekere talente en gawes nodig in hierdie digitale era waarbinne kerkwees en die prediking homself bevind.

### 1.4.1 Individuele tendense

In hierdie tydperk gaan dit om die bemeestering van linker-en regterbrein denke. Hierdie benadering gaan mense bevry van die beginsel om alles vir almal te wees (*'one size fits all'*). Die resultaat van hierdie skuif is weg van inhoud – name, datums, situasies – na die bemeestering van konteks. Die individu moet bevry word van tegniese kompleksiteit en moet die vermoë ontwikkel om inligting, konsepte en aspekte te herkontekstualiseer. Integrasie en interaksie gaan al hoe meer algemeen word. Die effek hiervan is die natuurlike herintegrasie van persoonlike lewe, gemeenskapslewe en sakelewe.

### 1.4.2 Leierskap tendense

Collins (2001:22) skryf:

*"We have a rising hunger not only for leaders we trust but for leaders who lead by trust rather than fear or coercion".*

Collins (2001:22) praat van *'Level 5 Leaders'* wat nodig is in hierdie nuwe digitale era. *"Level 5 leaders are a study of duality; modest and willful, humble and fearless. To quickly grasp this concept, think of the United States President Abraham Lincoln… who never let his ego get in the way of his primary ambition for the larger cause of an enduring great nation".*

Die letterkultuur het verskuif weg vanaf die leier as heilige persoon na 'n leier wat betroubare, rasionele metodes en spesialisering moes voorsien. Met die ontstaan van die uitsaaikultuur het die klem verskuif na leiers wat sterk motiverende kommunikasievermoëns het. Dit word gesien in kerke met 'n Leier-leraar wat die meeste van die prediking behartig en wat die missie van die gemeente dryf soortgelyk aan dié van 'n korporatiewe organisasie. Meeste van geestelike boeke wat handel oor kerkgroei Dan Kimball (2003) *'The Emerging Church',* George Barna (1998) *'The Second Coming of the Church',* Carl George (1994) *'The Coming Church Revolution',* Jim Peterson (1992) *'Church without Walls',* Leith Anderson (1990) *'Dying for Change'*, adresseer juis hierdie gaping tussen die letter en uitsaai wêreldbeskouings. Die tydperk van 'konvergensie', wat uit die digitale kultuur sy oorsprong het, is alreeds besig om te verskuif vanaf ou unilaterale benaderings van die letter-en uitsaai kultuur. Daar word weg beweeg van intellektuele en motiverende predikers. Die meeste predikers reflekteer iets van die era waarbinne hulle opgegroei het. Predikers in die 'konvergensie tydperk' gaan digitale kultuur eienskappe reflekteer soos:

- Verbintenis
- Interaktiwiteit
- Deursigtigheid
- Kompleksiteit
- Verspreide idee van outoriteit.

Leiers sal meer invloed hê met minder sigbaarheid. Kleiner, meer intieme netwerke sal die nuwe struktuur binne digitale netwerke voorsien. Leiers sal meer bewus word van die kultuur van die gemeente en nie net gefokus wees op doelwitte en programme nie.

*"An 'impartational' style of leadership based on mutual trust will replace today's top-down, hierarchical leadership styles"* (Miller 2004:124).

Miller (2004:155) verduidelik verder rondom die idee van *'impartational leaders'* (mededeling).

> *We are moving at light speed towards what I call the 'impartational leader' of the digital culture. An impartational leader teaches not by exhortation but by example. In a way this harks back to an oral apprenticeship: the student of follower absorbs character and identity from a vital relationship over time. Interaction and connection place a new premium on understanding and building vital relationships. Without leaders who value, practice, and model relational leadership, these growing desires will become distorted. In a deeper way, this model reflects family relationships between parents and children.*
>
> (Miller 2004:156)

Die Konvergensie tydperk (digitale kultuur) smag na leiers wat toeganklik, in voeling, beskikbaar en eg is. Hulle wil in verbinding wees met iemand wat ongeskrewe en ongerepeteer is. Hulle soek 'n egte persoon wat saam met hulle op reis kan wees. Hulle soek nie iemand wat af en toe afklim van 'n verhewe posisie om 'n preek te lewer of om 'n verhewe plato to skep nie (Miller 2004:155). Natuurlik sal die ou paradigma nie ewe skielik ophou as daar al hoe dieper in die digitalekultuur inbeweeg word nie. Verseker sal die letterkultuur strewe na groter funksionaliteit en beheer. Ook sal die uitsaai kultuur die klem op ekstreme en persoonlike ervarings en oordrewe gebeurtenisse plaas. Die digitale kultuur vra kontak en verbintenis. Hierdie interaktiewe kommunikasie skep 'n baie interessante skuif wat beide die letter-en uitsaai kulture betrek. Die interaktiewe medium van die digitale kultuur, saam met die verbintenis tussen gedagtes, dialoog en verskeidenheid, skep 'n relevante en egte ervaring. Mense in die digitale kultuur het 'n groot behoefte om te sien hoe die lewe

in die hier en die nou realiseer in teenstelling met die verkorte klaskamer lesing (Miller 2004:159).

Leiers in die Konvergensie tydperk bou beweegbare netwerke van belynde belange wat hoogs deursigtig, maklik bekombaar en samewerkend is. Hierdie leiers is mentors en is aktief deel van intieme sirkels van verhoudings. Die realiteit van verandering vra die vermoë om vinnig die konteks te lees om aanpassings en veranderings te maak. Die huidige konteks is nie meer voorspelbaar soos in die tyd van die letter-en uitsaai kulture nie. Dit kan vergelyk word met die navigasie van 'n seilskip deur 'n gebied vol ysberge met gepaardgaande slegte weer.
*"New leadership skills, shaped by the interactive media, will first provide relational connection and then break down bureaucratic barriers by creating loosely structured federations aligned by acute interests and able to respond to both complex and changing needs"* (Miller 2004:164).

### 1.4.3 Kerklike tendense

'n Tendens wat alreeds in die Paarl en landwyd ervaar word is dat groot en rigiede gemeentes verminder. Informasie en verandering is te kompleks en te vinnig vir hierdie gemeentes om by te hou. Tans leef mense in 'n inligting-oorbelaaide-plat-visuele-wêreld waar inligting vinnig en goedkoop beskikbaar is en waar almal interaktief verbind is deur nuwe tegnologiese kommunikasiemiddels.

In groot en rigiede gemeentes word daar te veel energie en tyd bestee aan die herstel en instandhouding van die sisteem, in plaas daarvan om te fokus op geestelike gesondheid en volwassenheid. Tegelykertyd gaan grense en mure tussen naburige gemeentes al hoe meer verdwyn. Wêreldwyd verminder die teologiese verskille tussen kerke en gemeentes raak meer bewus van die gemeenskaplikheid tussen mekaar. Praktiese verskille sal die brug word vir toekomstige samewerking (Miller

2004:124-125). Kerklike tradisies, style, strukture en gemeenskap gaan grootskaalse ineenvloeiing beleef.
*"Interaction is the first step toward collaboration, and collaboration leads integration"* (Miller 2004:125).

Kerkgroei gaan gebaseer word op losstaande netwerke van federale strukture. 'Netwerk' is 'n sleutelwoord in toekomstige organisasie modelle. Dit laat toe dat groepe beter integreer binne hulle plaaslike konteks en sodoende kan aansluit by ander groepe met ooreenstemmende belange. Dit alles geskied omdat daar 'n ontluikende kultuur is wat voel dat hoe kleiner die groep hoe egter is die ervaring.
Die sleutel om hierdie nuwe era te verander lê nie in die tegnologie nie, maar in die krag van die verhoudings metafoor om baie intiem met mekaar te verbind. Dit is een van die kragte van die Konvergensie tydperk (digitale kultuur). Volgens Miller (2004:133-134) is daar agt kriteria waaraan kerkwees in hierdie nuwe bedeling sal moet voldoen.

1. Ratsheid
2. Deursigtigheid en egtheid
3. Kohesie en balans
4. Elasties en vergewensgesindheid
5. Volhoubaarheid
6. Oop einde en die omarming van moontlike verandering
7. Ontvanklikheid
8. Samewerking.

In die lig van die woorde van Jesus in Matteus 9:17 – ''n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke nie; anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en al twee bly behoue' – kan daar nie anders as om 'n nuwe struktuur te omhels van intieme verbintenis en tegelykertyd van die Konvergensie tydperk (digitale kultuur) nie. Hoe sal die kerk en die prediking moet verander in die komende jare? Die digitale paradigma – inter aktiwiteit, verbintenis, deursigtigheid – gee sekere aanduidings (Miller 2004:143).

Relevante prediking is juis om bewus te wees van hierdie aanduidings. Die vraag is hoe predikers in hierdie tyd moet leiding gee aan mense wat hulle in hierdie konteks bevind?

#### 1.4.3.1 Prediking in 'n digitale kultuur

Predikers sal nuwe vaardighede moet aanleer en ontwikkel om die Evangelie in 'n digitale kultuur te kommunikeer. Die hoorder wat homself bevind binne-in die letterkultuur vra na 'n logiese aanbieding van die Evangelie. Hoorders binne 'n uitsaai kultuur word aangeraak deur kort verhale, dramatiserings en bondige aanhalings. Hoe meer mense bewus word van die komplekse realiteit van die digitale kultuur, hoe meer skep dit 'n behoefte aan tematiese strukture en die vermoë om af te wyk binne hierdie temas. Die antieke kuns van stories en narratiewe is besig om al hoe meer te groei. Dit is nie die gewone stories wat predikers gewoonlik vertel nie. Hierdie stories staan alleen en dra 'n transendente en epiese tema oor.

> *The logical apologetic case for faith with it absolute conclusions breaks down under the complexity of contemporary life. Real-life characters are not simply good or bad. Outcomes are not always predictable. The end of the chapter, or presentation, does not mean the end of the story. Meaning is not obvious, nor is the response. In fact, there is probably not one single meaning to walk away with. Anecdotes, skits, and seven-step formulas become increasingly shallow when contrasted to society's growing thirst for depth. The new generation is demanding more.*
>
> (Miller 2004:169)

Predikers in die digitale era sal nuwe stories en liedere moet herontdek, wat interne temas, uitdagings en konflikte verwoord. Daar sal al hoe meer wegbeweeg word van

mooi toegedraaide stories wat duidelike uitkomste lewer. Suksesvolle predikers in die digitale kultuur is gemaklik om ook afdraaipaaie te neem binne 'n bepaalde tema om sodoende 'n nuwe storie te skep binne die interaksie wat sal ontstaan met die hoorders.

Doug Pagitt (2005:159) noem hierdie tipe prediking *'progressional preaching'*. Hier gaan dit om bereid te wees om die fokus en mag te verskuif weg vanaf die prediker na die hoorders. Progressiewe prediking is 'n daad wat die sosiale en kulturele norme uitdaag. Te veel gelowiges is gewoond aan die kerk wat net spirituele lewensondersteuning bied en sodoende maar net verbruikers word.
*"The act of preaching ought to call us to something different. When we seek to live in new ways that remove the power structures that have kept people from connecting with faith, we are being prophetic, not hip. Moving the power from the speacher (preacher) to the audience is not simply a ploy to be experiential—it's an attempt to live into the new things of God"* (Pagitt 2005:159).

### 1.4.3.2 Verhoudings in 'n digitale kultuur

In 'n digitale kultuur gaan dit om gesonde verhoudings te kweek en om weer ware en egte gemeenskap van gelowiges te ervaar. Die konteks waarbinne hierdie verhoudings moet geskied is weg vanaf die groot gebeurtenisse ('*main event*') soos gesien by die uitsaai kultuur.
*"The digital culture still looks for collective rituals, but it wants smaller venues that are more interactive, intense, and tailored. Children of the digital culture will want to be able to see, touch, and dialogue with one another as they explore new avenues for personalized ministry"* (Miller 2004:174).

Die metafoor wat gebruik kan word is dié van 'n 'elektriese *Jazz* orkes'. Leiers leer vaardighede wat dit moontlik maak om kollektiewe dialoog te laat ineenvloei met aanbidding, storie, bediening en feesviering rondom 'n sentrale tema. Vir die

prediking, soos dit tans tot uitvoering kom, gaan dit 'n nuwe manier van repetisie vra. Die voorbereiding van 'n preek, die musiek, dramas tydens die bymekaarkom, sal nie meer afsonderlik kan plaasvind nie. Die krag van die '*jazz*' ervaring lê in die inter aktiwiteit en by tye spontane kreatiwiteit (vgl. Sleeth 1986; Stott 1982). Dit alles geskied op 'n baie kleiner skaal by 'n intieme bymekaarkomplek. Die fokus is nie meer die aktiwiteit, die gebeurtenis of die inhoud nie, maar alles draai om verhoudings en verbintenis (Taylor 2005:4). Die kerk en veral die prediking moet deeglik bewus wees hiervan.

*"If what we offer is a weekly experience or presentation that does not raise the urge to provide the opportunity for connection resulting in community, then we might as well take down our label as church and proclaim our facility a house of religious entertainment"* (Miller 2004:182).

Ware en egte verhoudings is die neweproduk van mense wat intiem verbind is aan mekaar (vgl. McLagan & Nel 1995: 32).

#### 1.4.3.3 Kinders in 'n digitale kultuur

Daar is 'n mite wat sê dat kinders is die kerk van môre. Hierdie mite kan nooit waar wees nie, want kinders is alreeds die kerk van vandag. Vir kerkwees gaan dit nuwe uitdagings stel, want vir die eerste keer in die geskiedenis het ouers beperkte toegang tot die wêreld van hulle kinders. Dit word ervaar in die leefwêreld van die navorser se eie huis hoe 'n agt-jarige die nuutste tegnologie navigeer en bemeester in 'n relatief kort tydperk. Vir die meeste volwassenes is die digitale kultuur 'n onbekende land met vreemde tale, norme en gebruike.

*"Parents are undocumented immigrants, while their kids are native citizens of the land and serve as interpreters and gatekeepers"* (Hipps 2009:134).

Die letterkultuur het ouers bemagtig, want 'n kind wat toegang tot volwasse inligting wil hê, moes 'n komplekse kode leer – fonetiese literatuur – wat amper 'n dekade verg om te bemeester. Die letterkultuur het die duurte van kindskap verleng tot

omtrent die ouderdom van agtien jaar as gevolg van die verantwoordelike internalisering van lees en skryf. Maar die uitsaaikultuur en soveel te meer die digitale kultuur het hierdie hindernis deurbreek, want radio, TV het geen toegangskode nie. Enige kind het toegang tot dieselfde inligting as volwassenes. Die misteries en geheimenisse van volwassenes, wat al die jare deur die letterkultuur beskerm was, is ontmasker deur die uitsaai kultuur. Die gevolg hiervan is die verandering in mag tussen ouer/kind dinamiek. Die uiteinde is die verdwyning van kindwees (Postman 1994:88).

Met die digitale kultuur gaan bogenoemde dinamiek al gaandeweg toeneem. Volwassenes verdwyn en kinders hou die mag in hulle hande.

*"Parents today strain for glimpses inside the mysterious world of their teenager's digital life. For the first time in history, teens are able to lock parents out of more than their rooms. It appears that adults are getting younger, just not in the way they hoped for"* (Hipps 2009:135-136).

Hierdie is die groot ommekeer van die digitale era dat die ouer die kind geword het (vgl. Wilson et al 2005). Dit verander kulturele waardes, norme en verwagtinge wat die digitale ruimte 'n landskap van geen supervisie maak nie. Die prediking het 'n verantwoordelikheid om ouers in hierdie veranderende wêreld te help navigeer.

*"Regardless of how people choose to set boundaries in their own families, one thing is clear: This unprecedented empowerment of youth, along with our image fuelled obsession with beauty, is a dangerous cocktail. In a culture that worships youth, what incentive do our kids have to ever grow up?"* (Hipps 2009:139).

### 1.4.4 Matrys vir die orale, letter, uitsaai en digitale kultuur

Aan die hand van Rex Miller (2004:226-228) se *'Abridged Millennium Matrix'* word die beweging deur al die verskillende tydperke en mediums weergee om sodoende die skuiwe te sien tot mens hulle tans bevind. Dit is van kardinale belang vir relevante prediking.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Oraal | Letter- | Uitsaai- | Digitaal- |
|---|---|---|---|
| Liturgies | Reformasie | Kontemporêr | Konvergensie |
| ?v.C. – 1500nC | 1500 – 1970 | 1970 - 2009 | 2010 - |

| HOE ONS GLO | PRE MODERN | MODERN | POSTMODERN | KONVERGENSIE |
|---|---|---|---|---|
| **Aanbidding** | Liturgies | Vergadering | Gebeurtenis | Byeenkoms |
| **Waarheid** | Verhouding | Beginsel | Eksistensieel | Kontekstueel |
| **Verstaan** | Insig | Feite | Selektiewe bewustheid | Herkonteks-tualisering |
| **Geloof** | Vertrou | Glo | Oortuig | Pragmatisme |
| **Evangelie** | Weer vasstel | Weer vertel | Weer verkoop | Weer kontekstualiseer |
| **Goddelikheid** | Die Vader | Die Seun | Die Heilige Gees | Die liggaam van Christus |
| **Waar is God?** | Bo | Buite | In | Orals |
| **Kontak met God** | Aangesig van God | Gedagtes van God | Hand van God | Hart van God |
| **Vereenselwig met God deur….** | U-hulle dialoog | U-dit monoloog | Hulle-dit stilte | Ek-hulle panaloog |
| **Openbaring van God** | Direkte ontmoeting | Die Woord/Bybel | Bybel en ervaring | Onderdompel |
| **Tyd** | Liturgiese tyd: Hier teenwoordig | Kronologiese tyd: Verlede, hede en toekoms | Eksistensiële tyd | Virtuele tyd: Toekoms wat reeds gebeur |

| Oraal | Letter- | Uitsaai- | Digitaal- |
|---|---|---|---|
| Liturgies | Reformasie | Kontemporêr | Konvergensie |
| ?v.C. – 1500nC | 1500 – 1970 | 1970 - 2009 | 2010 - |

| HOE ONS VERSTAAN | PRE MODERN | MODERN | POSTMODERN | KONVERGENSIE |
|---|---|---|---|---|
| **Selfverstaan** | Stam | Individu | Lid | Paspoort burger |
| **Tydsbegrip** | Hede/ Teenwoordig | Verlede/ Objektifikasie | Toekoms/ Impermanensie | Virtueel/ Tydreisiger |
| **Ruimtelike begrip** | Plaaslik/Stam | Nasionale/ Ideologiese identiteit | Globale indringer | Globale mikrokosmos |
| **Sensoriese neiging** | Oor | Oog | Senuweestelsel | Aanraking/Brein |
| **Begrip van identiteit** | Stam blyplek | Onafhanklike individu | Beknopte vreemdeling | Kuberwese/ Onbekende intimiteit |
| **Proses van redenering** | Dialekties | Logies | Vloeiende logika | Sistemiese denke |
| **Lens van persepsie** | Openbaring | Wet van identiteit | Twyfelende beginsel | Chaos teorie |
| **Wêreldbeskouing** | Theosentries | Newtoniaan | Einsteiniaan | Bohemiaan |
| **Leer** | Proses gesentreerd | Inhoud gesentreerd | Ervarings gesentreerd | Konteks gesentreerd |
| **Kollektiewe geheue** | Borswapen | Boek | Dokumentêr | Databasis |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Oraal Liturgies ?v.C. – 1500nC** | **Letter-Reformasie 1500 – 1970** | **Uitsaai-Kontemporêr 1970 - 2009** | **Digitaal-Konvergensie 2010 -** |

| **HOE ONS SAAM LEWE** | **PRE MODERN** | **MODERN** | **POSTMODERN** | **KONVERGENSIE** |
|---|---|---|---|---|
| **Leierskap** | Heilig/Verhewe | Waardigheid/Beheer | Relevant/Beïnvloeding | Resonansie/Katalisator |
| **Invloed** | Posisie | Titels/Rang | Indrukke | Verbintenis |
| **Verbintenis/ Kontrak** | Verbond | Eed | Beloftes | Ooreenstemming |
| **Sosiale dinamika** | Samehangend | Progressief | Sentrifugaal (middelpuntvliedend) | Sentripetaal (middelpuntsoekend) |
| | Morele siening | Etiese siening | Praktiese siening | Wederkerige/ Wisselwerkende siening |
| **Wat is waardevol** | Die goeie | Die regte | Die nuttige/bruikbare | Die uitnemende |
| **Gemeenskap verbintenisse** | Tradisie | Credo | Sake en belange | Vrae |

| **Oraal Liturgies ?v.C. – 1500nC** | **Letter-Reformasie 1500 – 1970** | **Uitsaai-Kontemporêr 1970 - 2009** | **Digitaal-Konvergensie 2010 -** |
|---|---|---|---|

| **HOE ONS SKOONHEID SIEN** | **PRE MODERN** | **MODERN** | **POSTMODERN** | **KONVERGENSIE** |
|---|---|---|---|---|
| **Heilige / gewyde argitektuur** | Beeldryk | Rasioneel | Promosionele | Eksperimenteel/ Eklekties |
| **Heilige / gewyde kuns** | Simbolies | Perspektief | Konseptueel/ Proses | Interaktiewe deelname |
| **Heilige / gewyde Musiek** | Chant | Psalms/ Gesange/ Liedboek | Liedere | Kontekstuele komposisies |
| **Heilige/gewyde benadering** | Holisties | Geraam | Eksistensieel | Interaktief |

| **Oraal Liturgies ?v.C. – 1500nC** | **Letter-Reformasie 1500 – 1970** | **Uitsaai-Kontemporêr 1970 - 2009** | **Digitaal-Konvergensie 2010 -** |
|---|---|---|---|

| **HOE ONS WERK EN HANDEL DRYF** | **PREMODERNE** | **MODERN** | **POSTMODERN** | **KONVERGENSIE** |
|---|---|---|---|---|
| **Bestuur** | Rentmeester | Bestuurder | Leier | Interwewer |
| **Meganisasie van rykdom** | Grond | Kapitaal en Vervaardiging | Distribusie en skuld | Kreatiwiteit en gemeenskap |
| **Metafoor van werk** | Boer | Fabriek | Diens | Federasie |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Waarde** | Betroubaarheid | Produktiwiteit | Kwaliteit | Kreatiwiteit |
| **Produksie** | Bevredig behoefte | Verbeter kondisie | Skep 'n behoefte | Skep vervulling |
| **Medium van uitruil / handel dryf** | Ruil en handel | Geldeenheid | Krediet | Tegno-ruil |

### 1.5 Die Ontluikende Kerk (*'Emerging Church'*)

In die Suid-Afrikaanse konteks lewer Nelus Niemandt (2007) belangrike bydraes in terme van die Ontluikende Kerk beweging. Sy boek 'Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld' verwoord die Ontluikende Kerk beweging op 'n unieke manier. Die begrip '*Emerging Church'* of 'Ontluikende Kerk' (Niemandt 2007:49) word gebruik om 'n nuwe verskynsel of beweging in die 21ste eeuse Christelike kerk te beskryf. Dit strek oor 'n wye verskeidenheid van kerklike tradisies en word in uiteenlopende plekke soos Europa, Noord-Amerika, Australië, Nieu-Seeland en Afrika gevind (Gibbs & Bolger 2005:28). McKnight (2006b:7) beklemtoon ook die feit dat dit 'n beweging is wat veel wyer as net in die VSA en Groot-Brittanje funksioneer. Ontluikende kerke funksioneer in net sulke uiteenlopende kontekste: binne groot en klein denominasies, in groot gemeentes en in klein huiskerke, in multikulturele en interkulturele gemeenskappe, in voorstede en in die middestad en selfs in die platteland (Kimball 2003:14). Alan Roxburgh (2007) skryf ook oor die diversiteit in die ontluikende beweging. Hierdie diversiteit is ook in die Suid-Afrikaanse konteks baie sigbaar.


> *These folk are involved in experimental new forms of church life that are vastly different from each other. Some are forming monastic communities; others are developing mission orders among youth in*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> *the UK and US. Some are teaching in seminaries, others are developing movements of alternative worship. Some are forming loosely connected house churches in cities; others are experimenting with flat leadership systems. Some are working at the transitioning of seeker/mega churches into missional congregations, others planting house churches in atypical locations and cultures and so forth.*
>
> (Roxburgh 2007)


Hoewel die begrip '*Emerging Churches'* meestal gebruik word, was die ontluikende kerke in die begin bekend as '*Alternative Worship'*, met die oorsprong in Groot-Brittanje (Baker & Gay 2003:19-22).
"*Emerging leaders may look back to what they are emerging from more than they look forward to what they are emerging into"* (Gibbs & Bolger 2005:28).

Ontluikende kerke is nie 'n nuwe kerk of denominasie nie. Hulle is eerder 'n post-dogmatiese beweging (McKnight 2006b:9) en stel hulself nie teenoor bestaande kerke nie. Hulle wil nie in konkurrensie met bestaande kerke veg om 'n deel van die kerklike koek nie (Niemandt 2007:55). Hulle sien hulself allermins as net nog 'n deel van die bestaande denominasionele verdeling wat as volg voc stel kan word.




Dit is beter om ontluikende kerke te verstaan as 'n beweging gevoed word uit alle denominasies en kerklike tradisies. Dit is 'n 'beweging' wat 'c ik', en dus eintlik die reformasie van die bestaande na iets nuuts en anders uitdruk. Groei vind organies


plaas (Cole 2005:24). Beter voorstelling van ontluikende kerke is 'n konsentriese sirkel soos die groeiringe van 'n boom (Niemandt 2007:55).




Daar is nog heelwat gesprek in die geledere van ontluikende kerke aan die gang oor die aard van die beweging en of dit 'n nuwe kerk sal vorm. Ontluikende kerke beklemtoon teologiese '*praxis'.* Hoewel daar sterk klem op die koninkryk van God is en dié kerke hulle ekklesiologie missionêr verstaan, is daar nog nie duidelikheid oor 'n gesistematiseerde geloofsinhoud nie (McKnight 2006b:9). Party praat hoogstens van 'n beweging en gebruik dan die term '*Emerging Church'.* Kimball (2003:14) se beskrywing dat dit eerder om 'n manier van dink as om 'n kerk en denominasie gaan, spreek boekdele. Ontluikende kerke word ten beste verstaan as 'n proses wat nog nie in finale vorm aangebreek het nie. Hy skryf oor die belang daarvan om Christus opnuut in nuwe tye te verstaan:

"*It is the mission of each generation to help Christ be 'born young' in the next generation"* (Kimball 2003:27).

Gibbs en Bolger (2005:44) skryf dat ontluikende kerke is geloofsgemeenskappe wat Jesus volg in postmoderne kulture. Die onderstaande skets wil ietsie hiervan verwoord (Niemand 2007: 50-51).




Pagitt (2003:21-22) wys daarop dat die postmoderne konteks nuwe vrae aan die kerk stel wat 100 jaar gelede ondenkbaar was en waaraan niemand voorsien het nie. Kan dit moontlik wees dat mense se antwoorde op hierdie nuwe vrae hulle in staat stel om vars en nuut te dink oor die Christelike geloof dat hierdie geloof heeltemal nuut sal lyk? Miskien moet gelowiges nie net dink oor hoe 'n 21ste eeuse kerk lyk nie, maar nog dieper dink – hoe lyk 'n 21ste eeuse geloof? Nicol (2000:168) sê die uitdaging is 'n geloof wat die huidige postmoderne tydgees se moontlikhede gebruik om te floreer. Cole (2005:xx) waarsku dat die wêreld radikaal verander het – en die kerk soos gelowige dit ken sal saam moet verander. Miller (2004:198) praat van die ontluikende werklikhede wat die samelewing van die toekoms bepaal, en die noodsaak van 'n ontluikende respons van die kerk.

Brian McLaren word as een van die invloedryke figure in die ontluikende beweging beskou (Crouch 2004; Sweet 2003:55-57). McLaren speel 'n baie belangrike rol in die teologie van baie ontluikende gemeentes. Party noem McLaren die vader van die *'Emerging Church'*. McLaren (2005:155) beskryf die nuwe soort kerk wat aan die ontwikkel is as 'n missionêre kerk met 'n sterk fokus op heil vir die wêreld en wat goed is vir die wêreld:

"*This missional approach changes everything*" (McClaren 2004:108).

Daar word geleef in tye waar die pre-modernisme sy heel laaste stuiptrekkings gee, die modernisme se hoogbloei verby is en waar die postmoderne tydvak die tydgees van vandag bepaal. Ontluikende kerke sien die impak van postmodernisme raak en is ‘n profetiese stem wat die kerk help voorberei vir die nuwe wêreld wat aanbreek. Ontluikende kerke probeer navigeer in die storm (Joubert 2007:8-13) van die postmoderne/post-koloniale wêreld en neem reeds afskeid van aspekte van die modernisme wat nie wesenlik deel van die kerk is nie. Hulle soek na die kernwaardes en wesenlike van die heel vroeë Christelike gemeentes. Baker en Gay (2003:27) stel dat daar gepoog word om fragmente van die liturgiese tradisie, soos rituele, ikone, liedere, gebede en response, in die multimedia konteks van postmoderne tye te integreer. Kimball (2003:28) beskryf dit as ‘n terugkeer na antieke Christendom. Dit is ‘n dekonstruksie van Christendom en rekonstruksie van Christelike lewe in ‘n nuwe wêreld.

Ontluikende kerke is die innoveerders, die prototipes wat bereid is om die soort waagmoed aan die dag te lê wat die kerk nodig het om suksesvol te groei in ‘n postmoderne wêreld (Niemandt 2007:53). Ontluikende kerke is die geboorteplek vir die allernoodsaaklike leiers wat bereid is om risiko’s te neem ter wille van die sending van die kerk (Sweet 2004:84). Hulle verhaal is ‘n verhaal van hoë risiko kerklike entrepreneurs (Bandy 2004:47). Ontluikende kerke is die geboorteplek van die kreatiewe verbeelding wat nodig is vir die groei van ‘n nuwe missionêre era. Hulle is letterlik die rebelle wat bewustelik ‘n alternatief bied op die dominante bewussyn van hoofstroomkerke (Frost & Hirsch 2005:185;195).

In die proses van verandering en innovasie kan ontluikende kerke as prototipe dien van wat die kerk nie behoort te wees nie en wat die moontlikhede is (Niemandt 2007:54). Die volgende tabel (Niemand 2007:54) dui aan hoe die ontluikende kerke poog om tradisionele eienskappe en kenmerke van die kerk te korrigeer of verder uit te bou:

| DIE KERK IS NIE... | DIE KERK IS ... |
|---|---|
| 'n Plek of gebou waarheen mens gaan nie | Volgelinge van Jesus, waar hulle hul ook al bevind |
| 'n Byeenkoms op Sondae waar mens na 'n preek kan luister en 'n klompie liedere saamsing nie | Groepe volgelinge (dissipels) wat in die loop van die week bymekaar kom (in huise of waar ook al) en wat ook in 'n groter byeenkoms op 'n Sondag kan bymekaarkom |
| Christene wat op 'n Sondag kerk toe gaan om godsdienstige dienste en toerusting te "verbruik" nie | Gelowiges wat saam aanbid en saam gestuur is na die wêreld |
| Christene wat kerk toe gaan op Sondae om hulle inspirasie en geestelike voedsel vir die week wat voorlê te ontvang nie | Christene wat as kinders van God diep afhanklik van hulle Here lewe en die hele week lank God aanbid en tot God bid |
| Christene wat gedurigdeur vra: "Wat kan hierdie kerk my bied?" nie | Dissipels van Jesus wat gedurigdeur vra: "Hoe kan ek help en hierdie geloofsgemeenskap dien in haar roeping om na die wêreld te gaan?" |
| 'n Plek waarheen mense gaan sodat hulle leraars geestelike dinge vir hulle kan doen nie | 'n Gemeenskap waar die leraars en ander leiers mense toerus vir hulle sending na die wêreld en om mekaar te dien |
| 'n Plek waarheen mense hulle kinders en tieners bring vir geestelike lesse terwyl hulle 'n preek ontvang en 'n paar liedere saamsing nie | 'n Gemeenskap waar leiers jou help en oplei om jou kinders en tieners te begelei op die pad van die Here en waar tieners en kinders deel van die geloofsgemeenskap gemaak word sodat hulle nie nog meer geïsoleerd raak nie. |

Vir die doel van relevante prediking in 'n veranderende wêreld sal daar krities gevra moet word na die rol en plek van prediking binne die geloofspraktyke van die ontluikende kerk.

Eddie Gibbs en Ryan Bolger (2005) van '*Fuller Theological Seminary'* het omvattend navorsing oor ontluikende kerke gedoen. Hulle identifiseer nege geloofspraktyke by ontluikende kerke. Hierdie geloofspraktyke gee 'n goeie insig in die wyse waarop

ontluikende kerke funksioneer en dien as prototipe van hoe missionêre kerke in die toekoms kan lyk. Die praktyke is:

1. Identifiseer met die lewe van Jesus Christus en fokus sterk op die koninkryk van God.
2. Transformeer die sekulêre lewe deur afstand te doen van die skeiding tussen geestelike en fisiese.
3. Beklemtoon kerklike gemeenskap.
4. Openheid teenoor vreemdelinge
5. Oorvloedige diensbaarheid sonder bymotiewe.
6. Deelname deur gemeentelede.
7. Klem op kreatiwiteit.
8. Leierskap deur netwerk en nie deur hiërargiese strukture nie.
9. Antieke geloofswaarhede in ’n byderwetse kleed

(vgl. Niemandt 2007:61-144).

In hierdie studie is daar sover deeglik bewus geword van die verskillende tydgeeste en leefwêreld waarbinne mense hulself bevind. Ook is die kompleksiteit teëgekom van die situasie in Suid-Afrika wat in pre-modernisme, modernisme en postmodernisme leef. Daar is ‘n opkomende geslag wat grootword binne die digitale kultuur wat unieke eise aan die kerkwees en prediking gaan stel. Die grootste aantal gemeentelede bevind hulle midde in die uitsaaikultuur. Daar sal ook deeglik kennis geneem moet word van gelowiges wat hulle buite die bestaande strukture van kerkwees bevind. Om dit te omarm en te sien as ‘n ‘en-en’ en nie as ‘n ‘of-of’ situasie nie, gaan ‘n groot uitdaging wees.

Elke gemeente waar prediking plaasvind se konteks en kultuur is uniek. Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl en vele ander gemeentes in die Paarl bevind hulle midde in hierdie kompleksiteit. Die vraag bly steeds hoe die prediking gaan plaasvind binne hierdie kompleksiteit en spanning? Daarmee saam met dit moet daar ook futuristies gekyk word waarheen die kultuur beweeg om sodoende relevant te bly.

Hierdie studie wil ook stilstaan by begrippe wat eie is aan die huidige tydgees en leefwêreld en 'n verlengstuk is van die kultuur waarbinne mense leef. Wat in die lewe stimuleer mense se verbeelding die meeste binne die wêreld waarbinne hulle leef? Wat is die kragte van vandag se leefwêreld? Die woorde van Michael Frost en Allan Hirsch, in hulle boek '*ReJesus: A wild Messiah for a Missional Church',* wil iets hiervan verwoord.
*"Ask yourself what stimuli provoke your imagination on any given day. In other words, what stuff, coming at you from the world in which you live, most arouses or inspires you and your worldview?… They are owned or controlled by powerful forces in our society. They collectively contribute to a collective imagination that shapes us all: consumerist, materialist, individualist"* (Frost en Hirsch 2008:45).

As 'n verlengstuk van dit wat alreeds kontekstueel verwoord is, moet daar ook gekyk word na begrippe soos:

- Individualisme
- Materialisme
- Verbruikerisme.

**1.6 Individualisme**

Ten spyte van die oorheersende uitsaaikultuur en die opkomende digitale kultuur, bly die gemeenskap waarbinne mense leef oorheersend 'individualisties'. Die elektroniese media het nog nie weggedoen met die individuele kragte van die letterkultuur nie (Hipps 2009:123). Om te lees is nog steeds deel van die kultuur waarbinne mense lewe. 'n Mens hoef nie ver te soek om agter te kom dat boekwinkels in Suid-Afrika soos CUM Boeke (Christelike Uitgewers Maatskappy), 'Lux Verbi', *'Gospel Direct'*, *'Exclusive Books'*, ensovoorts 'n toenemende groeitydperk beleef nie. Maar al oorheers die letterkultuur nie meer nie, kan daar nog

lank nie van afgesien word nie. Die land se grondwet maak voorsiening vir intellektuele vryheid, private beoordeling en individualiteit. Hierdie waardes reflekteer die bevooroordeling van die letterkultuur (Postman 1993:66).

Die hele opvoedingstelsel in Suid-Afrika is gebaseer op die bemeestering van lees en skryf. Solank hierdie opvoedkundige mikpunt bly voortbestaan, sal individualisme in elkeen se diepste menswees ingeweef bly. Ook met die opkomende digitale kultuur begin mense al hoe meer gefragmenteerd en nomadies leef.

*Beyond mere literacy, we have also developed a kind of digital nomadic existence – we are people whose electronic locations are in constant flux. We do not sojourn as a group the way our ancestors did – we drift and journey alone. However, because we are constantly bumping up against digital avators and acquaintances, we are hardly aware of our isolation* (Hipps 2009:123).

Daar is geen twyfel dat die kultuur waarbinne geleef word, die mens as individu self bepaal wat waarheid is (vgl. Heitink Soos vroeër gesê is waarheid vir die individu 'n gevoel en 'n keuse en skep 'n illusie van eenheid en kohesie.

*"… society is die product of individual wills; from Roman law to Christian morality; from Rousseau and Kant to Bentham; and from a methodological to a practical doctrine. The term 'individualism' gives all this an illusory air of unity and coherence"* (Lukes 1973:x).

Individualisme is die morele stand, politieke filosofie, ideologie en sosiale uitkyk van mense wat onafhanklikheid en selfvertroue benadruk. Individualisme beklemtoon die beoefening van my lewensdoelwitte en begeertes. Hierdie doelwitte en begeertes is teen die verwagtinge wat die gemeenskap of groep of institusie van my verwag. Individualisme staan direk teenoor kollektivisme (versamelend of gemeenskap). Kollektivisme beklemtoon die prioriteit van gemeenskap, gemeenskaplikheid, groepe, verenigings en nasionale/patriotiese doelwitte meer as die van die individu se doelwitte. Individualisme staan ook teenoor enige vorm van tradisie of eksterne

morele standaard wat die individu se keuses en aksies sal belemmer (Lukes 1973:xi).

Ayn Rand (1964:129) skryf dat individualisme die mens erken as 'n onafhanklike soewereine entiteit. Daarmee saam besit die mens 'n onvervreembare reg tot sy eie lewe – 'n reg wat voort spring vanuit sy natuur as 'n rasionele wese. Individualisme erken dat in 'n beskaafde gemeenskap, of enige vorm van assosiasie, harmonie en samewerking alleenlik bereik kan word deur die erkenning van die individu se regte.

*"Individualism holds that a civilized society, or any form of association, cooperation or peaceful coexistence among men, can be achieved only on the basis of the recognition of individual rights—and that a group, as such, has no rights other than the individual rights of its members"* (Rand 1964:129).

In die VSA het individualisme die begrip geword wat kapitalisme en liberale demokrasie laat seëvier het. Ook in Suid-Afrika is dit al hoe meer sigbaar. Individualisme is 'n woord wat ideologiese uitnemendheid beskryf. Onder individualisme vind 'n klomp aspekte hulle uitdrukking onder andere die '*American Dream'*, vrye handel en vrye regte. Dit is 'n begrip wat teen die ou wêreldorde van Sosialisme en Kommunisme is.

In die Westerse wêreld word individualisme gesien as 'n simbool van nasionale identifikasie. Individualisme voorsien volksgenote met 'n rasionalisasie van sy karaktertrekke, houdinge, gedragspatrone en aspirasies. Dit skenk aan die verlede, die hede en die toekoms 'n perspektief van eenheid en progressie. Dit verduidelik die uitsluitlike reg van die sosiale en politieke organisasie van 'n volk – eenheid ten spyte van heterogeniteit – en wys na 'n ideale sosiale organisasie in harmonie met mense se ervarings. Individualisme gee uitdrukking aan die universaliteit en idealiteit, die grootste kenmerk van die menslike bewustheid (Arieli 1964:84-85).

*"Above all, individualism expressed the universalism and idealism most characteristic of the national consciousness. This concept evolved in contradistinction to socialism, the universal and messianic character of which it shared"* (Arieli 1964:85).

Lindsay (1930:676) skryf oor die waarde van die individu in kontras met die waarde van die massa.
*“First, there is an ultimate moral principle of the supreme and intrinsic value, or dignity, of the individual human being as the great contribution to individualism of the New Testament and all Christianity”.*

Daar is ook kardinale teologiese interpretasies van die Bybel rakende individualisme. In die Ou Testament het God die volk Israel Sy besorgdheid gemaak. In verskeie Psalms word die enkeling weer uitgesonder. Ook in die Nuwe Testament vind die waarde van die individu, in die woorde van Jesus neerslag. Die unieke verhouding tussen God en individu vloei deur die hele Bybel (Lindsay 1930:676).

> *… though a new conception of a direct relation between God and the individual is adumbrated in the prophets. Ezekiel 18:2-4 reads: ‘Why do you make use of this saying about the land of Israel. The fathers have been tasting bitter grapes and the children's teeth are on edge? By my life, says the Lord, you will no longer have this saying in Israel. See, all souls are mine; as the soul of the father, so the soul of the son is mine: death will be the fate of the sinner's soul’. The idea of the individual’s supreme worth under the sovereign will of God is clearly set forth in the Gospels as in such saying as: ‘And the King will make answer and say to them, truly I say to you, because you did it to the least of these my brothers, you did it to me’.*
>
> (Lindsay 1930:676)

Om aan te sluit by bogenoemde moet daar ook besef word dat individualisme ook ‘n positiewe impak op mense gehad het (Heitink 1999:29). ‘n Meer positiewe gebruik van die individualisme kom uit die vroeë Britse geskiedenis waar die Joodse Christen skrywer James Elishama Smith wat aangehaal word deur Claeys (1986), skryf dat as

dit nie vir individualisme was nie, dan sou talle mense nooit ontwikkel het en geluk gevind het nie:
*"… in individualism an 'universalism' that allowed for the development of the original genius… Without individualism, individuals cannot amass property to increase one's happiness"* (Claeys 1986:81-93).

In die Amerikaanse konteks word daar baie geskryf oor individualisme. Seker van die mees omvangrykste werk is deur Ayn Rand (1946; 1961; 1964) gedoen. Vir die doel van hierdie proefskrif is die konteks van die Paarl vergelyk met die konteks waaruit Rand praat. Baie gemeentes in die Paarl beleef 'n getalle toename in hulle erediensbywoning, maar dit is nie nuwe gelowiges wat toeneem nie. Dit is maar net 'n migrasie van lidmate van een gemeente na 'n ander. Predikante sien dat lidmate wissel van een gemeente of denominasie na 'n ander as gevolg van persoonlike voorkeure en as gevolg van sekere leerverskille. 'n Individualis is iemand wat onomwonde sê: Ek doen soos ek wil, ten koste van enige iemand anders.
*"An individualist is a man who recognizes the inalienable individual rights of man—his own and those of others. An individualist is a man who says: 'I will not run anyone's life—nor let anyone run mine. I will not rule nor be ruled. I will not be a master nor a slave. I will not sacrifice myself to anyone—nor sacrifice anyone to myself'"* (Rand 1964:129; vgl. Heitink 1999:28-30).

Dit wat die mens vermag kom uit die gedagtes en vermoëns van sy eie denke en breinkrag. Die denke van 'n mens is 'n kenmerk van die individu. Daar bestaan nie iets soos 'n kollektiewe brein en nog minder kollektiewe gedagtes. Indien individue saamstem is dit alleenlik vanweë 'n ooreenkoms of 'n gemiddelde ooreenstemming van 'n klomp individue se menings. Dit is 'n sekondêre konsekwensie en die primêre daad moet nog steeds deur elke individu verrig word.
*"The primary act—the process of reason—must be performed by each man alone… No man can use his lungs to breathe for another man. No man can use his brain to think for another. All the functions of body and spirit are private. They cannot be shared or transferred"* (Rand 1946:84).

Individualisme gaan oor die nalatenskap van gedagtes en denke van ander mense wat oorgeëerf is. Dit kan vergelyk word met die sistematiese ontwikkeling van die wiel. Die wiel word 'n perdekar, die perdekar word 'n motorkar en die motorkar word 'n vliegtuig. Deur die hele proses, wat mense ontvang van ander, is alles alleenlik die eindproduk van hulle denke. Die beweegbare krag is die kreatiewe bekwaamheid wat 'n sekere produk as materiaal neem, dit gebruik en oorsprong gee aan die volgende stap. Hierdie kreatiewe bekwaamheid behoort aan 'n individu.

*"This creative faculty cannot be given or received, shared or borrowed. It belongs to single, individual men. That which it creates is the property of the creator. Men learn from one another. But all learning is only the exchange of material. No man can give another the capacity to think.* (Rand 1946:84; vgl. Heitink 1999:31-32).

In die konteks van die kerk het individualisme 'n groot impak. Randy Frazee (2001:41-55) probeer vasstel waarom gelowiges nie deel wil word van die geloofsgemeenskap nie. Daar word gepoog om lidmate deel te maak van selgroepe/omgeegroepe/kleingroepe. Frazee (2001) probeer agterkom wat agter die hele idee sit van kleingroepe en hoekom mense sukkel om iewers te behoort. In Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl is die Blok/Wykstelsel afgeskaf. Daar is doelbewus daarvoor gekies omrede lidmate passief is en minimale deelname toon in die wyke/blokke nie. Die skuif is gemaak weg van die herder-kudde model na die liggaamsmodel. Hierdie besluite is geneem op grond van die beginsels van 40 dae van Doelgerigte Lewe se tweede beginsel: Jy is gemaak om iewers te behoort (Warren 2002:117-168). Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl het 'n keuse gemaak om 'n omgee/selgroep-gemeente te wees, en nie 'n gemeente met omgee/selgroepe nie. Die ervaring bly steeds dat lidmate al hoe meer individualisties lewe.


### 1.6.1 Impak van Individualisme op die kerk, die gemeenskap en die prediking


Daar is geen twyfel dat individualisme gemeenskappe en gemeentes beïnvloed nie. Uit hierdie konteks sit mense Sondae in 'n erediens en luister na die prediking.

Pagitt (2005:99) skryf oor toepassing van die prediking in reaksie op mense wat individualisties dink:
*"… nowhere in the Bible do we see faith as an individual endeavor. It is always a communal practice. Even the stories about people of faith —Moses, David, Job— are told from a communal perspective; the point is never what happens to them but what happens because of them".*

Rick Warren (2002:4) se boek, *'The Purpose Driven Life'* se eerste sin is:
*"It's not about you!"*
Dit staan in kontras met 'n kultuur van individualisme. Dit bring spanning by die hoorder wat 'n kontrasterende boodskap in die kerk hoor waar God en die gemeenskap sentraal staan en nie die individu nie. McClaren (2008:115) vra ook die vraag na die spanning tussen individu, kerk en wêreld:
*"Does God's mission work from the individual to the world, or from the world to the individual?"*

Die onderstaande twee sketse wil die spanning illustreer tussen individu, kerk en wêreld (vgl. Niemand 2007:154-155).



McClaren (2008:116) gaan verder deur juis te beskryf hoe die individu vasgevang is in ‘n ‘ek en Jesus’ vakuum:

*“… our spiritual lives languish in a ‘Jesus and me’ isolation chamber, but they become robust and deep when we realize that God calls me into an "us for all of us" way of life. Knowledge in this sense is a knowing with - knowing God with people of different periods of history, different cultures, different denominations, and so on”* (McClaren 2008:116).

Baie gelowiges haak vas by ‘my persoonlike verhouding’ met die Here; Hy is ‘my Saligmaker en Verlosser’; Hy het net vir ‘my aan die kruis gesterf’. Die Evangelie kan ook die Evangelie van die ‘self’ genoem word. Johannes 3:16 kan ook as volg vertaal word:

“Want so lief het God vir <u>MY</u> gehad dat HY sy eniggebore Seun vir <u>MY</u> gegee het, sodat as <u>EK</u> in Hom glo, <u>EK</u> nie verlore mag gaan nie, maar hemel toe mag gaan. Want God het Sy Seun gestuur om die wêreld te veroordeel sodat <u>EK</u> gered kan word…”.Hierdie spanning tussen individu en gemeenskap kan ook gesien word in die boek van Ayn Rand (1961) *‘The soul of the individualist- for the new intellectual*’. Die mens is nie ‘n entiteit, organisme of ‘n koraalbos nie. Alleenlik deur die studie van die individu, en nie die studie van ‘n gemeenskap nie, het die wetenskap van die mensdom begin (Rand 1961:78).

*Mankind is not an entity, not an organism, or a coral bush. The entity involved in production and trade is man. A great deal may be learned about society by studying man; but this process cannot be reversed: nothing can be learned about man by studying society—by studying the interrelationship of entities, one has never identified or defined”* (Rand 1961:78).

#### 1.6.1.1 Negatiewe impak

Verskeie persone praat baie eensydig en negatief oor die effek van individualisme. Randy Frazee (2001:41-55) beskryf die impak wat individualisme op mense se

geloofslewe het. In sy boek '*Connecting Church: Beyond the small group',* argumenteer Frazee (2001) dat jy net effektief kan behoort as daar 'n gemeenskaplike doel, 'n gemeenskaplike tyd en gemeenskaplike besittings is. Een van die redes wat hy noem hoekom gelowiges sukkel om geestelik te groei en te behoort, is individualisme. Individualisme is die manier van lewe waar die individu vernaam en soewerein oor alles is (Frazee 2001:42). Individualisme het sekere eienskappe bo dié van die gemeenskap/ander.
*"Think of Myself over Think of Others (If I don't, who will?), Lawsuits over Reconciliation, Individual Rights over Community Responsibilities, Career Advancement over Company Loyalty, Cynicism over Trust (If you don't know anybody, how can you trust them), Relative Truth over Absolute Truth"* (Frazee 2001:43).

Joseph Myers (2003) gaan verder en reflekteer hoekom individue nie iewers wil behoort nie. In sy boek **'***The Search to Belong: Rethinking Intimacy, Community, and Small Groups'* adresseer Myers (2003:11-18) sekere mites wat sal veroorsaak dat die individu meer deel sal uitmaak van 'n gemeenskap. Die meeste boeke wat handel oor hoe om 'n suksesvolle gemeente te bou vertel onomwonde dat kleingroepe die sleutel is. Predikers laat lidmate skuldig voel as hulle nie deel is van die gemeente se kleingroepe/selgroepe/omgeegroep nie. Die implikasie is, dat kleingroepe die beste – of die enigste – manier is om egte verhoudings te bou. Regdeur die wêreld is die gemiddelde deelname aan kleingroepe 30% (Frazee 2003:12). Die vraag is hoekom net 30% deelname aan kleingroepe? Kleingroepe bied nie vir die meeste gelowiges die vervulling van al die fasette van egte verhoudings nie (Frazee 2001:17). Daar is meer maniere om egte verhoudings te ervaar as net kleingroepe.

> *… small groups do not accomplish the promise of fulfilling all facets of a person's search for community. Small groups deliver only on one or two specific kinds of connection. A person's search for community is more complex than this. The truth is that people can experience belonging in groups ranging in size from 2 to 2,000 or more. People*

> *have the competencies to pursue many different paths in their search for community. Many congregations have gone down the small group road only to find they have circled a cul-de-sac and ended up where they began*.
>
> (Myers 2003:17-18)

Bogenoemde is 'n weerklank en spieëlbeeld van menigte gemeentes se situasie. Daarom pleit Myers (2003:87-117) dat daar natuurlike en alternatiewe ruimtes geskep moet word vir individue om spontaan te behoort. Hy gebruik die teorie van Edward T Hall (1966) *'proxemics'*, *("the study of the human use of space within the context of culture")* wat gebaseer is op die individu se verhouding met ruimte en kultuur. Hy identifiseer 4 interpersoonlike ruimtes wat die individu sal help om persoonlikheid, kultuur en kommunikasie te ontwikkel en koppel selfs afstand daaraan. Die ruimtes is:

- Publieke ruimte (4 meter +)
- Sosiale ruimte (1-4 meter)
- Persoonlike ruimte (0.5-1 meter)
- Intieme ruimte (0-0.5 meter).

Mense behoort multidimensioneel en op verskillende vlakke. In al vier hierdie ruimtes is daar uitnemende verbintenis en deelname (Myers 2001:14; vgl. Hall 1966). Nie genoegsame spontane ruimtes word geskep waar mense kan behoort nie. Die prediker sal deeglik bewus moet wees van hierdie ruimtes waarbinne gelowiges hulleself bevind en ophou om lidmate skuldig te laat voel as hulle nie in sekere ruimtes inpas nie. Kleingroepe is nie vir almal nie, en ook nie die enigste weg na egte verhoudings nie.

#### 1.6.1.2 Positiewe impak

Vir baie mense in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit staan individualisme in kontras met die groot liefdesgebod in Markus 12:29-32 en op ander plekke in die Evangelie.

'En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie'.

Gelowiges vra ook of die prediker noodwendig negatief moet praat oor individualisme? Baie preke word gehoor oor liefde vir God en liefde vir jou naaste, maar 'soos jouself'? Staan die liefde vir God en die liefde vir jou naaste en die liefde vir jouself nie in ritme met mekaar nie?

McClaren (2008) in sy boek *'Finding Our Way Again: The Return of the Ancient Practices'* verwoord iets hiervan in 'n onderhoud deur dit duidelik te maak dat alles by die individu begin.

> *If I want to see change in the world, the change needs to begin in myself. If I want to see the world become more peaceful, for example, I need to become a person of peace. If I want the world to become less consumptive, I need to become more self-disciplined, and so on. So, to be the change we want to see in the world, we need spiritual practices that help us change. If you imagine a bunch of greedy people trying to make the world more generous, or a bunch of bitter people trying to make the world more forgiving, you see the folly of seeking local, national, or global change without paying attention to spiritual formation.*
>
> (McClaren 2008)

Dit is duidelik dat individualisme nie heeltemal moet afgeskiet en net negatief gesien word nie (Heitink 1999:29). Dit is nie 'n 'of-of' nie, maar 'n 'en-en' situasie. Om net

na die prediking te luister en verwag om perfek te raak voordat jy uitgaan om 'n verskil te maak sal nooit realiseer nie. Om 'n verskil te maak vra ook geestelike praktyk naamlik opstaan vir geregtigheid, verhoudings bou met buite-kerklikes, gasvryheid en goedheid, weggee van geld vir hulle in nood ensovoorts. Mens word ook gevorm deur die beoefening van diens.
*"… working for justice, building relationships with 'the other', showing hospitality and kindness, giving away money to those in need and so on. We are formed through the practices of service, advocacy, hospitality and so on ... just as we are by fasting and prayer" (*McClaren 2008).

Dit is krities belangrik dat die prediker sal weet wie hy/sy as individu is. Een van die groot krisisse in die kerk is dat predikante/pastore nie weet wie hulle is nie. Die meeste predikante/pastore spandeer die meeste van hulle tyd om hulle swak punte- in sommige gevalle is dit die prediking- dit waarvan die gemeente hulle baie bewus maak, te herstel of om te verbeter *('fix your weaknesses').* Wie is ek? Wie is ek in verhouding tot God? Wie is ek in verhouding tot die gemeenskap/gemeente wat ek dien? Wie is ek in verhouding tot die breër gemeenskap waarbinne ek en my gemeente lewe? Hierdie vrae is krities belangrik in die preek onderneming. Edwina Hunter in haar boek *'The preacher as a Social Being in the Community of Faith'* soos aangehaal deur Hogan (2005:102) skryf dat die prediker wat gereeld refleksie en kritiese self-analise onderneem, op weg is na die grootste vryheid wat hy of sy ooit sal ervaar.
*"… freedom to preach; freedom to challenge theologies that would claim God's love is limited to the rich and the powerful while excluding the poor and the powerless; freedom to act out a commitment to social justice; freedom to envision new faith communities and new ways of being faithful to God, to God's people, and to self"* (Hogan 2005:102).

Self-ondersoek gee die individu insig oor sy sterk punte, beperkinge en voorkeure. In die boek van Stephan Farris (1998:36-38), *'Preaching that matters: The Bible and our*

*Lives'* gee hy duidelike riglyne om die prediker te help om uit te vind wie hy/sy as mens is binne die prediking wat elke week plaasvind. Vrae soos:

Musiek wat prediker luister en musiek wat gemeente luister?

Sosio-ekonomiese agtergronde?

TV/Films programme wat prediker/gemeente kyk?

Ek vind die meeste aanklank by mense wat? :___ouderdom; ___geslag; ___familie; omstandighede; ____opvoeding ensovoorts.

Ek sien myself as? ___liberaal, ___konserwatief, ___evangelies, ___feministies ensovoorts.

Watter omstandighede of pastorale situasies sal ek probeer vermy?

Watter omstandighede of pastorale situasies sal ek oorbeklemtoon?

Bogenoemde is van kritiese belang om relevant en aktueel te kan wees in die prediking.

### 1.6.2 Verskillende individuele faktore wat inwerk op die prediking

Daar is geen twyfel dat geen twee individue dieselfde is nie. Van die ses biljoen mense op die planeet aarde is elk een se vingerafdruk, DNA en gene uniek. Dit veroorsaak dat by elke individu se brein ‘n unieke sinapse ontstaan by sy twintig biljoen plus neurone. Dit het tot gevolg dat ‘n unieke brein patroon ontstaan waarbinne elke mens se natuurlike talente lê. Hierdie proses word onbewustelik in die ontwikkelingsfase van elke individu gevorm en veroorsaak dat nie almal dieselfde leer en ervaar en geënergeer word nie. Dit beteken dat elke individu wat die hoorder is van die boodskap van die prediker nie dieselfde hoor, voel, sien, leer en ervaar nie (vgl. Leaf 2005; Tobias 1996).

Buckingham (2005:241) in sy boek *‘The one thing you need to know’* verduidelik aan die hand van elke individu se unieke gene samestelling, waarom sekere dinge moeilik is om te leer en waarom sekere dinge maklik is om te leer.

*"Your genetic makeup explains both why there is a limit to what you can learn and why some things are easy for you to learn, while other things are excruciatingly difficult (you always excel at remembering people's names because you have the genes for it, but you always struggle with analyzing data because you don't)" (*Buckingham 2005:241).

Om prediking so relevant as moontlik te maak vir die konteks waarbinne die liturg dit doen, moet hy/sy homself/haarself vergewis van alle moontlike faktore rondom die kommunikasie van die heilsboodskap aan die hoorder  Steyn (2008:263)

.

"'n Liturg moet hom/haarself sover moontlik van alle moontlike faktore vergewis ten einde die kommunikasie van die heilsboodskap van die Evangelie suksesvol in die erediens te kan fasiliteer.  Hierin speel die erediensgangers natuurlik ook 'n beduidende rol.  Hulle is as medewerkers van die liturg mededraers en beskermers van die waarheid in Jesus Christus"  *(*Steyn  2008:263).

Persoonlikheid is maar een van die vele faktore wat die wyse waarop die heilsboodskap in 'n erediens oorgedra én verstaan word, beïnvloed.

"In die hermeneutiek van die hoorder gaan dit om die mens as subjek en al sy psigologiese, sosiale en religieuse prosesse wat in die hoorgebeure 'n rol speel" (Vos 1996:8).

Die verskillende persoonlikhede en kommunikasieversteurings speel op verskillende vlakke en terreine 'n rol:

"Op alle vlakke word kommunikasiestoornis ervaar in die godsdiens, die ekonomie, die politiek en die kultuur.  Die kommunikasiebreuk tussen God en mens word veral ook eksistensieel ervaar"  (Vos 1996:52).

Dingemans (1991:52) identifiseer ook verskillende agtergronde, ervaring en buie by die hoorder.  Volgens hom is dit onmoontlik om al hierdie aspekte te ondervang in die prediking, maar moet predikers hierdie verskeidenheid en pluriformiteit in die prediking en die eredienste verreken.

*Het mees opvallende aan kerkgangers is hun 'diversiteit'. Ook al hebben zo langzamerhand hele bevolkings-groepen (de arbeiders, de jongeren, de intellectuelen) de kerk verlaten, toch bestaat het gehoor in een kerkdienst uit een grote verscheidenheid van mensen: mannen en vrouwen, ouderen en jongeren, armen en rijken, politiek geïnteresseerden en politiek ongeïnteresseerden, politiek linkse en politiek rechtse mensen, goed opgeleide en ongeschoolde, ervaren en onervaren mensen, leidinggevenden en ondergeschikten, leraren en leerlingen, mensen die het leven overwegend positief benaderen en mensen die pessimistisch tegen het leven aankijken, mensen die veel hebben meegemaakt en veel hebben geleden en mensen die het eigenlijk altijd voor de wind is gegaan, mensen die hebben prettige dingen hebben meegemaakt en mensen die heel onplezierige ervaringen hebben opgedaan, mensen die pijn hebben en mensen die zich lekker fit voelen.*

(Dingemans 1991:52)

#### 1.6.2.1 Spiritualiteitsvoorkeure

Vrae wat nou aan die orde sal kom is onder andere: Is daar verskillende spiritualiteitstipes van elke individuele hoorder? Wie is ek as 'n spirituele persoon binne 'n erediens waar die prediking plaasvind? Wat is die spirituele profiel van die individue in eredienste waarbinne ek my geloof uitleef en waar ek die gepredikte Woord hoor? Is daar korporatiewe en individuele behoeftes rondom spiritualiteit? Onder korporatiewe behoeftes behoort 'n mens te vra:

- Hoe sien lidmate die erediens en prediking?
- Wat is die spiritualiteitstipe van die oorgrote meerderheid hoorders?
- Hoe kan hulle bereik word in wie se spirituele behoeftes nie voorsien word nie?
- Wat doen die liturg reg?

- Op watter manier verskil gemeente se eredienste en prediking van ander gemeentes met 'n ander spirituele uitdrukking?

Onder individuele behoeftes sal mens vra:

- Het ek(en het elkeen) 'n spirituele self?
- Wat is my persoonlike styl van spiritualiteit?
- Hoe pas die gemeente se styl in by my persoonlike styl?
- Wat is die beste manier om my persoonlike spiritualiteit te ontwikkel?
- Hoekom is my uitdrukking van spiritualiteit anders as dié van mense wat in dieselfde erediens aanbid?

Om hierdie vrae van die individue te beantwoord moet daar eers gekyk word wat onder spiritualiteit verstaan word.

Sekere spiritualiteit(e) in 'n erediens is 'n religieuse handeling waarin die heil van God aan die mens gekommunikeer word en saam met die hoorder gesoek word na die verstaan van die heilsgebeure binne die konkrete bestaan van die mens met die oog op geloofsvorming ,geloofsgroei en geloofsbelewenis tot die eer van God. Spiritualiteit verwys na dit wat te doen het met die intelligensie en immateriële kant van 'n mens wat die transendente beleef. Spiritualiteit verwys na sekere houdinge en aktiwiteite wat 'n persoon doen om kontak te maak met God (Barnard 2004:16).

Vir die doel van hierdie studie gaan daar stilgestaan word by vier verskillende tipes spiritualiteite soos deur Corinne Ware [1995] en Urban T Holmes [1980] onderskei word.

**1.6.2.1 i) Kopspiritualiteit**

Hierdie spiritualiteitstipe is die intellektuele 'denkende' tipe wat voorkeur geniet op grond van dit wat gesien, geraak en veronderstel word. Hierdie konkrete tipe kan teologies uitgedruk word in konsepte soos God as Vader en/of Moeder. Vir die

Joodse geloof sou dit konkretiseer in die Tora. Die vraag is wat laat die hoorder wat na hierdie tipe spiritualiteitsvoorkeur smag, ontwaak ? Hulle keuse sal gebaseer wees op aktiwiteit en om in 'n korporatiewe groep saam te verkeer. Sulke aktiwiteite sal meer Bybelstudies, beter gehalte preke, teologiese vernuwing binne die bestaande gemeenskap insluit. Die hoorder wat hom binne hierdie spiritualiteitstipe bevind sal dit ondersteun wat bydraend is tot sy persoonlike roeping in die lewe. Hulle daaglikse lewe is 'n absolute realiteit.

Ware (1995:38) som dit baie mooi op:

*"This style produces theological reflection and crafts position papers on ethical issues. It supports education and publications and causes us to examine the texts of our hymns to see if we are singing what we actually believe. Content is primary with this group, as is systematic congruence of thought and belief".*

Waar dit vir die ander spiritualiteitstipes om die ervaring gaan, gaan dit vir die kopspiritualiteitstipe oor die realiteit en om die realiteit op die naam te kan noem. As iets gedoen word, vind dit deeglik plaas en binne 'n sekere orde.

Die hoorder in die erediens wat sy voorkeur geniet rondom die kopspiritualiteit vind sy leiding binne die Bybel en die preek. Die klem lê hier veral op woorde. Lees, joernalisering en spesifieke meditasie met 'n definitiewe fokus sal tot vrug wees vir hierdie tipe. Gebed by hierdie tipe is woord gebaseer, en teologiese besprekings kom gemaklik na vore. Holmes noem dit 'rasionalisme'.

*"It is an over intellectualization of one's spiritual life with a consequent loss of feeling, often perceived as dogmatic and dry" (*Holmes 1978:75).

**1.6.2.1 ii) Hartspiritualiteit**

Ware (1995:39) som dit raak op as sy praat oor die Hartspiritualiteit.

*"This is not a head trip spirituality; it is all heart- combined with the concrete, real life stuff. Here theology still emphasizes the anthropomorphic representation of God and the centrality of scripture, but this is now combined with a more affective, charismatic*

*spirituality whose aim is to achieve holiness of life. The transformational goal is that of personal renewal".*

'n Verskynsel wêreldwyd is dat kerke wat fokus op hierdie tipe spiritualiteit, weg vanaf die kopspiritualiteit, 'n groei in getalle beleef. Die konklusie is dat die hoorders in die erediens 'n groter behoefte het aan die affektiewe.

*"… for an emotionally moving experience more in touch with feeling"* (Ware 1995:39).

Sekere voorkeure by hierdie tipe spiritualiteit sluit in evangelisasie, gedeelde en eersterangse ervarings, transformasie en veranderings, getuienisse en musiek. Teologies word daar gepraat van 'n ervaring van die immanensie van God. Die individu wat 'n hartspiritualiteit-voorkeur het, is mense wat die realiteit van God in die hier en nou beleef (Ware 1995:39).

Woorde speel 'n belangrike rol, maar word minder formeel gebruik as by die kopspiritualiteit. Gebede sal byvoorbeeld spontaan plaasvind. Hoorders wat in 'n erediens sit wat die hartspiritualiteit as voorkeur geniet sal 'n geleentheid in die erediens verkies om oor hul geloof in God te getuig. Getuienisse en proklamasie is so belangrik vir die hartspiritualiteit dat hulle die massamedia baie gebruik om te kommunikeer soos TV, radio en ook hulle eie nasionale en wêreldwye media netwerke. Deur hierdie manier van uitdrukking kommunikeer hulle warmte, energie, en vryheid.

In baie gevalle het die hartspiritualiteit persoon ruimte nodig om sy kwaad, teleurstellings, twyfel te erken en om te besef dat hulle nie altyd perfek en ideaal kan wees nie. Hulle sien God as die een wat hulle wil straf eerder as die een wat in alles saam met hulle is. Die hartspiritualiteitstipe is intens op hulle eie persoonlike ervaringe gefokus, en moet leer om ook deur die ervarings van ander mense verryk te word.

Holmes (1980:3) beskryf sekere gedrag by individue met 'n hartspiritualiteit-voorkeur. Piëtisme, eksklusiwiteit, ons en julle, is kenmerkend by hierdie individue

*I call the excess of this group 'pietism'. The focus can become too exclusive, resulting in an 'it's us against the world' mentality that does not acknowledge the experiences of others, especially if it differs in any way from a heart spirituality. A heart spirituality is sometimes disdained for being too emotional and for believing that an affective experience must be duplicated in others if the experience of these others is to count as valid. These people may be viewed as anti-intellectual if their exclusivity results in being closed to the risk of new thoughts.*

(Holmes 1980:3)

**1.6.2.1 iii) Mistiekspiritualiteit**

By die mistiekspiritualiteit val die klem nog steeds op die ervaringselemente, maar daar word beweeg na die meer apofatiese(mistieke) bewustheid. By hierdie tipe hoorder in 'n erediens, is hoor by God, belangriker as die praat met God. Die doel van hierdie tipe spiritualiteit is eenheid met die Heilige en al word dit nooit volkome bereik nie, is die voortdurende poging om dit te kan bereik, volkome bevredigend. Die klem val baie meer op die reis (*'the journey')* met God as die doelwit om die bestemming te bereik. Hoorders wat hierdie spiritualiteitsvoorkeur uitoefen word baie meer aangetrek deur 'n mediatatiewe, introspektiewe en intuïtiewe styl. Hulle fokus op 'n innerlike wêreld wat net so 'n werklikheid vir hulle is net soos wat die uiterlike wêreld is (Ware 1995:41).

*"Instead of a God who possesses characteristics similar to human ones, God is ineffable, unnamable, and more vast than any known category"* (Ware 1995:41).

God se woorde aan Moses 'Ek is wat Ek is' (Eksodus 3:14), word makliker verstaan deur die hoorder in 'n erediens wat 'n mistieke voorkeur geniet.

Die mistieke hoorder gee voorkeur aan 'n lewe wat gekenmerk word aan stilte en afsondering. Vir hulle gaan dit om volle aandag te gee aan die *'inner voice'*, daarom

verkies hulle 'n lewe van eenvoud weg van enige afleidings. Lidmate wat tot hierdie ontdekking in hulleself kom sal al hoe meer begin swaarkry in die Westerse Protestantse tradisie. Hulle word nie aangetrek deur kulturele samekomste nie. Christene wat 'n voorkeur het tot hierdie tipe spiritualiteit vind aanklank by Oosterse gelowe en gebruike, en voel minder tuis in georganiseerde godsdienste.

As Kushner (1977:88) praat oor hierdie verskynsel dan noem hy dit as volg:
*"… a former emphasis of Christianity and Judaism that has largely been discarded in Western technological culture".*
(vgl. ook de Mello1984:104; Merton 1955:56; Scholem 1965:112).

Teologies gesproke, sien persone wat aanklank vind by die apofatiese (mistieke) spiritualiteit, God as 'n kreatiewe mag, en sal aangetrokke voel tot 'n skeppende teologie. Hulle skryf, publiseer en voorsien 'n inspirerende en innoverende spiritualiteit wat tot groot opbou vir mens se daaglikse lewens is, met 'n vlugtige blik op die Goddelike. Dit is binne hierdie tipe spiritualiteit dat mense se spirituele grense uitgedaag word en hoorders binne 'n erediens gekonfronteer word om oop te wees vir 'n nuwe ontmoeting met God (Fox 1983:17).

Die mistiek persoon word ook genoem die *'questers'* (pelgrims), omdat hulle gedurig op 'n reis of tog is. Die woord *'journey'* is een van die mistiek mens se voorkeur uitdrukkings. Sekere mites om sekere dinge te bereik is deel van hulle denke en lewenswyse. Hulle bereik weinig hulle bestemming, maar alles gaan meer oor die reis of die tog wat hulle aanpak. Die grootste gawe van die mistiek mens is sy/haar vermoë om te penetreer verby die tydelike, verby dit wat fisies gesien en gehoor kan word, om uiteindelik uit te kom by 'n beter manier van verstaan (*'deeper sort of knowing'*). Vir die mistiek mens is dit veel belangriker om te wees as om te doen, omdat die doen altyd van verbygaande aard is. Wanneer jy 'n persoon ontmoet wat geestelik sterk is rondom die mistiek sal jy altyd iets beleef van die oog van 'n storm waar alles kalm is met die chaos rondom. Aan die ander kant sal die mistiek persone wat geen aandag aan hulle geestelike lewe gee nie altyd onrustig en onvervuld voel

omdat hulle na iets meer soek, maar nie genoeg tyd en energie daaraan afstaan om dit te verkry nie (Ware 1995:42).
Die mees inspirerende boeke wat mense se lewens vandag verander word geskryf deur individue met 'n mistieke voorkeur. Gedurig herinner hulle mense dat daar meer in die lewe is as die materiële. Daar is 'n realiteit wat iets transendeer wat gemeet en genoem kan word. Dit is juis in hierdie moment van die geskiedenis waar die Ned. Geref. Kerk hom bevind om te besef dat daar 'n groot behoefte is aan die transendente realiteit. Daar is 'n dringende behoefte by lidmate om in aanraking te kom met hulle diepste innerlike. Deur die mistiekspiritualiteit te ontgin kan lidmate gehelp word om by hierdie skatkis uit te kom (Barnard 2004:83).

Om te groei moet 'n mistiek persoon innerlike stilte ervaar om met God in kontak te kom. Deur die geskiedenis is gesien hoe mense hulle afgesonder het van die samelewing. Hulle het dit gedoen nie om hulleself seer te maak en te pynig nie, maar om intimiteit met God te ervaar. As dit 'n individu se behoefte is, moet daar voorsiening gemaak word vir meditasie en oordenking. Wanneer die mistiek persoon musiek geniet, is dit gewoonlik musiek wat die misterieuse ontwaak en innerlike refleksies koester. So 'n persoon geniet dit ook om alleen te stap of om net met een vertroulike persoon te verkeer. Hulle geniet dit om hulle lewenservaringe met ander te deel, maar op persoonlike terme, wat diep persoonlik is, en een tot een is. Die samelewing waarin gelowiges hulle tans bevind laat nie baie ruimte vir hierdie tipe styl nie. Die meeste aktiwiteite vandag is van uitgaande aard en mistieke persone sal vinnig voel dat aan hulle gekommunikeer word dat hulle sosiaal wanaangepas is of dat die persoon nie van mense hou nie. Dit is in die meeste gevalle glad nie so nie. Dit is hier waar die mistiek persoon homself ernstig moet opneem en besef dat hy 'n legitieme en waardevolle tipe spiritualiteit het. Daarom moet hierdie individue hulleself voed met tyd alleen, poësie en meditasie, woordlose gebede, die genieting van die natuur, handewerk, die aansteek van kerse, boeke en alles wat hulle laat beweeg om God te konsidereer met blydskap (Barnard 2004:83-84).

Sonder hierdie gebalanseerde spanning, sal die mistiek persoon homself onttrek aan die lewe op 'n manier wat te eensaam en teruggetrokke is. Natuurlik is daar mense wat dit sien as hulle lewensroeping om hulself in totaliteit af te sonder om te bid en hulself te gee vir 'n sekere saak. Maar die meeste gelowiges word geroep om te skakel en te meng met ander mense deur fisies en emosioneel betrokke te wees. Daarom moet die mistiek mens oppas om nie te veel in hom/haarself opgeneem of self beskermend te raak dat alles net draai om sy/haar eie lewe (en verhouding met God) nie. Een van die karaktertrekke van 'n geestelik volwasse en ontwikkelde mistiek persoon is ‘inklusiwiteit’ (Barnard 2004:84).

Die mistiek persoon sukkel om kontak te maak met die persone in die kwadrante langsaan (hart en hand). Die hartpersone sal vir die mistiek persoon onnatuurlik, aangeplak en uiterlik wees. Die handpersone sal vir die mistiek persone te veel dryf en energie hê. Soos alreeds in vorige gedeeltes genoem, lê die groei en ontwikkeling van 'n sekere tipe spiritualiteit in die teenoorgestelde kwadrant. Die mistiek persoon sal groei en ontwikkeling toon deur blootstelling aan die kopspiritualiteit. Die kopindividue kan die mistiek persone help om te vra: ‘Maak dit sin? en ‘Is dit realisties en logies?’ Die kopindividu kan die mistiek individu help om 'n voordelige realiteit kontrole en begronding te bewerkstellig (Barnard 2004:84-85).

### 1.6.2.1 iv) Handspiritualiteit

Die kleinste groepering van mense verkies die handspiritualiteit. Hier is ‘n wegbeweeg van denominasies of groepe na individuele persone. Hierdie individue steur hulle min aan wat denominasies of groepe sê. Vir hulle is dit belangriker om gehoorsaam te wees aan God se stem en om te getuig van God se Koninkryk wat kom. Daar is 'n onverskrokke idealisme wat verantwoordelikheid aanvaar vir verandering en transformasie binne 'n bepaalde gemeenskap. By die handspiritualiteit is daar 'n aanmatigende, selfs aggressiewe begeerte om 'n bepaalde visie te implementeer rondom God se Koninkryk op aarde.

Vanuit 'n geloofsoortuiging, is die persone wat hulle binne hierdie tipe bevind, selfopofferend in hulle persoonlike lewe, met die doel dat die Koninkryk van God sal realiseer op aarde. Hulle is selfs bereid om lydendes te wees vir hierdie doel. In die Bybel word daar gelees van hulle in die heldegalery van Hebreërs 11. Hierdie tipe spiritualiteit word ook onder die Apostoliese Vaders en Moeders, sowel as in verskeie persone wat in die midde staan van een of ander bevrydingsteologie, gevind. Vir hierdie persone is die wedergeboorte van 'n gemeenskap 'n persoonlike veldtog, waar daar 'n sterk begeerte uitgespreek word oor die ongeregtigheid in die wêreld. Ware (1995:43) stel dit as volg:

*"They equate prayer and theology with action".*

Binne hierdie tipe spiritualiteit is spreuke soos: 'My werke en my gebede is een' of 'Ek bid met my hande en my voete'. Dit is die persone wat leiding neem in die sensitiewe-moeilike-en verleentheid sake, omdat hulle nie hulle daaraan steur oor wat ander mense van hulle dink nie. Hulle het hulle bepaalde siening, en al stel iemand anders hulle opinie, het dit basies geen uitwerking op die visie en drif wat alreeds in hulle aanwesig is nie.

*"An excessive and unbalanced spirituality is called 'encratism' and refers to a moralistic and unrelenting tunnel-vision. If you are not supporting 'the cause' with the same selfless effort that they expend, you are not a part of their world… They can trouble our lives, even make us feel guilty, but we find ourselves admiring this person for being willing to make a difference"* (Ware 1995:44).

Uit hierdie bostaande verduideliking van die vier verskillende spiritualiteitstipes, moet mens probeer bepaal waar jy as gemeente en as individu staan. Dit kan misleidend wees om korporatief en individueel jouself in een van die vier tipes in te dwing. Dit kan wees dat jy sekere tendense sal teëkom waar mens korporatief en individueel by meer as een spiritualiteitstipe jouself kan bevind. Individue wat ervaar dat hulle spiritualiteit in al vier kwadrante verteenwoordig word, is in staat tot verskillende aanbiddings ervarings.

> *Once we have found where we have fallen within the total circle, we then have opportunity to grow by (1) acknowledging and strengthening our present gifts, (2) growing towards our opposite quadrant, and (3) appreciating more perceptively the quadrants on either side of our dominant type. People who find their spirituality represented in several quadrants may be encouraged to see that they are capable of several kinds of worship experience.*
>
> (Ware 1995:44-45)

Die aanbiedinge van spiritualiteite is dikwels hiërargies van aard, wat tot gevolg kan hê dat 'n sekere tipe meer voorkom as 'n ander een. Gou kom daar 'n soort kompeterende houding weens ander tipes, en die natuurlike reaksie is om vir persoonlike voorkeure te kies. Elke tipe spiritualiteit het 'n waarde, maar dat elke tipe ook verskillend van mekaar is. Met dit in gedagte kan 'n individu groei deur homself/haarself te integreer met die ervaringe van ander tipes spiritualiteite. Die prediker/liturg het 'n verantwoordelikheid om die hoorder bewus te maak van verskillende soorte spiritualiteite. Die prediking kan meer relevant wees indien daar aandag gegee word aan verskillende maniere om kontak te maak met God. Die prediking vind altyd plaas binne 'n bepaalde konteks en binne bepaalde spiritualiteite. *"Using this typology, we each come to know more truly our own gifts and to see their value to corporate spiritual life… it is designed to affirm gifts and to reveal differences, not to evaluate the maturity or worth of any particular spiritual style"* (Ware 1995:45).

#### 1.6.2.2 Generasies

Relevante prediking kan slegs geskied as mens ook bewus raak van die hoorders wat hulleself in verskillende generasies bevind. Met die aanbreek van die industriële tydvak, verdere industrialisasie en ook die informasie tydperk het tye al hoe vinniger

begin verander. Die beginsel van die verskillende generasies (generasie teorie) beteken dat mense in spesifieke fases van hulle lewe aan dieselfde situasies en omstandighede blootgestel word (Van Wyk 2002:170).

Dit het tot gevolg dat individue op ‘n manier dieselfde lewensuitkyk en lewenstyl sal deel. Codrington en Grant-Marshall (2004:12-13) noem dit die:
*“Global Century”.*

Die interessante is dat ‘n generasie normaalweg ‘n tydperk van twintig jaar beslaan. Maar dit is nie maklik om elke individu in ‘n spesifieke groep mense te plaas nie. Tydperke oorvleuel en gaan stelselmatig van die een na die ander oor. Daarby is die generasie ontwikkeling in een land nie dieselfde as in ‘n ander land nie (Codrington en Grant-Marshall 2004:18). Sosioloë en die media gebruik die volgende benamings of woorde- *‘Boomers’, ‘Generation X’, ‘Busters’, ‘Millennial’, ‘Silent’, en ‘Lost’,* om na die verskillende generasies te verwys (Van Wyk 2002:170).

Daar sal min individue wees wat aan elke klassifikasie-eienskap in ‘n kategorie sal voldoen, maar ek sal tog wil aansluit by die woorde van Meyer (2000:13).
“Enige beskrywing van enige generasie bly maar ‘n veralgemening”.

Vir die doel van hierdie studie word daar aangesluit by Codrington en Grant-Marshall (2004:19) se generasie daterings.

| **GENERATION** | **USA** | **EUROPE/UK** | **JAPAN** | **SOUTH-AFRICA** |
|---|---|---|---|---|
| **GI’s** | 1900-1923 | 1900-1918 | 1900-1925 | 1900-1929 |
| **Silent** | 1923-1942 | 1918-1945 | 1925-1945 | 1930-1949 |
| **Boomers** | 1943-1962 | 1946-1965 | 1945-1965 | 1950-1969 |
| **Xers** | 1963-1983 | 1966-1984 | 1966-1985 | 1970-1989 |
| **Millennials** | 1984-200… | 1985-200… | 1986-200… | 1990-200… |

Daar is ook individue wat in die oorgangstye tussen die generasies leef. Hierdie generatiewe groeperinge kan na enige kant to verleng of verkort word. Codrington en Grant-Marshall (2004:19 & 69) noem hulle '*cuspers*'. Direk vertaal beteken dit 'spitspunte' of 'knobbels' (Steyn 2008:285). Dit is individue wat laat in die een generasie gebore was of vroeg in die volgende. Die *'cuspers'* vertoon eienskappe van beide generasies.

Vir relevante prediking in 'n kultuur van individualisme is dit van uiterste belang in die kommunikasieproses. Hoe kan die prediking relevant wees as die prediker nie weet wie is die hoorders wat voor hom/haar sit nie? In die meeste gemeentes is daar diversiteit in die eredienste se hoorder. Daar is altyd twee dominante generasies wat die hoorders is en dit help om op 'n relevante manier te kommunikeer as prediker.

Volgens ouderdom in die konteks van Suid Afrika word die volgende as indelings gebruik (Van Wyk 2002:171).

| **FASE** | **OUDERDOM in SUID-AFRIKA** | **BENAMING** |
|---|---|---|
| Jeug | 0-15 | Millennials |
| Volwassenheid | 15-35 | Generasie X |
| Middeljare | 35-55 | Boomers |
| Senior burgers | 55-75 | Silent |
| Bejaardes | 75+ | GI generasie |

'n Kursoriese bespreking van die verskillende generasies wat tans nog leef, volg nou.

**1.6.2.2 i) *"GI"* Generasie**

Die *'GI'* generasie is tans die oudste generasie in die Suid-Afrikaanse konteks wat nog leef. Die title *'GI'* is deur Strauss en Howe (1991:264) gekies en die afkorting

staan vir 'General Issue' of 'Government Issue'. Dit verwys na die uniforms wat sinoniem was met die soldate tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Daarom is hulle lewenshouding soos volg:
Ons moet almal saamstem, dieselfde wyse te werk gaan en lyk. Kenmerkend by hulle is die behoefte aan ferm leierskap, burgerlike verantwoordelikhede en 'n sterk werketiek (Steyn 2008:285).

#### 1.6.2.2 ii) *'Silent'* Generasie

Hulle beleef die wêreldwye krisis van die Groot Depressie (Oktober 1929). Hierdie depressie suurdeeg deur na 'n wêreldwye depressie wat tot in die 1930's voortgeduur het. Hierdie depressie word opgevolg deur die Tweede Wêreldoorlog in 1939.

Hulle lewenshouding is: 'Betaal jou belasting en werk hard'. Stabiliteit en sekuriteit is hulle basis en hulle hou nie van skuld maak nie. Hulle leen ook nie goed by ander nie en het 'n renons in voorbarige jongmense (Steyn 2008:285).

#### 1.6.2.2 iii) *'Boomers'*

Tydens die ontwikkelingsjare van die *'Boomers*' het hulle grootskaalse ekonomiese groei beleef. Ook beleef hulle die wonderlikste tegnologiese groei. Maar ten spyte van al hierdie groei was daar ook 'n lang lys van tragedies wat gelei het tot die gevoel van mislukking teenoor die stelsel waarbinne hulle is. Dit het tot gevolg dat die volgende generasies unieke eienskappe ontwikkel het as gevolg van dit wat met die *'Boomers'* gebeur het.

Die lewenshouding van die *'Boomers'* is:

Flambojant, as jy dit het… wys dit. Hulle hou van inkopies doen, leiding neem, windmakerigheid, om te wen. Hulle haat dit om oud te word (Steyn 2008:285).

#### 1.6.2.2 iv) *X'* ers

Hulle word ook genoem die 'Dertiende generasie', '*Baby Busters'*. Die benaming 'Gen X' is meer die beskrywing van 'n ingesteldheid as wat dit dié persone beskryf wat tussen 1970-1989 gebore is. Fetters (1994:15) stel dit mooi oor Generasie X: *"Even to group this generation by age is a slippery task at best".*

In Suid-Afrika word '*Gen X*' geïdentifiseer as diegene wat oud genoeg is om apartheid te onthou en deur die geskiedenis as deel van apartheid geoordeel te word terwyl hulle nie oud genoeg was om vir of teen apartheid te kon stry of stem nie (Van Wyk 2002:174).

Die meeste Gen X'ers sal in gesprekke uitbasuin: *'I am not a target market!'.* Hulle wil nie gekategoriseer word nie, maar dit is juis hierdie individualisme van die Gen X'ers wat uitstaan as een van die karaktertrekke van hierdie geslag.

Die Gen X generasie het 'n raaiselagtige lewensingesteldheid met 'n *'whatever'* gesindheid. Vir die X'ers is dit nie moeilik om te deel, rustig te wees, vriende te soek en veranderinge te beleef nie (Steyn 2008:286).

#### 1.6.2.2 v) Millenniums

Hierdie generasie word genoem '*Generation Next', 'the Millennial Generation', 'Echo Boomers'* of '*Generation Y'*. In Suid-Afrika word die begindatum vir die Millennium as 1990 beskou. Die rede vir die datum is dat die persone geen persoonlike geheue van apartheid het nie (Van Wyk 2002:185). Weens die later datering van die

aanvangsdatum in Suid-Afrika is daar nog bitter min navorsing oor die groep in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen. Die oudste kinders van dié generasie is nog nie eens tieners nie.

Volgens Nunda Naidoo (2004), direkteur van *'Genesis Development and International Management Consultancy'* is hulle voortdurend opsoek na stimuli en raak maklik verveeld. Die titel en status van ander individue verleen nie outomatiese respek nie. Hulle is baie gemaklik om meer as een taak te verrig (*'multi-tasking'*), vinnig te dink en het 'n passievolle toleransie vir diversiteit, Hierdie generasie is besonders kreatief. Die volgende eienskappe is kenmerkend van Generasie Y:
*"Let them know that what they do, matters. Tell them the truth. Explain the "why" of what you are asking them to do and tell them what's in it for them. Learn their language – communicate in their terms. Make the workplace fun. Model the way – don't expect something of them you won't do or won't deliver yourself"* (Naidoo 2004).

Die eienskappe van die Millennium generasie sal verreken moet word in die prediking. Zoba (1997) beskryf hierdie generasie soos volg:
*"They are in need of continual hits because they are bombarded by frequent images. Change is constant, focus is fragmented. They take consumerism for granted. They process information in narrative images"* (Zoba 1997).

'n Opvallende tendens onder die generasie is dat ongeveer vyf en dertig van dié wat wel by 'n groep van ongeveer vyftig kinders inskakel, nie kerkdienste sal bywoon nie. Die spreekwoord: *'High on God, low on church'*, sal onder die generasie nog gehoor word (Van Wyk 2002:186).

Die Millennium generasie wil van die wêreld 'n beter plek maak. Hulle hou van inkopies, etikette, familie, vriende, die omgewing en tegnologie. Hulle haat oneerlikheid, ongebalanseerdheid en ydelheid (Steyn 2008:286).

**1.6.2.3 Persoonlikheidstyl en Spesifieke meetinstrumente**

Volgens Nel (2001:17) verwys persoonlikheid na:
"... daardie deel van die individu wat daardie persoon die beste verteenwoordig... enersyds as individuele onderskeiding en afgrensing teenoor ander individue en andersyds as die uniekheid (persoonspesifiekheid) van 'n mens. Hierin kom ook die 'opeenvolging van die individu se rolle' ter sprake" (vgl Steyn 2008:219).

Daar is 'n verskeidenheid van meetinstrumente om die individu se persoonlikheid vas te stel in die konteks van die prediking. Vir die doel van hierdie studie word daar verwys na net die mees basiese en bekendste meetinstrumente. Op die ou einde word daar betoog dat elke individu uniek is.
"In die navorsing van psigoloë word daar dikwels teen veralgemening gewaak en gewaarsku. Die individu is altyd meer as wat in die algemeen van mense en hulle kenmerke gesê kan word" (Nel 2001:28).

Bogenoemde pleit ook dat sekere persoonlikhede nie teen mekaar afgespeel of opgeweeg moet word nie, maar dat daar eerder waardering en ruimte gekweek sal word vir die uniekheid en besondersheid van elke persoonlikheid.

Watts, Nye en Savage (2002:47) beklemtoon dat daar 'n geweldige verskeidenheid bestaan in die sielkunde ten opsigte van persoonlikheidsteorieë én psigometriese meetinstrumente:
*"Psychologists still have more questions than answers about personality. There are many different theories, numerous conceptual problems, and yet also a range of apparently definitive tests (such as the Myers-Briggs Type Indicator discussed below). These tools can be helpful ways to make sense of the incredible variability between the people we relate to".*

In die onderstaande paragrawe word sewe verskillende meetinstrumente kortliks bespreek, naamlik die 'MBTI®' (*Myers-Briggs Type Indicator®)*, 'Sestien Persoonlikheidsfaktor Vraelys' (16PF), Hans Eysenck se bekende EPQ – '*Eysenck's*

*Personality Questionnaire*', die '*Minnesota Multiphasic Personality Inventory'* (MMPI), die '*Edwards Personality Inventory'* (EPI) die '*Enneagram*' en die '*Gallup Strengthfinder'*. In die bespreking van meetinstrumente word die insigte van Steyn (2008:317) gebruik, wat 'n studie ten opsigte van die rol van persoonlikheid in prediking onderneem het. Die rede vir die oorsig oor die sewe verskillende meetinstrumente is om bewus te wees van die individu/hoorder se kompleksheid aan wie die gepredikte woord gebring moet word. Dit is juis die individu/hoorder wat bepaal of die prediking relevant is of nie. Die navorser wil poog om die prediker bewus te maak van die aspekte wat in elke individu teenwoordig is rondom sy/haar persoonlikheidstyl.

#### 1.6.2.3 i) MBTI® (*Myers-Briggs Type Indicator*®)

**MBTI® meet die volgende aspekte:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Energie: | Ekstrovert | (E) | of | Introvert | (I) |
| Waarneming: | Sintuiglik | (S) | of | Intuïtief | (N) |
| Besluitneming: | Objektief | (T) | of | Waardegedrewe | (F) |
| Lewenstyl: | Georganiseerd | (J) | of | Aanpasbaar | (P) |

Die MBTI® kombineer dus die vier digotome skale (agt voorkeure) om 'n tabel van sestien persoonlikheidstipes op te lewer (Van Rooyen 2001:4). 'n Telling word vir elke houding of funksie verkry en van mekaar afgetrek om die voorkeurpool te verkry. Iemand se MBTI® voorkeur word dan in terme van 'n kombinasie van vier dominante letters weergegee. E of I; S of N; T of F, en J of P.

'n Persoon word op elk van die pole van die vier digotomieë getoets en 'n numeriese waarde word aan elke eienskap (E/I/S/N/T/F/J/P) toegeken. Dan word die digotomieë in pare hanteer en word die minste van die meeste afgetrek, om op die ou end 'n vierfaktorkombinasie te verkry in plaas van 'n agtfaktorkombinasie. Die voorkeurpool

waarvan die telling die swaarste weeg, se simbool word gekies vir die vierfaktorkombinasie (Steyn 2004:50; vgl Steyn 2008:389-420).

**1.6.2.3 ii) Die Sestien-persoonlikheidsfaktor-vraelys (16 PF)**

Die Sestien-persoonlikheidsfaktor-vraelys (16PF), 'n vraelys wat aanvanklik deur RB Cattell opgestel is, word "gebruik vir die meting van die volgende 16 persoonlikheidsfaktore by volwassenes: sosialiteit, intelligensie, emosionele stabiliteit, dominansie, entoesiasme, pligsgetrouheid, sosiale avontuurlikheid, emosionele sensitiwiteit, agterdogtigheid, verbeeldingrykheid, skerpsinnigheid, vatbaarheid vir skuldgevoelens, konserwatisme, selfgenoegsaamheid, selfsentiment en gespannenheid" (Plug et al 1986:324). Die subskale van die 16PF meet karaktereienskappe soos volg:

1. Sosialiteit – Teruggetrokke versus uitgaande
2. Intelligensie – Minder intelligent versus meer intelligent
3. Emosionele stabiliteit – Beïnvloed deur gevoelens versus emosioneel stabiel
4. Dominansie – nederigheid versus selfgelding
5. Entoesiasme – soberheid versus traak-my-nie-agtigheid
6. Pligsgetrouheid – veeleisend versus pligsgetrou
7. Sosiale avontuurlikheid – skaam versus avontuurlustig
8. Emosionele sensitiwiteit – hardkoppig versus sagmoedig
9. Agterdogtigheid – vertrouend versus agterdogtig
10. Verbeeldingrykheid – prakties versus verbeeldingryk
10. Skerpsinnigheid – reguit versus uitgeslape
12. Vatbaarheid vir skuldgevoelens – bedaardheid versus besorgdheid
13. Konserwatisme – konserwatief versus eksperimenterend
14. Selfgenoegsaamheid – groepafhanklik versus selfgenoegsaam
15. Selfsentiment – ongedissiplineerd versus beheersd
16. Gespannenheid – ontspanne versus gespanne

(vgl. Steyn 2008:327-329).

#### 1.6.2.3 iii) Hans Eysenck se Personality Questionnaire (EPQ)

Hans Eysenck se bekende EPQ – *'Eysenck's Personality Questionnaire'* is nog 'n instrument wat gebruik kan word. Dit is 'n populêre keuse in psigologies-religieuse ondersoeke.

*"The EPQ is a popular choice in psychology of religion research, and is a well-supported psychometric measure of personality, lending itself to comparisons with other psychometrically measured variables (e.g. IQ, mental health)"* (Watts et al 2002:48).

#### 1.6.2.3 iv) The Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)

Die MMPI (*Minnesota Multiphasic Personality Inventory*) is 'n persoonlikheidsvraelys wat 550 stellings bevat en waarin van die toetsling verwag word om by elke item aan te dui of hy daarmee saamstem of nie. Die verwerkte response word in die vorm van profiele aangebied en gee 'n aanduiding van die toetsling se neigings tot die volgende: hipomanie, skisofrenie, paranoia, psigopatie, manlikheid, psigastenie, histerie, depressie en hipochondrie (Plug et al 1986:222).

Hoewel die MMPI ook skale en items insluit wat persoonlikheid-eienskappe en sosiale voorkeure meet, is en word die toets hoofsaaklik vir kliniese toetsing ten opsigte van die psigopatologie gebruik.

*"Most of the items developed from these sources tend to be relevant to the general domain of psychopathology"* (Edwards 1970:53; vgl. ook Steyn 2008:330).

#### 1.6.2.3 v) Die Edwards Personality Inventory (EPI)

Die EPI (*Edwards Personality Inventory*) is ontwerp om 'n groot aantal persoonlikheidseienskappe in normale individue te toets. Die EPI bestaan uit vyf

afdelings met driehonderd items elk in ’n waar/vals formaat (Dus ’n totaal van eenduisend vyfhonderd items). Dié omvattende meetinstrument weerspieël dan tellings op drie-en-vyftig persoonlikheidseienskappe (Edwards 1970:58-59). Die eienskappe word in skale in vyf afdelings weergegee:

Afdeling IA en IB:

Beplan en organiseer dinge
Intellektueel georiënteerd
Volhardend
Selfversekerd
Het kulturele belangstellings
Geniet dit om die middelpunt van aandag te wees
Sorgvry
Konformerend
Is ’n leier
Is gaaf met ander mense
Wil graag ’n goeie indruk op ander maak
Soek nuwe ervaringe
Hou daarvan om alleen te wees
Stel belang in die gedrag van ander

Afdeling II:

Is angstig oor eie prestasie
Vermy probleme
Is perfeksionisties
Is verstrooid
Is sensitief vir kritiek
Hou van ’n vaste roetine
Verlang simpatie

Vermy argumente

Steek gevoelens weg

Word maklik beïnvloed

Voel misverstaan

Afdeling III:

Is gemotiveerd om te slaag

Word beïndruk deur status

Verlang erkenning

Beplan werk effektief

Is samewerkend

Is kompeterend

Is geartikuleerd

Voel meerderwaardig

Is logies

Aanvaar verantwoordelikheid

Is self-gesentreerd

Maak maklik vriende

Is onafhanklik in sy opinies

Is 'n harde werker

Is netjies ten opsigte van kleredrag

Afdeling IV:

Is self-krities

Is krities ten opsigte van ander

Is aktief

Praat oor homself

Word kwaad

Help ander

Gaan versigtig met sy besittings om

Verstaan homself

Is bedagsaam

Is betroubaar

Is skaam

Is ingelig oor huidige sake

Is veelsydig

**1.6.2.3 vi) Die Enneagram**

Nog 'n persoonlikheidstoets wat baie waardevol sou kon wees, is die Enneagram. Die Enneagram fokus meer op die skadukant van persoonlikheid.

In aansluiting hierby beskryf Janet Levine (1999:5) 'n interaktiewe leerparadigma waarin sy 'n persoonlikheidsuiteensetting op die Enneagram van toepassing maak:

> *Imagine an educational setting – teacher-student, parent-child, intercollegial, professional training, psychologist-client – in which educators are completely aware of how their personality styles affect the way they teach, and understand how the personalities of their students affect the way they learn and interact with authority. In such a situation all educators and learners 'fit', and feel part of, rather than alienated from, the educational process. Understanding the Enneagram's nine intelligences creates such a dynamic.*
>
> Levine (1999:5)

**1.6.2.3 vii) 'Gallup StrengthsFinder'**

Een van die nuutste metingsinstrumente is ontwikkel deur die Gallup Organisasie wat individue help om agter te kom wat hulle 'natuurlike talente' is. Dit werk met die breinweë in jou brein wat natuurlik ontwikkel word deur elke individu se unieke gene samestelling (Buckingham 2005:241-243).

*'StrengthsFinder'* is 'n internet gebaseerde instrument wat gebaseer is op dertig jaar se navorsing van suksesvolle individue. Die hele uitgangspunt is dat vaardighede aangeleer kan word en kennis van 'n sekere onderwerp kan met verloop van tyd vermeerder, maar nie natuurlike talente nie (Schmidt en Rader 1999). Talent is wat jy die beste doen sonder om eers daaraan te dink. Talente is aangebore en nie leerbaar nie. Vaardighede en kennis kan aangeleer word.

*'StrengthsFinder'* help 'n individu om sy talente te ontdek om volgens sy sterk punte te lewe. '*StrengthsFinder*' het ontwikkel uit die 'positiewe sielkunde' , wat help om nie swak punte te herstel nie, maar om te fokus op jou natuurlike talente. Die sleutel om volgens jou sterk punte op te tree is om jou top natuurlike talente te ontdek. Vier-en-dertig natuurlike talente word geïdentifiseer waarvan die individu op hulle top vyf moet fokus. Hier volg die name van die 34 talente met 'n kort beskrywing van elkeen (Buckingham & Clifton 2001:75-121). Daar word gehou by die Engelse definisies en verklarings omdat daar geen Afrikaanse vertalings vir die begrippe en omskrywings is nie. Die 34 temas is as volg:

> ***Achiever****--People strong in the Achiever theme have a great deal of stamina and work hard. They take great satisfaction from being busy and productive.*
>
> ***Activator****--People strong in the Activator theme can make things happen by turning thoughts into action. They are often impatient.*
>
> ***Adaptability****--People strong in the Adaptability theme prefer to 'go with the flow'. They tend to be 'now' people who take things as they come and discover the future one day at a time.*
>
> ***Analytical****--People strong in the Analytical theme search for reasons*

*and causes. They have the ability to think about all the factors that might affect a situation.*

***Arranger**--People strong in the Arranger theme can organize, but they also have a flexibility that complements this ability. They like to figure out how all of the pieces and resources can be arranged for maximum productivity.*

***Belief**--People strong in the Belief theme have certain core values that are unchanging. Out of these values emerges a defined purpose for their life.*

***Command**--People strong in the Command theme have presence. They can take control of a situation and make decisions.*

***Communication**--People strong in the Communication theme generally find it easy to put their thoughts into words. They are good conversationalists and presenters.*

***Competition**--People strong in the Competition theme measure their progress against the performance of others. They strive to win first place and revel in contests.*

***Connectedness**--People strong in the Connectedness theme have faith in the links between all things. They believe there are few coincidences and that almost every event has a reason.*

***Consistency**--(formerly Fairness) People strong in the Consistency theme are keenly aware of the need to treat people the same. They try to treat everyone in the world with consistency by setting up clear rules and adhering to them.*

***Context**--People strong in the Context theme enjoy thinking about the past. They understand the present by researching its history.*

***Deliberative**--People strong in the Deliberative theme are best described by the serious care they take in making decisions or choices. They anticipate the obstacles.*

***Developer**--People strong in the Developer theme recognize and cultivate the potential in others. They spot the signs of each small*

*improvement and derive satisfaction from these improvements.*

***Discipline***--*People strong in the Discipline theme enjoy routine and structure. Their world is best described by the order they create.*

***Empathy***--*People strong in the Empathy theme can sense the feelings of other people by imagining themselves in others' lives or others' situations.*

***Focus***--*People strong in the Focus theme can take a direction, follow through, and make the corrections necessary to stay on track. They prioritize, then act.*

***Futuristic***--*People strong in the Futuristic theme are inspired by the future and what could be. They inspire others with their visions of the future.*

***Harmony***--*People strong in the Harmony theme look for consensus. They don't enjoy conflict; rather, they seek areas of agreement.*

***Includer***--*Formerly Inclusiveness. People strong in the Includer theme are accepting of others. They show awareness of those who feel left out, and make an effort to include them.*

***Ideation***--*People strong in the Ideation theme are fascinated by ideas. They are able to find connections between seemingly disparate phenomena.*

***Individualization***--*People strong in the Individualization theme are intrigued with the unique qualities of each person. They have a gift for figuring out how people who are different can work together productively.*

***Input***--*People strong in the Input theme have a craving to know more. Often they like to collect and archive all kinds of information.*

***Intellection***--*People strong in the Intellection theme are characterized by their intellectual activity. They are introspective and appreciate intellectual discussions.*

***Learner***--*People strong in the Learner theme have a great desire to learn and want to continuously improve. In particular, the process of*

*learning, rather than the outcome, excites them.*

***Maximizer***--*People strong in the Maximizer theme focus on strengths as a way to stimulate personal and group excellence. They seek to transform something strong into something superb.*

***Positivity***--*People strong in the Positivity theme have an enthusiasm that is contagious. They are upbeat and can get others excited about what they are going to do.*

***Relator***--*People who are strong in the Relator theme enjoy close relationships with others. They find deep satisfaction in working hard with friends to achieve a goal.*

***Responsibility***--*People strong in the Responsibility theme take psychological ownership of what they say they will do. They are committed to stable values such as honesty and loyalty.*

***Restorative***--*People strong in the Restorative theme are adept at dealing with problems. They are good at figuring out what is wrong and resolving it.*

***Self-Assurance***--*People strong in the Self-assurance theme feel confident in their ability to manage their own lives. They possess an inner compass that gives them confidence that their decisions are right.*

***Significance***--*People strong in the Significance theme want to be very important in the eyes of others. They are independent and want to be recognized.*

***Strategic***--*People strong in the Strategic theme create alternative ways to proceed. Faced with any given scenario, they can quickly spot the relevant patterns and issues.*

***Woo***--*People strong in the Woo theme love the challenge of meeting new people and winning them over. They derive satisfaction from breaking the ice and making a connection with another person.*

(vgl. Buckingham en Clifton 2001:75-121)

Relevante prediking vra dat die prediker bewus moet wees van die natuurlike talente wat in alle individue aanwesig is. Die prediker moet in staat wees om individue raak te sien vir wie hulle ten diepste is en wat die aspekte is wat energie en passie in hulle sal uitbring. Die '*StrengthsFinder*' metingsinstrument is een van die beste instrumente om 'n individu te bevry van wie hy/sy werklik is. Daar gaan altyd hoorders wees wat die prediking strategies-of beïnvloedbaar of- uitvoerend-of verhoudingsgerig gaan benader (vgl. Rath en Conchie 2008:248-249).

Onderstaande tabel help individue en spanne om te sien wat die dominante tema van die individue is sodat elkeen kan sien of hy/sy moet uitvoer, beïnvloed, verhoudings bou of strategies moet wees. Die prediking sal dit moet verreken.

| The Four Domains of Leadership Strength | | | |
|---|---|---|---|
| **Executing** | **Influencing** | **Relationship Building** | **Strategic Thinking** |
| ACHIEVER | ACTIVATOR | ADAPTABILITY | ANALYTICAL |
| ARRANGER | COMMAND | DEVELOPER | CONTEXT |
| BELIEF | COMMUNICATION | CONNECTEDNESS | FUTURISTIC |
| CONSISTENCY | COMPETITION | EMPATHY | IDEATION |
| DELIBERATIVE | MAXIMIZER | HARMONY | INPUT |
| DISCIPLINE | SELF-ASSURANCE | INCLUDER | INTELLECTION |
| FOCUS | SIGNIFICANCE | INDIVIDUALIZATION | LEARNER |
| RESPONSIBILITY | WOO | POSITIVITY | STRATEGIC |
| RESTORATIVE | | RELATOR | |

(Rath en Conchie 2008:248-249).

### 1.6.2.4 Behoeftes en verwagtinge

Individue leef met sekere behoeftes en verwagtinge. Dit het tot gevolg dat die individuele hoorder in die erediens ook sekere behoeftes en verwagtinge sal hê.
“Die kommunikasie van die preek word bemoeilik deur die veelheid van behoeftes wat aangespreek moet word… en die eensydige fokuspunt van menige preke op net sekere behoeftes (veral liefde en behorenheid)” (Vos 1996:5).

Dink net aan die verskillende behoeftes van die hoorder in die volgende tipe eredienste waar die prediking sentraal staan. In ‘n begrafnisdiens sal daar behoeftes wees rondom troos en bemoediging en afsluiting of die viering van iemand se lewe wat verby is. By die voltrekking van ‘n huwelik tussen ‘n bruid en ‘n bruidegom sal die verwagtinge romanse, blydskap, jubel en viering wees. In ‘n diens waar die doop plaasvind sal mense die verwagting hê van die broosheid en kleinheid van die baba en die viering van God se kindskap. In ‘n krisis sal mense troos en bemoediging en hoop soek. Daar is ook onderbewuste behoeftes en verwagtinge wat nie altyd konkreet verduidelik kan word nie. Vos (1996:5) identifiseer behoeftes soos sekuriteit; liefde en behorenheid; erkenning en waardering; selfontplooiing en selfverwesenliking, asook fisiologiese behoeftes. Vos verwoord dit soos volg:
“Daar moet op die voetspoor van Maslow (1970) met die behoeftes op vyf vlakke rekening gehou word” (Vos 1996:208).

Maslow gaan van die uitgangspunt uit dat mense ’n algemene behoefteraamwerk besit wat hulle motiveer. Hy ontwikkel ’n behoeftehiërargie wat met ’n driehoek aangetoon kan word, met die basiese vlakke onder en die gevorderde vlakke bo. Min mense kom by die boonste basiese behoeftes uit (Fontana 2000:71-72). Volgens Heitink (2007:60) is die hermeneutiese beginsel dat mense aan hulle hoër behoeftes van selfverwesenliking (‘*zelfontplooiing’*) aandag gee, wanneer hulle meer basiese behoeftes vervul is, voortspruitend uit ’n romantiese ideaal.

Fontana (2000:71) gee Maslow se behoefte-hiërargie (van onder na bo) so weer:
*“1 Physiological needs (for example, food, sex, shelter);*
*2 Safety needs (for example, protection from neglect);*

*3 Social needs (for example, social acceptance);*
*4 Ego needs (for example, self esteem, status); and*
*5 Self-fulfillment needs (for example, creativity, insight)".*

Volgens Vos (1996:208) bestaan die onderste vlak uit die fisiologiese behoeftes van eet en drink, rus en seksualiteit wat mense met diere in gemeen het. Op die tweede vlak lê die behoefte aan sekuriteit. Die derde vlak is die behoefte aan liefde en behorenheid. Op die vierde vlak lê die behoefte aan erkenning en waardering. Selfontplooiing en selfverwesenliking is die vyfde en hoogste vlak. Hoe hoër hierdie behoeftehiërargie bestyg word, hoe kleiner persentasie van die mens (erediensgangers) se behoeftes word daar gevind. (60% van die menslike behoeftes lê op die eerste twee vlakke; 30% op die derde vlak en 10% op die vierde en vyfde vlakke) (vgl Vos 1996:208).

Prediking en temas kan ongebalanseerd vasval in 'n eensydige fokus wat sekere behoeftes van mense aanspreek, maar 'n groot deel mis. Volgens Vos (1996:5 & 208) val menige preke vas in eensydige fokuspunte op sekere behoeftes soos liefde en behorenheid (vlak drie) terwyl daar op almal, maar meer op vlakke vier en vyf gefokus behoort te word.

### 1.6.2.5 Geloofsontwikkeling

In aansluiting by dit wat reeds genoem is oor die verskille tussen individue, moet predikers ook bewus wees van sekere fases van geloofsontwikkeling met spesifieke verwysing na James W. Fowler. Fowler praat vanuit 'n antropologiese hoek en nie soseer uit 'n teologiese perspektief nie. Die groot uitdaging is egter om die geloof in elke spesifieke fase te inkorporeer (Louw 1998:313-315; vgl. Fowler 1981; Dingemans 1991:54-55). Fowler (1981) onderskei tussen sewe fases waarvan fase 1 as 'n vooraf fase beskou word:

**a) FASE 1: Vertroue - die fase van die oergeloof en die inkorporatiewe self**

Die mees basiese vorm van geloof is vertroue. In hierdie fase gaan dit daaroor dat die individu ingebed is in 'n intieme geheel netwerk (Steyn 2004:294). Fowler noem dit die '*primal faith*' en die '*incorporate self*'. Hierdie proses neem aanvang in die baarmoeder. Dit gaan hier oor die geborgenheid wat die individu beleef in die moeder-kind verhouding (Louw 1998:314). Vos (1996:20) beklemtoon hierdie proses van algehele oorgawe:
"In die fase gaan dit om die vaste en sekere geloofsproposisies. In die geloof bevraagteken 'n mens niks nie, maar aanvaar net".

Fowler (1981) verwoord hierdie fase as 'n vooraf-fase van ongedifferensieerde geloof wat die begin is van vertroue, moed, hoop en liefde:

> *In the pre-stage called Undifferentiated faith, the seeds of trust, courage, hope and love are fused in an undifferentiated way and contend with sensed threats of abandonment, inconsistencies and deprivations in an infant's environment. Though really a pre-stage and largely inaccessible to empirical research of the kind we pursue, the quality of mutuality and the strength of trust, autonomy, hope and courage (or their opposites) developed in this phase underlie (or threaten to undermine) all that comes later in faith development.*
>
> (Fowler 1981)

Let op dat Fowler bogenoemde fase sien as 'n vooraf fase wat onbewustelik gebeur en nie soseer as die eerste fase van geloofsontwikkeling nie.

**b) FASE 2: Simbolisering/Fantasering - die fase van die intuïtiewe - beskermende geloof en die impulsiewe self**

In hierdie fase word die jong individu baie beïnvloed deur die geloofslewe en praktyke van volwassenes om hulle. Dit word gesien as ‘n voorskoolse fase wat gepaardgaan met intuïtiewe en impulsiewe optredes. Fowler (1981:133) sien dit as die eerste fase van geloofsontwikkeling:
*“Intuitive-Projective faith is the fantasy-filled, imitative phase in which the child can be powerfully and permanently influenced by examples, moods, actions and stories of the visible faith of primally related adults”.*

In hierdie fase word godsdiens met die fiktiewe wêreld van die kind se fantasieë geïntegreer.

**c) FASE 3: Morele ontwikkeling - die fase van die imperiale self**

In hierdie fase van die individu word daar ‘n onderskeid getref tussen die fantasiewêreld en die realiteit. Die individu begin God sien as streng maar regverdig. Die individu verstaan nog nie hulle eie of ander se interne dryfvere nie en die selfbewussyn is vasgevang in eie behoeftes, wense en belange (Steyn 2008:295).

Fowler (1981:149) noem dit die tweede fase van geloofsontwikkeling:
*“Mythic-Literal faith is the stage in which the person begins to take on for him- or herself the stories, beliefs and observances that symbolize belonging to his or her community. Beliefs are appropriated with literal interpretations, as are moral rules and attitudes. Symbols are taken as one-dimensional and literal in meaning”.*

**d) FASE 4: Sintetisering - die fase van die sinteties-konvensionele geloof en in interpersoonlike self**

Puberteit in die individu se ontwikkeling verwoord die konteks van hierdie fase. Dit gaan gepaard met fisiese en emosionele veranderinge en begin die individu die

wêreld buite hulleself ontdek. In hierdie fase moet geloof die waardes en inligting probeer integreer wat sal lei tot identiteit. Die grootste behoefte in hierdie fase is om te behoort. Dit behels dat interpersoonlike behoeftes soos intimiteit van kardinale belang is. Fowler (1981:172-173) as volg:

> *In Stage 3 Synthetic-Conventional faith, a person's experience of the world now extends beyond the family. A number of spheres demand attention: family, school or work, peers, street society and media, and perhaps religion. Faith must provide a coherent orientation in the midst of that more complex and diverse range of involvements. Faith must synthesize values and information; it must provide a basis for identity and outlook.*
>
> Fowler (1981:172-173)

**e) FASE 5: Individualisering - die fase van die individuatiewe-reflektiewe geloof en die institusionele self**

Volgens Fowler (1981:182) is hierdie fase krities in die geloofsontwikkeling van die individu:
*"The movement from Stage 3 to Stage 4 Individuative-Reflective faith is particularly critical for it is in this transition that the late adolescent or adult must begin to take seriously the burden of responsibility for his or her own commitments, lifestyle, belief and attitudes".*

In hierdie fase begin individualistiese optrede die botoon voer en begin die vorming van identiteit en rolverwagting al hoe meer op die voorgrond staan. Dit het tot gevolg dat standpunte en oortuigings gevorm word. Vos (1996:207) noem dit die 'fase van onverbondenheid'. En dit gaan oor die loskom en losraak van ander se perspektiewe en oortuigings en die vorming van groter geloof-selfstandigheid.

**f) FASE 6: Reïntegrasie – die fase van die konjunktiewe geloof en die inter-individuele self**

In hierdie fase ontdek mense die betekenis en plek van individualiteit binne verhoudinge. Hulle leer om verskillende en selfs teenoorgestelde visies te kombineer en te integreer. Dit is die fase tydens middel volwassenheid. (Fowler 1981:197) som hierdie fase as volg op:
*"… Conjunctive faith involves the integration into self and outlook of much that was suppressed or unrecognized in the interest of Stage 4's self-certainty and conscious cognitive and affective adaptation to reality. This stage develops a 'second naïveté' (Ricoeur) in which symbolic power is reunited conceptual meanings".*
Ruimte en openheid vir ander se menings en ook vir veranderings in die persoonlike lewe neem toe (Vos 1996:206).

**g) FASE 7: Universalisering – die fase van die veralgemeende geloof en die God-gegronde self**

In hierdie fase wat strek van middel tot laat volwassenheid vertoon geloof 'n meer universele en algemene karakter (Steyn 2008:298). Volgens Fowler (1981:199) kan jy slegs hierdie fase verstaan as 'n individu fokus op die paradoksale aard van die vorige fases. In die vorige fase fokus Fowler op botsende lojaliteite:
*"Stage 5 acts out of conflicting loyalties. Its readiness to spend and be spent finds limits in its loyalty to the present order, to its institutions, groups and compromise procedures"* (Fowler 1981:200). Maar in die sesde fase oorkom die individu die paradokse deur morele en asketiese aktualiserings van die universele beginsels. Omdat die individu geanker is in God, word hy bevry van moraliteit (Steyn 2008:299).
*"Stage 6 becomes a disciplined, activist 'incarnation' – a making real and tangible – of the imperatives of absolute love and justice of which Stage 5 has partial apprehensions"* (Fowler 1981:200).

Hierdie fase word gekenmerk deur deelname aan die lewe en ‘n nuwe manier van bestaan. Dit kan uitmond in verdraagsaamheid en wysheid, maar dit kan ook lei tot ‘n terugtrekking in die self en tot bitter kritiek op die buitewêreld (vgl. Louw 1998:315; Vos 1996:207; Dingemans 1991:54).

Vos (1996:207) noem dit die:
“... fase van fundamentele vertroue”.
In dié fase gaan dit om ŉ kritiese geloofsverantwoording. In die proses word geloof geïnternaliseer en daarom is dit belangrik dat in hierdie fase by die hoorder uitgekom moet word.

Uit die bogenoemde is dit baie duidelik dat die hoorders van die gepredikte woord, hulle bevind in verskillende fases van geloofsontwikkeling. Dit is baie duidelik dat die verskillende fases van geloofsontwikkeling, kommunikasie hindernisse kan skep, maar dit kan ook geleenthede skep om die prediking meer relevant te maak.

Vos (1996:207) waarsku egter teen ‘n eensydige verabsolutering van Fowler se fases van geloofsontwikkeling. Alhoewel hierdie fases baie insig gee, mag dit nooit verabsoluteer word nie. Ook mag dit nie net lineêr verstaan word nie. Die klem moet eerder val op dinamiese interaksie tussen die fases.
“Die een lei nie noodwendig tot die ander en sluit nie die vorige daarmee af nie. Daar is eerder ŉ dinamiese interaksie tussen die fases werksaam” (Vos 1996:207).

### 1.6.2.6 Leerstyle

Deel van prediking is ook lering. Maar daarmee saam moet daar ook deeglik daarvan bewus wees dat nie alle individue op dieselfde wyses leer nie. Vir die doel van hierdie studie word daar kortliks stilgestaan by die verskillende wyses hoe individue inligting verstaan, dit verwerk en weergee. Daar word verwys na die werk van Tobias

(1996:52-53) wat veral die leer patrone van kinders ondersoek sodat ouers beter met hulle kinders kan kommunikeer en lewe.

**1.6.2.6 i) Ouditorium**

Jy kan die persoon raaksien deur die behoefte wat hy het om heeltyd te praat. Hulle werk deur 'n proses verbaal. Jy hoef nooit te wonder wat hulle dink nie- luister net en jy sal weet.

**1.6.2.6 ii) Visuele**

Die visuele leerders is goed om 'n verbale begrip raak te vat deur 'n prentjie of tabel. Dit is die persone wat die prentjie na die tafel toe bring as daar gewonder word oor hoe iets is.

**1.6.2.6 iii) Kinesteties**

Hierdie persone het hoë energievlakke wat 'n bonus is as die atmosfeer afgemat is. Dit is die persoon wat jy moet bemagtig met die opdragte, die drome om sodoende almal aan die beweeg te hou.

**1.6.2.6 iv) Analities**

Hierdie persoon kyk na die groot prentjie en breek alles op in die fynste besonderhede. Hulle bring orde in chaos en verduidelik waar die beginpunt is.

**1.6.2.6 v) Globaal**

Die globale leerders kan ‘n allesomvattende konsep neem en dit vertolk en oordra sodat almal dit kan verstaan. Hulle is ook baie goed om te bepaal hoe die klein stukkies in die groot prentjie inpas.

**1.6.2.6 vi) Konkreet voortvloeiend**

Hierdie persone is baie goed met organisasie en detail en kan vinnig bepaal hoeveel tyd en moeite ‘n projek sal verg. Nog ‘n waardevolle bydrae is dat hulle iemand se idee kan neem en dit in die praktyk kan realiseer as iets werkend en konkreet.

**1.6.2.6 vii) Abstrak voortvloeiend**

Hierdie persone is ‘n waardevolle bron van nagaan en dokumentering van inligting. Hierdie individue sal tyd neem om inligting na te vors en te evalueer en seker maak dat al die feite korrek is, die waardes eerlik en opreg is en die bronne waardig is.

**1.6.2.6 viii) Abstrak lukraak**

Hierdie individue het ‘n intuïtiewe gevoel van ander se behoeftes en gevoelens. Hulle word ook gesien as die persone wat die gawe het om vrede te maak. Hulle is die gom wat die verhoudings tussen individue in stand hou en soek voortdurend harmonie. Hulle is spontaan en aanpasbaar, al is die omstandighede hoe moeilik.

**1.6.2.6 ix) Konkreet lukraak**

Hulle hou alles interessant. Hulle is visioenêrend en glo dat die onmoontlike altyd moontlik is. Hulle motiveer, inspireer, en energeer die res van die individue. Hulle

maak seker dat niemand stagneer of momentum verloor nie. Konstante druk vir nuwe avonture is een van die konkreet lukraak individue se kenmerke.

#### 1.6.2.7 Intelligensies

Die mens bestee nie baie tyd daaraan om agter te kom hoe hy/sy dink, onthou en vergeet nie. Die menslike brein het verskillende vorme van intelligensie. Altesaam sewe vorme word by elke individu geïdentifiseer, waarvan een van die sewe dominant sal wees (Leaf 2005:25). Deur vas te stel wat ‘n individu se dominante intelligensie is kom jy agter dat die brein ‘n onbeperkte vermoë het om inligting te verwerk. Die brein van ‘n individu is nie ‘n statiese entiteit nie.

‘n Mens beskik nie net oor een vorm van intelligensie nie. Dit is heel verstaanbaar as jy dalk so dink, veral in die lig van die oormatige klem op logiese/wiskundige en taalkundige intelligensie – een van die grootste swakhede van tradisionele skoolstelsel (Leaf 2005:26).

In ‘n artikel getiteld ‘*Preparing global citizens. Globalisation and education*’ deur Prof Yong Zhao van die Michigan State University, vergelyk hy die opvoedingstelsels van kinders in Amerika en China. Hy skryf dat Amerikaanse ouers se meting van eksterne sukses nie so prominent is vergeleke met ouers van Chinese kinders nie

*“But in reality, research suggests that what American parents care less about than their Asian counterparts is external measures of success. For instance, a study of parents of academically talented sixth graders in the US found that ‘emphasis on meeting external standards is not predominant among parents of talented students”* (Zhao 2009:30).

Uitermatige of eksklusiewe fokus op eksterne metings van sukses soos grade en toetspunte, kan kinders onder druk plaas. Dit stuur onbewustelik ‘n boodskap dat akademiese sukses belangrik is om ander mense tevrede te stel, en nie vir persoonlike redes nie. Met ander woorde, Amerikaanse ouers en opvoeders definieer sukses meer breedvoerig en beklemtoon sterk die unieke individualiteit van

'n kind. In China is dit net mooi die teenoorgestelde. Ook in Suid-Afrika word akademiese sukses aan hoë persentasie punte gemeet en slegs ten opsigte van taal en wiskundige vaardighede.

> *In contrast, Asian parents place extremely high value on external indicators: grades, test scores, and most importantly, admission to prestigious universities. Parents, students, teachers, and the whole education system work toward getting good scores in subjects that count in college entrance exams. All other activities – art, music, athletic and community activities – are considered unimportant unless they can somehow result in an advantage in college entrance.*
>
> (Zhao 2009:30).

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat daar bewus moet wees van verskillende maniere van intelligensie by individue.

**1.6.2.7 i) Taalkundige intelligensie**

Hierdie intelligensie behels hoe doeltreffend jy taal kan gebruik om jouself en jou sensitiwiteit vir die betekenis van die woorde, klanke en ritmes en verskillende gebruike van taal uit te druk (Leaf 2005:27). As jy 'n hoë taalkundige intelligensie het, sal jy wel ter tale wees en die vermoë besit om in woorde te dink en om woorde doeltreffend te gebruik wanneer jy praat of skryf. Dominasie op hierdie gebied beteken dat jy geheue bou deur woorde. Hierdie individue sal daarvan hou om te argumenteer, te oorreed en te onderrig.

**1.6.2.7 ii) Logies/Wiskundige intelligensie**

Hierdie intelligensie behels die vermoë om die onderliggende oorsaaklike beginsels te verstaan, logiese en numeriese patrone te erken, lang redenasies akkuraat te volg en syfers, getalle en bewerkings te manipuleer. Dominansie op hierdie terrein beteken dat jy 'n natuurlike voorkeur het vir die sfeer van syfers en logika (Leaf 2005:28).
Die kenmerke van so 'n individu is dat hy alles wil uitredeneer, hy wil weet wat om te verwag, wil bewyse sien voordat dit aanvaar en toegepas word en is baie gedissiplineerd in hulle denke.

**1.6.2.7 iii) Musikale intelligensie**

Hierdie intelligensie behels aanvoeling vir toonhoogte, melodie, ritme en wysie in die klanke van bewegings wat rondom hom/haar gehoor en gesien word, asook die vermoë om ritme, toonhoogte en vorme van musikale uitdrukkings te skep. Aan die onderpunt van die skaal word mense se musikale intelligensie benodig om gesprekke en liggaamstaal te vertolk. Die ander uiterste is die vlak van musikale intelligensie wat aan Mozart toegeskryf word (Leaf 2005:29).

As hierdie intelligensie dominant is beteken dit jy bou geheue deur ritme. Musiek kan jou help om te leer ongeag of jou musikale intelligensie hoog of laag is. Hierdie individue reageer op musiek en vertolk die betekenis van musiek.

**1.6.2.7 iv) Ruimtelik/visuele intelligensie**

Dit is die vermoë om in prente en/of beelde te visualiseer, om voor die geestesoog te 'sien', om die visueel-ruimtelike wêreld akkuraat waar te neem en op aanvanklike indrukke te reageer (Leaf 2005:31).

Ruimtelike/visuele intelligensie behels dat jy die eksterne ruimtelike wêreld innerlik in jou gedagtes weergee en jouself met gemak binne 'n driedimensionele ruimte kan oriënteer. As jy dominant op hierdie terrein is, bou jy geheue deur abstrakte taal en

beelde. Hierdie individue leer deur te sien en te doen. Hulle dink in beelde en visualiseer maklik besonderhede. Hierdie persone is knap met figuratiewe as abstrakte ontwerp.

### 1.6.2.7 v) Kinestetiese intelligensie

Uiteraard is dit ‘n baie taktiele, energieke, veel sintuiglike intelligensie wat insluit beheer oor jou liggaamsbewegings, asook die vermoë om jouself te koördineer en voorwerpe rondom jou bedrewe te hanteer (Leaf 2005:32).

Hierdie individue moet dinge aanraak, hanteer en manipuleer. Hulle moet ervaar wat hulle leer ten einde inligting te verstaan en te onthou. Kinestetiese intelligensie word in die meeste instansies van lering onderwaardeer. Hierdie individue kan nie leer deur stil te sit nie. Hulle bou geheue deur beweging. Hulle kenmerke is as volg:

- Hulle benader die lewe fisiek
- Hou daarvan om rond te vroetel en dinge te doen
- Hou van rolspel en drama en dans.

### 1.6.2.7 vi) Interpersoonlike intelligensie

Dit is die vermoë om mense te verstaan en goed met hulle te kan werk. Hierdie intelligensie behels sensitiwiteit en empatie teenoor ander mense en in besonder hulle gemoedstemminge, behoeftes, motiverings en emosies. Jy kan ander mense se stemminge lees en jouself indink in hulle situasie (Leaf 2005:34).

As interpersoonlike intelligensie dominant is by ‘n individu dan bou hy/sy geheue deur mense as klankbord vir sy/haar idees te gebruik. Kenmerke van so ‘n individu is:

- Hou van praat

- Aanvoeling vir mense se gemoedstemming, temperament, motivering en bedoeling
- Vorming van blywende sosiale verbintenisse en hegte bande met mense
- Bemiddelaar tydens dispute en konflikte.

**1.6.2.7 vii) Intra persoonlike intelligensie**

Hierdie soort intelligensie vorm die kern van jou wese. Hier gaan dit om selfkennis en om jou eie gevoelens, gedagtes en intuïsie te begryp. Dit is die vermoë om toegang daartoe te verkry om jou gedrag te rig, die vermoë om jou sterk punte en swakhede te verstaan en om jou probleme voor te stel, daarvoor te beplan en dit op te los. Dit sluit selfdissipline in. Die individu waar intra persoonlike intelligensie dominant is, bou geheue deur introspeksie en nadenke en dit is wat gewoonlik onder volwassenheid verstaan word (Leaf 2005:35).

Die volgende kenmerke kom voor by 'n persoon wat 'n dominante intra persoonlike intelligensie het:

- Beheer gedagtes en emosies
- Werk onafhanklik
- Nuuskierig oor die sin van die lewe
- Bestuur sy eie persoonlike leer en groeiproses
- Raak bewus van innerlike belewenisse
- Vermoë om situasies te beoordeel en te evalueer
- Hou van denkstrategieë
- Bemagtig en bemoedig ander.

'Emosionele intelligensie' is nie die agtste intelligensie soos sommige mense dink nie. Dit is die resultaat van al sewe jou intelligensies wat in harmonie werk (Leaf 2005:35-36). Emosionele intelligensie word gewoonlik beskou as die vermoë om effektief tussen mense en met mense te kan werk gesien (Pribram 1971). Emosionele

intelligensie word toenemend as 'n sleutelfaktor beskou wat oneindig belangriker is as enige sogenaamde IK-vlak vir 'n individu se sukses op alle terreine van die lewe, in jou werk, spel, studie en deelname aan die gepredikte Woord. Zhao (2009:38) pleit vir 'n universele lewensuitkyk van die leerproses wat 'n sleutel tot 'n beter toekoms is. Die klem moet val op veelvoudige perspektiewe en verskeidenheid van talente. Kinders sal moet geleer word om diversiteit te omhels en te respekteer. As gevolg van die onsekerheid wat die toekoms inhou moet alle talente en individue as waardevol beskou word.

*"A truly global mindset of education suggests that the key to a brighter future for all is tolerance for multiple perspectives and different talents, a respect for diversity. As we enter a new era, globalisation is expanding and changing markets, we cannot be certain of what specific talents, knowledge, and skills will be of value. We must recognise that all talents and individuals are worthwhile"* (Zhao 2009:38).

## 1.7 Materialisme

Die term 'materialisme' verwys na die lewensbeskouings en filosofiese rigtings wat die wêreld, soos 'n mens dit kan waarneem, vanuit 'n suiwer materiële, nie-geestelike perspektief probeer beskryf. Die klem van materialisme lê op die begrip *'matter'* (stof/substansie) en dat dit die enigste ding is wat bestaan in die vorm van natuurlikheid. As teorie val materialisme onder 'Monistiese Ontologie' wat in kontras staan met idealisme en spritualiteit. Vir die doel van hierdie studie is dit baie relevant om dit in gedagte te hou.

> *The philosophy of 'materialism' holds that the only thing that exists is matter, and is considered a form of physicalism. Fundamentally, all things are composed of material and all phenomena (including consciousness) are the result of material interactions; therefore, matter is the only substance. As a theory, materialism belongs to the class of monist ontology. As such, it is different from ontological*

*theories based on dualism or pluralism. For singular explanations of the phenomenal reality, materialism would be in contrast to idealism and to spiritualism.*

(Wikipedia 2008)

### 1.7.1 Historiese fases van Materialisme

#### 1.7.1.1 Klassieke Materialisme

Materialisme het onstaan by die antieke Griekse filosofie gedurende die sesde eeu voor Christus. Ook in lande soos Indië en China het materialisme sy kop uitgesteek. In die vyfde eeu voor Christus in Griekeland het filosowe soos Leucippus en Democritus geargumenteer dat alles wat bestaan is stof/substansie en leë ruimte. Alles bestaan uit onbeperkte getalle, onsigbare partikels en al wat verskil is die grootte en die ruimte en verhoudings waarbinne dit bestaan (Wikipedia 2009).

Kritiek op Leucippus en Democritus se werke het gekom van Socrates, Plato en Aristoteles. Na almal se kritiek en interpretasies het verskillende mistieke godsdienste en ook die Christensom ontstaan. Materialisme was gesien as 'n filosofie wat kulture grootliks beïnvloed het (Wikipedia 2009; vgl Lucretius '*The Nature of Things'* 50 b.c.e.).

#### 1.7.1.1 i) Materialisme van die 'Verligting' en die tydperk daarna

Tydens die lang bewind van die Christendom, was die miskenning van die Gees van God as die grondliggende realiteit, veroordeel deur die kerk. Ook alle ander interpretasies van die Gees van God, buite die Chistendom se leerstellinge, was verbied. Uit hierdie eensydigheid, het die moderne filosofie in die sewentiende eeu onstaan. Die vader van die moderne filosofie was Rene Descartes. Descartes het gepoog om by 'n duidelike sisteem van kennis en verklaring uit te kom. Dit het

gestalte gevind in 'n reeks meditasies van proefneming waaruit hy die dualisme van denke/gedagte en liggaam gevorm het (*'Cartesian Dualism')* (Wikipedia 2009).
Descartes het baie kritiek ontvang en in die lig hiervan was daar drie basiese maniere om die wêreld te kon verstaan en ook die aard van gedagtes en liggaam ('*body and mind*') om sodoende by materialisme uit te kom.
*"... mind and matter both exist and are able to interact by some mechanism (this is Descartes' position), matter is a dream or collective creation of mind (subjective idealism), mind is the by-product of matter, or is nothing but the product of matter (Materialism)"* (Kheper 2009).
In die sewentiende eeu het materialisme weer sy kop uitgesteek onder die politieke filosoof Thomas Hobbes. In die agtiende eeu was die materialistiese klem op die menslike natuur. Dit was veral benadruk dat die gedagtes en die siel totaal afhanklik was van die fisiese vermoëns van die substansie (Kheper 2009).

**1.7.1.1 ii) Wetenskaplike materialisme en Analitiese filosofie**

Die opkoms van die wetenskap in die velde van die chemie, fisika en meganika het bygedra tot die versterking van materialisme van die agtiende eeu regdeur tot en met die twintigste eeu. Die ontdekking van chemiese elemente het gelei tot die ontdekking van die atoomteorie en die uitvinding van die rekenaar in die laat twintigste eeu. Materialisme veronderstel dat die denke van die mens verduidelik kan word in terme van substansie en van elektroniese konneksies binne-in die breinweefsel.
*"Materialistic monism explains matter and mind as merely aspects of each other and derivatives of a neutral substance. Antireligious materialism is a rejection of the theological dogmas of organized religion"* (Kheper 2009).

**1.7.1.1 iii) Historiese materialisme**

Die historiese materialisme beskryf die geestelike en maatskaplike ontwikkeling van die mens vanuit sy materiële en ekonomiese lewensomstandighede. As gevolg van hierdie sienswyse kan die geskiedenis vanuit 'n suiwer ekonomiese perspektief ontleed word. Die belangrikste rigting is die dialektiese materialisme *('diamat')* van Karl Marx (1818-1883). Karl Marx, wat sy filosofie gedeeltelik uit die werk en die dialektiese metode van Georg Wilhelm Friedrich Hegel (1770-1831) ontwikkel het, erken dat die maatskaplike teenstellings moet omslaan na 'n rewolusionêre vryheidstryd (Kheper 2009).

In sy werk *'Zur Kritik der politischen Ökonomie'* (1859) verklaar Karl Marx die geskiedenis as 'n proses wat volgens presiese wette afloop ('determinisme'). Daar is 'n maatskaplike en ekonomiese fundering van sowel die mens asook die geskiedenis, waarvan die ideologiese bowebou of die bewussyn afhanklik is. Kuns, wetenskap, die bedeling van 'n staat, godsdiens en reg kan dus nie geskei word van die ekonomie en sosiale werklikheid nie, en die lewenshouding of bewussyn van die mens word deur hierdie basis bepaal. Binne die ekonomiese en maatskaplike basis word die produktiewe faktore van 'n maatskappy ontwikkel (werktuie, tegnologie, arbeidskrag en opleiding), maar ook die omstandighede waaronder produksie plaasvind. Die konsepte van private eiendom en werkverdeling is enersyds noodsaaklik vir die ekonomiese en tegnologiese vooruitgang, hulle lei andersyds tot die ontvreemding van die mens, wat hom nie meer met sy werk en homself kan vereenselwig nie. Die klasse, wat in hierdie maatskaplike en ekonomiese stelsel uitgebuit word, strewe na 'n verandering of selfs omwenteling, terwyl die besittersklas hom reaksionêr gedra en die ou toestand wil bewaar (Kheper 2009).

Dit is dus net 'n klassestryd, wat vooruitgang in die verloop van die geskiedenis kan teweegbring, en dit lei noodwendig tot rewolusies, wat die teenstellings van die sosiale en ekonomiese basis kan oplos, die bowebou verander en 'n nuwe historiese tydperk met beter lewensomstandighede vir almal inlui. Volgens Marx is daar 'n historiese ontwikkeling, wat uitgaan van die aanvanklike oerkommunisme en

uiteindelik uitmond in 'n moderne kommunisme sonder klasverskille (Wikipedia 2009).

**1.7.1.1 iv) Godsdiens en owerhede**

Die materialisme is sterk gekant teen die ou maatskaplike orde, wat deur die godsdiens en outoritêre owerhede aan die mens opgedwing word, en dien as die ideologiese wapen van die vooruitstrewende klasse. Karl Marx ontmasker byvoorbeeld radikaal die poging van godsdienstige instellings om die ou orde te steun deur gelykheid via die konstruksie van 'n onsterflike siel eers vir 'n latere 'hiernamaals' te belowe *('Religion ist Opium für das Volk'* – 'Godsdiens is opium vir die volk'). Die historiese materialisme dien as grondslag vir die Marxisme en Marxisme-Leninisme, wat - net soos die Christelike geloof - as 'n soort heilsleer beskou kan word, waarby die idealistiese opvatting van 'n paradys deur 'n meer realistiese konsep van 'n kommunistiese maatskappy vervang word. Sekere invloede van die materialisme kan ook in die Protestants-Christelike ideologie van die Calvinisme aangewys word. Alhoewel hier geen werklike uiteensetting met die materialisme plaasvind nie, word 'n veranderende ekonomiese basis - veral die konsep van private eiendom - geskik by die Christelike tradisie aangepas (Wikipedia 2009; vgl. Catholic Encyclopedia 1913).

Deur die eeue is materialisme gekritiseer deur verskillende gelowe en deur 'n magdom godsdienstige leiers. Hulle sien materialisme as 'n geestelike leë lewensfilosofie. Volgens die vroeë Rooms Katolieke kerk is daar rede om bekommerd te wees oor materialisme:
*"… materialism denies the existence of both God and the soul"* (Wikipedia 2009; vgl. Catholic Encyclopedia 1913).

Sekere andere godsdienste soos Islam, Judaisme en Budhisme sluit hierby aan. Materialisme is nie versoenbaar met die meerderheid van die wêreldgodsdienste nie.

*"We extend the concept of dualism, and take it in the transcendental sense, neither it nor the two counter-alternatives, pneumatism [idealism] on the one hand, materialism on the other, would have any sort of basis… Neither the transcendental object which underlies outer appearances nor that which underlies inner intuition, is in itself either matter or a thinking being, but a ground"* (Wikipedia 2009).

Maar mens kan nie net vashaak by die negatiewe elemente van materialisme nie. Deur die hele Christendom is daar 'n stryd tussen vlees, wêreld en gees en hoe die aspekte interafhanklik 'n rol speel in die verlossing van die mens. Die Christelike teologie, veral in die letterkultuur (Hoofstuk 3 punt 2.2) het die koninkryk van God verplaas in 'n koninkryk van die hemel wat net wentel om die verlossing van siele en die lewe na die dood. Die koninkryk van God begin reeds met die lewe op aarde.

> *Christian theology... in the course of time turned the kingdom of God into a kingdom of heaven that is beyond this mortal life; the well-being of men became a salvation of souls, which again comes to pass beyond this life, after death… the Lord was talking not just about another life and men's souls, but was addressing the body, the whole man, in his embodied form, with his involvement in history and society; that he promised the kingdom of God to the man who lives bodily with other men in this history.*
>
> (Wikipedia 2009)

Gelowiges kan hulle nooit distansieer van 'n materialistiese wêreldbeskouing nie. Josemaría Escrivá, a Spaanse Rooms-Katolieke priester in die twintigste eeu wat die Opus Dei ontdek het ('n Organisasie wat almal leer om heilig te wees in hulle alledaagse lewe- al is dit deelname aan die mees materialistiese aktiwiteit- wat die weg is na reinheid en heiligheid), kritiseer hulle wat die Christelike lewe voorstel as iets wat geestelik, eksklusief, suiwer en verhewe bo die aardse lewe is. Wanneer die Christelike weg so beskou word dan raak die kerk die voorgestelde uitnemendheid

van die Christelike weg. Om Christen te wees is veel meer as om net by die kerk/gemeente vas te haak.

*"When things are seen in this way, churches become the setting par excellence of the Christian life. And being a Christian means going to church, taking part in sacred ceremonies, being taken up with ecclesiastical matters, in a kind of segregated world, which is considered to be the ante-chamber of heaven, while the ordinary world follows its own separate path"* (Wikipedia 2009).

Escriva beklemtoon juis die hoë waarde van die materie *('matter')* want volgens hom is egte Christenskap die verklaring van alle vlees/materie se opstanding.

*"Authentic Christianity which professes the resurrection of all flesh, has always quite logically opposed 'dis-incarnation,' without fear of being judged materialistic. We can, therefore, rightfully speak of a Christian materialism, which is boldly opposed to those materialisms which are blind to the spirit"* (Wikipedia 2009).

In 'n rede tydens 'n teologiese simposium, '*Holiness and the World*', wat die leringe bestudeer het van Josemaria Escriva, het Pous Johannes Paulus II na een van sy preke verwys dat God in alles teenwoordig is.

*"There is nothing that is outside of the concern of Christ. Speaking with theological rigor ... one cannot say that there are things — good, noble or even indifferent — which are exclusively profane; for the Word of God has made his dwelling the sons of men, he was hungry and thirsty, worked with his hands, knew friendship and obedience, experienced sorrow and death"* (Wikipedia 2009).

Pous Johannes Paulus II gaan verder deur dit te beklemtoon dat in die lig van materialisme, die Rooms-Katolieke kerk hulself nie hiervan moet distansieer nie:

*"conscious of serving a redemption that concerns every aspect of human existence… from a unique grasp of the radiant, universal force of the" Redeemer's grace"* (Wikipedia 2009).

## 1.8 Verbruikerisme

Vir hierdie studie word daar eerder gebruik gemaak van die woord verbruikerisme teenoor verbruikersmentaliteit. Verbruikerisme *('consumerism')* is die eindproduk of verhewe vorm van individualisme en materialisme. Benton (1999) beskryf dit soos volg:

*"… exaggerated and privatised form of materialism… We enjoy the involvement of choosing and buying so much that we have left materialism behind to embrace consumerism. Consumerism is an exaggerated form of materialism that involves our five senses. It holds out the prospect of happiness through the exercise of personal choice"* (Benton 1999:34).

Die uitsaaikultuur met die TV as die middelpunt van meeste huishoudings – en waar die meeste kontemporêre gemeentes se kultuur geleë is – het 'n groot bydrae gelewer tot verbruikerisme. Die gevolg is 'n kultuur wat keuse en gemak verhewe stel bo lojaliteit en verhoudings.

*"Television exposed us to a world beyond our local surroundings, exposed us to the latest goods and information and made us want more things than we ever thought possible. This exposure, combined with our increased mobility, created a culture that values choice and convenience over loyalty and community"* (Miller 2004:172).

Soos met individualisme en materialisme is alles nie net negatief nie. As gelowiges glo mens dat God alle dinge gemaak het – die materiële dinge – maar dat daar ook bewus moet wees wat die effek van verbruikerisme op die mens is. Verbruikerisme staan sentraal in die huidige leefwêreld en verkondig 'n boodskap dat die materiële en dienste wat mense jou kan bied 'n belofte is van geluk en mag. Binne 'n veranderende wêreld word daar op die mag van individuele keuses van die verbruiker gefokus. John Benton (1999) praat van drie areas waar 'n verbruikersmentaliteit die botoon voer:

*"… ecology, justice and spirituality. Consumerism has had a bad impact on all three"* (Benton 1999:51).

### 1.8.1 Wat is verbruikerisme?

Daar is verskeie definisies vir verbruikerisme. Dit is nodig om hierdie definisies goed te verstaan om die verskille raak te sien sodat 'n goeie oorsig gekry kan word oor verbruikerisme en die kultuur waarbinne dit voorkom. Die verskille tussen die verskillende definisies word hoofsaaklik gesien as verskillende houdinge wat ingeneem word of mense se persoonlike opinies. Byvoorbeeld, 'n sterk verbruikersadvokaat in die ekonomiese wêreld sal verbruikerisme definieer as 'n poging om die verbruiker op dieselfde vlak te plaas as die voorsiener (Feldman 1976:4).

*"Consumers want to know what they are buying. What they are eating. How long a product will last. What it will and will not do. Whether it will be safe for them and/or the environment... Consumers do not want to be manipulated or lied to. They want truth, not just in lending labeling and packaging, but everything in the whole vast, bewildering marketplace"* (Feldman 1976:4).

Tweedens kan verbruikerisme ook beteken dat die verbruiker na die vervaardiger kyk as iemand wat geïnteresseerd is, maar nie regtig weet wat die verbruiker se realiteit is nie. Hy beskou die vervaardiger as iemand wat nog nie die moeite gedoen het om uit te vind nie, wat nie die wêreld verstaan waarbinne die verbruiker lewe nie, en wat verwag dat die verbruiker die onderskeiding moet maak wat die verbruiker nie noodwendig wil of kan maak nie (Feldman 1976:4-5).

Hierdie twee definisies bewys dat twee persone in dieselfde tydperk en plek, verskillende perspektiewe op verbruikerisme kan hê. Daarom is dit baie moeilik om net vas te haak by een definisie of begrip om sodoende die effek van verbruikerisme te bepaal. Vir die doel van hierdie studie word daar na verskillende persone se sieninge rondom verbruikerisme gaan kyk om vas te stel hoe die kultuur van die verbruiker lyk. Alles in ag genome moet daar gepoog word om uit te kom by wat dit beteken om 'n verbruiker te wees en wat dit beteken om te verbruik? Verbruikerskultuur is die dominante modus of kulturele reproduksie wat in die

Westerse wêreld oor tyd ontwikkel het deur die bestek van modernisme. Dit staan sentraal in die betekenisvolle praktyk van elke dag se moderne lewe en is algemeen verbind tot sentrale waardes, praktyke en institusies wat Westerse modernisme definieer soos keuse, individualisme en mark verhoudings. Verbruikerisme is 'n aanduiding van sosiale samestellings (Slater 1997:7).

*"It denotes a social arrangement in which the relation between lived culture and social recourses, between meaningful ways of life and the symbolic and material resources, on which they depend, is mediated through markets"* (Slater 1997:7).

Die mens word gevorm deur die uitdagings van die kultuur waarbinne hy leef. Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat die markte en die ekonomie 'n definitiewe rol speel in hierdie vormingsproses. Dit maak nie saak hoe ryk of hoe arm 'n mens is nie, almal is verbruikers wat individuele keuses moet maak oor wat verbruik moet word op 'n daaglikse basis. Die vryheid en die hoeveelheid wat kan verbruik word hang alles af van 'n mens se finansiële vermoë. 'n Verbruiker is 'n persoon wat iets verbruik en om te verbruik beteken om iets op te gebruik. Die verbruiker maak dit wat verbruik word sy eksklusiewe eiendom.

*"… to consume means using things up: eating them, wearing them, playing with them and otherwise causing them to satisfy one's needs or desires. It also means appropriating most of the things destined to be consumed: buying them, paying for them and so making them one's exclusive property, barring everybody else from using them without one's permission"* (Bauman 1998:23).

Geen mens kan lewe sonder om te verbruik nie. Maar die manier en die middele wat verbruik word, kan verskil. Daarom moet dit duidelik gestel word dat elkeen leef in 'n verbruikerskultuur omdat alle mense in die kultuur op een of ander manier iets verbruik.

In die prediking het mens te doen met mense uit verskillende sosiale en ekonomiese agtergronde. Om te dink dat verbruikerisme net te doen het met mense wat luukshede verbruik, is uiters onverantwoordelik en sluit die massas om hulle uit. Elke

mens se wêreldbegrip, arm of ryk, word gevorm deur hierdie verbruikerskultuur en het ‘n groot invloed op hoe mense na prediking en kerkwees kyk. Bauman (1998:24) beskryf dit as volg:

*“Ours is a ‘consumer society’ in a similarly and profound fundamental sense in which the society of our predecessors used to deserve the name of a ‘producer society’ in spite of the fact that people have produced since the beginning of the human species and will go on producing until the species’ demise”.*

Die bogenoemde beklemtoon die verskuiwing vanaf produksie na verbruik en dat die verbruikerskultuur elke mens se wêreldbeeld vorm en oorheers. Tans bevind mense hulle midde in ‘n verbruikers-samelewing en dit is ook die manier hoe daar dag vir dag gelewe word.

*“Culture is whatever it is that at any particular time, most motivates us. It used to be religion; or going to war. Now it is consumerism”* (Davidson 1992:120).

Om te lewe in ‘n verbruikerskultuur waar produkte geproduseer word om te verbruik, word daar kontak gemaak met verskillende mense. Sodoende word daar verhoudings gevorm tussen die produkte wat verbruik word en die mense met wie elke dag omgegaan word.

Lury (1996:1) skryf dat een van die belangrikste maniere hoe mense in verhoudings staan met mekaar, is deur die bemiddeling van besittings. Dit beteken dat die materiële en die kulturele is altyd verbind in spesifieke verhoudings. Dit op sigself help baie, want dit skep ‘n kritieke distansie van elke dag se verstaan van verbruik. Dit skuif die aandag weg van die verbruik van goedere en besittings of die ‘op gebruik’ om dit meer algemeen te gebruik.

*“To see consumer culture as a specific form of material culture is helpful because it gives a critical distance from everyday understandings of consumption, shifting attention away from the use of things in the sense of consuming or ‘using up’, to ‘use’ in a more general sense”* (Lury 1996:1).

Lury (1996:3) gaan verder deur die proses van verbruikerskultuur te beskryf deur die lens van die materiële kultuur as 'n afhandeling en voltooiing:
*"The consumption that is referenced via consumer culture can, through the lens of material culture, be seen as conversion, or, more precisely, 'the manner in which people convert things to ends of their own… There is a tendency for consumption to be understood as the completion of a process of production for the market".*

Die rede hoekom bogenoemde definisie gekies word, is omdat verbruik nie net negatief en boos is nie. Soos by individualisme en materialisme kan so maklik in die prediking net die negatiewe geïmpliseer word. Om die verbruiker te sien as iemand wat 'n proses afhandel is meer 'n positiewe manier om na dinge te kyk. Maar na dit alles gesê is moet daar op 'n verantwoordelike manier daarop gereageer word. Die vraag wat gevra moet word is hoe mens die harte van mense kan verstaan en hoor as hulle deel vorm van hierdie kultuur sodat die proses van produksie en verbruik alle mense kan bevoordeel.

In die algemeen word die gemeenskappe gekarakteriseer deur sterk gewortelde waardes van om te besit is om te wees. Die bekende woorde *'I shop, therefore I am!'* is deel van vandag se kultuur.
*"The emergence and growth of this preference is tied up with the rise of individualism and mass consumer society, which are seen to have led people to define themselves and others in terms of the things they possess"* (Lury 1996:7).

Stearns (2001:vii) brei meer spesifiek hierop uit waar verbruikerisme 'n samelewing beskryf waar mense hulle doelwitte vir die lewe formuleer.
*"Consumerism describes a society in which many people formulate their goals in life partly through acquiring goods that they clearly do not need for subsistence or for traditional display… They take 'identity' from a procession of new items that they buy and exhibit".*

Mense se identiteit word gevorm deur dit wat hulle verbruik. Dit is baie belangrik by hierdie punt om dit te weet, juis om uit te kom en sodoende die verbruikerskultuur reg te verstaan en te interpreteer. In die verbruikerskultuur waarbinne gelewe word, word mense gedryf om meer en meer te besit, so vinnig as moontlik, met die minste moeite om sodoende die gemaklikste lewe te handhaaf.

*"The consumer movement may be described as the organizations, activities and attitudes of consumers in their relation to the distribution of goods and services. It gives new emphasis to the consumer's right to full and correct information on prices, on quality of commodity, and on cost and efficiency of distribution"* (Dameron 1939:26).

Die verbruikersbeweging speel 'n belangrike rol in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit. Mense kom met dieselfde lewenshouding en ingesteldheid om die prediking te kom hoor as wat hulle na 'n winkel toe gaan om iets te gaan koop of soek. Die hoorder van die preek verwag om die regte inligting, kwaliteit en gemak te ontvang met die minste moeite soos by die winkel wat hy/sy besoek. Verbruik word beïnvloed deur die kultuur waarbinne mens leef. Die kultuur is 'n byvoeging tot verbruik (Slater 1997:133).

*"… consumption is influenced by culture: for example, individuals normally act on their own private desires but are sometimes pressured in other directions by cultural forces. In both cases, culture is an addition to consumption".*

Die verskillende perspektiewe en houdinge help met die algemene begrip wanneer daar gepraat en verwys word verbruikerisme en kultuur waarbinne mense lewe. Om te gaan kyk hoe dit histories ontstaan het sal help om te sien hoe die individu ingesuig word in hierdie lewenswyse sonder dat die individu 'n bewuste keuse daarvoor maak.

### 1.8.2 Die ontstaan van verbruikerisme

Teen die einde van die sewentiende eeu het die koloniale handel en die winste vergroot en het dit ‘n toename in verbruiksaankope tot gevolg gehad. Die markte het al hoe meer en meer vervaardig omdat mense al hoe meer ‘n behoefte gehad het aan verbruikersartikels. Dit het tot gevolg gehad dat nuwe winkels en nuwe bemarkingsmetodes die lig gesien het.

*“Shopkeepers and producers of consumer goods realized that what people want and what people need are stretchable and are not confined to what was required to live up to conventional standards or to subsist”* (Stearns 2001:18).

Vir Christene en baie ander gelowe het die klem meer op ‘verlossing’ as ‘verbruik’ geval. Om te besit of te verbruik was sekondêr tot die primêre verlossing. Maar tye het verander en die rewolusie het sy tol geëis en vorm aangeneem in verskillende kontekste.

Verbruikerisme is ‘n moderne produk. Binne die groot universele konteks was daar ‘n opbou in die ontdekking van grootskaalse verbruik van die laat sewentigs tot in die begin tagtigs.

*“Whatever the precise boundary line may be, it is clear that a consumer society existed by the mid-eighteenth century in regions where a commercial economy was most fully developed and where access to global products was expanding most rapidly”* (Slater 1997:17).

‘n Toename in die advertensiebedryf het begin plaasvind. Orals het verkopers en vervaardigers alles probeer om hulle artikels te koop en mense afhanklik te maak van hulle dienste. Die produsent het hulle produkte op kreatiewe maniere al hoe beter verpak om sodoende die verbruiker te oortuig dat hy nie sonder hierdie produk kan klaarkom nie. Die media is ingespan en om die beurt is hulle ondersteun deur die wetenskap en die tegnologie. Vervaardigers en eienaars van winkels het begin saamwerk om seker te maak dat die verbruiker tevrede is met hulle produkte en dat dit nie net gaan om meer en vinniger te produseer nie.

*"Products were changed frequently so that people who bought them, must come back lest their possessions be out of date"* (Stearns 2001:20).

Die tegnologie van die agtiende eeu was anders as vandag s'n. Om mense in hulle massas te kon bereik en boonop met gepaardgaande visuele verbeelding was baie beperk. Maar met die ontstaan van die verbruikersrevolusie het mense elke verkoopstegniek vervolmaak wat die vervaardigers en die verkopers vandag nog gebruik.

*"Advertising was already fully established, as were the methods of drawing people into stores, lending money for items not really required, and adjusting production lines to fashion whims"* (Stearns 2001:20).

Die lys van dinge wat mense as basiese benodigdhede beskou het, het net meer en meer geword. Klere, speelgoed, horlosies, meubels, parfuum ens. het verbruikersartikels geword wat mense koop om deel te wees van die kultuur waarbinne hulle lewe. Aan die einde van die agtiende eeu is restaurante geopen om in die behoeftes van die mense te voorsien. Sodoende het koffiehuise tot stand gekom wat nie net koffie bedien het nie, maar ook leesstof vir volwassenes.

*"Children did not yet constitute a direct consumer market, but the purchasing was done by parents, eager to buy items that would educate their offspring"* (Stearns 2001:22).

Om meer bymekaar te maak het deel geword van mense se identiteit en die uitstaande kenmerk van die verbruikerskultuur was die herdefiniëring van behoeftes en aspirasies. Die kommersiële stelsels en persoonlike motivering het gedraai en mense het lewensdoelwitte herevalueer.

*"… re-evaluating what goals in life should be, and what bought happiness"* (Stearns 2001:27).

Hierdie revolusie het nie onmiddellik die deelname veroorsaak wat gelei het tot die verbruikerskultuur soos dit vandag verstaan word nie. Natuurlik het dit nie die

verbruikerskultuur laat afneem nie, maar daar was teenwerkende kragte en getye wat in verskillende rigtings beweeg het. In Noord-Amerika en Brittanje het die Metodiste beweging begin wat gehoorsaamheid aan God benadruk het en wat materialisme ondergeskik gestel het aan die verbruikers rewolusie. Die Protestantse etiek wat die kruisiging van die self en die spaarsamigheid van goedere beklemtoon het, het onder sekere gemeenskappe versprei (Stearns 2001:29).

Maar na alles wat gebeur het, het die verbruikerskultuur die botoon begin voer en net groter en groter geword wat deel is van vandag se leefwêreld en tydgees. Dit is baie duidelik dat geen mens kan ontsnap uit die verbruikerskultuur nie. Dit is om elkeen, in elkeen en deel van elkeen. Danksy moderne tegnologie het dit makliker geword om met mekaar te kommunikeer en in die proses inligting oor te dra. Mense word midde-in hierdie kultuur gebore en het 'n effek op hoe elke dag gelewe word. Sodoende het verbruikerisme 'n groot invloed op die huidige kultuur van verandering, veral onder hoe jong mense ontwikkel, hoe hulle oor hulleself dink, asook oor hulle besittings, andere, die wêreld en God.

### 1.8.3 Karaktertrekke van verbruikerisme

Daar is talle kenmerke van 'n verbruikerskultuur, maar vir die doel van hierdie studie word daar stilgestaan by die belangrikste kenmerke wat van toepassing is op die prediking in 'n veranderende wêreld. Daar word aanvaar dat hierdie karaktereienskappe 'n groot effek het op 'n mens se geloofsontwikkeling en ook die manier hoe daar oor God, die kerk en die prediking gedink en gevoel word.

#### 1.8.3.1 Wetenskap en die behoefte aan inligting

Sedert die Verligting *('Aufklärung')* en die groei wat in die wetenskap en tegnologie plaasgevind het, soek mense voortdurend na meer kennis en inligting. Die mens wil

alles met die menslike rede verklaar en uitredeneer. Dit word ook genoem die 'alleswetende kultuur' waar mense nie net glo wat hulle sien of hoor nie, maar dat daar nog steeds 'n verdere soeke is na die waarheid (Bauer & Greyser 1967:25). Daarom ontleed hulle alles in die fynste detail om alles te verstaan waarmee hulle te doen het. Saam met die soeke om uit te vind waarmee hulle presies besig is, het hulle ook 'n behoefte aan soveel moontlike inligting om presies te weet waarmee hulle besig is. Raymond Bauer (1967) identifiseer drie stappe wat mense nodig het om 'n besluit te neem:

*"(1) The consumer must know the product exists,*

*(2) he must know how the product performs and,*

*(3) he must know how it performs compared to other products"*

(Bauer & Greyser 1967:26).

Die produsente hulle sal wil seker maak dat soveel inligting as moontlik gegee sal word aangaande hulle produk sodat die koper ingelig en gemaklik kan voel om 'n keuse te maak om die produk te koop.

Slater (1997:117) stel dit mooi as hy sê dat in plaas van om iets te sien as 'n betekenisvolle intrinsieke waardevolle subjek, dit veel eerder behandel word as 'n berekenbare objek.

*"Everything can be treated as a calculable object rather than as a meaningful, intrinsically valued subject".*

Volgens Slater (1997:188) het dit tot gevolg dat iets net rasioneel en berekenbaar geag word.

*"… it certainly contributes to the rational, calculating nature of modern times against the more impulsive, holistic, emotional character of earlier epochs".*

#### 1.8.3.2 Vinnige oplossing en gemak

Verbruikerisme gaan oor kitsoplossings. Mense leef van dag tot dag en kyk waar hulle die beste produkte en diens kan kry op die effektiefste en vinnigste manier. Mens hoef nie vér te soek om dit te sien in advertensies, promosies en plakkate nie. Die produsente is deurlopend besig om die verbruikers te oortuig dat hulle produkte hulle lewe makliker en eenvoudiger sal maak (Jethani 2009). Dit het tot gevolg dat as daar 'n probleem opduik, die naaste inligtingsbron geraadpleeg word om iemand te soek wat betaal kan word om die probleem sou gou en effektief as moontlik op te los. Doug Paggit (2006) stel dit raak nadat hulle hom gevra het hoe die verbruikerskultuur sy bediening as predikant beïnvloed.

> *In the last few days, I've been a supplier and a consumer. First, I was preparing my seminars for the national pastor's convention and thinking, I'd better come up with material that people are going to want to hear. Second, my wife and I own some rental properties. On Friday night at 11 pm one of our tenants called to say a pipe had burst and water was running all over the place. So I opened the phone book and went for the largest ad in the yellow pages. This company seemed reputable because they had a hotline, and they guaranteed 24-hour service. So I called and purchased plumbing services. Problem solved. Lots of money spent, but the problem was solved.*
>
> (Preaching past TiVo 2006)

Bogenoemde voorbeeld wys dat in 'n verbruikerskultuur daar teruggesit kan word, en dat daar altyd iemand sal wees wat die probleem kan oplos op die effektiefste manier. En nie net die probleem kan oplos nie, maar sommer onmiddellik kan oplos sonder om enigsins te wag.

*"A consumer society would not take lightly a call to delay gratification. A consumer society is a society of credit cards, not saving books. It is a now society. A wanting society, not a waiting society"* (Bauman 1998:31).

In hierdie 'nou' kultuur is daar geen ruimte vir prosesse nie. Vir alles is daar maar net 'n beter en vinniger manier om bevredig te word. Alles word deesdae deur die druk van 'n knoppie vermag. Dit het regstreeks tot gevolg dat daar al hoe meer produkte is wat verbruik kan word om die werk minder of vinniger te maak. Sonder om enigsins diskrimenerend te wees- dink byvoorbeeld aan die produkte beskikbaar vir die vrou om haar te help met die huishouding.
*"The ever increasing availability of finished goods for sale as commodities will lead to a decline in the amount of housework that is done by women"* (Lury 1996:125).

Die ou gesegde *'Time is money'* speel ook 'n definitiewe rol in die lewe van mense wat na vinnige oplossings soek.
*"Time has become money in both work and after hours. We experience a scarcity of both goods and leisure. But ultimately the problem is that we lack time free from working and spending"* (Cross 1993:1).
Hoe vinniger daar geld gemaak word, hoe vinniger kan dinge gekoop word wat sodoende mense help om die lewe vinniger en makliker maak. Daar word heeltyd gesoek na die kortste en vinnigste pad. Die implikasies hiervan op die prediking moet verreken word. Iemand wat in 'n verbruikerskultuur na 'n preek luister en agterkom dat die prediker sukkel om sy punt te maak of irrelevant is, sal vinnig geïrriteerd word.

#### 1.8.3.3 Ervaring-gedrewe

Verbruikerisme is 'n ervarings gedrewe kultuur. Die produkte wat die meeste verkoop is die produkte wat die beste ervaring kan waarborg. As die verkoper 'n produk kan produseer wat 'n ervaring vir sy kliënt kan waarborg, kan sukses in sy besigheid gewaarborg word.

Die vergroting van kommersiële ontspanning gedurende die 1950's en 1960's was grootliks ingebed in die nuwe verbruikers- en ontspannings-georiënteerde middelklas met hulle ingesteldheid:

*"… morality of pleasure as a duty"* (Omgery 2001:114).

Vanaf die 1950's en 1960's het verbruik en plesier net meer toegeneem.
*"… consumers believe that they can continue to expand their consumption and increase their relative amount of pleasure rather than limiting desires"* (Omgery 2001:87).
'n Goeie tyd of 'n aangename ervaring is een van die eerste prioriteite in 'n verbruikerskultuur. In 'n verbruikerskultuur is pret belangriker as om die morele regte ding te doen. Alles kan regverdig word solank dit net 'n goeie ervaring was. Plesier word nie net toegelaat nie, maar is 'n vereiste. Dit staan in teenstelling met 'n voorafgaande kultuur wat 'n moraliteit van diens en 'n vrees vir plesier gehad het. Alle ervarings is deur sterk skuldgevoelens onderdruk.
*The old 'bourgeoisie' is argued to have based its life on a morality of duty, with a fear of pleasure, modesty and restraint, and to have associated every satisfaction of forbidden impulses with guilt. In contrast, the new middle-class groups urge a morality of pleasure as a duty. This doctrine makes it a failure, a threat to the self-esteem, not to 'have fun'. Pleasure is not only permitted but demanded* (Lury 1996:100).

Gaan kyk 'n mens na die manier hoe produkte bemark word dan word dit meestal met 'n betekenis verpak. Die bemarkers weet dat ervarings verkoop en dit is dan ook die rede hoekom hulle gebruik maak van eksotiese beelde, vervulling, romanse en die goeie lewe.
*'Advertising exploits the idea that there is nothing we can't be made to feel good about, no limit to how good we can feel, and nothing we will not then do for those things that have us committed to them"* (Davidson 1992:25).

In 'n verbruikerskultuur, is die 'normale lewe', waar die verbruiker se gedagtegang heeltemal oorheers word deur keuses te maak tussen die volledige wapenuitrusting van publieke tentoongestelde geleenthede vir aangename sensasies en opgewekte ervarings (Bauman 1998:37).

#### 1.8.3.4 Identiteit

Alle mense is op een of ander manier verbruikers, maar as gevolg van mense se finansiële inkomste wat verskil, lê mense op verskillende vlakke van verbruik. Sekeres kan meer as ander verbruik, maar elkeen bly deel van verbruikerisme. Shane Hipps (2007) skryf in 'n artikel getiteld: *'Dancing with consumerism'*, dat daar verskillende maniere van verbruik is. Eerstens is daar 'hoofstroom verbruik' wat vandag se kultuur domineer. Hierdie manier van verbruik sê baie oor wie jy is en waar jy inpas in die samelewing. Tweedens kry jy 'kontra verbruik' ('*counter consumerism'*), deur jou verstand en begrip te gebruik ('*savviness'*). Daar is 'n bewustheid van sekere groot instansies wat wil domineer. 'Kontra verbruik' is waar daar 'n bewuste vermyding is om by hierdie groot instansies of organisasies te koop, maar die snaakse is, dat al word hulle vermy, vind daar nog steeds verbruik plaas. Nog steeds vind daar 'n verbruik plaas van net 'n ander identiteit (Hipps 2007). In die Suid-Afrikaanse konteks lê die verskil tussen hulle wat koffie drink by *'Wimpy, Mugg & Bean'* en hulle wat ook koffie verbruik, maar weier om by hierdie *'franchise's'* te koop. Hierdie verbruik van koffie vind eerder plaas by 'n plaaslike koffiewinkel met 'n unieke identiteit.

Jethani (2008) in 'n artikel: '*iChurch: We All Like Sheep: Is our insistence on choices leading us astray?',* beskryf hoe mense hulle vandag bevind in 'n kultuur waar verhoudings, betekenis, waarde en identiteit bepaal word deur dit wat jy kan bekostig en koop. Jy is wat jy verbruik.
*"We find ourselves in a culture that defines our relationships by our purchases. As the philosopher Baudrillard explains, 'Consumption is a system of meaning'. We assign value to ourselves and others based on the goods we purchase. One's identity is now constructed by the clothes you wear, the vehicle you drive, and the music on your iPod. In short, you are what you consume"* (Jethani 2008).

Ons lewe in 'n kultuur waar self identiteit gekoop word. Verbruik is 'n manier hoe ek my identiteit opbou en onderhou (Slater 1997:85).

*"We choose a self-identity from the shop window of the pluralized social world; actions, experiences and objects are all reflexively encountered as part of the need to construct and maintain self identity".*

Lury (1996:233) verduidelik dat die verbruikerskultuur gaan so ver dat dit ook jou psigologiese behoefte na die sinvolheid en betekenis van die lewe, infiltreer.
*"… it infiltrates everyday life not only in the level of economic decision making, social activities and domestic life, but also at the level of meaningful psychological experience".*

Die konteks van baie blanke Afrikaanse gemeentes in die Paarl is 'n refleksie van bogenoemde. As gevolg van die relatiewe finansiële welstand en sekuriteit wat mense geniet, plaas dit hulle binne 'n sekere identiteit. Met betrekking tot die prediking sal hulle vinnig vir jou sê dat hulle nie aanklank vind by 'n sekere preek, spiritualiteit of preekreeks nie (vgl. Barnard 2004:87).

**1.8.3.5 Materialisme, Advertensie en Menslike behoeftes**

'Verbruikerisme lei tot 'n toename in materialisme.
*"Homo sapiens have long distinguished themselves by their use of and the desire for material objects, and human social environments have long worked to support these tendencies to consume"* (Kanner & Kasser 2003:11).
Dit is deel van die menslike natuur en nie noodwendig verkeerd om materiële behoeftes te besit en te verbruik nie. Wat wel belangrik is, is om verantwoordelik daarmee om te gaan en hoe mense dit kan waardeer en geniet wat reeds besit word.

Saam met hierdie inherente behoefte aan besittings en verbruik, moet mens nooit vergeet dat die materiële altyd die sigbare deel van die kultuur is. Soveel te meer moet die materiële ook in verhoudings staan met 'rituele' (Lury 1996:12).

*“Rituals, in the anthropological sense, give shape and substance to social relations, ‘but’ it is more effective, when it is tied to material things, for goods are the visible part of culture’. This just shows us how big a role the possession of material thing plays in social relationships”*

Die menslike natuur het sekere behoeftes om te oorleef en ook gepaardgaande begeertes om in te pas in ‘n sosiale konteks (vgl. Myers 2003). Natuurlik is die media besig om elke dag vir mense te probeer oortuig van nog behoeftes wat hulle nodig het. Dit gaan egter nie meer soseer om te oorleef nie, maar eerder oor goedere wat waarde en status gee.

*“It is not about having the stuff we need to survive anymore, but more about what we need to fit in”* (Kanner & Kasser 2003:191).

Om ryk te wees bevredig nie die behoeftes aan lewensdoel en vervulling nie, maar die kultuur waarbinne mense leef, aam met die ondersteuning van die media probeer mense oortuig van hierdie goedere wat gekoop en verbruik moet word.

*“Studies report though, that wealthy people who have the money to get hold of all these things are not necessarily happier than their economically disadvantaged counterparts”* (Kanner and Kasser 2003:191).

As gevolg van massaproduksie tydens die industriële rewolusie, het dit tot gevolg gehad dat die markte heeltemal versadig geword het. Sodoende het die vervaardigers ‘n manier gesoek om steeds die behoefte aan produkte daar te stel. In hierdie proses is aan die advertensiebedryf geboorte geskenk.

Die advertensiebedryf raak manipulerend en oortuig voortdurend van die belangrikheid van behoeftes wat mens nooit eers aan gedink het nie (Jethani 2008).

*“Manufacturers needed a way to artificially increase demand for their products. Advertising was born”.*

Vir die produsente gaan dit nie om die behoeftes van mense te bevredig nie, maar om hulle produkte so te bemark dat mense oortuig is dat hulle nie daarsonder kan klaarkom nie. En nie net daarsonder kan klaarkom nie, maar ook in die proses beter oor hulleself sal voel. Die gevolg is dat die verbruiker die produk koop. Hulle wat die

produkte koop is ook meer gepla oor wat ander mense sê of dink oor hulle (Kanner and Kasser 2003:17).

*"… compared to those who care little for materialistic pursuits, people with a strong materialistic value orientation are more concerned with social comparison, are more likely to compare themselves with images of wealthy people*".

Daarom voel mense onder druk om seker materiële objekte te besit wat hulle sal help om by 'n sekere sosiale groep of status in te pas. Die gevolg is dat hierdie een produk wat gekoop en verbruik word, jou hele lewe kan en gaan beïnvloed. Advertensies slaag daarin om jou as mens te domineer en te beheer (Davidson 1992:49).

*"Advertising's greatest crime is its over-motivation, the way that the whole of life's intangible good things get identified with just one tiny product. Ads are everywhere, and they work to dominate our sensory worlds, to get inside our heads and with Mephistophelean sureness of touch, make our decisions for us"*.

#### 1.8.3.6 Die arm mens

Verbruikerisme het 'n groot uitwerking op die manier hoe daar na arm mense gekyk word. Vir die grootste gedeelte van die mensdom se geskiedenis het die toestand van armoede direkte gevaar beteken vir fisiese oorlewing. Armoede het nie noodwendig die gevolg van materiële ontneming en liggaamlike ellende nie. Armoede in 'n verbruikerskultuur beteken om afgesny te word van sekere geleenthede in 'n gegewe situasie vir 'n gelukkige lewe en nie dit te gebruik wat die lewe jou bied nie (Bauman 1998:37).

*"Poverty in the consumer culture means being cut off from the chances of whatever passes in a given society for a happy life, not taking what life has to offer".*

Vir die arm mens wat gebore word in 'n verbruikerskultuur is daar die belofte van 'n beter lewe. Net soos die ryk mens word hulle gebombardeer met advertensies wat hulle probeer oortuig van sekere goedere wat 'n beter lewe vir hulle sal meebring. Die verskil is dat hulle die meeste van hierdie middele nie kan bekostig nie wat tot

gevolg het dat daar spanning in gemeenskappe ontstaan. Om arm te wees in 'n verbruikerskultuur kan nie maklik wees nie. Dink net aan die spanning wat heers in 'n vader wat die stemme hoor van sy kinders wat vra na 'n speelding, maar in sy agterkop weet hy nie eens waar hy die geld gaan kry vir kos op die tafel nie. Verbruikerisme sien die arm mens as 'n gebrekkige verbruiker (*'flawed consumers'*) (Bauman 1998:38).

"*In a consumer society, having no access to a happy or merely a normal life means to be 'flawed consumers'. And so the poor of a consumer society are socially defined, and self-defined, first and foremost as blemished, defective, faulty and deficient – in other words, inadequate – consumers"*.

Neal (1984:329) skryf dat alle Bybelse godsdienste bevestig die bevryding van mense, maar die praktyk van hierdie godsdienste beperk die groep armes, as gevolg van die konsep wat aan 'die mens' toegeken word. Sodoende word die arm mens of hulle wat niks besit nie, gedefinieer as vyand, minder menslik, onverantwoordelik en afhanklik van hulle wat meer besit. Dit veroorsaak dat die arm mens nooit 'n voet het om op te staan teenoor geregtigheid nie (Neal 1984:329).

*"Hence comes the effort to define the poor or dispossessed as enemy, or animal less than human, or child instead of responsible adult, as incompetent and therefore to be cared for. All these definitions allow the poor not to be taken seriously when they challenge the right of those with power to use it against their human rights".*

Dit is skokkend om te hoor hoe mense oor die armes praat en dink, maar dit is die realiteit van die kultuur waarbinne geleef word.

'n Ander manier om na armoede te kyk is om dit te verbind met kriminaliteit. Wanneer die arm mens materiële sukses najaag is daar altyd 'n vorm van misbruik en vandalisme betrokke. Mens sien dit duidelik by huis inbrake.

*"… when poor people try to pursue material success, damaging things is often involved. The poor often deal with such consequences of their consumerism, where wealthier people can be consumeristic without those kind of consequences"* (Preaching past TiVo 2006).

Die effek wat hierdie gesindheid het op mense om nie as arm gekategoriseer te word nie, is dat die arm mens verban word uit die wêreld van morele verpligting teenoor daardie mens (Bauman 1998:77).
*"… it helps to banish the poor from the universe of moral obligation".*

#### 1.8.3.7 Individualisme en sosiale status

In die Westerse samelewing het tradisionele kultuur, gemeenskap gedrewe kultuur, plek gemaak vir die individualistiese kultuur. Soos reeds bespreek onder individualisme (punt 1.6) gaan alles om die behoefte van die individu. Mense in 'n tradisionele kultuur was meer besorg oor die verbintenis met ander, die wêreld om hulle en die vooruitgang van die groep, en nie die bevrediging van individuele behoeftes nie. Dit was ook kenmerkend van Oosterse kulture om meer afhanklik van mekaar te wees. In 'n Westerse kultuur is elke mens vir homself.
*"The Japanese culture believes that cooperation is important for education. America believes this as well, but focuses more on the individual success of a student. This can be seen in the societies as a whole. The Japanese culture uses groupism when working on projects and in daily life"* (Mendez 1997).

Die tradisionele kultuur waarbinne mense opgroei, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die samelewing en verhoudings (*'organic community'*) vanuit 'n tradisionele kultuur, het drasties verander met die opkoms van die verbruikerskultuur. Die tradisionele kultuur het alle mense nie net 'n vaste status gegee nie, maar ook een wat teologies geanker was in die kosmiese orde en sosiaal geanker in die bloed en grond, geboorte en land ("*blood and soil', birth and land*") (Slater 1997:68).

Ook die oorgang vanaf pre modernisme se *'social placing'* na modernisme se *'self-construction'* het aanleiding gegee tot 'n toename in verbruik.

> *Having dismantled the 'pre-modern' – traditional, ascriptive mechanism of social placement, which left to men and women only the relatively straightforward task of 'sticking to one's own kind', of living up to the standards attached to the 'social category' into which they were born – modernity charged the individual with the task of 'self-construction': building one's own social identity if not fully from scratch, at least from it's foundation up.*
>
> (Bauman 1998:27)

Die verbruikerskultuur is 'n individualistiese kultuur waar mense aanhoudend behoeftes het aan goedere en simbole wat hulle individuele behoeftes bevredig. Een van die kern karaktertrekke van die verbruikerskultuur is 'keuse'. Met elke nuwe keuse word die verbruiker beter toegerus om sy unieke identiteit te skep (Jethani 2008).
*"One of the core characteristics of consumerism is choice. With each new option the shopper is better equipped to construct his unique identity"*.
Soos reeds genoem is die doel van die verkoper om soveel as moontlik opsies te bied sodat elke individu die beste opsie vir homself kan kies. Om in 'n besigheid te bly moet 'n maatskappy dit produseer wat al die onderskeie voorkeure en behoeftes van verskillende individue ondervang.

Deelname aan verbruik en die vryheid van keuse wat gekoppel word aan die goedkeuring en erkenning van ander, is een van die mens se grootste behoeftes. Sosiale en ekonomiese status raak baie belangrik vir die individu in 'n verbruikerskultuur. Die rede hiervoor is dat ekonomiese status sekere beperkinge tot gevolg het rondom die verbruiker se deelname en bevestig sy vryheid om keuses uit te oefen (Lury 1996:6).

Soos reeds verduidelik onder die begrip 'postmodernisme' is waarheid relatief. Waarheid is 'n keuse en 'n gevoel. Die keuse van die individu oorheers tans die sosiale kultuur.

*"Individual choice dominates our sense of the social. Social action and structure are increasingly understood in terms of individual choices undertaken in relation to the needs of, or for, a self"* (Slater 1997:85).

Dit het tot gevolg dat daar 'n toename is in goedere wat vir 'n spesifieke individu binne 'n bepaalde leefstylgroep gemaak word. Die individu kan self die kleur, vorm en inhoud kies en weet dat hy die enigste persoon is met 'n bepaalde produk. Hierdie verbruikersgroepe word eerder bepaal deur lewenstyl as deur klas, geslag of ouderdom.

*"Mass production of standardised goods for mass consumption by homogenous consumers has given way to post-modern, post-Fordist specialized production of goods more specifically tailored for and targeted on precise consumer groups who are defined by life styles rather than by broad demographic variables like class, gender or age"* (Slater 1997:174).

### 1.8.3.8 Die jeug is die groep wat geteiken word

Deel van die verbruikersbeweging is die ontluiking van jeug subkulture wat 'n groot verbruikersaanvraag getoon het. Dit het tot gevolg gehad dat die jeug 'n uitnemende verbruikersmark geword het.

*"One of the most striking features of post war social change was the galloping success of commercial leisure industries specifically geared to youth demand. These industries were serviced by a new army of advertisers and marketers who worked both to gauge and to exploit the desires of what was perceived as a uniquely affluent breed of young consumer – the teenager"* (Osgerby 2001:91).


Wat vandag van die jeug ervaar word en die manier hoe die markte hulle teiken as uitnemende verbruikers, het dus sy wortels in die na oorlog se (2de Wêreld Oorlog) tydperk en is nog steeds aan die ontwikkel.
"*It was not until the post-war period in Britain that 'youth' became a focus of media attention and the basis of a common identification"* (Lury 1996:194).

In 1961 word een van die eerste studies in Brittanje gedoen oor tieners se verbruiksgewoontes. In vergeleke met 1938 het die verbruiking van tieners met 50% gestyg en hulle ware diskresionêre bestedingsvermoë het ook verdubbel in dieselfde tydperk. Jongmense het begin bekend staan as 'jeug', deels omdat hulle bekend geword het as 'n uitnemende verbruikersmark. Vandag word kinders groot in huise waar beide ouers werk. Een van die direkte oorsake van hierdie lewenstyl, is dat ouers geld in die hande stop van kinders op 'n baie vroeë ouderdom om te bestee terwyl ouers by die werk is. Die bestedingsvermoë van jong mense neem toe omdat ouers toenemend poog om hulle kinders besig te hou (Lury 1996:195).
Lury (1996:196) spreek sy bekommernis uit oor drie maniere hoe die verbruikerskultuur die jeug teiken. Ontspanning in plaas van werk, individuele portuurgroepe in plaas van familie en vriende en 'n oordrewe beheptheid met styl.
*"First, they were cultures of leisure, rather than work. Second, the social relationships of youth subcultures were organized around the peer group, and was as much collective as individual. This contrasted with the adult orientation to families or individual friends. Third, youth subcultures were characterized by a concern with style… "* (Lury 1996:196).

#### 1.8.3.9 Die rol van verbruikerisme op die plaaslike kerk

Hirsch (2006:42-45) skryf in sy boek, *'The forgotten ways'* dat die kerk soos dit tans bekend is, en veral in die konteks van die Paarl, goed daarin slaag om 'n kultuur te kweek en te versterk rondom verbruikerisme. Binne verbruikerisme word kerke en gemeenskappe gebou en staan die prediking as hoofmoment uit. Sonder dat mens


agterkom, betaal gemeentes en gemeenskappe die prys daarvan. Word daar nie geval vir die kerkgroei proposisies wat wil leer dat die kerk die winkelsentrum (‘*shopping mall’*) moet naboots nie? Al is mense opreg in hierdie benadering, moet daar altyd ‘n bewuswording wees van die effek van hierdie benadering. Onbewustelik van die latente virus in hierdie model – verbruikerisme en die middelklas – word kerkwees gebou op gemaklikheid en bekombaarheid (verbruikerisme) en op veiligheid en sekuriteit (middelklas) (Hirsch 2006:42-43). Is dit nie so dat deur die bou van ‘n kerkgebou, juis die kerkgebou, gelowiges vorm of bou nie? Die onderstaande sketse is geneem uit navorsing om aan te toon dat die medium die boodskap word (Hirsch 2004:42-48).




**Tradisionele model** **Kontemporêre kerk-groei model**

Die bostaande sketse verwoord ietsie van die konteks waarbinne prediking plaasvind in die meeste kerke wat deel is van hierdie studie. Die meeste hoorders is passief as gevolg van die ontvangende modus en die tipe erediens wat aangebied word. Die basiese van hierdie benadering is dat die meeste hoorder net verbruik. Hulle kom net kerk toe om gevoed te word (Hirsch 2006:43). Die kritiese vraag rondom verbruikerisme moet wees: Is die kerk en die prediking net ‘n voedings deurgang vir die meerderheid middelklas mens (konteks van die Paarl) wat rigting soek om sy/haar

loopbaan op koers te hou? Vir die meeste predikers is dit nie moeilik om toe te sien dat hierdie behoeftes bevredig word nie. Wanneer hierdie verbruikersagenda gevolg word dan raak 'n gemeente en die prediking maar net 'n verbruikers behoefte en nog 'n diensverskaffer, 'n verkoper van geestelike goedere en dienste. Is dit nie juis teen hierdie diensverskaffende benadering waarmee Jesus 'n groot probleem gehad het nie? Nêrens gee Hy duidelike drie-punt plannetjies sodat die hoorders presies weet wat om te doen nie. Sy gelykenisse laat 'n geestelike soeke by die hoorder en bemagtig hulle om die harde werk self te doen en self die stippellyne in te vul. Die hoorders is nooit passief gelaat nie, maar is geaktiveer in hulle gees. 'n Volgende stap wat gedoen kan word om die hoorder meer aktief te maak is om meer van 'n sitkamer-effek te kweek met multi sensoriese kommunikasie en spiritualiteit. Die onderstaande skets wil iets hiervan weerkaats.




**Alternatiewe kerkmodel**

Met die implementering van bostaande benadering het die navorsing getoon dat dat die verbruikers benadering net toegeneem het (Hirsch 2005:44).
*"… made matters worse for the participants, because all we did served to refine their already latent consumerism. The hearer's taste in church had evolved"*.

Met al hierdie verskuiwings en verskillende benaderings om deelname in eredienste te verhoog word daar nie veel gevorder nie. Die verbruikers benadering sal nie noodwendig 'n deelname aan die erediens en prediking verhoog nie. Ook moet daar nie verwag word dat deur 'n verbruikers benadering, gelowiges beter dissipels van Christus sal word nie (Hirsch 2006:45).

*"We plainly cannot consume our way in discipleship… Consumption is detrimental to discipleship".*

## 1.9 Waarnemings in die Paarl

'n Verandering in die kultuur rondom oorgangstydperke en transformasie skenk geboorte aan 'n hele nuwe wêreld en 'n hele nuwe stel reëls vir die wêreld waarbinne mense tans leef. Die woorde van Paulus in Romeine 10:17 word aangehaal:
'Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God. Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde'.
Maar juis die teenoorgestelde is waar. Vir te lank preek die kerk aan 'n wêreld wat nie langer wil luister nie. Doug Pagitt (2005) in sy boek *'Preaching Re-Imagined"* se woorde is so relevant vir die konteks van hierdie studie.
*"It's hard for those of us living on the presentation side of speaking to know what it does in the lives of the recipients. When competent, educated, well-informed people are put in the position of listening to someone give one-way presentations on issues of God week in and week out, they have a choice to make: Will they stand for it or not? Many have chosen not to take it any longer"* (Pagitt 2005:154).

Die tempo van verandering is verbysterend. Baie gelowiges word vasgevang in 'n stroomversnelling wat al hoe vinniger word met geen sigbare oewer nie. Daar is meer kennis en ervarings as enige ander generasie in die geskiedenis, maar geen konteks om dit te kanaliseer nie. Die kommunikasie-middele skep en gee uitdrukking aan die realiteit en word die nuwe wêreldbeskouing. Ou kennis en ou ervarings is skielik waardeloos en beteken niks as gids op hierdie nuwe reis nie. Die dun kors van ou werklikhede is nie sterk genoeg om nuwe realiteite te dra nie. Die kultuur waarbinne die prediking plaasvind is al hoe meer kompleks. Christene verkies om met absolute sekerhede te werk, maar die Bybel as bron van die Woordverkondiging is vol van sodanige polariteite. Die belewenis van die navorser is dat mense

antwoorde en duidelikheid in die prediking soek binne ‘n konteks van teenstrydighede en paradokse. Die hoorders soek sin en betekenis in die lewe en verwag van die prediking om dit vir hulle te bied binne die konteks van hulle eie unieke kultuur. Die hoorders wil nie kom luister na ‘n boodskap wat sy lewe meer kompleks maak nie. Nog minder word hulle aangespreek deur outoritêre kommunikeerders wat meen hulle het patentreg op die waarheid. Vandag se wêreld is egter veel meer gevoelsmatig, oop, onvoorspelbaar en informeel as ooit. Mense leef ook in ‘n wêreld wat die afgelope dertig jaar meer inligting geproduseer het as in die vorige vyfduisend jaar. Dit is ‘n wêreld waar die totale boekkennis elke twee en ‘n half jaar verdubbel, en waar 8,3 miljoen webblaaie elke 24 uur bygevoeg word, om nie eens te praat van die een tot twee miljoen nuwe daaglikse *‘Facebooks’* nie. Mens leef in ‘n inligting-oorbelaaide, plat, visuele wêreld waar inligting vinnig en goedkoop beskikbaar is en waar almal interaktief verbind is deur nuwe tegnologiese kommunikasiemiddels. Kerkwees se somtotaal is skielik nie meer gelyk aan die grense van die plaaslike gemeentes nie. Die internet is nou die nuwe onuitputlike bron van nuwe preke, boeke, blogs en algemene geestelike informasie.

Die probleem is egter dat die omgewing waarbinne sulke prediking plaasvind dramaties verander het. Om nie eens van kommunikasiestyle en nuwe maniere van informasie-oordrag te praat nie. Feit is, vele preekstyle wat steeds aan die orde van die dag is, is ontwerp om te kommunikeer binne ‘n wêreld wat ‘n klompie jare gelede reeds oor en verby is. Dit is bedoel om hoorders op rasionele vlak aan die hand van goed gestruktureerde voordragte te probeer oortuig van die waarheid.

Maar daar is ook ‘n ander soeke na waarheid en sin in die lewe: die soeke na die innerlike ruimte. Orals is mense op ‘n geestelike soektog. Sosioloë sê dat die mens leef in die mees geestelike tye ooit (Sardar en Abrams 2004:160). Mense is baie meer bewus van die misterieuse en die Gans Andere (Nicol: 2002).
Predikers staan Sondag vir Sondag voor ‘n gehoor en word gesien as ‘n verteenwoordiger van die kerk wat met gesag kan praat en so orde in ander mense se lewe moet bring. Die worsteling om rein voor God se aangesig te lewe, maar self

dit nie regkry nie, veroorsaak spanning in elke prediker se gemoed. Baie mense vra dat die boodskap van die prediking meer met gesag moet oorkom oor sosiale kwessies van vandag. Aan die anderkant is daar so baie gelowiges wat nie meer tuisvoel in kerke waar gesag so hoog geag word nie. Die ou manier van preek deug ook nie meer in 'n komplekse, chaotiese wêreld nie. Daar is nog steeds 'n behoefte aan die rasionele, maar ook moet mens onthou dat die rasionele nie moet oorheers nie. Die behoefte in die Paarl is aan ware liturgie – wat die hele mens, hart en siel en verstand, betrek. Daar is 'n begeerte by die hoorder dat sy/haar sintuie geprikkel moet word. Die hoorder honger na ervarings wat gedra sal word deur ryk en diep simboliek, vol metafore en rituele.

Saam met Niemandt (2007:10) kan waarnemings in die konteks van die Paarl opgesom word in drie begrippe naamlik:

- Postmodernisme
- Post-Christenheid
- Globalisering.

Daar word ook aangesluit by 'n ongepubliseerde artikel van Alan Roxburgh (2007) *'Emergent Church: Filled with creative, energetic potential'* wat die volgende sê om die waarnemings in die konteks van die Paarl op te som:

> *These folk* (gelowiges in die Paarl) *are involved in experimental new forms of church life that are vastly different from each other. Some are forming monastic communities; others are developing mission orders among youth … others are developing movements of alternative worship. Some are forming loosely connected house churches; others are experimenting with flat leadership systems. Some are working at the transitioning of churches into missional congregations, others planting house churches in atypical locations and cultures and so forth.*
>
> Alan Roxburgh (2007)

Die gemeenskap in die Paarl met sy invloei van Gautengers opsoek na stabiliteit en sekuriteit, bevind hom in die era van die Konstantynse Christendom wat verby is. Die Christelike godsdiens is besig om sy invloed te verloor. Daarmee saam beleef mens dat die hele wêreld een gemeenskap geword het. Dit bring mee dat onverwante gebeure mense uit die bloute kan tref en die hele gemeenskapslewe beïnvloed word deur gebeure waaraan daar niks gedoen kan word nie.

Die ervarings in die Paarl is dat die prediking 'n groot rol speel, maar dat daar stemme is wat opgaan oor die medium, ervaring en inhoud van die prediking. Lidmate speel predikers teenoor mekaar af en laat dit duidelik blyk dat hulle glad nie lojaal teenoor een gemeente of denominasie is nie. Dit is wonderlik om te besef dat mense wat juis uit die Ned. Geref. Kerk is as gevolg van verskille oor leringe, spiritualiteit en slegte sleg ervaringe, weer tuiskom in 'n Ned. Geref. Kerk waaroor hulle vroeër en in 'n ander konteks baie krities was. Die ervaring is ook dat die erediens en die prediking die belangrikste rol speel om mense te laat besluit of hulle deel wil wees van 'n gemeente. Maar die klem in die prediking moet inspirerend van aard wees. Die gemaklikheid en die egtheid waarmee die prediking oorkom is van deurslaggewende belang of lidmate deel wil wees van die kerk.

In Hoofstuk 2 is daar deeglik bewus geword van die leefwêreld en tydgees waarbinne gelowiges hulself bevind. Hierdie nuwe en opkomende leefwêreld en tydgees moet verreken word wanneer daar gevra word na relevante prediking. Hierdie aspekte moet nou in verband gebring word met die hermeneutiek en die homiletiek. In Hoofstuk 3 word hieraan aandag gegee.

# HOOFSTUK 3

## 'N HERMENEUTIESE BENADERING EN 'N HOMILETIESE MODEL

Die konseptuele raamwerk waarbinne hierdie studie plaasvind vind gestalte in Hoofstuk 3. In hierdie hoofstuk word daar na sosiale, religieuse en hermeneutiese veranderinge gekyk om die hermeneutiese proses te versterk. Daar gaan ook gekyk word na die hermeneutiese sieninge van twee bekende filosowe, Hans-Georg Gadamer en Paul Ricoeur. Die Hermeneuties kommunikatiewe preekteorie word breedvoerig ondersoek om 'n basis teorie vir relevante prediking daar te stel.

### 1. Sosiale kulturele veranderinge

Mense uit die eerste wêreld het die afgelope jare 'n sterk mentaliteit verandering ondergaan (Burger 1991:13). Hierdie proses word dikwels aangedui met die koepelterm 'sekularisasie' of 'modernisering' van die samelewing. Onder modernisering word verstaan:
*"… de maatschaplijke ontwikkeling die gekenmerkt word door het striven om problemen vanuit het perspectief van de rationaliteit op te lossen"* (Van der Ven 1993:46).

Die modernisering van die samelewing kan volgens Heitink (1993:45-49) en Vos (1996a:233-255) die beste verklaar en begryp word deur die begrippe 'rasionalisering' en 'differensiasie'. Differensiasie beteken dat die eenheid van die lewe verbreek word met die gevolg dat die outonome sektore soos die ekonomie, wetenskap en politiek ontstaan wat elke spesifieke doelwit nastreef (onderskeidelik wins, kennis en mag). Hierdie drie naamlik sekularisasie, rasionalisering en differensiasie vorm deel van die publieke domein. Daar is

egter ook nog ‘n privaat domein. Onder die privaat domein hoort die persoonlike leefwêreld van die mens. Dit is juis hier waar die godsdiens, die kerk en die prediking ‘n plek vind.

Volgens Heitink (1993:47) word differensiasie duidelik in twee verdere verskynsels naamlik ‘pluralisering’ en ‘spesialisasie’. Die pluralisering van kultuur kom tot uitdrukking in die groot verskeidenheid van waardes, norme en geloofsoortuigings wat aangetref word. Spesialisasie beteken dat mense binne hulle beperkte leefwêreld kennis en bekwaamheid opbou wat weer lei tot professionalisering.

Hierdie rasionalisering, differensiasie, privatisering en pluralisering het ingrypende konsekwensies vir die godsdiens en kerklike lewe (Nell 1996:157). Volgens Burger (1991:13) is die drie belangrikste implikasies:
“ … ’n sterk afname in kerklike en godsdienstige aktiwiteite; groeiende klem op die individu en sy belange versus die van die groep; ‘n baie meer kritiese houding teenoor gesag en gesagsinstansies”.
Lewis en Lewis (1989:24) beklemtoon veral laasgenoemde naamlik die skuif weg van gesag en outoriteit:
*“Sociologists looking back over the twentieth century say one of the greatest changes, if not the greatest change, has been the shift away from authority”.*

Rex Miller (2004:88) skryf van kinders wat in ‘n digitale era grootword se reaksie teenoor geloof. By hierdie kinders is geloof ‘n *‘faithful skepticism’*. Hulle bevraagteken alles en baie vroeg in hulle lewe besef hulle dat die owerhede en die gesagsinstansies nie alles weet nie. Hulle besluit self wat is waar en is baie min lojaal teenoor bestaande en gevestigde instansies en groepe.

‘n Groot aantal gemeentes in die Paarl en in Suid-Afrika bevind hulle midde in hierdie konteks van verwydering weg van outoriteit af. Volgens Burger (1995:22-38) word so ‘n tydperk gekenmerk deur die soeke na verdiepte verhoudings en

verdiepte spiritualiteit, die invloed van grens- of drempel ervarings (die ontluikende kerk) en 'n nuwe refleksie proses wat na vore kom. Burger (1995:52-53) gaan verder en noem dat laasgenoemde belangrike implikasies vir die prediking het. Hy noem egter dat die styl van die liturg van deurslaggewende belang is. In dié verband skryf Burger (1995:100):

"Dit beteken ook dat ons die prediking moet uithaal uit 'n modus waarin emosionele afdreiginge plaasvind of bevele gegee of erger nog: oordeel aangekondig word. Die primêre modus van die prediking is vertelling. Die prediking wil nie oordeel of beveel of beskuldig of manipuleer nie, maar vertel en inlig en getuienis aflê".

## 2. Verandering in religieuse kommunikasie

Lewis en Lewis (1989:ii) praat van 'n rewolusie wat plaasgevind het in menslike kommunikasie:

> *Today the reverberations of a new revolution are shaking the old foundation. The printing press is no longer the primary means of collecting or communicating human thought. Most knowledge is now stored on microfilm or in computer memory banks and communicated by blips on a screen or photo-electronic printouts… We've already crossed the threshold into a new area – the age of visual literacy.*
>
> (Lewis & Lewis 1989:ii)

Een van die uitstaande gedeelde realiteite van gemeenskappe is die TV. Mense leef, beweeg en voer hulle hele menswees en bestaan deur die TV. (Myers 1989:159-160).

Pierre Babin (1991:6) skryf in sy indrukwekkende werk *'The New Era in Religious Communication'* hoe hierdie revolusie veranderinge veroorsaak het in religieuse kommunikasie. Hy verduidelik hoe hy in die sestiger jare tot die ontdekking gekom het van die *'oudiovisuele taal'* wat 'n groot effek gehad het op sy geloofskommunikasie. Hy kom tot die besef dat die oudiovisuele 'n eie taal konstitueer en selfs 'n nuwe oudiovisuele kultuur vorm. Daar het dus 'n nuwe wyse van kommunikasie ontstaan as gevolg van 'n radikale kultuurverandering in die Westerse wêreld. Ook Troeger (1990a:290-307) in sy artikel oor *'Emerging New Standards in the Evaluation of Effective Preaching'* beskryf die invloed van die oudiovisuele kultuur op mens se geloofsvorming.

Babin (1991:6) gaan verder deur al hoe meer bewus te word van die moontlikheid om dinge nie net deur woorde taalmatig te verstaan nie, maar ook deur die effek van visuele en mondelingse stimuli.
*"… but through the effects produced in him by visual and aural stimuli".*
Hy besef dat dit nie slegs idees, filosofieë en godsdienste is wat die wêreld verander nie, maar dat die tegnologiese veranderinge 'n deurslaggewende rol speel in die verandering van kultuur. Babin (1991:14-15) kom tot die gevolgtrekking:
*"The manner of presentation is what gives life and form to the material word of Christ. Therefore, we should no longer speak of the content of the product. We should insist instead that the religious educator make the product beautiful, attractive and tempting… Communicators of faith should be specialists in giving the world a divine form".*

Volgens Babin (1991:7) is daar 'n hele aantal faktore wat die inhoud van die geloofskommunikasie meehelp, waaronder: die kerk, die plek van kommunikasie, die gesig, die gebare en die klere van die persoon wat kommunikeer. Hy skryf:
*"The message is the interrelation of the print media, the electronic media, the use of live drama, and the preached word. It is also the forms of financing, both the marketing and the administration associated with the faith".*

Daar word waarskynlik meer visuele beelde in vier-en twintig uur gesien as wat mense in Jesus se tyd in hulle hele lewe gesien het. Dink net na oor die rol wat foto's en televisie en advertensies in die lewe speel. Na die drukkuns was boeke vrylik beskikbaar. Een van die hoof redes vir die Reformasie was die beskikbaarheid van die Bybel in mense se moedertaal. Mense lees boeke en leer om stapsgewys te dink omdat boeke op daardie wyse geskryf is. In 'n veranderende wêreld waarbinne geleef word, lees mense nie meer so baie nie, al kan hulle goed lees. Daar word beweeg in 'n wêreld waar prentjies belangriker is as woorde en gevoelens belangriker is as feite. Maar God het die goeie nuus van Jesus Christus geopenbaar deur woorde in 'n boek – die Bybel. In 'n kultuur waar mense weg beweeg van woorde na beelde moet daar nuut gedink word oor hoe die boodskap van Jesus Christus in die prediking vergestalt kan word.

Die oudiovisuele draaipunt in geloofskommunikasie sal in die prediking verreken moet word. Dit vra kreatiwiteit en moeite maar die prediking sal hierdie verandering nie sonder skadelike gevolge kan verontagsaam nie. Die naderende nuwe era word genoem die 'digitale kultuur' (Miller 2004:78-79). Die toegang tot digitale kommunikasie bereik vinnig 'n punt van geen omdraai (*'tipping point'*). In die konteks van Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl het meer as 50% van die lidmate rekenaars (meer as 70% met kinders). Die kinders wat groot word in hierdie digitale kultuur, sal opstaan en die huidige uitsaaikultuur en letterkultuur se reëls en strukture ter syde plaas. Die gevolg is dat die basis van kennis en verstaan verskuif na 'n interaktiewe, globale, enige tyd, multimedia ervaring met ontelbare bronne om te ontgin en te toets. Die koms van die digitale kultuur gaan vêrreikende gevolge hê op kerkweë en veral die prediking. Die effek van die digitale kultuur kan opgesom word in die volgende woorde:

> *The experience will not be the intellectually passive experience of watching television, or emotionally distant experience of reading. Our minds and bodies will undergo yet another rewiring to support this different sensory experience. We now have the*

*means to allow our desires to journey virtually anyplace, to consider anything we choose. Our imaginary games of fantasy can for the first time achieve virtual reality leading to a corresponding physical expression. There are theoretically no boundaries or restrictions within this environment. We are transcending the gravitational pull of our traditional worldview, and we are experiencing a social and moral weightlessness as a consequence.*

(Miller 2004:78-79)

Christenskap is fundamenteel 'n 'kommunikasie gebeurtenis'. Christenskap is gebou op God wat hom openbaar aan die mens. God het 'n gewoonte om sy kinders iets te laat weet van sy gedagtes, gevoelens en intensies. God wil kommunikeer en Hy doen dit deur verskillende mediums: engele, brandende bosse, kliptafels, boekrolle, donkies, profete, magtige stemme, fluisteringe, en woorde wat in die grond gekrabbel word (Hipps 2009:13).

Enige ernstige studie van God is 'n studie van kommunikasie. Om God te verstaan word gevorm deur 'n mens se verstaan of misverstaan van die media, tegnologie/kommunikasiemiddele wat individue gebruik om te kommunikeer. Die media en tegnologie versterk en verleng 'n mens se reikwydte – sy woorde, klanke, beelde en self – verby die normale beperkinge. Die kultuur waarbinne die mens leef gebruik maklik die woord 'media' in verhouding tot 'Die Media' wat DSTV kanale, akteurs, radiostasies, en koerante voorstel. Maar volgens McLuhan (1988:98) is dit veel meer as dit:
*"… a medium is anything that stretches, extends, or amplifies some human capacity".*

Tegnologie/kommunikasiemiddele is 'n eenvoudige verlenging van 'n individu. Dit vat baie van die krag van die medium weg, maar gee dit weer terug. Dit is

soos ‘n vriend wat sy selfoon heeltyd antwoord tydens ‘n spesiale koffie-afspraak wat gemaak is om ‘n spesifieke saak te bespreek.  Na die vyfde oproep wat hy antwoord sê hy: “Jammer, ek is ‘n slaaf van my selfoon”.  Wanneer hy besef dat sy selfoon maar net ‘n verlengstuk van homself is dan maak dit mos sin dat hy sê: “Ek is ‘n slaaf van my ore en my stem” – die presiese dele van onsself wat die selfoon verleng.

*“By understanding that media are extensions of ourselves, we begin to develop depth to our perception and see an additional dimension”* (Hipps 2009:36).

Volgens McLuhan (1964:9) is die duidelikste manier om na ‘n kultuur te kyk deur die middele wat hulle gebruik om te kommunikeer.  Die kommunikasiemiddele is ‘n manier om te verstaan wie ek is, wie mens dink God is en hoe God se veranderende boodskap verander het en nog baie gaan verander  (Hipps 2009:13).

Die verandering in kultuur bring mee dat die meeste predikers dink dat die inhoud en waarheid van die prediking nooit verander nie, maar dat net die medium verander.  Dit is hoe baie gelowiges omgaan met verandering in ‘n kultuur.  Die metode verander altyd, maar die boodskap bly dieselfde.  Dit kan nooit waar wees nie want die aanbiedings vorme van die Christendom moet verander as mense en die kultuur verander.  As dit nie so is nie, sal meeste mense vandag nog steeds Grieks en Hebreeus en Aramees magtig moes wees om enige iets van die Bybel te verstaan.  Die kerk het ‘n geskiedenis en ‘n gewoonte om weerstandig te wees teenoor metodologiese veranderinge.  Dit word vandag nog algemeen aanvaar dat solank die onveranderende ‘boodskap’ van die Evangelie verkondig word, die ‘metode’ van kommunikasie nie veel saak maak nie.  Met ander woorde die kommunikasiemiddele is slegs neutrale pyplyne wat soos waterpype in ‘n huis die water verplaas van een vertrek na ‘n ander.  Die pype maak nie veel saak nie, solank dit net nie lek nie.  Dit klink baie logies, maar is nie heeltemal waar nie.

Marshall McLuhan (1964) noem dat kommunikasiemiddele nooit neutraal staan nie.

*"The medium is the message"* (McLuhan 1964:9).

Hipps (2004:25) sluit aan by McLuhan:

*"If the first truth is that our methods necessarily change, the second truth is that whenever our methods change, the message automatically changes along with them. You can't change methods without changing the message – they're inseparable".*

Die verskillende kommunikasiemiddele waardeur inligting ontvang word is nooit neutraal nie. Inteendeel, hulle het die krag om mens te verander. Dit maak nie saak wat die inhoud is nie. Nooit kan daar net geoordeel word aan die inhoud nie. Met ander woorde, as 'n kommunikasiemiddel seksuele eksplisiete materiaal oordra is dit sleg, maar as dit geestelike inhoud oordra, dan is dit goed. Hierdie voorveronderstelling ignoreer die feit dat die TV beeld op sigself mense verander.

> *When we watch television, we are oblivious to the medium itself. The flickering mosaic of pixilated light washes over us, bypassing our conscious awareness. Instead, we sit hypnotized by the program – the content – which has gripped our attention, unaware of the ways in which the television, regardless of its content, is repatterning the neural pathways in our brain and reducing our capacity for abstract thought. The screen itself is part of the message.*
>
> (Hipps 2009:26)

Volgens McLuhan (1988:98) is daar vier dimensies tot alle media:

1. Die verlengstuk van 'n persoon
2. Elke nuwe vorm van media maak 'n ouer tegnologie irrelevant en absoluut

3. Niks is nuut onder die son nie. Elke nuwe medium gebruik die oue se ervaringe
4. Die 'donker dimensie'. Elke medium wat te ver geforseer word, sal omswaai en konsekwensies tot gevolg hê. Die Internet was ontwerp om inligting meer beskikbaar te maak, maar te veel of verkeerde inligting kan tot groter twyfel lei.

In die lig van bogenoemde kan daar nie anders as om te gaan kyk wat die inherente natuur van geskiedenis se dominante kommunikasiemiddele was nie naamlik:

- Die Gesproke Woord
- Die Drukkuns
- Die Uitsaaiwese
- Die Digitale Netwerke.

Deur die verstaan van hierdie vier tydperke en vier verskillende kommunikasiemiddele sal mens kan sien hoe dit mense, gemeenskappe, wêreld sieninge, teologieë, en die kerk beïnvloed het. Daar sal met duidelikheid gesien word waar dinge vandaan kom, waar die mens nou is en waarheen die mens op pad is. Daar sal ook meer duidelikheid wees oor die medium wat individue se wêreldbeeld bepaal en ook 'n beter verstaan van die veranderinge waarby die prediking moet inpas. Vir die doel van hierdie studie word daar gesteun op die werk van Rex Miller (2004), in sy boek *'Millennium Matrix- Reclaiming the Past, Reframing the Future of the Church'.*

## 2.1 Die Oralekultuur – Liturgiese Kerk

Dit staan ook bekend as die tydperk van 'Die Lewende Woord' en word beskou as die tydperk vanaf die ontstaan van die mens tot en met 1500 na Christus (Miller 2004:19).

Deur die lees van Genesis 1 sien mens dat God die Skepping tot ontstaan gespreek het (Brueggemann 1982:18). Ook word die eerste kulture gesien as oraal/mondelings, wat gebaseer is op die gesproke woord. Daar was geen radiogolwe in die lug aanwesig nie. Al wat aanwesig was in die lug was net die stemme van mense: persoon tot persoon. Die oralekultuur gaan nie net oor praat nie, maar ook oor om te hoor: nie die lees van die gedrukte woord of die kyk na TV of die besoeke aan webtuistes nie. 'Verstaan' was om te hoor (Miller 2004:19). Lering het geskied in die vorm van dialoog ('*dialectic instructions'*) wat amper in die vorm van 'n onderhoud situasie plaasgevind het van mentor en student (Miller 2004:47-48). Jesus het geleef in 'n kultuur radikaal anders as dié waarin mense hulle vandag begewe. Dit is so maklik om die woorde van Jesus te wanvertolk. Gelowiges mis nie die inhoud van Sy leringe of woorde nie, maar mis die konteks waarbinne Sy lewende woorde geskied het. Sy wêreld was nie die huidige wêreld nie.

*"The strongly oral cast of the Hebrew and Christian Scriptures bespeaks a culture not only temporally but temperamentally quite different from ours, with a sense of the world and a psychological structure which is different not merely by reason of position in time and of social institutions generally but also specifically by reason of the way in which it is oriented towards the word itself"* (Ong. 1967:3).

Die wonder van die oralekultuur lê in die 'intieme konneksies' tussen persone. Woord en gees, gees en wese, woorde en betekenis, woorde en aspekte: alles is geïnternaliseer en in verhouding tot mekaar. Die skeidslyne tussen kuns en godsdiens en wetenskap en letterkunde – verskil nie so baie van mekaar as in die tydgees van die visuele en realiteit, waarbinne mense vandag leef nie (Miller 2004:22).

Die waarheid in 'n oralekultuur geskied altyd binne verhouding. Die waarheid en die waarheidgewer is intiem verbind. Die waardigheid van die boodskap was alleenlik gebaseer op die waardigheid van hom/haar wat die waarheid oordra.

Geloof in iemand of iets is gelykstaande aan vertroue in iemand of iets (Miller 2004:27).

Seker een van die mees dinamiese kenmerke van 'n oralekultuur is die sentraliteit van die gemeenskap waarbinne persone leef. Die meeste mense wat in die oralekultuur gewoon het, het besonderse geheues gehad (Hipps 2009:55). Hierdie kapasiteit was nodig vir die voortbestaan van die volks narratiewe wat betekenis en identiteit gebring het.

*"Because oral cultures have no way to store information or knowledge outside of the mind, once they learn something, they depend upon the community to retain it. Mostly this is done through repetition – telling and retelling stories in an oral tradition that spans many generations"* (Hipps 2009:55-56).

Die gemeenskap van die gelowiges is ook een van die voortdurende bydraes tot die liturgiese kerk. Die term 'liturgie' was nie eers deel van gelowiges se woordeskat voor die 1500's nie, maar het die struktuur van aanbidding in die vroeë kerk beskryf. Liturgie is seremonieel wat gesentreerd is rondom 'n ritueel wat insluit simbole, sakramente en tekens om 'n mistieke gebeurtenis te skep. Die '*Eucharist*' van die Rooms Katolieke Kerk is die weeklikse mistieke viering van gemeenskap met Christus (Miller 2004:29).

Die kerkmusiek in vroeë Christen kulture het die vorm van *'chant'*, of eenvoudige Psalms en volksmusiek aangeneem. Die rasionaal agter die *'chant'* was dat deur die verskillende note jy sekere emosies beleef soos rus, oplossing en konflik. 'n Mens kan ook voel hoe hierdie verskillende note (*do, re, mi, fa, so, la, ti en do*) in verskillende dele van 'n mens se liggaam resoneer naamlik kop, keel, bors en maag (Miller 2004:30-31; vgl. Neuser 1973:37).

In 'n oralekultuur het die argitektuur van die gebou ook sekere heilige patrone uitgebeeld. Die geboue of argitektuur (*'sacred places'*) gee fisiese uitdrukking aan die hemelse realiteit.

*"They are built according to a revealed sacred pattern, with the intention to reconnect and relive the sacred moment"* (Miller 2004:31).


Alles in die katedraal was gebou om die sintuie te betrek en om die individue te oorlaai om sodoende 'n heilige transformasie te ondergaan:

*"… everything communicated the story and created a focus that distinctly departed from the individual's profane existence. Sacred architecture, whether grand or simple, provided a centre piece for oral societies"* (Miller 2004:31).

Hipps (2009:48) skryf dat in die Middeleeue die stories van die Bybel deur die loodglasvensters verkondig is:

*"Medieval cathedrals told the stories of the Bible in elaborate stained-glass windows. They presented the seeker with a vast array of vague impressions representing the grand sweep of the biblical narrative – the message was far from distilled".*

Numerings en heilige wiskundige verhoudings was ook ingebring deur die katedrale argitektuur. Die onderstaande skets van die *'Notre Dame'* Katedraal wil ietsie hiervan beskryf. Die kruis as die middel vorm die uitbeelding van sewes en drieë. Kyk ook na die aantal spasies tussen die kolomme. Om binne een van hierdie katedrale te staan bring 'n ongelooflike ervaring mee. Dink net hoe moes dit gewees het vir persone wat in die orale tydperk geleef het en die ingeweefde taal te kon lees van elke steen en van elke uitbeelding.



**Notre Damme Katedraal in Parys se vloerplan**

Die mense van die orale wêreld – die mense van die Ou en Nuwe Testament, die profete, Jesus – het gelewe in 'n tyd waar 'n 'oog vir 'n oog' algemeen was. Hulle het die lewe baie direk ervaar. God is elke oomblik van die dag ingeasem (Miller 2004:34). Met die aanbreek van die drukkuns – waar die massas die Woord van

God self kon lees – moes die oralekultuur plek maak vir 'n wêreld van logika en rede.

## 2.2 Die Geskrewe/Letterkultuur- Reformasie Kerk

Hierdie era het plaasgevind tussen 1500nC-1950nC en die uitstaande kenmerk was dat die 'boodskap' en die 'boodskapper' verdeel geraak het. Alles het gebeur as gevolg van Johannes Gutenberg in 1454nC wat deur 'n eenvoudige wynpers die drukkuns gestalte gegee het. Die gevolg was dat die Bybel in massaproduksie beskikbaar gestel kon word. Dit het die einde gespel van die oralekultuur en 'n nuwe kultuur, die geskrewe/letterkultuur, het die lig gesien. Die aanbreek van die letterkultuur was een van die uitsonderlikste gebeurtenisse in die geskiedenis wat skeiding tussen mense gebring het.
*"Three media ingredients – paper, printing, and the alphabet – combined to ignite an explosion of nuclear proportions… for over four centuries, the printing press made the printed word the standard way of communicating and learning in the Western world"* (Hipps 2009:46).
Ewe skielik kon die algemene bevolking ook toegang hê tot inligting wat net beskore was vir die konings en die pouse (Miller 2004:35-36).

Vir meer duidelikheid oor die begrip woord/geskrewe/letterkultuur, word daar van nou af slegs verwys na die letterkultuur of era.

Die letterkultuur het 'n liniêre en logiese gedagtegang geskep. In die oralekultuur was kennis oorgedra van die meester na die leerling, van mens tot mens, en is gesien as 'n holistiese leerervaring. In die letterkultuur was dit reguit lyne wat getik is en die woorde op papier die oorsaak dat daar verwydering gekom het tussen gees en woord, gees en wese, woorde en betekenis, betekenis en gebeure. Christenskap het oornag 'n nuwe en kragtige voertuig gevind. Deur hierdie voertuig van die drukkuns kon die kerk sy dogma, invloed tot 'n nuwe vlak

van verantwoordelikheid en geleenthede neem. Dit het rasionele denke geskep wat die mistieke agterweë gelaat het. Die letter het die gordyn geskeur wat die misterie van die lewende woord beskerm het. Die wêreld word nou gesien deur 'n bril van ordelikheid, onderskeiding en binne die konteks van rede (Miller 2004:36).

Oor 'n relatief kort tyd het die balans in mag geskuif vanaf die 'oor' (om te hoor) na die 'oog' (om te sien/lees). Dit het veroorsaak dat mense op 'n ander manier inligting geïnterpreteer het. Persone se persepsie het nie meer berus op die boodskapper (die konteks) nie, maar berus nou op die boodskap (die inhoud). Die letterkultuur het sy krag gevind in die inhoud van die boodskap (Ong. 1967:50). Tussen die leser en die skrywer het daar skeiding gekom. Die lees van 'n teks veroorsaak 'n buffer van kollektiewe gedagtes en dialoog.
*"More significantly, the integration of reading creates a different psychological makeup. It desensitized the eye to the interactive integration inherent in oral communities. The eye signals the brain to discern (mentally separate) and analyze (break up the whole). By contrast, the ear seeks harmony and synthesis*" (Miller 2004:44: vgl. Ong. 1967:229).

Die antieke menslike draers van inligting en verstaan – die ouderlinge, priesters, onderwysers – is vervang met 'n nuwe vorm, naamlik die letter:
*"… the individual finds it possible to think through a situation more from within his own mind out of his own personal resources and in terms of an objectively analyzed situation, which confronts him. He becomes more original and individual, detribalized"* (Ong. 1967:135).
Die impak van die gedrukte woord het so dominant geword dat dit die hoogste gesag van outoriteit geword het. Die boodskap word belangriker as die boodskapper. Waarheid verskuif vanaf verhouding na beginsel. Daar word gesteun op die inhoud en die konstruksie van die kommunikasie om die boodskap erkenning te gee. Die Bybel vervang die kerk as die bron van outoriteit en waarheid *('sola sciptura').*

*"… an individualistic and analytical approach relying strictly on the Bible text"* (Miller 2004:50).

Dit was bevrydend vir meeste denkers weg van reëls, tradisies en gesag om sodoende observasies te kon maak en te kon eksperimenteer. Die gevolg was die Hervorming wat begin plaasvind het en die skeiding tussen Katolisisme en Protestantisme. Die Hervorming tradisie volgens Miller (2004:45-46) het 'n rasionele sistemiese teologie ontwikkel wat gelei het tot teologiese kundigheid en opleiding.

*"Education rather than initiation, becomes the primary tool to guide the Reformation believer towards a realization of vocation and fulfillment"* (Miller 2004:50).

Die persoonlike filter van gemeenskap het ook verarm en die heroriëntasie vanaf subjektiwiteit na objektiwiteit het al hoe meer toegeneem.

*"Seeing is distant and detached"* (Miller 2004:46).

Die skryfkuns het mense die luuksheid gebied om objektief – apart van die stam – te kon dink. Shane Hipps (2009:56) verwoord dit so mooi in sy boek *'Flickering Pixels'.*

> *The invention of writing gave people the luxury of thinking apart from the tribe without the concern of those thoughts disappearing. And reading and writing became available to more and more people, the community was no longer needed to retain teachings, tradition, or identity. And because the task of reading and writing often encourages to be alone, tribes and communities can be fractured as people spend greater amount of time in private. This isolation creates the conditions necessary for a strong sense of individualism to emerge.*
>
> (Hipps 2009:56)


Ong. (1982:78) sluit by bostaande aan deur dit duidelik te stel dat in pre-literêre gemeenskappe die individu se identiteit deur die gemeenskap bepaal word en dat die skryfkuns juis die gemeenskap vernietig en die individu uitlig.
*"In pre-literate societies, a person's identity is bound to the tribe; the notion of the individual has little importance. However, the 'technology' of writing, regardless of 'content', weakens and even destroys tribal bonds and profoundly amplifies the value of the individual".*

Hierdie skuif vanaf gemeenskap na individu het die kerk se omgang met die Evangelie radikaal verander. In hierdie proses het die Bybel 'n handboek geword vir 'n morele lewe en regte denke. Die tegnologie van die drukkuns het die gemeenskap van gelowiges vervaag na iets privaat (Hipps 2009:57).

Die skuif in gesag vanaf 'boodskapper' na 'boodskap' het tot gevolg gehad dat argitektuur en rituele heeltemal verander het.
*"… replacing symbolic architecture with simple and functional buildings. The ritual of re-enacting the Last Supper is replaced by retelling of the gospel. The focus of the service shifted from the Eucharism to the preaching of the word"*
(Miller 2004:45).

Ook het die liniêre rangskikking van sitplekke in kerk nooit bestaan voor die drukkuns nie. Die Middeleeuse kerk het nie rye sitplekke gehad nie, slegs oop spasies waar daar gestaan kon word (Hipps 2009:46-47). Na die drukkuns het die kerk sitplekke die bladsy van 'n boek gespieëlbeeld. Onderstaande twee sketse wil iets hiervan verwoord.





Results of a Small-Scale Stumptailed Monkey Breeding Program in a Laboratory

Allan M. Schrier and Morris L. Povar
Brown University

The purpose of this paper is to describe informally our experiences during the past approximately nine years in connection with a small-scale harem-type breeding program using stumptailed monkeys (*Macaca arctoides*). The program has been conducted in the Primate Behavior Laboratory in the Psychology Department.

Our own experience, as well as that of others, has been that, while it is relatively easy to breed rhesus (*M. mulatta*) and cynomolgus monkeys (*M. fascicularis*) in pairs in individual laboratory cages (Valerio & Dalgard, 1975), it is quite difficult to breed stumptailed monkeys in this manner (e.g., Bruggerman and Grauwiler, 1972; Trollope, 1978). Although we had a successful rhesus monkey breeding program involving animals paired in cages in cage racks (Kaye, Povar, & Schrier, 1966), we had far less success under the same conditions with stumptailed monkeys (approximately 8 or 9 live births in 10 pairings in the former case, as compared with approximately 1 in 10 in the latter). There was little published information about such matters in the early 1970's when we became concerned about the continued supply of stumptailed monkeys from the wild due to increasing evidence that their existence in the wild was severely threatened (Harrison, 1971). (And, indeed, in 1976, the government of Thailand, the only significant source of these animals, banned their export for all purposes.) We discussed the matter with investigators in other laboratories and the consensus was that stumptailed monkeys should be maintained in social groups for successful breeding, though the exact conditions were not clear and the results appeared to have been quite variable.

Early in 1975, we replaced the individual cage racks in one of our three colony rooms with two enclosures constructed with commercially available wire-mesh galvanized iron hardware used for dog pens. Each enclosure was approximately 2.5 by 3 by 2 m high. A wire-mesh metal divider with a large sliding door inside the enclosure could be used to divide the cage in half. This proved useful for purposes of gradually introducing new animals, temporarily separating an animal, capturing individuals, and the like. The colony room floor (Dexotex) served as the floor of the enclosure. Parallel sets of 2.5-cm diameter pipe were provided for use as perches. The colony rooms have gutters running along the walls that are pitched toward large drains. The colony room floors are, in turn, pitched toward the gutters. The cages were placed so that a gutter was located along one side. This facilitated cleaning of the pens by hosing of wastes into the gutters and down the drains (while the monkeys would take to their perches). The room was well lighted with fluorescent light from ceiling fixtures. A 12-hr. light-dark cycle and a temperature range of 70-75 deg-F was maintained throughout the year.

Five wild-born females, ranging in age from 3 to 5 years, as estimated by their dentition upon arrival in the laboratory, that had been in the laboratory for about 3 months, were placed in the enclosure with an approximately 9-year-old wild-born male, Dirk. Dirk had been in the laboratory for 6 years, had served as a subject in a number of behavioral learning experiments, and was a proven breeder. Five wild-born females and a male were placed at about the same time in the second enclosure. Four of these had the same background as the five in the first enclosure. The fifth female (Daisy) and the male (Clive) were about the same age and had the same background as Dirk. They were both also proven breeders in the laboratory.

It is common knowledge that intragroup aggression, particularly among females, can be a serious problem when establishing harem-type as well as other social groups (Timmermans, Schouten, & Krijnen, 1981). Thus, the groups were carefully monitored during the first few weeks, and, in fact, one of the females in Clive's enclosure appeared to be in danger of losing her life and was removed. Another female in this enclosure was removed the following year because of illness. Two females (Beula and Kim) that had arrived in the laboratory at the same time as the other females in the enclosure were added to the group in 1977.

The animals are fed only Old-World-monkey-type commercial laboratory monkey biscuits, as has been the case for all of our animals in the Primate Behavior Laboratory since it was founded. They are fed enough once a day that the animals lowest in the dominance order

---

Author's address: Psychology Dept., Brown University, Providence, RI 02912 USA.

Hipps (2009:45) stel dit helder:

*"The tools we use to think actually 'shape' the way we think. The same applies to our faith as well".*

Rondom aanbidding van die gemeenskap van gelowiges het die skuif plaasgevind vanaf 'ritueel' na 'ordelikheid'. Die Protestantse erfenis waarvan die Ned. Geref. Kerk deel is, reflekteer die meer rasionele en objektiewe karaktertrekke van die letterkultuur. Die aanbidding geskied binne 'n konstante en logiese orde wat opbou na die prediking van die Woord. Die inruiming van die aanbiddings geleentheid is daar om inligting oor God en God se waarhede oor te dra (vgl. Barnard 2004:53).

*"It is designed to provide a logical explanation of our need for Christ, a systematic retelling of Christ's ministry and ultimate triumph, and then a prescribed response for those who need to reconcile their current state or situation with the gospel"* (Miller 2004:51).

Die effek van die verskillende style van aanbidding vanaf orale na geskrewe was enorm. ‘n Verdere gevolg was ‘n radikale skuif in musiek. Musiek was nie meer gesetel in die hande van hulle wat in die tradisie in *‘chant’* en liturgie opgelei is nie. Die geskrewe Woord het dit moontlik gemaak dat musiek vir almal toeganklik was. Die musiek het verander van ‘mistiek’ na ‘eksplisiet’. Komplekse melodieë het toegeneem en meer musikante het na vore gekom. Die gevolg was konserte waar die musikante saam kon speel, wat weer gelei het tot sinergiese klank en die produk van orkeste tot gevolg gehad het. Sodoende kon aanbidders die inhoud van hulle geloof uitdruk in hulle eie taal (Miller 2004:51).

Volgens Miller (2004:37-38) het hierdie verandering in persepsie ‘n nuwe psigologiese dimensie by mense veroorsaak wat nuwe reëls ten opsigte van verhoudinge, organisasies en institusies teweeg gebring het. Dit kan opgesom word in die volgende punte:

- Verstaan deur analise vervang verstaan deur dialoog
- Individuele outonomiteit vervang gemeenskap getrouheid
- ‘n Konseptuele verstaan van God vervang ‘n verhoudings georiënteerdheid teenoor God
- ‘n Progressiewe siening van geskiedenis vervang ‘n sikliese siening van geskiedenis
- Die lees van die Evangelie van God vervang die ervaring van die Evangelie van God deur seremonies en rituele
- Etiese beginsels vervang morele keuses
- ‘n Objektiewe wêreldbeskouing vervang ‘n deelnemende wêreldbeskouing
- Pedagogie vervang mentorskap
- Logiese redenering vervang dialektiese ontdekkings
- Rasionele ontwerp vervang simboliese kuns en argitektuur.

Dit het tot gevolg gehad dat die letter, die lewende woord stilgemaak het
*“You might say that the world shifted from ‘Believing is seeing’ to ‘Seeing is believing’”* (Miller 2004:39; vgl. Schaeffer 1968; Schaeffer 1983).

Die gedrukte woord het 'n rasionele gedagtegang geskep wat die wêreld as verskillende parte of dele sien wat op ordelike wyse aanmekaar gesit is, soos die woorde in 'n sin. Die gedrukte gedagtegang is analities en verdeel die geheel in verskillende dele. Sodoende word die beginsel van logika gebruik om die verskillende dele uitmekaar te haal en weer aanmekaar te sit as 'n geheel. Die logiese voorsien die struktuur vir ware rede en die verstaan van die heelal (Ong. 1967:63-64).

Die fondament van die Westerse gedagtegang en empirie is gebou rondom twee eenvoudige formulas: 'A is A' en 'A is nie nie-A'. Met ander woorde, iets is nie enige iets anders as wat dit nie is nie (Korzybski 1951:22). Dit gee uitdrukking aan die kompleet visuele, liniêre, afsonderlike oriëntasie van die gedrukte gedagtegang wat totaal verskil van die kronkelende, mistieke, gemeenskaplike ontdekking van die orale gedagtegang (Miller 2004:42).

Die kerk het verander vanaf 'n ruimte van intieme verbintenisse na 'n ruimte van rasionele afskeidbaarheid. Die effek van die individu se verhouding met God het fundamenteel verander. Die gevolg was die skepping van die Reformatoriese lering oor geloof met sy liniêre progressiewe patroon. Hierdie patroon het ook die Evangelie omvorm.
Hipps (2009:48) verduidelik as volg:
*"The values of efficiency and linear sequence, which became more entrenched in the Western world with each passing decade, changed the way the gospel was conceived. Under the force of the printed word, the gospel message was efficiently compressed into a linear sequential formula".*

Ons almal ken die bekende sistematiese liniêre benadering van die evangelie:
Vra vergifnis vir sonde **+** Glo in Jesus **=** Gaan hemel toe.

Ook die baie bekende vier geestelike wette van Bill Bright (*'Campus Crusade'*) is deel hiervan. Hierdie vereenvoudiging van die evangelie sou nooit plaasgevind

het, as dit nie vir die drukpers was nie. Hierdie benadering waarmee meeste Ned. Geref. Kerk lidmate bekend is het die hoeksteen geword van die moderne evangeliese uitdrukking van geloof.

Liniêre redenering in die letterkultuur was geneem na die ekstreme. Dit het tot gevolg dat die medium kan terugskiet as dit tot die uiterste gedryf word. Die uiteinde van oormatige liniêre redenering is dat dit die primêre betekenis raak waarvolgens geloof verstaan en gepropageer word. Dit beteken dat die evangelie slegs verstaan en ontvang word deur rede en feite. Doktrines word aanvaar deur rede.

*"Printing makes us prefer cognitive modes of processing while at the same time atrophying our appreciation for mysticism, intuition, and emotion. It can even make us suspicious or fearful of feelings, especially as they interact with our 'logical' faith"* (Hipps 2009:49).

Ons kommunikeer deur die liniêre abstrakte manier van die gedrukte woord en het tot gevolg dat die mens deur die medium verander word.

*"We become what we behold"* (Hipps 2009:48).

Daar is 'n groot verskil tussen om te weet van God en God te ken. Die gevolge was dat mense al hoe meer objektief en intellektueel teenoor God geraak het. Dit het daartoe gelei dat mense geglo het dat hulle objektiwiteit 'absoluut' is (vgl. Lonergan 1997:214-216). Die resultaat is dat mense se teologiese veronderstellings ten slegste verander het en 'n ommekeer het begin plaasvind. Mense het begin om die Bybel te lees onder 'n illusie dat God se gedagtes geken kan word met bevooroordeling van duidelikheid en visie. Mense glo dat die Bybel 'n stel van objektiewe proposisies voorstel wat deur opleiding en tyd ontdek kan word. Die gevolg is 'n teologiese en evangeliese arrogansie (Hipps 2009:58-59).

*"What emerged from this new style of reading and relating to God was a theological and evangelical arrogance. In reality, our subjective experience is*

*inescapable…. Unavoidable subjectivity is anything but a descent into meaningless 'realtivism'".*

Wanneer die orale en die geskrewe kulture teenoor mekaar opgeweeg word, kan mens sien hoe die geskrewe wêreld afstand bring in die manier hoe daar na die wêreld gekyk word. Vervolgens sal die uitsaaikultuur van nader bekyk word om weereens te besef hoe die aanhoudende beelde en klanke mense verander.
*"We shape our tools and afterwards our tools shape us"* (McLuhan 1994:xxi).
Die gevolg is dat die Evangelie van Jesus Christus weereens verskillend ervaar sal word en op ander maniere uitdrukking moet gee aan mens se geloof.

### 2.3 Die Uitsaaikultuur – Die Kontemporêre/Feesviering Kerk

Die uitsaaikultuur volgens Miller (2004) is die tydperk vanaf 1950-2010. In Suid-Afrika het TV in die middel 70's die lig gesien. Maar die uitsaaikultuur het alreeds begin met die uitvinding van die telegraaf. Samuel F.B., Morse het in 1948 die eerste elektroniese kommunikasie bewerkstellig (Postman 1994:68).
*"Morse's invention dramatically altered the way we relate to information by breaking, for the first time, the historic connection between communication and transportation. Prior to the telegraph, information travelled at about 35 miles per hour – roughly the speed of a train"* (Postman 1993:67).
Sodoende is inligting vertaal in elektriese impulse en bevry om te beweeg teen die spoed van lig. Hierdie tegnologiese deurbraak het die wyse verander van hoe mense kommunikeer en het ook mense se wêreldbeskouing verander. Voor die telegraaf was inligting plaaslik, gewortel binne 'n bepaalde konteks en toegedraai in geskiedenis wat betekenis en samehorigheid voorsien het. Maar met die telegraaf is inligting verwyder vanaf die plaaslike en historiese situasie na onbekende kontekste met geen verbintenisse nie (Hipps 2009:66-67).

Die kamera, radio en rolprentbedryf versterk hierdie nuwe kultuur. Die kamera het tot gevolg gehad dat die 'vermaaklikheidsbedryf' met sy filmsterre, modelle en persoonlikhede handuit geruk het. Dink net aan die dramas rondom die dood van Prinses Diana as gevolg van kamera persone se obsessie met bekende persoonlikhede. Fotografie het bygedra tot die groeiende narsisme en obsessiewe gedrag in hierdie nuwe kultuur. Die natuurlike selfbewustheid van adolessente begin al vroeër in die lewe van 'n mens plaasvind (Hipps 2009:96). Die manipulasie van foto's is op elke voorblad van tydskrifte te sien.

*"Our culture is descended to a place where even the natural beauty of a supermodel is simply not beautiful enough to withstand the unflinching scrutiny of the camera. The most 'beautiful' individuals in the world must be thoroughly transformed before being shown to the public"* (Collins 2008:100).

Dit is geen wonder dat agtjarige meisies alreeds hulle selfbeeld bevraagteken nie. Die medium van foto's lei die aandag weg van die innerlike lewe na 'n tentoonstelling van uiterlike aspekte. Dit het ernstige implikasies vir enige persoon se geestestoestand.

Maar TV was die medium wat die uisaaikultuur in 'n vinniger rat geplaas het. Dit was nie lank nie of die TV was die middelpunt in elke huis. Die kontras was groot tussen die kinders wat enersyds opgevoed was (en nog steeds is) in 'n letterkultuur en andersyds grootgemaak word in 'n uitsaaikultuur.

*"Television demanded nothing but instead gave a continuous stream of pictures to entertain them and open the world. School had their bodies, but television captured their hearts and minds"* (Miller 2004:55).

Die TV het 'n kaleidoskoopwêreld van drama en veranderende beelde geskep. Beeld na beeld, program na program, voortdurende advertensies – daar is geen oorhoofse perspektief, geen sentrale storielyn om hierdie gefragmenteerde beelde betekenis te gee nie.

*"… the very act of watching television creates a psychological phenomenon called 'gestalt': when several related but disconnected pieces of a picture or an event suddenly merge in the mind as a whole"* (Miller 2004:55-56).

TV het dit reggekry om sekere aspekte te ontmasker. Die TV was die ideale medium om die ongelykmatigheid van die letterkultuur se uitgewerkte redes en planne teenoor die werklikheid van die lewe te wys. TV het gewys dat die lewe en die geskiedenis baie slegter was as wat die geskrewe woorde van die drukkuns dit probeer weergee het. Die gevolg was dat die verlede al hoe meer in twyfel getrek is want die TV het die teenstrydighede van regerings, politici en die dodelikheid van chemiese stowwe, ontbloot. Marshall McLuhan in *'The Medium is the Message'* stel dit so:

*"Television's message is Total Change, ending psychic, social, economic, and political parochialism. The old civic, state, and national groupings have become unworkable. Nothing can be further from the spirit of the new technology than a place for everything and everything in its place"* (McLuhan 1996:16).

Die uitsaaikultuur het elke voorveronderstelling van 'modernisme' ontmasker. Die wêreld was nie meer so ordelik en voorspelbaar nie. Die rede was nie meer die effektiefste metode om die realiteit te adresseer nie (Fuller 1969:44). Die nuwe tydvak of wêreldbeskouing staan bekend as 'postmodernisme' (Hoofstuk 2 punt 1.3). TV was die perfekte medium om hierdie nuwe wêreldbeskouing ('postmodernisme') te kanaliseer na die massas.

*"It structures how we see, experience, interpret, and express our world"* (Miller 2004:58).

Neil Postman (1986:78-79) sê:

*"Television has achieved the status of 'meta-medium' – an instrument that directs not only our knowledge of the world, but our knowledge of ways of knowing well".*

Hoe meer mense bewus geraak het van die diversiteit van die wêreld, hoe minder het mense na die kerk geluister (Miller 2004:58). Die TV is vloeibaar en voortdurend besig om homself te herstruktureer. Dit behou geen geheue en beweeg verby fisiese en konseptuele grense. Dit verenig mense deur gemeenskaplike ervaringe. Dit sinkroniseer kulturele emosies en persepsies. TV herskep die kompleksiteit van die lewe en skep duidelike en eenvoudige

visuele beelde. Hierdie eenvoudige visuele beelde vervang miljoene geskrewe woorde (Miller 2004:59).

Die uisaaikultuur het die publieke debat vervang met ‘n collage van verskillende lae van werklikheid wat inherente reaksie ontlont het. Deur dit het die TV mense se algemene mites herkontekstualiseer. In ‘n hoogs komplekse gemeenskap, het TV een van die oudste en tradisioneelste funksies van ‘n beeld vervul: om algemene mites te visualiseer (sukses, die goeie lewe, aanvaarding van diversiteit, helde en heldinne) en om die individu in ‘n sosiale geheel te integreer (Miller 2004:60).

Die gevolge van TV kyk is dat dit subtiel en onvermydelik mense se lewens beïnvloed. Hierdie gevolge het niks te doen met die inhoud of programmatuur waarna gekyk word nie (Hipps 2009:78).
*“… whether you got a Baby Einstein video playing or the latest abomination in reality TV, it’s the ‘medium’, not the ‘content’ that changes us. Believe it or not, the flickering mosaic of pixilated light repatterns neural pathways in the brain. These new pathways are simply opposed to the pathways required for reading, writing, and sustained concentration”.*

TV beeld het ‘n bonatuurlike stimulus van die brein, en nie op ‘n gesonde wyse nie. Dit kan vergelyk word met die effek van suiker op die liggaam. Die TV beelde wat na gekyk word is soos spookasem wat ‘n valse vervulling skep. Dit verg geen intellektuele vermoë nie. Alhoewel die TV ook lang tydperke van fokus vra, moedig dit eerder ‘n katatoniese staat aan as werklike verbintenis en betrokkenheid (Hipps 2009:79). TV verhoed die brein om nuwe aspekte te genereer, te skep en verbeeldingryk te raak. Hierdie beeldkultuur vernietig verbeeldingryke kreatiwiteit. Die brein raak lusteloos en passief onder die toenemende beelde wat TV voortbring.
*“As image displaces the world, our thinking patterns and preferences change… a photograph doesn’t separate and make distinctions (left brain); rather it depicts*

*wholes and continuums (right brain). Images depict the unity of reality rather than discrete binary ideas. They do not explain or organise the world the way language can"* (Hipps 2009:90).

Met betrekking tot kerkwees, is die uitsaaikultuur die geheim agter die groei en suksesse van die kontemporêre/feesviering kerke *('celebration churches'*). In teenstelling met hierdie eietydse kerk, sukkel Hervormingskerke (letterkultuur) in hierdie tydgees, omdat hulle funksie was en nog steeds is, om 'n vooruitgewerkte, gestruktureerde en rasionele aanbieding van God se Woord te weergee. Wanneer daar na hierdie verskille gekyk word deur die lens van die verskillende kommunikasie tydperke, kan mens verstaan hoekom dit gebeur het. Die Eietydse kerke, wat ook Kontemporêre kerke genoem word, is gebou soos teaters of ateljee-stelle, waar die Hervorming kerk gebou is soos lesingsale met die kansel (houer van die geskrewe woord) as die fokuspunt. Die musiek in die eietydse kerke is ritmies, kompleks en vinnig, maar die boodskap is eenvoudig op die punt af (Miller 2004:60). Die prediker in 'n eietydse kerk lewer 'n boodskap vanaf buitelyne en gebruik teater tegnieke om kontak te maak met die hoorders. Die voorbereiding is gefokus op die oordrag van die boodskap en dramatiese momente word geskep om die hoorder te beïnvloed. Die geskrewe woord is die lanseer paneel waar stories, humor, kortverhale en aanhalings die uitsaaikultuur ondersteun. Die atmosfeer is gemaklik en die lug is vol energie. Die Sondag erediens is 'n gebeurtenis en mense kom met verwagting om iets nuuts te ervaar (Miller 2004:60-61). Die verskuiwing vanaf die tekskultuur na die uitsaaikultuur is vanaf 'inhoud' na 'gebeurtenis'. Miller (2004:61-62) noem dit as volg:

- Die uitsaai epistemologie of kennisleer van onmiddellike ervaring vervang die tekskultuur se rasionele analises
- Die uitsaai se kollektiewe bewustheid vervang tekskultuur se individuele outonomiese siening
- Die uitsaai se eksistensiële verstaan van God vervang tekskultuur se abstrakte oriëntasie

- Die uitsaai se kans gedrewe siening van geskiedenis vervang tekskultuur se liniêre progressie
- Die uitsaai se gedramatiseerde voordrag vervang tekskultuur se gestruktureerde oratorskap
- Die uitsaai se 'wees alles wat jy kan wees' vervang tekskultuur se 'doen die regte dinge'
- Die uitsaai se klem op 'proses' vervang die tekskultuur se klem op 'uitkoms'.

Die uitsaaikultuur absorbeer jou onbewustelik binne-in die groter konteks. Deur verskillende programme en genres en deur die redigering van hierdie collage van beelde, word daar 'n illusie geskep dat die persoon in sy volle wese teenwoordig is.

*"Television's multilayered reality communicates the entire form and essence of the subject, reflecting the profound shift in worldview. It bypasses rationality with an all-at-once message, the deconstruction and the arbitrary reconstruction of meaning"* (Miller 2004:62).

Dit vra net 'n mens se aandag en reaksie, geen analise, geen historiese perspektief en geen verbintenis met enige ander gebeurtenisse nie. In teenstelling met die geskrewe woorde van betekenis en liniêre gedagtegang, laat die uitsaaikultuur toe dat die inligting altyd 'n oop einde skep met verskillende betekenisse (Miller 2004:63).

Hierdie skuif vanaf die letterkultuur na die uitsaaikultuur is vir meer as dertig jaar aan die gang, maar vir baie mense veroorsaak dit voortdurende konflik. Dit word eerstehands in die konteks van die Paarl beleef, waaruit hierdie studie sy oorsprong vind. Die meeste mense is bekend met linkerbrein (rasionele) en regterbrein (nie-rasionele) denke (Howard 2006:57-58). Die letterkultuur het die linkerbrein gestimuleer, maar met die koms van die uitsaaikultuur het dit die linkerbrein oorweldig met beelde wat nie gemaak is om alles te verwerk nie. Die regterbrein wat geassosieer word met kreatiwiteit, spontaneïteit en patroon-

herkenning is baie beter instaat om die aanhoudende vloei van beelde en klanke te verwerk (Howard 2006:58). Die toename en dominansie van die uitsaaikultuur het regterbrein vermoëns meer waardevol en nodig geag. Die onderdrukte emosies van 'n letterkultuur is deur die uitsaaikultuur ontmasker – vir baie is dit ongemaklik, maar vir ander is dit weer 'n welkome ervaring.
*"Print makes reason king and stimulates reflective thinking. Broadcast elevates desire and emotion and stimulates reflexive thinking – the kind of thinking of emergency room workers or driving you car do"* (Miller 2004:66).

Vir die wat grootgeword het in 'n wêreld van tradisionele godsdiens, sal die meer informele, vloeiende, uitdrukking van belewenis, teater aanbieding atmosfeer 'n bedreiging wees. Dit sal vir die letterkultuur voel soos manipulasie en selfs narsisme. Op 'n meer humoristiese manier kan mens sê dat die twee kulture soos Mars en Venus is. Die Hervormdes is van Mars en die Kontemporêre is van Venus (Miller 2004:65-66).

Die skeiding tussen publieke (openbare) en private lewe is ook deur die uitsaaikultuur ontmasker. Op die gebied van opvoeding lê die klem meer op gespesialiseerde temas en pragmatiese fokus. Voortvloeiend uit hierdie manier van opvoeding is die kombinasie van opvoeding en vermaak *('edutainment'*) wat spesiaal daar gestel is vir die toenemende verkorte aandagspan van individue (Miller 2004:69).

Die kerk is ten volle betrokke en ingedompel binne-in hierdie uitsaaikultuur. Die veranderinge en vernuwing wat in kerke gesien en beleef word, of mens daarvan hou of nie, is 'n weerspieëling van die wêreld waarbinne geleef word. Met betrekking tot kerkwees, waarbinne die prediking plaasvind, word daar by 'n paar verskuiwings stilgestaan wat plaasgevind het vanaf die letterkultuur na die uitsaaikultuur.

### 2.3.1 Die waarheid word bekragtig deur ervaringe

Omdat mense se denke 'n spieëlbeeld raak van die dominante medium ('media'), is dit natuurlik om die bestaan van 'algemene waarheid' te ontken.
*"In broadcast cultures, truth has to ring true for us. We have to be able to feel a visceral connection to it"* (Miller 2004:70).
In 'n groot ouditorium/teater waar mense onbekend is vir die prediker en hulle wat om 'n mens sit, kan mens ontspan en meegevoer raak deur die musiek, die atmosfeer en die verwagtinge. Op 'n sekere tydstip in die aanbidding maak die prediker sy verskyning en kommunikeer sy verwagtinge. Die ruimte word gevul met 'n beloofde bestemming en 'n verwagting. Op 'n sekere moment ervaar die kritieke massa 'n deurbraak wat op daardie oomblik as die 'waarheid' beleef word. Vra mens na die tyd wat gebeur het, sal hulle reageer met woorde soos:
'Ek is nie seker wat gebeur het nie, maar ek was blind en nou kan ek weer sien'.
Hierdie ervaringe skep groot spanning by gelowiges en verskillende denominasies wat ingebed is in die letterkultuur. Dit maak nie saak wat mense se wêreldbeskouing is nie, dit is duidelik dat die uitsaaikultuur as medium hulle sieninge en ervaringe van waarheid verander. Die uitwerking daarvan op die kultuur is enorm.
*"A culture increasingly governed by the belief of the so-called 'moral relativism', which asserts that there is no absolute truth with a capital T. There is only my truth and your truth. Both are fine, even if they contradict"* (Hipps 2009:65).

#### 2.3.1.1 Geloof is oortuiging van sonde

Binne-in die uitsaaikultuur kom geloof deur die ervaring van God se teenwoordigheid of deur 'n hartsverandering. TV en kontemporêre dienste funksioneer op hulle beste wanneer emosies, skuldgevoelens en geestelike honger aangewakker word. In hierdie kultuur is advertensie deel van die etos en baie predikers gebruik dit om suksesvol te wees.

> *Many of the most successful evangelists stick with the script: they keep the message simple, tie it to emotions, create a visual image of the benefits, create dissatisfaction with the way things are, use the power of music to set the mood, boil it all down to a single image or story, make it easy to follow through, paint the painful consequences of letting the opportunity slip away, protect everyone's anonymity, and finally ask for a response. Once the early responder breaks the ice, the evangelist leverages their experience to induce those still holding back.*
>
> (Miller 2004:70)

#### 2.3.1.2 Die teenwoordigheid van God

Die uitsaaikultuur word gedryf deur ervaring. Die klem val op 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus. God se hand word gesien in gebede wat beantwoord word, interaksies met mense en in die daaglikse omgang en krisisse van die lewe. Christene wat hulleself bevind in die uitsaaikultuur, kritiseer Christene wat hulle in die letterkultuur bevind deur hulle te teiken as te intellektueel en wetties. Die letterkultuur Christene kritiseer weer die uitsaaikultuur Christene deur vir hulle te beskuldig as mense wat net wil hê dat God moet presteer en vertoon. Dieselfde verwag hulle van die prediker en die musiek persone om elke Sondag mense te vermaak (Miller 2004:70-71).

#### 2.3.1.3 Aanbiddingsgeleenthede: Program-gedrewe en musiekstyle

Eietydse kerke ontwerp hulle programme rondom temas en beplande uitkomste. Die programme word aangepas by die behoeftes van die gehoor. In teenstelling,

hou die Hervormingskerke by die klassieke temas van die kerkgeskiedenis en die heilige Woord. Met betrekking tot musiek is dit meer ritmies kompleks, maar die lirieke is eenvoudig en verstaanbaar. Die inhoud verwoord die emosies (Miller 2004:72).

### 2.3.1.4 Kerklike Argitektuur is promosie gedrewe

In hierdie kultuur word die geboue gebruik om aandag te trek en die nuuskieriges of soekendes ook te beïnvloed. Die gebou is ontwerp om warm, gasvry, indrukwekkend, en gemaklik te wees. Sodoende word die gebou optimaal gebruik om die uitsaaikultuur te akkommodeer en sluit in groot TV skerms, dataprojektors, teater akoestiek, beligting, mengbanke, luidsprekers, monitors, mikrofone ensovoorts. Die erediens raak ‘n produksie en help om die aandag te fokus op die verhoog (Miller 2004:73-74). Die onderstaande foto wys hoe die argitektuur aansluit by die uitsaaikultuur.



### 2.3.1.5 Pragmatiese skuiwe rondom Moraliteit

Die aanslag van die prediker, die vertolking van die teks in hedendaagse gebeure en taal deur ‘n eietydse storie, die poging om nuwe gedrag te skep, is alles deel van die uitsaaikultuur se poging om aksie te stimuleer en te skep. Die klem is om nou of in die nabye toekoms hierdie gedragsverandering te bewerkstellig. Die prediker doen ‘n dringende oproep op die hoorder om sy/haar lewe te verander en skets ook die aksie stappe om dit te doen (Miller 2004:74).

Die oralekultuur was lank teenwoordig voordat die letterkultuur oorgeneem het. Vir vierhonderd jaar was die Westerse wêreld vasgevang in die letterkultuur voordat die uitsaaikultuur begin toeneem het. In vergelyking is die tydsverloop tussen die advent van die uitsaaikultuur en die ontploffing van die digitalekultuur ‘n knipoog vér. Onder die essensie van die digitalekultuur gaan die vermoë om te sintetiseer (saamvoeg) gesien word.

### 2.4 Die Digitale kultuur- Konvergensie Kerk

Die oralekultuur het in God se versteekte wonders geglo. Die aangrensende werklikheid van hemel en aarde lê benede hulle antieke taal. Die letterkultuur was vol vertroue om alles te weet deur rede – die hoekom en die waarom van die wêreld. Die uitsaaikultuur is geïnteresseerd in wat mense nog nie weet nie. In die nuwe tydperk wat vanaf 2010 strek, word daar opnuut verbintenis gesoek tussen Woord en Gees (Miller 2004:76).
*“The work of the coming digital world – whose birth we are now witnessing – will be in synthesizing our past into our desired future, shaped and influenced by the integrated character of digital media”.*

Die skuif na ‘n naderende digitale gedifferensieerde kultuur is meer as net ‘n skuif in tegnologie, gesindheid en verstaan. Dit is ‘n sensoriese verandering met rewolusionêre implikasies. In hierdie digitale era, is verandering nie net die

enigste konstante nie, maar die organiserende beginsel en fondament waarop gebou word. Geen wonder dat mens al hoe meer gedisoriënteerd voel nie.

Tydsbegrip by oralekultuur is aanhoudend hede, letterkultuur maak die verlede vas, uitsaaikultuur is toekomsgerig. Een van die uitstaande kenmerke van die digitalekultuur is dat iets wat eers in die toekoms moet gebeur, nou alreeds plaasvind *('future perfect').* Die gevolg is dat die digitale tegnologie mense se tydsbegrip en geskiedenis verander. Die manier hoe dit gebeur is om die toekoms bewustheid 'n realiteit te maak en die beste van die verlede ook deel daarvan te maak (Miller 2004:77).

In die digitale kultuur word individue toegelaat om met hulle fantasieë op reis te gaan. Hierdie reis kan enige bestemming bereik, met onbeperkte keuses (Miller 2004:77). Die hart van die digitale kultuur is die inter aktiwiteit en die integrasie van verskillende ervaringe. Hierdie interaktiewe digitale media verbind meervoudige maniere van ervaring deur die kombinasie van tekste, klank, data en beelde op een platform en binne een taal. Digitale mediums verbind aanraking, gedagtes en uitdrukking; dit verbind een persoon met 'n ander en andere; moedig interaksie aan. Digitale media skep 'n gelyktydige multimedia, multi sensoriese ontmoeting wat ook bekend staan as virtuele realiteit. Die gevolg van hierdie virtuele realiteit is dat dit geen grense het nie. Dit is die mees betrokke, breedvoerige, eksplisiete en berekende medium van uitdrukking wat ooit ervaar is (Miller 2004:85). Daar vind 'n transendensie van gravitasie plaas weg van die tradisionele wêreldbeskouing. Die oorsaak is 'n sosiale en morele gewigloosheid wat ervaar word. Miller (2004:78) noem die effekte wat eersdaags ervaar gaan word.

- Digitaal se begeerte vir direkte, onmiddellike, hier-en-nou ervaringe, vervang die uitsaaikultuur se passiwiteit.
- Digitaal se steun op netwerke en persoonlike verhoudings, vervang die uitsaaikultuur se begeerte na spesifieke massa gebeurtenisse.

- Digitaal se oop tegnologieë, organisasies en denke, vervang die uitsaaikultuur se etikettering en gepastheid.
- Digitaal se vermoë om die verlede te herfraseer, vervang die uitsaaikultuur se tendens of die verlede te verwerp.
- Digitaal se paradigma-gebaseerde benadering tot komplekse sake, vervang die uitsaaikultuur se politieke benadering.
- Digitale multi-media taal, vervang die uitsaaikultuur se visuele taal.
- Digitaal se integrering van linker-en regterbrein prosesse, vervang die uitsaaikultuur se regterbrein denke.

In die nabye toekoms gaan kinders wat primêr grootword in ‘n digitalekultuur, die uitsaaikultuur se reëls en strukture en die oorblywende tekskultuur se denke, omvergooi. Die basis van ‘kennis’ en verstaan’ is besig om te verskuif na ‘n interaktiewe, globale, enige tyd, enige plek, multimedia ervaring met onbeperkte bronne om te ontdek en te toets (Miller 2004:79). Die gevolg is dat die mens se gedagtes en liggame weereens herbedraad gaan word om die verskillende sensoriese areas te ervaar.

*“As we begin to understand how digital media integrate print, graphics, sound, and data into a new multisensory interactive experience, and as we experience the mediums speed and access to information and people, we begin to work with instantaneous responses on multiple and simultaneous interests”* (Miller 2004:79).

Volgens Senge (1994) sal die digitale generasie die wêreld deur ‘n stel van dinamiese modelle filtreer, om sodoende die algemene gedrag van komplekse sisteme te bepaal. Met die ontdekking en plot van die gedrag van hierdie sisteme kan dit gebruik word in situasies en verhoudings. Sodoende vind daar ontwikkeling en toename in ‘sisteem denke’ plaas.

Die toename in die digitale kultuur sal veroorsaak dat mens in kontak kom met honderde en duisende mense wat nooit fisies ontmoet sal word nie. Dit skep ‘n paradoksale illusie van ware intimiteit. Hierdie fenomeen word genoem *‘anonymous intimacy’*, met ander woorde die gevoel van ‘n verhouding maar wat

nie ‘n verhouding is nie. Dit sal hoofsaaklik deur die internet geskied (Hipps 2009:113).

*“… we have the illusion of closeness with someone while remaining totally anonymous”.*

Dit alles geskied sonder die etiese grense van die letterkultuur, die verhoudings en konneksies van die oralekultuur en die pragmatiese verhoudings van die uitsaaikultuur. Die effek wat dit gaan hê op hoe daar omgang gaan plaasvind tussen mense, positief of negatief, moet nog verreken word. Hipps (2009:107) noem dat die digitale kultuur mense afsluit en verdeel van die mense naaste aan hom/haar.

*“The near become far, and the far are brought near. This is the paradox of the digital age… We desire connection and community in our increasingly nomadic existence – yet we wander around the globe, glancing off other digital nomads without even knowing or being known”* (Hipps 2009:107).

Die meeste mense is nie eers bewus van hierdie fenomeen nie, want hulle dink die tegnologie bring hulle nader. Dit is egter ‘n illusie want dit skep empatie oor ‘n afstand (Gozzi 2004:127; vlg. Gladwell 2008:9-10).

Hierdie onbekende intimiteit het ‘n vreemde uitwerking op mense. Dit voorsien net genoeg verbintenis om ware intimiteit na te jaag. In hierdie virtuele gemeenskap verg verhoudings min risiko en persoonlikheid. Om broos te wees is opsioneel. Hierdie gemeenskap wat verwerpingsvry is en waar emosionele betrokkenheid opsioneel is, is baie aantreklik en gemaklik. ‘n Virtuele gemeenskap is oneindig meer virtueel as wat dit gemeenskaplik is. Dit is soos spookasem wat vinnig geabsorbeer word en die onmiddellike honger verminder, maar nie goed is as konstante voeding nie.

*“While relative intimacy can be gained in virtual settings, the experiences of permanence and proximity have all but vanished”* (Hipps 2009:114).

Toenemend soek mense nie meer na outentieke en egte gemeenskap nie. Ware gemeenskap sluit in hoë graad van intimiteit, permanensie en ruimtelikheid

(Branson 2003:22-27). Daar is egter 'n groot verskil om in 'kontak' met iemand te wees en om 'werklik verbind' te wees. Om mekaar in die oë te kyk, bou meer ware verbintenis waarvoor geen ander medium kan kompenseer nie. Persoonlike intieme verhoudings maak jou werk weer vreugdevol en doeltreffend.

Binne hierdie digitale kultuur sal die manier hoe opvoeding behartig word ook verander. Saam daarmee sal verskillende maniere van leerervaringe ook die lig sien. Dit geskied alles as gevolg van die interaktiewe virtuele speletjie arena waarbinne kinders hulleself gereeld bevind. Integrasie binne hierdie leerervaring vind natuurlik plaas en skep hoë vlakke van entoesiasme. Sodoende word daar meer bereik as wat aanvanklik verwag is (Miller 2004:83). Die internet is die onuitputbare bron wat hierdie leerervaringe dryf.
*"Multimedia provides a layering of experience so that one can read a text, listen to a lecture, see pictures of referenced examples, test assumptions, conduct virtual experiments, work through complex calculations, interact with peers, read what the experts say, and so on"* (Miller 2004:85).

Die voorspelling volgens Miller (2004:85) is dat onderwysers nie meer grade spesialiste gaan wees nie, maar algemene fasiliteerders wat 'n aantal grade tegelyk hanteer. In hierdie virtuele klaskamertjie, sal tegnologie dit moontlik maak om 'n skuif terug na verhoudingsonderwys te veroorsaak. Hierdie kontinuïteit sal groot doeltreffendheid tot gevolg hê met geleenthede vir mentors. Die uiteinde is 'n hoë vervulling van almal wat betrokke is.

In hierdie digitale kultuur gaan kerkwees uitgedaag word om op 'n reis te gaan waar dit nog geensins was of wil wees nie. Volgens Miller (2004:86) gaan die digitale kultuur die woord (inhoud) opnuut verbind met gees (bron) en gees en vlees gaan ontbind. Die woord sal opnuut verbind met sy essensie (oorspronklike bedoeling) maar die essensie en sekere aspekte sal ontbind. Hierdie virtuele rekonstruksie sal 'n soeke na betekenis, nuwe stemme en

wesenlike ontdekking van nuwe vorme en uitdrukkings tot gevolg hê. Hierdie virtuele rekonstruksie het interessante implikasies vir die woorde van Jesus.

### 2.4.1 Die Waarheid is versamelend en kontekstueel

Die digitale kultuur verskaf 'n verskeidenheid van waarhede en versamel dit tot een geheel. Dit voorsien elemente van die oralekultuur omdat die bron van informasie getoets word. Ook is daar elemente van die letterkultuur as gevolg van die deduktiewe proses van ontdekking, logiese strukture en die teks self (Miller 2004:87).

*"It provides elements of oral culture by engaging and testing the source of information. It follows elements of print culture with its deductive process for discovery (search engines and file directories, for example, follow a logical structure) and through text".*

Die interaktiewe digitale omgewing verskaf 'n grondige basis vir waarheid omdat daar op 'n kwalitatiewe manier van verstaan na waarheid gesoek word.

### 2.4.2 Geloof is gelowige skeptisisme

Kinders wat in hierdie digitale kultuur grootword, sal al hoe meer sekere aspekte van die lewe bevraagteken. Die juffrou sal 'n storie vertel en ontdek dat die kind dit sal bevraagteken om sodoende iets meer van homself/haarself te ontdek. Digitale kinders leer dat baie van die waarhede en beloftes van generasies in die verlede, nie altyd waar of van pas is in die era waarbinne hulle nou leef nie. Vroeg in hierdie kinders se lewe leer hulle om gesag te bevraagteken en besluit self wat is die waarheid (vgl. Pagitt 2005:49). Hulle lojaliteit lê nie meer soseer by die groot instansies nie. Die taal wat sosioloë gebruik is *'down topping'* (Miller 2004:88).

### 2.4.3 Die Liggaam van Christus

Volgens Miller (2004:88) is die 'hologram' die beste metafoor om die konvergensie kerk te beskryf. 'n Hologram is 'n geprojekteerde beeld wat ten volle drie dimensioneel en eg lyk. Die waarde van die hologram lê in die struktuur. Elke segment vertoon drie-dimensionaliteit. Die metafoor vind sy krag in die konteks van die digitale media omdat klank, beelde en data geïntegreer word in 'n gemeenskaplike medium deur 'n gemeenskaplike taal en 'n geïntegreerde sensoriese effek skep.

Die orale kultuur het die raamwerk van God se familie en die mistieke verbintenisse tussen gelowiges geskep. Die letterkultuur het die fokus verskuif na God se reddende genade, die gesag van die Bybel en die klem op die individuele gelowige. Die uitsaaikultuur het die teenwoordigheid van die Heilige Gees laat ontwaak en 'n krag van versamelende lof-en-aanbidding teweeg gebring, tot 'n ervaring van God se teenwoordigheid. Die Konvergensie kerk gaan 'n aantal van hierdie karaktertrekke kombineer en aanpas in elke unieke gemeente. Die effek wat dit gaan hê volgens Miller (2004:89) is 'n verlengde geestelike familie, kennis van die Woord en lof wat uiterlik sigbaar gaan wees.
*"… we will likely see a renewed emphasis on a broader expression of community, beyond congregation and beyond denomination. The inherent nature of a digital environment allows for a diverse and unified global expression of Christ's body – a fourth tangible expression of the Godhead"* (Miller 2004:89).

Vir die eerste keer in die geskiedenis beweeg die mensdom in 'n omgewing waar daar ontwikkelende denke gaan plaasvind om versamelend en individueel op 'n globale skaal op te tree.

### 2.4.4 Aanbiddingsgeleenthede: Samekomste

Konvergensie kerke gaan vermoëns ontwikkel om samewerkende ervarings te skep. Dit kan vergelyk word met 'n *'jazz ensemble'* of 'n improviserende teater. Alles is interaktief en intergeneratief gedrewe (Pagitt 2005:49). Selfs nuwelinge word vinnig georiënteer tot deelname (Miller 2004:89).

*"These interactive assemblies transcend the challenge of trying to choose the right style for the service – whether contempory, traditional, youth, or blended. They will also transcend age barriers and be more inclusive of youth and elders".*

Dit alles is die resultaat van die wegbeweeg van die verhoogoptrede as middelpunt na persoonlike interaksie en groepdinamika wat die nuwe verhoog of middelpunt word (Piek 1984:71). Hierdie nuwe middelpunt skep 'n nuwe tipe byeenkoms (Miller 2004:90).

*"With this new center these gatherings might be 'unplugged' or multimedia to the max".*

Hierdie interaktiewe samekomste gaan nie net tot Sondae beperk wees nie. Hierdie kerke kan ook grootskaalse multi-media teaterstrukture besit, met omni-direktiewe skerms wat 'n verskeidenheid van dienste oor die hele globale netwerk inkorporeer. Fasiliteerders vervang die leiers en neem die rol in om die versamelende ervarings te belyn. 'n Verskeidenheid van aktiwiteite sal plaasvind sonder 'n primêre fokus (Miller 2004:248; vgl. Thomson 1999). Dit het die potensiaal om te verleng na huise en kleingroepe.

### 2.4.5 Aanbiddingstyle: Spesifieke kontekstuele liedere

In die musiek van die Konvergensie Kerk gaan mense dit regkry om aspekte van die verlede goed te inkorporeer. Dit sluit in tradisies, rituele, leringe, simbole ensovoorts. Daar is ook 'n terugkeer na die Psalms om die plaaslike gemeente se ervarings te reflekteer. Baie gemeentes se musikante skryf hulle eie musiek wat hulle unieke situasies verwoord wat nie vir massaproduksie bedoel is nie (Miller 2004:90). Onder tieners word waargeneem dat kontemporêre gewilde

popliedjies minder gewild is as kreatiewe en uitdagende alternatiewe musiek. Musiek word gemaak in vriendekringe en hulle maak self hulle CD's. Die Internet en rekenaartegnologie maak die koste-aspek van musiekproduksie al hoe laer sodat nuwe musikante al hoe meer na die voorgrond sal tree.

### 2.4.6 Kerkargitektuur: Toeganklik, interaktief em aanpasbaar

In die Konvergensie Kerk kyk mense met totale verskillende perspektiewe as ooit tevore, na die kerkgebou. Die meeste kerkgeboue – behalwe vir die kleuterskool, administratiewe personeel – is ongebruik in die week. Die klem val net op dit wat Sondae gebeur. Dit dra by tot die afsonderlike en gefragmenteerde lewens waarbinne mense lewe. Vergelyk dit met 'n koffiewinkel waar mense kom en gaan en waar daar beweging deur die hele week plaasvind. Die klem verskuif na toeganklikheid, inter aktiwiteit en aanpasbaarheid vir beide die gemeenskap en gemeentelede.
*"Buildings will provide an accessible, flexible home for both the community of faith and the local community. Instead of attempting to embody the gospel story as cathedrals did, future facilities will have the means to offer an interactive journey for those who want to discover the roots of faith or the history of the congregation"* (Miller 2004:249).

Baie restaurante het 'n oop kombuis beginsel en laat die klant toe om te kyk hoe die kos voorberei word. Dit is alles deel van die eet ervaring. Die geheim lê om dit wat in die enjinkamer gebeur na die verhoog (kontemporêre kerk) toe te verplaas (vgl. McLure 1995).

Toekomstige fasiliteite sal ook uitdrukking gee aan die integrasie van geloofsgemeenskappe en handel. Die punt is nie hoe die verskillende aktiwiteite moet aanpas nie, maar hoe die fasiliteite geïntegreer word binne die lewe van 'n

gemeenskap. Die kerk moet ophou gemeente gedrewe dink, maar eerder dink aan hoe lyk die plek waarheen jy en jou kinders dit geniet om te gaan.

### 2.4.7 Skuif in Moraliteit: Terug na die oorspronklike van verstaan

Die opkomende digitale generasie is passievol oor twee teenstrydige aspekte naamlik:

- Die terugkeer na die oorspronklike
- Skep van oorspronklike, egte ervarings.

*"These youth recognize the power of ritual re-enactment by virtue of computer simulation and virtual reality, and they are suspicious of using other people's experiences as their foundation for acting"* (Miller 2004:92; vgl. Wiersbe 2000:120-128).

Daar is 'n soeke na die fundamentele 'hoekom' agter mense se oortuigings en geskiedenis. Gebroke mense wat deur mislukkings moes gaan is meer aantreklik vir hulle as die wat maak of alles in plek is (Wilson & Moore 2002:134). Hulle is meer geïnteresseerd in klein dade van welsyn as om net die storie te hoor van die barmhartige Samaritaan.

*"Instead of preparing a compelling sermon about the good Samaritan, they are more likely to go out, help a stranger in need, and then share their experience. The digital environment strips away pretence and reconnects good intentions with true good work"* (Miller 2004:93).

In hierdie nuwe digitale kultuur moet die kerk bevry word sodat elke gemeente sy unieke sterk punte kan ontwikkel. Die tyd is verby om verdun by alles betrokke te wees om sodoende elke bediening te behartig. Kerke en organisasies het nie die fondse om elke behoefte en begeerte van gemeentelede te adresseer nie. Dit geld vir elke aspek van die kerk. Die digitale kultuur is die tyd vir integrasie en samewerking. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika en veral in

die konteks van die Ned.Geref. Kerk, is daar 'n geskiedenis van drie generasies wat grootgeword het onder die drie verskillende dominante kommunikasiemiddele. As navorser word dit gereflekteer in die ouers, kinders en self. Elkeen sien en ervaar die wêreld op verskillende maniere. Dit is geen wonder dat mens sukkel om met mekaar te kommunikeer nie. Wat vir die een relevante prediking is, is geensins van toepassing op die ander nie.

Daarom is dit so nodig om die tyd waarbinne mense tans leef te verstaan. In Suid-Afrika is besig om in die pylvak te beweeg van die uitsaaikultuur. By die wenstreep wag 'n nuwe rondte – die digitale kultuur. Die oorgang na die digitale kultuur gaan ander en nuwe kommunikasiemiddele vra. Die prediking sal deeglik bewus moet wees van hierdie nuwe tydgees en gaan 'n nuwe vorm van religieuse kommunikasie tot gevolg hê. Kritiese vrae rondom die prediking sal gevra moet word: Hoe bereik jy 'n generasie wat hoor met hulle oë en dink met hulle gevoelens? Meer nog, hoe vind relevante prediking plaas in 'n ontluikende digitale kultuur? Die vraag is nie altyd of die prediking kan aanpas by die naderende toekoms nie, maar meer spesifiek, kan die prediking aanpas by die oorhoofse sosiale en kommunikatiewe veranderinge? Predikers sal na die wêreld moet kyk op 'n hele nuwe manier.

**3. Hermeneuties teologiese veranderinge**

Volgens Deist (1994:363) het daar oor die afgelope dertig jaar belangrike skuiwe plaasgevind. Veral in die konteks van die Ned. Geref. Kerk waar die prediking sentraal staan het daar groot skuiwe plaasgevind. Deist (1994:363) skryf dat:
"… 'n aansienlike deel van die teologiese bedryf uit die greep van die naïewe realisme en positivisme bevry het. Sodat die teologiese wetenskap sy meer beskeie plek tussen die ander wetenskappe kon inneem en sinvol aan die groter wetenskaplike gesprek kon deelneem".

Deist (1994:362) vertel ook van die probleme:

"Bybel wetenskaplikes was skynbaar net nie in teologiese teorievorming geïnteresseerd nie. Gevolglik is daar geen aanpassing gemaak in die gangbare teologiese teorie self nie. Bybel wetenskaplikes het dus nie die teologiese konklusies van hulle eksegetiese werk voltrek nie".

Hermeneutiek en homiletiek kan nooit los staan van die Bybel wetenskappe nie. Die Bybel wetenskappe voorsien die eksegetiese apparatuur vir die prediking. Die Bybel wetenskappe se voorgaande debatte het op verskillende vlakke belangrike implikasies vir die prediking, positief sowel as negatief. Suid-Afrikaanse homilete het belangrike bydraes gelewer om die hermeneutiese en teologiese verskuiwings die afgelope veertig jaar te verdiskonteer. Vergelyk Pieterse (1979;1986,1993) se trilogie oor die prediking, Vos (1995, 1996,1996a) se RGN-bydraes en ook Müller (1991;1993) en Kellerman (1991;1993) se werke. In die VSA het praktiese teoloë soos Craddock (1981:1985); Long (1989;1989a;1994); Buttrick (1994;1994a); Eslinger (1987;1994 (ed)); Troeger (1990a; 1994); Van Seters (1991) en andere gewys op die groot hermeneutiese- en teologiese verskuiwings wat daar plaasgevind het in die beoefening van die homiletiek in hulle land.

## 4. Teks hermeneutiek. Hermeneutiese wisselwerking

Daar was 'n tyd in die homiletiek dat al die aandag gewy was aan die eksegese en weinig aandag gegee is aan hoe die hoorders die prediking sal beleef en interpreteer. In die hedendaagse homiletiek word daaraan aandag gegee dat daar 'n wisselwerking moet plaasvind tussen die teks en die hoorder. In die boek van Dingemans (1991), *'Als hoorder onder de hoorders'* word iets weergegee van die wisselwerking tussen teks en hoorder. In die konteks van die wisselwerking tussen teks en hoorder word die predikers ook as 'n hoorder gesien. Dieselfde word gevind in die werke van Long (1989:48) en Vos (1996:1-6). Pieterse (1985:12; 1988:73) beweeg weg van die monologiese preekvorm en

lê klem op die dialogiese kommunikasieproses wat moet plaasvind tussen teks en hoorder wat tot deelname in die prediking sal lei. Dit beteken nie dat die teks ondergeskik aan die hoorder gestel word nie, maar beklemtoon dat die een nie sonder die ander kan wees nie (nie 'of-of' nie, maar 'en-en').

## 5. Hermeneutiek

Om die begrip Hermeneutiek na behore te kan definieer, is geen geringe saak nie. Dingemans (1991) se boek '*Als hoorder onder de hoorders*', het 'n veelseggende subtitel '*Een hermeneutische homiletiek'*", wat beteken dat die homiletiek benader moet word vanuit 'n hermeutiese invalshoek. Die einddoel van hierdie proses is om die hoorder in kontak met God te bring (Dingemans 1991:15-16).

Pieterse (1979:101-112; 2001:19) huldig die standpunt dat die hermeneutiese kommunikasie slegs kan slaag wanneer daar kennis, verstaan en begrip is van die hoorder se situasie. Kennis van die taal en kennis van die werklikheid asook kennis van die konkrete gemeente situasie kan nooit geïgnoreer word in die hermeutiese proses nie. Volgens Pieterse (2001:78) probeer die prediker om 'n dialoog aan die gang te kry tussen die teologiese inhoud van die teks en die hoorder van die preek in hulle lewensomstandighede. Om enigsins te slaag in hierdie proses moet die prediker slaag met die 'verstaan' van die hoofinhoud en boodskap van die teks, en dit dan met die oog op die preek te 'vertolk' in die konkrete situasie van die hoorder/gemeente. Volgens Pieterse (2001:78) word die wetenskaplike studie van hierdie verstaanswerk 'hermeneutiek' genoem. Pieterse gaan ook verder om stil te staan by die begrip 'vertolking' (Pieterse 2001:79). Dit gaan om 'n digter omskrywing van die begrip 'verstaan/interpretasie'. Op die voetspoor van Jonker (1998:15) noem Pieterse (2001:80) dit:

"Vertolking is meer as die moment van toepassing as die laaste moment in die hermeneutiese proses. Dit is 'n kreatiewe respons op die verstaan".

Hermeneutiek handel oor:
"... die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is" (Vos 1996:12).
Hierdie verstaan is ook van kardinale belang in beide die homiletiek en die liturgiek.
*"Hermeneutics deal with the process of understanding. This concept is not only significant for practical theology, but is also a key and a bridging word in homiletics. Understanding means achieving insight"* (Vos 2005:298).
Stark (2007:105) sluit hierby aan as sy wys op Moltmann se hermeneutiese en homiletiese invalshoek wat nou aansluit by bogenoemde onderskeidinge. Volgens Stark (2007:105) kan drie hermeneutiese stappe in Moltmann se homiletiek onderskei word:
*"1 – Moltmann observes biblical perspectives; 2 – he discusses the possible meanings in confronting the biblical observations with today's reality and 3 – he explores the consequences of this confrontation, as there are implications for faith and taking action" (*Stark 2007:105; vgl. Steyn 2008:29).

Meer omvattend word die term 'hermeneutiek' deur Vos (1996:2-3) beskou as:

> Die verstaan van die historiese konteks van die Bybelteks (die wêreld agter die teks), die sosiaal-kulturele konteks van die Bybelkonteks (die wêreld rondom die Bybelteks), die inter-, intra- en ekstra-tekstuele konteks van die Bybelteks, die verskillende metodes om die teks te verklaar, die uitlegger van die teks (sy godsdienstige, sosiaal-kulturele, politieke en ekonomiese opvatting), en die wêreld voor die teks (die hoorder en sy leefwêreld).

(Vos 1996:2-3)

Vos (1996:12) gaan verder:

"Onder hermeneutiek verstaan ek saam met Heitink die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie momente onderskei kan word: die verstaan (begryp), die verstaanbaar maak (verklaar) en die tot verstaan kom (toe-eien)" (vgl Heitink 1990:207).

Hermeneutiek handel dus:

"... oor die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is" (Vos 1996:12).

Vos (1996:12) onderskei dus drie vlakke in die hermeneutiese proses. Aangesien die eerste vlak gaan oor die ontsyfering van die historiese betekenis van tekste in hulle konteks (Vos 1996:12), kommunikeer die teks nog nie noodwendig met die erediensganger hier en nou nie. Daarvoor is 'n tweede vlak hermeneutiek nodig. Dit gaan hier nog bloot om die 'verklaring' van tekste.

Die hermeneutiese proses op die tweede vlak oorbrug die hermeneutiese spanning tussen die hier en nou en die verlede: Die teks/boodskap word in eie kultuur en tyd op 'n algemene vlak verstaanbaar gemaak (Vos 1996:12). Hier gaan dit om die 'verstaan' van tekste.

Op die derde hermeneutiese vlak, kom die mens vir wie die heil bedoel is, tot verstaan en eien hy/sy hom/haar dit toe (Vos 1996:12). Die teks/boodskap word relevant vir die persoonlike bestaan van die mens en word persoonlik en lewensveranderend toegeëien. Hier ontmoet die homiletiek, liturgiek en hermeneutiek mekaar en dra dit by dat die Woord van God (en daarmee saam die heil van God aan die mens) hoorbaar, verstaanbaar en toepaslik gemaak word. Hier gaan dit dus om die 'toepassing' van tekste.

Uit bogenoemde word die grootse verantwoordelikheid besef waarbinne die teks en die hoorder verstaan moet word en gekommunikeer moet word. Tussen hede en verlede, herkenning en vervreemding, nabyheid en afstand moet die teks beleef en verstaan word. Dit vind alles deur taal plaas want al die mens se uitinge, kennis en wetenskap is ‘n interpretasie van die werklikheid in taal (Dingemans 1991:74-83).

Dit gebeur in die liturgiese inkleding en aanbieding van die erediens, waarvan die preek natuurlik ’n wesenlike deel uitmaak. Die homileet het die voorreg en die verantwoordelikheid om die brug te slaan tussen die Woord van God (teks) en die leef- en verstaanswêreld van die erediensganger (konteks).
*“In the creation of the sermon there are a number of hermeneutic processes that take place. First of all the homiletician must enter the world of the text. What makes this so time-consuming and difficult is the fact that biblical texts were written centuries ago, hence created in a different world. The homiletician has to try to bridge this difference”* (Vos 2005:298).
Smit (2006:232) beskryf hierdie lewensveranderende ervaring soos volg:

> Deur die eeue sou dié ervaring hom telkens herhaal... van bekendes... en onbekendes, naamloses, sommer net gewone mense, deur die eeue tot vandag nog, oor die hele wêreld heen: Hulle word diep geraak deur die lees van die Woord, kom tot geloof, word versterk in die geloof oor jare heen; hulle lewe word vernuwe, soms... radikaal, eenklaps en dramaties, maar dikwels ook... word hulle lewe net daagliks gedra, begeester, vertroos en versterk. *(*Smit 2006:232)

In aansluiting hierby sien Heitink (2007:240) die liturg as ‘n homileet wat ’n ‘relasionele hermeneutiek’ (Steyn 2008:31) moet beoefen. Deur die ‘oë van God’ (die lens van die Woord) en binne die verhouding met God kyk hy/sy na

mense, en deur die 'oë van mense' (erediensgangers) kyk hy/sy verhoudingsmatig na God en die wêreld.

> *Preken vraagt een zodanig omgaan met de Schrift dat de inhoud van het woord en de ervaringswereld van de hoorder voortdurend op elkaar betrokken worden. Tijdens de voorbereiding van de preek kijkt de voorganger naar de tekst via de ogen van mensen van nu, hun leven, hun werk, hun zorgen, hun vragen én hy kijkt door de ogen van de tekst naar de mensen voor zich, vanuit de vraag welk woord de gemeente in haar geloof, haar aanvechtingen en haar wanhoop op deze zondag zou kunnen bemoedigen en inspireren".*
>
> (Heitink 2007:240)

Met relasionele hermeneutiek word dan die verstaan van die erediensganger en die verstaan van die Woord in 'n dialogiese verhouding met God en met mekaar bedoel.
*"Exegese en situasieanalyse gaan op deze wijze hand in hand"* (Heitink 2007:240; vgl Steyn 2008:6-15).

Die persoonlike relasies met God en met mekaar vorm die raamwerk waarin die ontmoetings gebeure van die prediking/erediens plaasvind en waarin die gelowiges saam voor die aangesig van God en in sy teenwoordigheid lewe. Die Antropologie, Christologie en die Pneumatologie ontmoet mekaar ook in 'n relasionele hermeneutiek, wat onder andere ten opsigte van die prediking/erediens dan ook dialogies-kommunikatief is.

In 'n relasionele hermeneutiek kom die Drie-enige God as Persoon(e) en elkeen se rol en verhoudinge (ten opsigte van mekaar en die mens) ter sprake.
"God drie-enig skenk sy genade deur die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, aan die mens en realiseer en bevestig dit deur sy Heilige Gees" (Steyn 2008:84).

God openbaar Homself as Persoon(e) in die Ou en Nuwe Testament aan die mens en kom tree met die mens in verhouding.

Ook in die homiletiek (en liturgiek) geld ’n hermeneutiek wat by die Persoon van God begin en eindig.
“Die ontmoetings gebeure in die erediens vind plaas deur die inisiatief en op grond van die genade van die drie-enige God wat uit liefde met mense (erediensgangers) in verhouding (en in gesprek) tree” (Steyn 2008:58).

So ontmoet en verryk die homiletiek, liturgiek en hermeneutiek mekaar en word die kommunikatief-dialogiese hermeneutiek ‘n praktiese (relasionele) hermeneutiek wat deur alle gelowiges, met elkeen se unieke persoonlikheid en konteks beoefen word.
“Dit is die ervaring van die kerk van alle eeue en alle plekke. Deur die Bybel, deur Gods Woord, deur die lees daarvan, die hoor daarvan, die nadenke daaroor, die gesprekke daaroor met vriende en familie, deur die vertellinge hoe dit ander se lewe getroos en besiel en versterk het, word mense aangeraak. Deur die Woord hoor ons God se Woord” (Smit 2006:232-233).

Om duidelikheid te kry oor die hermeneutiek sal mens aan die hand van die begrippe ‘verstaan’/’interpretasie’ gaan kyk na die werke van Gadamer en Ricoeur. In hierdie hoofstuk word op van die hermeneutiese bydraes en insigte van hierdie twee eksponente naamlik Gadamer en Ricoeur gefokus. Volgens Bernstein (1983:110) is Gadamer en Ricoeur filosowe wat ’n groot bydrae gelewer het ten opsigte van die kommunikasieteorie en kritiese teorie, wat belangrik is vir die studie van die vak praktiese teologie. Gadamer en Ricoeur het belangrike bydraes gelewer ten opsigte van die ‘verstaan’ van tekste met die oog op hulle toepassing in hedendaagse kontekste. Al twee verteenwoordig ‘n dialogies-kommunikatiewe hermeneutiek. Binne die titel van hierdie proefskrif: ‘Relevante prediking in ‘n veranderende wêreld van relatiwiteit: ‘n Ondersoek na deelname aan die erediens en die houding teenoor kerk en prediking onder

gelowiges in die konteks van die Paarl', word hierdie twee eksponente in meer diepte bespreek.

Teenoor die tradisionele hermeneutiek van betekenis, soos veral deur Dilthey voorgestaan, verteenwoordig veral Gadamer en Ricoeur 'n hermeneutiek van die waarheid:
*"Wanneer we de huidige situatie in de hermeneutiek overzien, blijkt er een diversiteit van opvattingen te bestaan over de vraag wat interpretatie kenmerkt. Naast de traditionele hermeneutiek van de betekenis (Dilthey) heeft zich een hermeneutiek van de waarheid (Gadamer, Ricoeur) ontwikkeld, die uitgaat van het gespreksmodel" (*Mooij en Widdershoven 1992:11).

'n Erediens is juis 'n dialoog tussen God en mens en mens en medemens waarin die waarheid van God se heil aan mense meegedeel, gevier en bevestig word. Die groot vraag in hierdie proefskrif is: Wat is relevante prediking? Hoe moet 'n mens te werk gaan om die tekste van die Bybel te verstaan en te vertolk vir die hoorders in hulle spesifieke konteks?

Hierdie dialogiese hermeneutiek van die waarheid omraam die kader van die proefskrif as 'n dialogies-kommunikatiewe hermeneutiek. Daar word gebou op die insigte van Steyn (2008) ten opsigte van ondergenoemde eksponente. Daarom word daar spesifiek op die hermeneutiese insigte van die genoemde twee eksponente gefokus.

## 5.1 Hans-Georg Gadamer se siening van die hermeneutiek

Hans-Georg Gadamer (1900-2002) is primêr verantwoordelik vir die hedendaagse verstaan van hermeneutiek. Hy brei Heidegger se analise van verstaan verder uit in sy monumentale werk '*Truth and Method'* met 'n filosofiese hermeneutiek (Schmidt 2006:8). Gadamer baan in die voetspoor van mense

soos Dilthey, Husserl en Heidegger 'n pad vir die eiesoortige wetenskaplike aanpak in die geesteswetenskappe (Pieterse 1993:79).

Gadamer ontwikkel 'n fenomenologiese en filosofiese hermeneutiek wat krities staan teenoor die positivistiese natuurwetenskaplike metodologie en wat erns maak met beide die tradisie én die geskiedenis. Gadamer stel dit so:

> *The modern concept of science has been formed by the development of natural science in the seventeenth century... The methods of the natural sciences do not encompass everything that is worth knowing, not least that which is most worth knowing, namely the final purposes that all control of nature and human beings must serve. In the human sciences and philosophy it is knowledge of another kind and order that one expects. And so it is to the point to speak for once, instead of what is common in the use of scientific methods of all science, of that which is unique and makes the human sciences so significant and worthy of questioning for us.*
>
> (Gadamer 1994:25-26)

Teenoor die Verligting se absolute geloof in mens se eie oordeel, sien Gadamer (1979:247) tradisionele gesag as 'n potensiële bron van waarheid of vooroordeel. *"The distinction the Enlightenment draws between faith in authority and the use of one's own reason is, in itself, legitimate. If the prestige of authority takes the place of one's own judgment, then authority is in fact a source of prejudices. But this does not exclude the possibility that it can also be a* source of truth, and this is what the Enlightenment failed to see when it denigrated all authority" (Gadamer 1979:247).

Volgens Gadamer moet 'n mens in die hermeneutiek onderskei tussen drie momente in die verstaansproses. Dit is die:

- *'Subtilitas intelligendi'*, wat in Latyn 'begryp' beteken

- *'Subtilitas explicandi,* wat in Latyn 'verklaar' beteken
- *'Subtilitas applicandi',* wat in Latyn 'toepassing' beteken.

(vgl. Gadamer 1975:290-291). Die drie momente saam verklaar die begrip 'verstaan', waaroor die hermeneutiek eintlik gaan.

Gadamer se hermeneutiek het 'n belangrike wending gebring ten opsigte van die betekenis van die teks. Sedert die Verligting (Duits=*'Aufklärung';* Engels='*Enlightenment*') het die idee posgevat dat die mens se verstand, die rasionele, die oorheersende faktor van die verstaan deur die mens is. Daaruit het daar ook 'n wetenskapsfilosofie ontstaan wat bekend staan as die 'positivisme'. Hiervolgens is die waarheid 'n objektiewe werklikheid. Die waarheid is êrens buite die mens en moet daar deur logiese rasionele denke in lyn gekom word met die objektiewe waarheid van die werklikheid, wat weer met die rasionele denke ontleed en vasgestel kan word (Pieterse 2001:81). Dit beteken dat daar net een objektiewe waarheid is oor elke saak. Die logiese wat hieruit spruit is dat daar net een betekenis is aan 'n sekere Bybelteks. Gadamer het met sy boek '*Wahrheit und Methode*' in 1960 al, die hele idee van een betekenis op sy kop gekeer. Die oorspronklike titel sou verwys het na die grondbeginsels van 'n filosofiese hermeneutiek ('*Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik' – 'Fundamentals of a Philosophical Hermeneutics'),* maar die oorspronklike uitgewer het die begrip '*hermeneutiek*' as te onbekend en vreemd beskou en daarom die boek onder die subtitel gepubliseer. Dit is aan hierdie '*magnus opus'* van Gadamer te danke dat filosofiese hermeneutiek 'n belangrike plek in die hedendaagse algemene filosofie en hermeneutiek inneem (Schmidt 2006:95).

Die bedoeling van '*Wahrheit und Methode'* was om 'n filosofiese regverdiging te verskaf vir die waarheidsbelewenis wat die terrein van die natuurwetenskaplike metodiek transendeer. Sodanige waarheidsbelewenisse vind plaas in kuns, filosofie en in die geesteswetenskappe, waarvan teologie wesenlik deel is (Schmidt 2006:95). '*Truth and Method'* word in drie dele uiteengesit en handel

oor die waarheidsbelewenis in kuns, die uitbreiding van die waarheidsvraagstuk in die verstaan van die geesteswetenskappe (menslike wetenskappe) en die ontologiese verskuiwing van hermeneutiek wat deur taal teweeggebring word (Gadamer 1979:v-viii; vgl. Schmidt 2006:95).

In '*Wahrheit und Methode'* worstel Gadamer met die teenstellende spanning tussen vervreemende distansiëring en die belewenis daarvan om te behoort (Ricoeur 1981:60; Steyn 2008:148). Ricoeur (1981) wys daarop dat die verstaan of interpretasie van 'n teks uit die verlede te make het met die konteks waarin die leser hom/haar bevind. Dit het die implikasie dat betekenis juis as veranderlike gesien word:

*"The debate between alienating distinction and the experience of belonging is pursued by Gadamer through the three spheres into which the hermeneutical experience is divided: the aesthetic sphere, the historical sphere and the sphere of language"* (Ricoeur 1981:60).

Elke veranderende konteks van die leser het 'n invloed op die verstaan van die teks en dus ook die betekenis wat die leser aan die teks heg. Dit het tot gevolg dat die teks aan die einde 'n oneindige aantal betekenisse het. Elke hoorder wat gereeld na preke luister sal hiermee kan identifiseer. Verskillende predikers lê in verskillende tye klem op verskillende perspektiewe van 'n spesifieke teks en sodoende praat die teks op 'n nuwe wyse met die hoorder.

Volgens Gadamer geskied die verstaan van tekste uit die verlede wanneer die leser van vandag in hierdie historiese konteks 'n teks lees wat uit 'n ander historiese konteks ontstaan het. Dit het tot gevolg dat daar 'n 'tydgaping' ontstaan tussen leser en teks en het tot gevolg dat daar 'n 'vreemdheid' van die teks intree in die leser se eie tyd.

"Die leser (die subjek in die verstaanproses) en die teks (die objek in die proses) maak saam deel uit van die verstaanproses wat soos 'n sirkel tussen die

historiese kontekste geskied – die sogenaamde hermeneutiese sirkel" (Pieterse 2001:81).

Volgens Gadamer (1979:235-236) bou hy sy verstaan van die hermeneutiese sirkel op Heidegger se sirkulêre struktuur van verstaan. Heidegger sien nie net die moontlikheid van 'n bose kringloop ('*vicious circle')* of 'n neutrale sirkel in hermeneutiek raak nie, maar ook die verskuilde (potensiële) primordiale moontlikheid van verstaan:

*"In the circle is hidden a positive possibility of the most primordial kind of knowing… The point of Heidegger's hermeneutical thinking is not so much to prove that there is a circle as to show that this circle possesses an ontologically positive significance"* (Gadamer 1979:236).

Hierdie sirkel bestaan tussen die historiese kontekste van die teks en die leser. Daarom kan die betekenismoontlikhede nooit gesluit word nie, want die betekenis is nooit 'n vaste objek nie, maar 'n proses waarin dit in elke historiese konteks van die lesers betrokke is. Elke historiese konteks vorm sy eie verstaanhorison. Betekenis en die begrip van die betekenis deur die leser, verbind teks en leser met hulle eie historiese verstaanhorisonne sodat die horisonne effens oor mekaar skuif en verstaan moontlik word (Pieterse 2001:81).

Schmidt (2006:114; vgl Steyn:2008:149-150) identifiseer vyf onderstaande kerngedagtes by Gadamer aan die hand van Gadamer se filosofiese hermeneutiek:

> *1. Understanding is a dialogue of question and answer, the purpose of which is to establish agreement about the subject matter under discussion*

*2. Because of the hermeneutic circle and the effect of history in understanding, the epistemological task of philosophical hermeneutics, is to identify prejudices by which we understand*
*3. The authority of tradition is a justified source for legitimate prejudices. Therefore, a text may have something truthful to say to us*
*4. Interpretive understanding requires that the interpreter apply the text to her situation in order to understand what the text has to say*
*5. The event of understanding occurs in the fusion of the interpreter's and text's horizons, which are mistakenly thought to exist independently.* Schmidt 2006:114)

In die hier en die nou is mens deel van die historiese proses van verstaan (van 'n spesifieke teks). 'n Volgende geslag vorm weer 'n nuwe verstaanshorison en dit beteken dat verstaan vir hulle anders sal wees as vir ons. Dit beklemtoon die belang van generasieteorieë soos reeds vroeër aangetoon. Soos die skakel van 'n ketting vorm 'n mens se interpretasie van vandag deel van die historiese proses van verstaan. Elke gelowige staan in 'n tradisie van verstaan van die teks van die Bybel. Hierdie tradisie slyp mens se begrippe, sieninge en wyse van verstaan en help mens om 'n brug te slaan oor die gaping tussen die teks se horison en dié van elkeen se verstaanshorison.
Gadamer se siening hieroor, lei tot die kern van sy refleksie ten opsigte van die geesteswetenskappe en dit staan in Duits bekend as '*Wirkungsgeschichte*' of '*wirkungsgeschichtliches Bewusstsein'.*
*"The proper 'ontological' interpretation of the sequence – prejudice, authority, tradition – is crystallised, as it were, in the category of 'Wirkungsgeschichte' or 'wirkungsgeschichtliches Bewusstsein' which marks the summit of Gadamer's reflection on the human sciences"* (Ricoeur 1981:73).

Ricoeur (1981:61&73) vertaal dit as:

*"… the consciousness of the history of effects* " of
"… *consciousness exposed to the effects of history"* of
*"… consciousness of historical efficacy".*

In die lig van bogenoemde is dit daarom soveel belangriker om die konteks waaruit die teks gelees word te verstaan en bewus te wees van sekere 'vooroordele'. Volgens Gadamer (1960:255-279) ontmoet elke interpreteerder die teks vanuit sy/haar eie vooroordele. Juis in die konfrontasie tussen die vooroordele (die wyse waarop dinge gesien en die hoek vanwaar gekyk word na die wêreld) en die vreemdheid van die teks se sieninge, geskied die ware hermeneutiese verstaan (Gadamer 1960:279). Dit is volgens Gadamer (1979:239; vgl. Steyn 2008:153) nie vooroordeel wat verstaan strem nie, maar wel verskuilde (ontkende en onbekende) vooroordele wat verstaan en begrip belemmer. In Gadamer (1975:254) se eie woorde:
*"Es sind die undurchschauten Vorurteile, deren Herrschaft uns gegen die in der Überlieferung sprechende Sache taub macht".*
'Onbewustelike' vooroordele is dus 'n struikelblok in die verstaan van tradisie en historiese tekste. Hier bou Gadamer voort op die voetspoor van Heidegger wat fenomenologies die verstaan van dinge vanuit hulleself aflei.
*"Das ist es, was Heidegger meint, wenn er fordert, in der Ausarbeiting von Vorhabe, Vorsicht und Vorgriff aus den Sachen selbst her das wissenschaftliche Thema zu 'sichern'"* (Gadamer 1975:254).

Vooroordeel is 'n belangrike begrip in die versmelting van verstaanshorisonne. Vooroordeel geld as die horison van die hede. Indien ek myself dan in 'n ander se gesigspunt plaas, konfronteer ek myself met my eie vooroordeel (my huidige horison). En in hierdie dialektiese spanning tussen myself en 'n ander, en tussen die historiese teks en die gesigspunt van die leser (hoorder), word vooroordeel werksaam in die geskiedenis (Steyn 2008:154).

Ricoeur (1981:75-76) verwoord dit so:

> *The unsurpassable concept of the fusion of horizons endows the theory of prejudice with its most peculiar characteristic: prejudice is the horizon of the present, the finitude of what is near in its openness toward the remote. This relation between the self and the other gives the concept of prejudice its final dialectical touch: only insofar as I place myself in the other's point of view do I confront myself with my present horizon, my prejudices. It is only in the tension between the other and the self, between the text of the past and the point of view of the reader, that prejudice becomes operative and constitutive of historicity.*
>
> Ricoeur (1981:75-76)

Gadamer glo egter dat hierdie vooroordele absoluut essensieel is vir interpretasie en dat dit juis die vooroordele is wat ware verstaan moontlik maak.
*"The disinterested reader is supposedly free of the constraining prejudices of history. But those prejudices are the very things that Gadamer believes the interpreters of texts and history cannot nor need to be free of as they begin the work of interpretation"* (Lundin 1985:24).

Soveel te meer moet die sosiale, politieke, ekonomiese en godsdienstige kontekste baie goed verstaan word. Gedrenk in die huidige eietydse tydgees kan die teks benader word en kan daar deur die teks se anderse sieninge lig oor die mens se eie situasie opgaan. Die teks kritiseer dus die eietydse idees en kan 'n bepaalde invloed op die mens uitoefen - hopelik ten goede.

Gadamer is van mening dat alle verstaan en interpretasie op sigself al toepassing, '*applicatio*' is. Hermeneutiek, in die sin van om 'n teks uit die verlede te verstaan, is toepassings hermeutiek. Steyn (2008:150) interpreteer Gadamer as volg:

> Volgens Gadamer (1979:333) 'vra' 'n historiese teks 'n vraag aan die persoon wat dit probeer interpreteer. Om hierdie teks dan te kan verstaan vra dat die persoon hierdie vraag sal verstaan en dit wat agter die teks lê as die antwoord op die vraag sal interpreteer. Dit beteken verder dat die interpreteerder die teks sal 'bevraagteken' en dalk met meer as een moontlike antwoord gekonfronteer sal word. Die antwoord (interpretasie) is egter altyd in relasie met die vraag wat gevra word.
>
> (Steyn 2008:150)

Vir Gadamer (1975:351-357) maak die vraag-antwoord struktuur van 'n gesprek daarom logies sin in die kader van die geesteswetenskappe – '*Die Logik von Frage und Antwort'* (Gadamer 1975:351-352).

Die juridiese en die teologiese interpretasies van vorige uitsprake getuig van die interesse as rede waarom 'n teks geïnterpreteer word (Pieterse 2001:82). So 'n rede byvoorbeeld is die prediking. 'n Teks word geïnterpreteer met die oog om 'n relevante preek Sondag te lewer. Daarom is toepassing of toe-eiening van die begin af belangrik. Die teks word ook uit hierdie oogpunt geïnterpreteer om sodoende 'n aanspraak op mense se lewens te maak. Volgens Gadamer (1975:311) is die betekenis van die teks, gerig op toepassing. Gadamer (1975:314) verwys na Rudolph Bultmann wat aanmekaar die vraag vra: Wat sê hierdie teks oor God? Met ander woorde dat alle tekste uit die verlede dus per implikasie gerig is op toepassing in die hede. Sodoende moet die toepassing gelowiges beweeg tot aksie en handeling. As die boodskap verstaan word, moet dit ook geleef word. Toepassing, '*applicatio*', het 'n etiese dimensie. Gadamer lei dit af uit Aristoteles se begrip '*phronesis'* (vgl. Pieterse 1993:84).

Die kritiek op Gadamer se siening van die hermeneutiek was veral gerig op die feit dat hy dit wat uit die tradisie (die teks en die wêreld) kom as gesagvol

aanvaar (Pieterse 2001:83). Volgens Habermas (1973:264 e.v.) moet ‘n mens ook ideologies krities met die teks omgaan. Ook Naudé (1987:331) stem saam deur dit duidelik te stel dat Gadamer se paradigma prinsipieel geslote bly vir die ideologiese kritiese funksie. Volgens Vos (1996:20) hou Gadamer nie genoeg rekening met die egte ervaringe nie, en ook nie met die verdronge ervaringe nie, soos byvoorbeeld Nazi-Duitsland waarvan hy deel was. Daar kan ideologieë en magsgebruik verskuil lê wat nie vandag kan aanvaar word nie.

Schmidt (2006:8-9) verwys in sy boek ‘*Understanding Hermeneutics’* veral na vier strominge wat kritiek teen Gadamer inbring, met die volgende eksponente: ED Hirsch Junior, Jürgen Habermas, Paul Ricoeur en Jacques Derrida (vgl. Steyn 2008:224). Volgens Steyn (2008:224-225), verteenwoordig ED Hirsch die tradisionele posisie van literêre interpretasie en filologie (taalwetenskap) wat vanuit Schleiermacher se hermeneutiek ontwikkel het. Hiervolgens word die betekenis van ’n teks deur die bedoeling van die skrywer bepaal. Die universele individuele beginsel is dat die outeur se bedoeling die teks se betekenis bepaal en die universele sosiale beginsel is dat die genre tipe waarin die teks gegiet is, die betekenis van die uitspraak bepaal. Verder verskil die bedoelde betekenis (deur die outeur) van die betekenis wat ’n interpreteerder daaraan sou heg en kan hierdie gewilde (bedoelde) betekenis ontdek en verifieer word deur argumente van waarskynlikheid met die oorspronklike outeur se bedoeling en situasie in gedagte (Schmidt 2006:133-134; vgl. Steyn 2008:224-225).

Hirsch lewer kritiek teenoor Gadamer veral ten opsigte van vooroordele. Hy staan daarby dat die geldigheid van interpretasie wel deur die navolg van tradisionele filologiese (taalkundige) hermeneutiek bereik kan word. Hy verskil egter met Gadamer se siening dat verstaan noodwendig vooroordele impliseer en dat ’n mens nie kan ontsnap vanuit die hermeneutiese sirkel nie. Die kriteria wat hy aanwend vir betekenis is die bedoeling van die outeur (vgl. Steyn 2008:225).

Volgens Steyn (2008:225) tref Hirsch ’n onderskeid tussen ‘*meaning’* en ‘*significance’* wat Gadamer syns insiens nie verreken nie. Die betekenis van ’n teks moet dus onderskei word van die bedoeling van die outeur, terwyl Gadamer die twee sake laat saamsmelt (Schmidt 2006:8-9). Die implikasie hiervan is dat Hirsch klem lê op die oorspronklike bedoeling van die skrywer (spreker) asook op die filologiese samestelling van die teks, en minder op die subjektiewe wisselwerking tussen die teks en die leser soos Gadamer.

Jacques Derrida se kortstondige debat met Gadamer verteenwoordig die algemene kritiek van die dekonstruksionalisme dat Gadamer se filosofiese hermeneutiek nog steeds vasgevang is in metafisika en dus nie radikaal genoeg is nie (Schmidt 2006:133-134). Vanuit Derrida se oogpunt is Gadamer steeds vasgevang in die taal en die teorie van die metafisika, aangesien hy daarop staan dat die korrekte interpretasie van ’n teks beleef word in die hermeneutiese waarheidsmoment. Derrida hou vol dat taal slegs na taal verwys, en nie na ’n transendente betekenis daaragter nie (Schmidt 2006:8-9; vgl Steyn 2008:225).

Die fundamentele botsing tussen Gadamer en Derrida handel dus oor die aard van taal. Volgens Derrida bevat taal (en daarom ook tekste) ’n oneindige moontlikheid van betekenisse wat impliseer dat die verstaan van ’n teks absoluut relatief is en dat dekonstruksie toegepas moet word, selfs teen die gedeelte se intrinsieke aard in, terwyl Gadamer handhaaf dat taal wel ’n geldige blik op die wêreld oopsluit. Die teks besit wel geldige, normatiewe aansprake oor hoe dit verstaan moet word (Schmidt 2006:169). Sy waarheidsaanspraak bots dus met die relativisme van die dekonstruksionalisme (Steyn 2008:226).

Aangesien Habermas se kritiese hermeneutiek ‘n ander uitgangspunt het as die tradisionele hermeneutiek van Gadamer, bevraagteken dit heelwat van Gadamer se uitgangspunte. Habermas oordeel dat Gadamer die waarde en krag van die rede (rasionele denke) onderskat. Rede kan juis die oorsprong van oorgeërfde vooroordele ontdek, wat dit dan deursigtig sal maak. Die interpreteerder kan dan

die geldigheid daarvan beoordeel en kritiseer. So verbreek rede potensieel die hermeneutiese sirkel en is (rasionele) kritiek op ideologieë moontlik. Gadamer erken egter volgens Habermas nie hierdie moontlikheid nie en maak hermeneutiek so kwesbaar. Oorgeërfde ideologieë (vanweë Gadamer se tradisies) kan dus nie vermy word nie (Steyn 2008:226; vgl. Schmidt 2006:8-9).

Habermas se siening van 'selfrefleksie' help mens om sy kritiek op Gadamer se idee van misverstand wat deur 'n vooraf konsensus onderlê word, te verstaan. Selfrefleksie korreleer met die derde belang van Habermas, die belang van emansipasie.

> *Hence self-reflection cannot be founded on a prior 'consensus', for what is prior is precisely a broken communication. One cannot speak with Gadamer on the common accord which carries understanding without assuming a convergence of traditions that does not exist, without hypostatising a past which is also the place of false consciousness, without ontologising a language which has always only been a distorted 'communicative competence'.*
>
> (Ricoeur 1981:86-87)

Ricoeur (1981:64) vra twee kritiese vrae. Die eerste vraag aan Gadamer met sy tradisionele hermeneutiek en die tweede vraag aan Habermas met sy ideologiese samelewingskritiek. Die vraagstuk wat spesifiek aan die deur van Gadamer gerig word, is:
*"Can hermeneutic philosophy account for the legitimate demand of the critique of ideology, and if so, at what price? Must it sacrifice its claim to universality and undertake a profound reformulation of its programme and its project?" (*Ricoeur 1981:64).
Met hierdie vraag daag Ricoeur, Gadamer en die tradisionele hermeneutiek uit om die plek en moontlikheid van kritiek binne hermeneutiek uit te klaar, wat noodsaaklik is indien hermeneutiek universeel wil wees (Ricoeur 1981:88).

Ricoeur oordeel dat Gadamer gedeeltelik korrek is en gedeeltelik nie. Ricoeur sluit baie nou by Gadamer aan, maar sien tog die waarde van Habermas se kritiek ten opsigte van Gadamer se filosofiese hermeneutiek in. Gadamer sal in Ricoeur se opinie metodologiese verklaring in sy hermeneutiek moet insluit om sodoende relativisme te voorkom. Slegs die dialektiek van verklaar én verstaan kan die vereistes vir geldige verstaan bevredig (Steyn 2008:229; vgl Schmidt 2006:8-9).

## 5.2 Paul Ricoeur se siening van die hermeneutiek

Ricoeur sluit by Gadamer aan, maar bou sy opvattinge verder uit en kom met nuwe insigte. Ricoeur werk ook met drie hermeneutiese momente, en verwys ook na Gadamer en noem dit:

- "'*Understanding'*
- *'Explanation'*
- *'Application'/'appropriation'"*

(vgl. Pieterse 2001:79).

Ricoeur neem hierdie drie momente en ontwikkel dit tot 'n metode van navorsing (Ricoeur 1976:91-94; vgl. Pieterse 1992:22-29). Die totale proses van die drie momente noem hy '*interpretation*', dit is hermeneutiek.

Volgens Paul Ricoeur het die filosofiese hermeneutiek (van onder andere Gadamer) 'n doodloopstraat bereik omdat dit nie 'n genoegsame kritiese prosedure (metodologie) insluit nie. Ricoeur kom uit 'n bepaalde hoek van sy filosofiese soeke na die menslike vryheid en die aard van menswees. Om 'n vrye en egte mens te kan wees in die wêreld waarbinne die mens leef van kwaad en gebrokenheid moet mens gaan kers opsteek by die oertyd se filosofiese insigte van menslike ervaringe (Pieterse 2001:83). Dit lê opgesluit in simbole, mites, verhale en metafore wat handel oor die kwaad en die stryd daarteen. Uit hierdie konteks probeer Ricoeur rekonstruktureer hoe die elementêre insigte in hierdie

verhale teks geword het. Om dit vas te stel moet ‘n mens by taal en taalteorie begin (Pieterse 2001:83).

Diskoers is iets wat gebeur wanneer iemand praat. Volgens (Steyn 2008:208-209) vertoon diskoers (verbaal of skriftelik) ‘n basiese (primitiewe) vorm van distansiëring wat weergegee kan word in die dialektiek van gebeure en betekenis. Diskoers is enersyds ‘n gebeurtenis – ‘n gebeure. Taal is tydloos maar diskoers is iets wat nou plaasvind. Verder het diskoers, anders as algemene taal, verwysende waarde (‘*self-referential*’) in die sin dat dit persoonlik is:

*“The eventful character is now linked to the person who speaks; the event consists in the fact that someone speaks, someone expresses himself in taking up speech”* (Ricoeur 1981:133).

Ricoeur maak ‘n verskil tussen gesproke en geskrewe taal. Taalgebruik is ‘n gebeure wat in die hede geskied. Die prediker lewer ‘n preek en tydens die preek (taal kommunikasie) verwys hy/sy na die werklikheid rondom. Hierdie werklikheid word oopgemaak deur ervaringe van die verlede, tradisie, geloof, kultuur, werklikheidsverstaan, sosiale, politieke, en ekonomiese omstandighede ensovoorts. Die werklikheid beïnvloed die inhoud en wyse van die taal wat gebruik word en die taal verwys ook na so ‘n buite talige werklikheid. In die preek wat gelewer word impliseer hy ook ‘n gespreksgenoot en sodoende vind daar ‘n verbale uitdrukking van ‘n bedoeling plaas (Ricoeur 1976:12-15). Skrif is ‘n ander vorm van gesproke taal. Taaluitinge ondergaan dus veranderinge. Korrekte verstaan van ‘n teks benodig ‘n dialektiek van verstaan én verklaar, aldus Ricoeur (Schmidt 2006:151).

*“The search for a complementarity between these two attitudes, which Romantic hermeneutics tend to dissociate, will thus express on the epistemological plane the hermeneutical reorientation demanded by the notion of the text”* (Ricoeur 1981:43).

Eers geskied daar ‘n oorgang van ‘n aanvanklike bedoeling van die spreker, wat haar bedoeling aan die hand van die werklikheidservaring en die taalsisteem, in gesproke taal uitdruk. Deur die taalsisteem word die inhoud, in modaliteit, dit wil sê ‘n bevel, versoek, of iets van die aard, en in effek, gekodeer. Die taalgebruik is tot iemand gerig met die veronderstelling dat daar inter subjektiewe kommunikasie tussen twee mense plaasvind. Die gespreksgenoot rekonstrueer nie die bedoeling van die spreker nie, maar dekodeer die verbale betekenis Ricoeur (1976:16-19). Onderlinge begrip ontstaan vanweë die sinsverband en die konteks of gespreksituasie wat vir albei gedurende die spreekakte toeganklik is (Pieterse 2001:84).

Die opskryf van gesproke taal is die volgende verandering en dus ‘n tweede fase in ‘n taaluiting (Ricoeur 1976:25-36). Deur gesproke taal op te skryf en in ‘n teks te plaas, word die taaluiting van sy konteks losgemaak. Slegs die inhoud bly van die taaluiting die beste bewaar. Daar kom dus ‘n afstand tussen die gesproke taaluiting en die teks daarvan in skrif ‘n distansiëring. Die afstand is juis nodig om betekenis aan die teks te kan heg deur ‘n leser in ‘n nuwe konteks. Die teks raak los van die intensie van die skrywer en die konteks van die ontstaan.
Ricoeur (1984:76-77) maak ‘n deeglike analise van die verandering of oorgang van gesproke taal na geskrewe taal en die oorgang na die interpretasie van die teks. Volgens Ricoeur het die menslike werklikheid narratiewe trekke. Dit is daarom ‘n werklikheid wat deur handelinge gekenmerk word wat weer narratiewe stof bied en wat weer oorvertel word.

Elke teks word vooraf gegaan deur ‘prefigurasie’. Wanneer mens met ‘n verhaal in ‘n teks te doen kry, is die ontstaan daarvan te wyte aan die werklikheid waarin handelinge geskied wat vertelstof bied. Hierdie werklikheid het ‘n vertelstruktuur met simboolwaarde. Hierdie omringende wêreld bied die materiaal vir die narratief (Pieterse 2001:85). Dit vorm die ‘prefigurasie’ van die verhaal.

Hierdie wêreld van handelinge skep dus die materiaal vir die vorming van 'n teks wat hy 'konfigurasie' noem. 'n Teks word dus geskep deur 'n 'konfigurasie' wat deur 'n outeur saamgestel word (Pieterse 2001:85). Dit is 'n verhaal met 'n storielyn waar die gebeurtenisse mekaar opvolg, maar ook vanweë die storielyn 'n eie wyse het waarmee met tyd omgegaan word – teruggrype, vooruitgrype, ensovoorts.

Wanneer 'n leser die verhaal lees, geskied daar 'refigurasie'. Die leser voer 'n lees-handeling uit en vorm sy eie verhaal deur die lees van die teks. Die verhaal wat uit 'n werklikheid van handelinge in die verlede kom, keer terug na die werklikheid van die handelinge – die werklikheid van die leser. Die leser kan die verhaal uit die teks as 'n appèl ervaar, kan deur die teks tot vernuwing kom, kan tot handelinge aangespoor word en kan weer 'n nuwe verhaal uit die vorige maak (Pieterse 2001:85).

Ricoeur (1981:184-193) is van oordeel dat lees gerig is op toepassing, toe-eiening, '*applicatio*'. Dit beteken dat die leser die teks lees met die moontlikheid om dit in sy eie situasie toe te pas. Die *'applicatio'* van die teks is die voorwaarde vir die vind van betekenis in die teks. Sonder hierdie "*application"* op die leser se eie situasie het die teks geen betekenis nie. Om die teks toe te pas in jou eie omstandighede beteken nie dat dit *'aangepas*' word by jou nie. Inteendeel, toepassing beteken dat die leser hom/haar moet oopstel vir die wêreld wat die teks aanbied. Ricoeur (1981:191) praat van *'letting go'.* In hierdie konteks word twee wêreld met mekaar gekonfronteer naamlik die van die teks en die van die leser. Tekste is bronne van baie betekenisse, want tekste kan ook meervoudige betekenisse hê. Elke keer werp 'n teks iets anders vir die lesers uit die verskillende kontekste waaruit hulle spruit. Verstaan geskied wanneer die leser van die ander, vreemde, 'self' van die teks ontvang uit die wêreld van die teks wat tot hom/haar aangereik word (Pieterse 2001:85).

Volgens Steyn (2008:215) is toe-eiening dialekties gekoppel aan die distansiërende aard van 'n geskrewe teks sowel as aan die objektifiserende aard van die werk. 'n Leser eien homself 'n voorgestelde wêreld toe. Hierdie voorgestelde wêreld lê nie verskuil agter die teks (die skrywer se bedoeling) nie, maar voor die teks in dit wat die werk ontbloot. Om te verstaan is dus selfverstaan – om jouself voor die (wêreld van die) teks te verstaan (Ricoeur 1981:143). Die leser word dus self deur die 'saak van die teks' ('*matter of the text'*) beïnvloed. Dit is juis die 'saak van die teks' wat dit moontlik maak om die spanning tussen afstand en nabyheid te oorkom en oor afstand (tyd en historisiteit) heen te kan kommunikeer.

*"What enables us to communicate at a distance is thus the matter of the text, which belongs neither to its author nor to its reader"* (Ricoeur 1981:62).

In toepassing op die erediens gebeure, verwoord Pieterse (2007:5) hierdie selfverstaan so:

"Die teks maak nuwe lewensmoontlikhede oop, 'n nuwe visie, 'n nuwe verstaan. Dit beteken dat die prediker aangespreek word en daar vir hom/haar 'n nuwe insig en uitsig kom. Die prediker wat deur die teks se boodskap verander is, word getuie van die Woord in die preek" (vgl Steyn 2008:216).

Ricoeur (1981:144) gaan so ver deur die implikasie hiervan as absoluut paradoksaal te sien:

*"As reader, I find myself only by losing myself".*

Bogenoemde is iets waarmee die navorser persoonlik worstel in die hermeneutiek. Gevolglik (om nie in absolute subjektivisme te verval nie) vra toe-eiening ('*appropriation'*) 'n interne kritiek. Hier beweeg Ricoeur nader aan Habermas met sy Ideologie-kritiek, hoewel op heeltemal 'n ander vlak. Ricoeur (1981:144) sien kritiek van ideologie as 'n noodsaaklike omweg waardeur selfverstaan moet gaan, om deur die 'saak van die teks' ('*matter of the text'*) en nie deur die vooroordele ('*prejudices'*) van die leser op sleeptou geneem te word nie.

*"Thus we must place at the very heart of self-understanding that dialectic of objectification and understanding which we first perceived at the level of the text, its structures, its sense and its reference. At all these levels of analysis, distanciation is the condition of understanding"* (Ricoeur 1981:144).

Ricoeur maak dus die belangrike observasie dat dit in hermeneutiek nie allereers oor die teks gaan nie, maar om die dialektiek tussen praat en skryf wat enige en alle tekste onderlê. Die dialektiek van distansiëring is alreeds aanwesig by die basiese diskoers en hierdie diskoers kan as 'n gestruktureerde werk uiteengesit word. Op die ou end gaan dit nie oor die teks as sodanig (of die basiese onderliggende diskoers nie) maar om die wêreld voor die teks, 'n wêreld wat oopgesluit word deur die teks – 'n wêreld wat ook subjektiewe selfverstaan bevorder, binne die grense van die saak van die teks of diskoers (Steyn 2008:216).

Toe-eiening impliseer Ricoeur se sistematiese poging om die rol van die subjek in hermeneutiese interpretasie te omskryf.
*"...it represents a systematic attempt to formulate a concept of the subject which would concur with the theory of interpretation. The theory demands not only the initial suspension of the referential relation, but also the initial relinquishment of subjectivity: both subject and object must be submitted to a process of metamorphosis"* (Thompson 1981:20-21; Steyn 2008:222).

Om toe-eiening ('*appropriation*') te illustreer, sluit Ricoeur by Gadamer se analise van die fenomeen van 'n opvoering ('*play*') aan.

> *Gadamer shows that play is not so much the activity of the subject as an activity upon the subject, an activity in which the subject 'is played'. Similarly Ricoeur suggests that, in the theory of interpretation, the subject – whether author or reader – is a 'playful figure' of the text. The initial relinquishment of*

*subjectivity is thus the precondition for the ultimate expansion of consciousness under the objective guidance of the text.*

(Thompson 1981:20-21)

Toepassing is die toe-eiening en ontvang van hierdie nuwe 'self', of eiendomlikheid van die teks, wat jou 'n ander siening van jou situasie gee, wat jou tot handelinge beweeg, of jou 'n nuwe verhaal in jou konteks vanuit die verhaal van die konteks van die teks laat maak. Hierdie toepassing in jou eie lewe van die teks se aanbieding geskied nie omdat jou gees en die gees van die teks op dieselfde golflengte is nie, maar is die gevolg van 'konfronterende dialoog'. Toe-eiening van die teks se boodskap is 'n eksistensiële daad. Dit is die aktualiserings, deur 'n konfrontasie met die teks heen, van die teks se betekenis in jou eie omstandighede en konteks (Pieterse 2001:85-86).

Steyn (2008:245-247) identifiseer vier punte van kritiek op Ricoeur se hermeneutiek wat vir hierdie studie relevant is. Die eerste punt van kritiek op Ricoeur handel oor 'n verskynsel dat sy denke nie staties gebly het nie, maar 'n verskuiwing ondergaan het. Hierdie verskuiwing raak twee sake naamlik Ricoeur se metodiek asook die fokus van ondersoek (Steyn 2008:245).
Ricoeur skuif in metodologie van fenomenologies na meer hermeneuties. *"Ricoeur's method is now explicitly hermeneutical, marking a shift away from the phenomenological emphasis of his earlier work. Phenomenology may remain the unsurpassable presupposition of hermeneutics, but it is above all hermeneutics whose presuppositions must be examined"* (Thompson 1981:25). Gepaardgaande hiermee is ook 'n verskuiwing van die aanvanklike objek van ondersoek aldus Thompson (1981:25):
*"The immediate focus is no longer the intentional objects of subjective processes, or even the symbolic expressions of personal experiences, but rather the whole domain of written discourse, of texts and analogues of texts".*

Die tweede punt van kritiek verwys na Ricoeur se verstaan en gebruik van tradisie (Steyn 2008:246). Ricoeur plaas verskillende tradisies volgens Bleicher (1980) te maklik op dieselfde vlak, sonder om die verskille en die implikasies daarvan te verreken.

> *The main points that spring to mind are, first, the apparent failure to take note of the difference between a particular tradition such as the Enlightenment and tradition as that developing entity from within which even the consideration of a particular tradition has to proceed. The important difference in the context of the hermeneutic debate is that the latter cannot be questioned as such, since it provides the basis for even the formulation of the first criticism directed at it; traditions in the former sense have, however, been criticized by Gadamer himself – viz. the Enlightenment and Romanticism. It follows that the fact that critical hermeneutic derives its inspiration from a particular tradition cannot be used as an argument against its claim to be able to break through the universitality of the hermeneutic problem.*
>
> (Bleicher 1980:235)

'n Derde kritiek wat teen Ricoeur ingebring word is dat Ricoeur se hermeneutiek beperk word deur 'n gebondenheid aan die verlede (Steyn 2008:247).

*"Ricoeur restricts critical hermeneutics to a remembrance of the past; 'in theological terms: eschatology is nothing without the recitative of past acts of deliverance'"* (Bleicher 1980:235).

Hermeneutiek verwys wel na die verlede, maar is ook toekomsgerig, 'n belangrike balans. Volgens Bleicher (1980:235) slaag Ricoeur nie voldoende hierin om hierdie balans te vind nie.

*"… it does not capture adequately recent developments even within the Frankfurt School; critical hermeneutics is today characterized by its attempt to develop an explanatory framework, such as the universal pragmatics Habermas is hoping to*

*formulate, that is radically future-oriented in its anticipation of something new and better"* (Bleicher 1980:235).

Die vierde punt van kritiek teenoor Ricoeur, aldus Vos (1995:47; vgl. Steyn 2008:247) is dat hy so eensydig fokus op die wêreld voor die teks, en dus die wêreld agter die teks en die wêreld van die teks afskeep. In 'n prediking is al drie egter van belang:

> Ricoeur het, in teenstelling met die historisme van die negentiende-eeuse Bybelse en literêre kritiek, waarin die sosio-kulturele agtergrond van die teks beklemtoon is, geoordeel dat die aandag moet val op die wêreld voor die teks waar die ontmoeting tussen leser en teks plaasvind. Op dié punt is Ricoeur bietjie eensydig. In die preek is die wêreld agter die teks, die wêreld van die teks en die wêreld voor die teks almal van belang vir die kommunikasie van die teks aan die hoorder.
>
> (Vos 1995:47)

## 5.3 Teologiese refleksie op Gadamer en Ricoeur

Indien 'n mens vanuit 'n homiletiese oogpunt nadink oor die verstaansproses van die Bybelse teks vir relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit, dan moet mens Jonker (1998:32) toegee dat die 'aansluitingspunt' by Gadamer en Ricoeur se hermeneutiek om by die eindpunt van die hermeneutiese proses uit te kom (relevante prediking), die idée van die '*applicatio*', die toepassing by Gadamer en Ricoeur is (Pieterse 2001:86). Gadamer en Ricoeur verstaan dit effens anders, maar elkeen op sy eie manier, verstaan dit so dat die '*applicatio*' slegs moontlik is as die leser van die teks ingestel is om die boodskap van die teks eksistensieel te verstaan, en die toepassing dus lewensveranderend op jou

lewe te laat inwerk. Dit skep ‘n ruimte vir die homiletiek om oor vertolking in die konteks van die prediking sistematies na te dink as ‘n verdere fase in die soeke na die betekenis van die teks wat gewoonlik deur die eksegese vasgestel word. Dit beteken homileties óók dat die hermeneutiese proses, of anders gesê, die interpretasieproses, van ‘n Bybelse teks in die eksistensiële situasie van die prediker en die gemeente se situasie begin (Pieterse 1988:79-82).

## 5.4 Hermeneutiek en Empirie

Empiriese metodologie is die wetenskaplike metode wat die beste pas vir navorsing in Praktiese Teologie. Volgens Heitink (1999:221) is die woord ‘empirie’ (*‘empiricism’*) afkomstig van die Griekse woord *‘emperia’*, wat ervaring beteken. Heyns en Pieterse (1990:76-77) verduidelik dat in die ervaringsproses daar drie deel prosesse is naamlik:

- Waarneming (inwerking van die omgewing op die mens)
- Probeer (inwerking van die mens op die omgewing)
- Evaluering (mens probeer vasstel of omgewing verander het as gevolg van sy optrede).

Hierdie benadering tot die term empirie lê in lyn met die handelingsteorie en dialogiese kommunikasieteorie. In die Praktiese Teologie is die empiriese ondersoek onlosmaaklik deel van die teologiese teorieë (Heyns & Pieterse 1990:75-76).

Om die bydraes van Gadamer en Ricoeur (die interaksie tussen teks en konteks), tot hulle reg te laat kom het Pieterse (1979) ‘n empiriese benadering tot die praktiese teologie ontwikkel. Deur hierdie benadering kom die konteks van die hoorder/gemeente binne die hermeneutiek tot sy reg.

Kritiek op Pieterse se empiriese ondersoeke is dat hy die klem op die empiriese laat val en dat die hermeneutiese nie tot sy reg kom nie (Louw 1993:206-209). In latere werke het Pieterse (1993:86-89) ook die hermeneutiek van Ricoeur

bygewerk en het hy ook die hermeneutiese perspektief op die empiriese laat skyn. In sy boek 'Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie' plaas Pieterse (1993:71-88) egter die empiriese binne die raamwerk van die hermeneutiek. Sy poging om deur empiriese navorsing te bepaal wat die perspektief van die hoorder is, was aandadig daaraan om die klem in die hedendaagse hermeneutiek juis na die hoorder te verskuif.

## 6. 'n Homiletiese model

### 6.1 Inleiding

Volgens Vos (1996:6) word 'n homiletiese teorie op 'n wetenskap teoretiese, teologiese of fundamentele en praktykvlak aangetref. Insig in die funksies van die homiletiese teorie help om die evangelie so effektief as menslik moontlik deur die preek in diens van God se koninkryk te laat kommunikeer. 'n Definisie van homiletiek sou so kon lui:
"Die studie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie binne die konteks van die moderne samelewing" (Pieterse 1993:2; Heitink 1993:154).
Dit geskied binne die liturgiese raamwerk van die erediens.

In die prediking kan niks weggesteek word nie. In die prediking kom die prediker se swakhede en kragpunte aan die lig. Die hoorder kom gou agter as die prediker nie die kultuur waarbinne geleef word, verstaan nie.
"Sy hermeneutiese en eksegetiese kundigheid, sy vermoë om 'n Bybelteks aan die teks van die lewe te verbind, sy dogmatiese onderbou, sy vaardigheid met die taalakkoorde, sy kommunikatiewe krag en retoriese sterkte, sy meelewing en die verstaan van die mens in sy leefwêreld, dit alles kom in die preek na vore" (Vos 1996:61).

Dit bring mee dat relevante prediking sleg kan geskied as die prediker rekenskap kan gee van sy homiletiese teorie. Insig in die teorie help om die evangelie deur die prediking so relevant as moontlik te maak, in diens van God se Koninkryk. Volgens Vos (1996:61) leef die homiletiek in drie vertrekke. Die vertrekke bestaan uit 'n:

- Hermeneutiese Kommunikatiewe ruimte
- Teologiese of Fundamentele ruimte
- Praktyk teoretiese ruimte.

In die Hermeneutiese kommunikatiewe benadering word die interpretatiewe en kommunikatiewe aard van die homiletiek uitgespel. Onder 'n Teologiese en Fundamentele teorie word die teologiese basis wat die praktyk ten grondslag lê, verstaan. 'n Teologiese fundamentele teorie word deur die teologiese tradisie en Bybelse interpretasie van die geloofsgemeenskap gevoed. Hier gaan dit oor die Bybel as norm en bron van die preek. Vervolgens moet die 'Bybelse grondstof' waaruit so 'n teorie ontgin word, aandag kry. Die konkretisering van die Bybelse grondstof vir die mens se alledaagse bestaan moet ook aangetoon word. Die funksies van die die 'belydenis' in die preek behoort ook 'n fokus in 'n teologiese teorie te wees. Naas die Bybel is die 'teks van die lewe' en die 'tradisie' waaruit dit voortspruit, bronne vir die preek. Die praktiese teologie kan nie voldoende funksioneer as daar net by teoretiese konstruksies gehou word nie. Alledaagse kontekste van aksie en kommunikasie mag nooit vermy word nie (Van Niekerk 1994:86). Praktykteorieë is onontbeerlik vir die homiletiek, want dit word ontwerp vir elke kommunikatiewe handeling soos preek voorbereiding, kommunikasie tydens die preek, retoriese aspekte, deelname van die hoorder en die onderskeie liturgiese momente in die erediens (Vos 1996:61-62). Volgens Pieterse (1993:52) moet die teoretiese konsepte en die empiriese bevindinge van 'n homiletiese ondersoek geïntegreer word sodat verstelde konsepte daaruit geformuleer kan word. Dit sal lei tot 'n relevante praktykteorie (relevante prediking in 'n veranderende wêreld) om die preekpraktyk te rig en te stuur (Vos 1996:62).

In die homiletiek word daar ook ‘n vierde ruimte bygevoeg naamlik die Narratief Kommunikatiewe ruimte. Die Narratiewe terapeutiese model in die Pastoraat wat as belangrik beskou was moes plek maak vir ‘n hermeneutiese model (Demasure 2004:503-518). Dit het gelei tot die vraag na betekenis: die ervaring van betekenis, die gee van betekenis, die vind van betekenis en om betekenisvol op te tree (Demasure 2004:191).

Betekenis en doel vind sy uitdrukking in stories (Demasure & Müller 2006:410). Daardeur het die narratiewe benadering al hoe meer prominent geword.

Vir die doel van hierdie proefskrif word slegs die Hermeneuties Kommunikatiewe preekteorie ondersoek en gebruik.

## 6.2. Hermeneuties Kommunikatiewe preekteorie

In ‘n Hermeutiese Kommunikatiewe preekteorie gaan dit om die beweging tussen die teks en die hoorder. Sodoende moet die begrip ‘hermeneutiek’ wyd geïnterpreteer word. Hermeneutiek het te doen met die teks in al sy verbande, die prediker as vertolker van die teks, asook die hoorder en sy konteks. In hierdie hele proses speel die geloofstradisie ook ‘n baie belangrike rol. Dit beteken dat die bestaan van bepaalde teologiese, kerklike en godsdienstige tradisies in ag geneem moet word (Vos 1996:6).

Die homiletiek het nie net ‘n hermeneutiese kant nie, maar ook ‘n kommunikatiewe kant. Die hermeneutiese en die kommunikatiewe kant mag nooit van mekaar geskei word nie. Daar kan wel onderskeiding wees, maar nooit mag die hermeneutiese en kommunikatiewe invalshoeke in die praktiese teologie twee aparte entiteite wees nie. Met die oog hierop word daar gefokus op die hermeneutiese kommunikatiewe funksie van religieuse rituele en simbole waaronder die prediking ingesluit word. Dit het tot gevolg dat daar sekere

kommunikasieteorieë en kommunikasie gebeure ontstaan. Sodoende lei dit tot sekere teologiese begrippe waaronder 'verbond', 'wet', 'koninkryk' en Christologiese en Pneumatologiese begrondinge gevind word (Vos 1996:7).

In die prediking is die Christologie en die Pneumatologie in wese kommunikatief. Daar word aangesluit by Pieterse (1993:135) wat sê dat die werk van die Gees is die verbreiding van die Evangelie na die hemelvaart van Jesus Christus. Dit werp lig op die verband tussen God se werk en die mens in die oordra en uitdra van die Evangelie.

Volgens Pieterse (1993:134) is vier basisteoretiese velde van belang om die effektiewe oordrag en verstaan van die Evangelieboodskap (in die prediking/erediens) en 'n lewe voor die aangesig van God aan te spreek. Hierdie basisteorieë handel oor die werk van die Heilige Gees (Pneumatologie), die kommunikasie van die Evangelie (kommunikasieteorieë), kerkwees (ekklesiologie) asook die mens en sieninge van die mens (antropologie).

### 6.2.1 Die Pneumatologies-Christologiese begronding van kommunikatiewe handelinge

In sy beroemdgeworde voordrag het Van Ruler (1969:175-190) oor die *'Structuurverschillen tussen het christologische en het pneumatologische gezichtspunt',* boeiende perspektiewe gegee wat deur die homiletiek ontgin kan word. Die homiletiek behoort van die Christologiese en Pneumatologiese struktuurverskille van Van Ruler kennis te neem. Die verskille is noodsaaklik om reg aan die Christologie en Pneumatologie te laat geskied (Vos 1996:104).

In die prediking is die heil van God sentraal. Heil is volgens Vos (1996:104):

> ... verlossing, redding (is). Redding uit die verlorenheid, redding van die mens en die wêreld. Die mens word nie van sy liggaam

verlos nie, ook nie van die wêreld nie. Maar die hele mens, die tydelike aardse lewe word verlos. Heil wil sê dat ons sonde ons vergewe word, dat die skuld ons nie toegereken word nie, dat daar met die straf weggedoen is. Die vergewing van sonde rus in die versoening van die skuld.

(Vos 1996:104; vgl. Van Ruler 1969:69; 1970:60)

In die bemiddeling van die heil gebruik die Heilige Gees die Skrifgeworde Woord wat verkondig word om die verhaal van God se heilsbemoeienis te vertel. In die gereformeerde tradisie waarin die navorser homself ook bevind as prediker van die Woord, is die Woord 'n heilsmiddel (Berkhof 1973:374; Heyns 1978:329; Jonker 1981:54). Die prediking moet relevant wees, moet effektief wees, want dit skenk die heil. God kom in Christus deur die prediking op die mens af. Nie net aspekte van die heil moet gepredik word nie, maar die volle heil. Deur die prediking word die mens voor die totale heil van God in Christus gestel (Van Ruler 1970:72).

In die konteks van bogenoemde en veral na die vraag wat is relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit moet die prediker die volle raad van God verkondig. Hy mag nie met sy liefhebberye besig wees nie (Vos 1996:105). Die ontmoetingsgebeure in die erediens vind plaas deur die inisiatief en op grond van die genade van die drie-enige God wat uit liefde met mense (erediensgangers) in verhouding (en gesprek) tree. In aansluiting by Schmit (2003) omskryf De Klerk (2007:185) hierdie wonder in amper sakramentele taal: *"Preaching implies God's very own audible address to all who hear it, just as surely as if Christ Himself had spoken it. In this respect, aspects of eternity touch those of infinity, hope provides answers to despair, and feelings of futility are directed towards a definite purpose. The Holy Spirit actually intercedes and takes in a position between our sinful deeds and the redemptive work of Christ"* (vgl. Schmit 2003:363).

In die prediking tree God met die mens en die mens met God in ’n tweegesprek (dialoog). En in die prediking word die heil van die Evangelie van Jesus Christus bemiddel, gevier en bevestig. Die Heilige Gees bou hierdie ontmoeting uit tot ’n totale lewe voor die aangesig van God. Vos en Pieterse (1997:16) verwoord hierdie dialogiese kommunikasie so:
“Daar is God in Christus volgens sy belofte deur die Gees op ’n besondere manier teenwoordig as lewende Heer, wat sy gemeente sprekend ontmoet. Die gemeente kan daarop antwoord – daar vind ’n gesprek plaas” (vgl. Steyn 2008:57).

Hoewel die preek wel iets doen vir die hoorder, doen dit nie alles nie, want die heil wat deur die prediking geskenk word, moet aangeneem word (Van Ruler 1970:73). Daar is ’n groot verskil tussen ontvang en aanvaar. Nog groter is die verskil tussen voorreg en verantwoordelikheid. Die heil is ’n geskenk, voorreg, maar ook ’n aanvaarding, deel maak en verantwoordelikheid. Daarom is die vraag nie alleen wat doen die preek vir my nie?, maar ook: wat doen ek met die preek? ’n Mens kan dit ook anders stel: wat doen ek met die heil wat die Gees my skenk? Die Gees rand nie aan nie, maar oorreed tot die heil. Hy gee die geloof om die getuienis van die heil te glo (Vos 1996:105).

Pieterse (1993:135) noem dat die werking van die Heilige Gees in wese kommunikatief is.
“Die werk van die Gees is, in die verbreiding van die Evangelie na die hemelvaart van Jesus Christus, ook wesenlik kommunikatief”.
Hierdie stelling werp lig op die verband tussen God se werk en die mens se werk in die oordra en uitdra van die Evangelie. Twee grondlyne verhelder die verhouding tussen Jesus Christus en die Heilige Gees ten opsigte van die kommunikasie van die Evangelie:
“Die eerste verhoudingslyn het te make met die Gees as gawe aan Christus, en die tweede met die Gees as gawe van Christus” (Pieterse 1993:136; vgl. Steyn 2008:59).

Die menswording van Jesus is ook 'n Pneumatologiese gebeure waar die Heilige Gees by die verwekking van Jesus Christus betrokke was. Verder was die Heilige Gees blywend by Jesus teenwoordig in Jesus se lewe as Messias; in sy sterwe en in sy opstanding. Daarna word die Heilige Gees die Eerstelinggawe van Christus (God) aan mense (die kerk). As Parakleet kommunikeer die Heilige Gees die heil van God aan (en deur) mense (Pieterse 1993:136-137; vgl Steyn 2008:59).

Dit gaan dus om 'n teonome wederkerigheid waarvoor die Heilige Gees 'n ruimte skep. Volgens Pieterse (1993:139) gebruik die Gees mense:
*"... om die Evangelie te kommunikeer… deur hulle vermoëns, persoonlikhede, redelikheid, kommunikasievaardighede en handelingskompetensie in vryheid en selfstandigheid… in die geloof dat die Gees hulle werk in diens neem"* (vgl Steyn 2008:59).

Die gemeente word dus die kommunikatiewe ruimte. Binne hierdie ruimte is waarin (en waardeur) die Heilige Gees die boodskap van heil oordra (Steyn 2008:59).
"En deur sy werk heen sit Hy ons aan die werk" (Pieterse 1993:141).

Die heilshandelinge van God is egter nie net gerig op die gemeente asof die kerk die begin en einde van God se liefde vir die mens is nie (Steyn 2008:59). Dit gaan tog oor die koninkryk van God. In die prediking word die gemeente toegerus en aangespoor en deur die Heilige Gees gebruik om God se heil aan die wêreld te kommunikeer, hoewel die Heilige Gees dit steeds op ander wyses ook doen (Pieterse 1993:142).
Heitink (2007:41) verwys in dié verband na Moltmann se 'Kragveld van die Gees' en van Ruler se 'teonome resiprositeit' (Steyn 2008:59).
*"Daarachter zit de overtuiging dat het heilshandelen van God zich door zijn Geest voltrekt via mensen. Het is Gods werk, maar er is daarin sprake van wederkerigheid. A.A. van Ruler gebruikt hiervoor de term 'teonome reciprociteit':*

*De Geest handelt namelijk nooit alleen, maar steeds met inschakeling van de mens, als mens"* (Heitink 2007:41).

Volgens Steyn (2008:60) lê Nel (2001:15) ook klem op die 'Pneumatologiese resiprositeit'. Verder dui hy die ooreenkoms tussen Christologiese plaasvervanging en Pneumatologiese resiprositeit aan. Die liturg en erediensganger word met hulle volle menswees en persoonlikheid volledig ingeskakel en in diens van die Evangelie gebruik sonder om marionette of slegs objektiewe kanale te wees waardeur God se waarheid vloei.
"God skakel die mens aktief in by die verkondiging van die Evangelie. Trouens, Hy maak ons deel van sy liefdesboodskap en heilstoesegging hier op aarde" (Steyn 2004:38).
In die preek vorm die Christologie die agtergrond van die Pneumatologie. Daarom het die Christologie in die opsig 'n heilsvoorrang. Dit is die grondslag van die bron en die heil van die preek. Sonder Jesus Christus en Sy heilswerk is daar geen uitstorting en inwoning van die Gees nie. En as die Gees nie uitgestort is en by mense kom inwoon het nie, is alle preke tevergeefs (Vos 1996:106; vgl. Steyn 2008:59; De Roest 2005:73-79).

Hoewel vleeswording en die uitstorting van mekaar verskil, is albei noodsaaklik vir die realisering van die heil. Dit gaan in die preek om die realisering en die effektuering. Die preek kan dit laat gebeur omdat die preek as mededeling van geloof nie in die eerste plek nie 'n menslike werktuig is nie, maar veel meer 'n werktuig van die Gees is (Hermelink 1995:55).

Deur die toedoen van die Gees word die neerslag van die heil in die preek ervaar. Die Gees skep die heil soos water uit 'n put wat Christus kom boor het. Sonder die Gees bly Christus aan die kruis. Die Heilige Gees rol die klippe van die graf weg sodat die lewende Christus kan opstaan en sodat Hy verkondig kan word (Vos 1996:107).

### 6.2.2 Kommunikasieteorieë

Die mens is ’n sosiale wese wat nie sonder taal kan bestaan nie. Sonder tekens en klanke van ander kan hy homself nie vind nie. Sonder ’n reëlsisteem kan hy die tekens en klanke nie begryp of verstaan nie. Hierdie waarnemings uit die linguistiek, die empiriese wetenskap en die sosiale psigologie toon aan die belangrikheid van kommunikasie (Mieth 1992:154).

Die mediawetenskappe lê ook klem op die proses van kommunikasie. Alles gaan om die oordra van inligting, die oorreding van die leser/kyker, om sodoende dit te aanvaar.

Al staan die kommunikasiegebeure sentraal in die menslike bestaan, is dit nie so maklik om die omvang en die betekenis van die begrip te omskryf nie (Dance en Larson 1976:226).

In die kultuur van vandag gaan dit oor duisende woorde en prentjies wat elke dag bewustelik en onbewustelik met jou kommunikeer. Tans lewe mense in die inligtingstegnologie waar hulle gebombardeer word met teenstrydige stellings. Die gemiddelde Amerikaner/Brit kyk gemiddeld tussen 9 tot 15 jaar TV in ’n leeftyd. Die massa-media skep die wêreld *(“mediascape”)* waarbinne geleef word. Meyers (1989:159-160) skryf:
*“… the single most significant shared reality of our entire society. In television we live and move and have our being”.*
Die vraag is ook hoe relevante prediking lyk in ’n generasie wat hoor met hulle oë, dink en keuses maak met hulle gevoelens. As gevolg hiervan het die kommunikasie wetenskappe ’n enorme invloed op die teologie gehad (Henau 1986:87). Hierdie invloed het veral op die Praktiese Teologie, en dan veral die Homiletiek, neerslag gevind.

"In die praktiese teologie is die begrip kommunikasie 'n sleutelwoord" (Vos 1996:154).
Die prediking is formeel gesien as 'n 'opdrag tot kommunikasie' (Lange 1987:49).

In die prediking gaan dit om die kommunikasie van die evangelie. In 'n monologiese preekverstaan het die klem uisluitlik op die prediker en die boodskap geval. Kennis van die verloop van die kommunikasieproses het tot die insig gelei dat sodanige verstaan die ontvanger, die hoorder van die boodskap ignoreer. Dit het 'n eensydige en monologiese model tot gevolg.

In kommunikasiebenaderinge word verskillende aspekte van kommunikasie benadruk soos uiteengesit deur Jansen en Steinberg (1991) getiteld: *'Theoretical approaches to communication'.*

- Teoretiese benaderinge wat die struktuur van die kommunikasie beklemtoon (byvoorbeeld die kommunikator, die medium en die ontvanger)
- Proses benadering (byvoorbeeld die algemene sisteemteorie)
- Dinamiek benadering (byvoorbeeld simboliese interaksionisme en fenomenologie).

Fiske (1983:1-5) verdeel kommunikasie in twee skole naamlik:

- Kommunikasie as 'n oordrag van boodskap (die bestudering van die proses van die senders, ontvangers en die proses van enkodering en dekodering)
- Kommunikasie as die produsering en oordrag van betekenis (boodskappe en tekste se interaksie met mense word nagegaan en die wyse waarop betekenis tot stand kom. Sluit in die bestudering van konteks, kultuur en kunste).

In die kommunikasie van die evangelie word 'n boodskap wat sekere waardes verteenwoordig, oorgedra. Hierdie oordrag vind plaas deur die interaksie tussen

mense. Dit lei daartoe dat die sosiale en kulturele konteks waarbinne die kommunikasie plaasvind, van groot belang is (Vos 1996:155).

Daar word aangesluit by die elementêre drievoudige kommunikasieteorie van Van Schoor soos deur Pieterse (1993:144; vgl Steyn 2008:60) aangehaal:
*"Van Schoor noem hierdie basiese intermenslike kommunikasieteorie 'n kommunikasie-drieluik, wat bestaan uit 'n mededeler (sender), boodskap en 'n vertolker of ontvanger".*
Dit kan egter nog verder verfyn word tot 'n vyfledige kommunikasiemodel soos wat Vos (1995:1 & 1996:1) dit doen:
*"Daarom moet daar aan die prediker, die kommunikasieproses, die boodskap, die hoorder en sy konteks aandag gegee word".*
In 'Die Blye Tyding' van Vos (1995) word uitvoerig op elkeen van hierdie aspekte ingegaan.

Dit is egter onprakties om in een studie in diepte op al die aspekte asook die hele dinamiese interaksie en wisselwerking tussen die vyf dele te fokus. Die hermeneutiese vraagstuk van die effektiewe oordrag en verstaan van die heilsboodskap moet egter in hierdie wyer konteks verstaan word (Steyn 2008:61).
"Die preek beland van tyd tot tyd in die spervuur. Dié feit dat die preek in die spervuur is, kry slegs betekenis indien die verskillende spelers en faktore in die krisis onderskei word" (Vos 1995:1; vgl Vos 1996:1).

Die modelle wat kortliks in die proefskrif verreken word, is onder andere die psigologiese benadering, die interaksionistiese benadering, die transaksionele benadering, die eksistensiële en hermeneutiese benadering, die simboliese interaksionele, die liniêre, die dialogiese kommunikasie en die sirkulêre of kommunikatiewe (Pieterse 1993:150-157; Vos 1996:168-179; Steyn 2008:61).

#### 6.2.2.1 Die Psigologiese benadering

Die ‘psigologiese benadering’ plaas klem op die veranderlikes wat ‘n rol speel in die ontvanger se interpretasie van die heilsboodskap (Pieterse 1993:150). ’n Groot deel van die fokus van hierdie proefskrif lê juis op ‘n psigologiese vlak met die toespitsing op die spesifieke veranderlike/s ten opsigte van die kultuur waarbinne die gemeentes/gelowiges/hoorders hulle bevind.

#### 6.2.2.2 Die Interaksionistiese benadering

Die ‘interaksionistiese benadering’ fokus op die dinamiese interaksie tussen die sender en die ontvanger via ‘n dialoog (Pieterse 1993:150). Die klem lê dus op die dialogiese aard van kommunikasie – ook in die prediking/erediens. Die kommunikasieproses verskuif vanaf ’n meganistiese stimulus/respons model na ’n dialoog waar die deelnemers nie die stimilu en respons bied nie, maar aktief deelneem aan die proses deur die uitbouing en uitbeelding van die self en die deel van betekenis en begrip deur die sosiale interaksie (Slabbert 1992:60).

#### 6.2.2.3 ‘n Transaksionele benadering

Die interaksionistiese dialogiese benadering word deur die ‘transaksionele benadering’ (Lemmer 1990:126-131) uitgebrei en aangevul deur die klem op die gedeelde betekenisgewing deur al die aktiewe deelnemers te plaas (Pieterse 1993:150). In hierdie benadering word die deling van betekenis beklemtoon as iets waaraan die deelnemers kan deelhê. In hierdie perspektief word die konteks, die proses en die funksie van die kommunikasie benadruk. Die aksent val op die holistiese aard van die transaksie in dié benadering (Slabbert 1992:45).

"Dit moet egter in gedagte gehou word dat daar nie net dinamiese interaksie tussen die liturg en die erediensgangers plaasvind nie, maar ook tussen die erediensgangers en die teks van die Bybel" (Slabbert 1992:45 & Steyn 2008:61). Die verhouding tussen prediker-hoorder en teks-hoorder sal altyd verreken moet word.

"In die preek gaan dit nie net om 'n relasie tussen die prediker en die hoorder nie, maar ook om 'n verhouding tussen die teks en die hoorder. Die prediker moet die teks verklaar sodat die hoorder tot verstaan en geloof kan kom" (Vos 1996:30). Dit maak die hermeneutiese interaksie in die erediensgebeure natuurlik nog meer gekompliseerd.

Aan die ander kant waarsku Vos (1996:50) dat daar in die homiletiek teen 'n eensydige aksent op 'n hermeneutiese proses wat net op die teks fokus, gewaak moet word (vgl Steyn 2008:62). Dit kan:
"... maklik gebeur dat die konkrete adres, die hoorder, van die preek uit die oog verloor word. Die hermeneutiese en kommunikatiewe betrokkenheid op mekaar moet in die homiletiek altyd in ag geneem word" (Vos 1996:50).

Gedeelde betekenis en 'n dialogiese proses speel 'n kardinale rol in die eksistensiële en hermeneutiese benadering (Pieterse 1993:151). Die eksistensiële benadering plaas klem op die gedeelde betekenis wat toegeken word ten opsigte van die sin en die kwaliteit van die mens se bestaan, en die hermeneutiese benadering beklemtoon die interpretasie wat mense aan kommunikasieboodskappe heg (Pieterse 1993:152; vgl Steyn 2008:62).

Die prediking staan nooit los van die normale sosiale omgang van mense nie. Relevante prediking kan nooit daarvan losgemaak word nie.
"Dit geskied in 'n sosiale konteks waar erediensgangers dialogies met God, met mekaar, en met die teks omgaan. Prediking en 'n erediens is tog nie 'n geïsoleerde monologiese gebeure nie" (Steyn 2008:62).

*"Preaching is never a solitary event. A sermon is not a monologue. It is prepared by one who is a member of a particular community for that particular community at a particular time"* (Hogan 2005:103).

Daarom die klem op 'n dialogiese, eksistensiële en hermeneutiese benadering waarvoor gekies word in hierdie studie ten opsigte van relevante prediking. Hieruit kan die eksistensiële en hermeneutiese benaderings en die (simboliese) interaksionisme 'n spesifieke bydrae lewer tot die studieveld (Slabbert 1992:76). Pieterse (1993:152) verwys verder na ontwikkelinge in hierdie verband:

"Die psigologiese, interaksionistiese en transaksionele benaderinge het die weg gebaan vir die ontwikkeling van die simboliese interaksionistiese teorie". Vervolgens word vier beginsels uit die simboliese interaksionisme en ses uitgangspunte uit die eksistensiële en hermeneutiese benaderings uitgelig" (Pieterse 1993:152-155; vgl Steyn 2008:63-64).

#### 6.2.2.4 Eksistensiële en hermeneutiese benadering

'n Eksistensiële en hermeneutiese benadering is soos volg:

- Die mens (erediensganger/hoorder) is in 'n voortdurende soektog na sin en betekenis in die lewe, na 'n outentieke bestaan én selfverwesenliking
- In hierdie soektog ontdek die mens sy nietigheid (verganklikheid) en bevind homself in 'n eksistensiële krisis, wat opgelos word deur die versoening van die ewige God in geloof te aanvaar

- In hierdie soektog, krisis en vinding van sin speel kommunikasie en interpretasie 'n kardinale rol. Erediensgangers (waarvan die liturg deel is) is afhanklik van kommunikasie met hulle medemens en met God en van die interpretasie van die realiteit en tradisie waarin mense hulleself bevind

- In hierdie proses word die mens nie net deur sy kognitiewe rasionaliteit gelei nie, maar ook deur sy subjektiewe belewenis

- Kommunikasie (veral in die erediens) is 'n drievoudige ontmoeting wat deur dialoog verhoudings tot stand bring. 'n Drievoudige dialogiese ontmoeting met die realiteit en tradisie (met homself in ander woorde), met sy medemens en natuurlik met God

- 'n Mens is verantwoordelik en dus aanspreeklik vir die keuses wat hy maak. 'n Erediensganger het dus 'n aktiewe aandeel aan 'n erediens met vryhede én verantwoordelikhede.

Die kerngedagte van die eksistensiële en hermeneutiese benadering is dus dat die soeke van die erediensganger na selfverwesenliking en betekenis, gekoppel is aan dialogiese kommunikasie as verhouding, ontmoeting en interpretasie.

#### 6.2.2.5 Simboliese interaksionisme

- 'n Mens (erediensganger) kan die werklikheid nie objektief ken nie, maar wel subjektief verstaan

- Mense is sosiale wesens wat nie anders kan as om te kommunikeer nie. Kommunikasie vind dus tussen mense plaas in 'n sosiale konteks waar intersubjektiewe (kollektiewe) ooreenkomste geld

- Taal en simbole word gebruik om hulle subjektiewe verstaan met mekaar te deel

- Verskillende mense neem verskillende rolle aan in die kommunikasieproses. Natuurlik vind roluitruiling voortdurend plaas in dialogiese kommunikasie.

In die simboliese interaksionele teorie onderskei Slabbert (1992:61;65-86) drie sleutelterme: 'samelewing', 'self' en 'bewussyn' (vgl. Mead 1965:115-196). Die 'samelewing' as die eerste sleutelwoord, se rol in die individu se kommunikasie kom na vore in die vorming van 'n eie self en 'n georganiseerde self (Vos 1996:174).

Hier is die 'self' die tweede sleutelwoord. Die self vorm die kern van die proses van sosiale vergelyking, ervaring van bekwaamheid, groeplidmaatskap, waargenome rol, situasie en konteks (Slabbert 1992:76). Die kerngedagte van die simboliese interaksionisme is dus dat daar gemene delers bestaan tussen 'n liturg en erediensgangers waaroor hulle graag wil kommunikeer om hulle verstaan daarvan te verryk en te verdiep (Pieterse 1993:154 & Vos 1996:175).

'Bewussyn' is die derde sleutelbegrip in die simboliese interaksionele teorie. Volgens Mead (1965:115-196) is bewussyn die proses om met jouself interaksie te hê. Bewussyn beteken dat die individu overte aksie uitstel omdat hy die betekenis van die stimulu nog probeer aflees (Vos 1996:177). Dit kom dikwels in probleemsituasies voor waar moontlike alternatiewe en hulle gevolge oorweeg word voordat tot optrede oorgegaan word. Volgens Slabbert (1992:83) is dit meer as net 'n bewussyn, maar 'n volwaardige 'interne gesprek'.
Ook Dingemans (1991) wend 'n poging aan om die interaksionele simboolkommunikasie vir die homiletiek te ontwikkel. Dié model veronderstel 'n gemeenskaplike betrokkenheid van die spreker en die hoorder in die saak, waaroor hulle wil saampraat (Dingemans 1991:146). Met die oog op verstaan en bestaan word gebruik gemaak van tekens, simbole en ander aanduidinge van die saak waaroor dit gaan (Dingemans 1991:147).

Daar is verskillende modelle van kommunikasieteorieë wat by die bogenoemde elementêre kommunikasieteorieë aansluit.

Vir die doel van hierdie studie word daar stilgestaan by twee modelle naamlik:

- ‘n Liniêre model
- ‘n Dialogiese model

### 6.2.2.6 ‘n Liniêre model

Tot so onlangs as veertig jaar gelede is kommunikasie voorgestel as ’n proses waartydens ’n sender idees en gevoelens in ’n boodskap enkodeer en dit deur ’n kanaal na die ontvanger versend. Volgens Adler, Rosenfeld en Towne (1986:6) word geslaagde kommunikasie gesien as:
*“n Boodskap wat sonder enige hindernisse of geraas oorkom, deur die ontvanger gedekodeer word en ’n gewenste uitwerking het”.*
Die bekendste voorbeelde van liniêre kommunikasie is die werke van:

#### 6.2.2.6 i) Harold D Lasswell (1952)

Wie
sê wat
deur watter kanaal
aan wie
met watter effek? (Lasswell, Lerner, Pool 1952).

#### 6.2.2.6 ii) CE Shannon en W Weaver

’n ‘Bron’, waaruit ’n bepaalde boodskap kom

’n ‘Transformator’ wat die boodskap in ’n bepaalde kode omskakel (‘enkodeer’)

’n ‘Sein’ wat die boodskap dra en oordra

’n ‘Ontvanger’ wat die boodskap ontsyfer (“dekodeer”)

’n ‘Bestemming’ of teiken waarop die boodskap gerig is (Adler, Rosenfeld en Towne 1986:6).

### 6.2.2.6 iii) DK Berlo (1960) se SMRC-model

**S** – ‘*Source*’, wat die bron is waaruit die boodskap gestuur word

**M** – ‘*Message*’, wat die boodskap is wat oorgedra word

**C** – ‘*Channel*’, wat die kanaal/medium waardeur of waarlangs die boodskap gestuur word

**R** – ‘*Receiver*’, wat die ontvanger is tot wie die boodskap gerig word (Berlo 1960).

Berlo (1960) se SMCR-model het die basis geword waarna daar in alle kommunikasiemodelle verwys word. Die rede vir die keuse van Berlo se model is dat dit meer gegrond is op menslike handelinge. Sy model kan dus ook gebruik word met die oog op die prediking.

Wat egter steeds in die model ontbreek is die aard van die rol wat die hoorder moet en kan speel. Om net aan die hoorder die rol van ontvanger toe te ken, is nie voldoende nie. Die hoorder moet subjek, medeprediker word. Die hoorder moet as aktiewe gespreksgenoot kan optree. Die hoorder moet geleentheid kry om die boodskap op ‘n intellektuele, emosionele en konnotiewe vlak te kan ontvang en te aanvaar. Sodoende moet die hoorder ook geïnspireer word om die boodskap met ander te deel op grond van die ervaring wat hy/sy beleef. In die proefskrif van De Kiewit (2007) word ’n keuse gemaak teen die fokus op *‘human experience’*, vir *‘the proclamation of the glory of God’*. Daarmee is

predikers steeds 'suksesvol'. Dit is die soort taal wat kerkgangers graag hoor. De Kiewit (2007:137) rapporteer dat ongeveer 63% van respondente wat aan die *'expository'* model van prediking blootgestel is, dit verkies. Die vraag is egter of dit hulle beïnvloed?

Soos alreeds in die studie vermeld kry die hoorder in die prediking min of selfs geen kans vir terugvoering nie (Stark 2005:90-99). Die vraag bly steeds wat die swygende meerderheid van die preek dink en maak. Dit weet niemand nie en dit moet dringend uitgevind/nagevors word deur 'n verantwoordelike proses in die kommunikasieproses waarin die prediking voorkom.

#### 6.2.2.7 'n Dialogiese kommunikasiemodel

In die Suid-Afrikaanse konteks het HJC Pieterse (1991) 'n dialogiese kommunikasiemodel vir die homiletiek uitgewerk. In hierdie model gaan dit om:
"... gespreksgenote wat in vryheid en op gelyke voet in hulle kommunikasie streef na onderlinge begrip en bestaan verwesenliking. 'n Mensbeskouing wat outentiekheid, vryheid en selfstandigheid in die hand werk en 'n hoogagting vir die ontvanger as kern faktor in die proses" (Pieterse 1988:8-9).

In hierdie model word die vier basiese komponente (bron, boodskap, kanaal en ontvanger) behou, gelykluidend met Berlo se SMCR model, maar anders gerangskik om reg aan die dialogiese proses te laat geskied. Binne die dialogiese kommunikasieraam is die prediker nie net subjek en die hoorder objek van die preek nie. Daar vind 'n voortdurende rolwisseling plaas tussen prediker en hoorder.

Pieterse en Wester (1995:56-71) gaan verder deur hierdie dialogiese benadering verder te verfyn. Hulle het die hoofkategorieë van die dialogiese kommunikasiestyl noukeurig onderskei en die verskillende dimensies van die hoofkategorieë aangetoon. Sodoende het Pieterse en Wester (1995:60-61) die dialogiese benadering teenoor die outoritêre benadering gestel. Uit hierdie

vergelyking onderskei hulle die volgende vyf dimensies en hoofkategorieë in die dialogiese benadering:

1. Voorstelling van ander/deelnemers in kommunikasie
    - Dit gee betekenis aan die boodskap en die handelinge wat daarop volg
    - Dit beskerm die ander teen vernedering en vernietiging
    - Aktiewe deelnemers
    - Mede-gelowiges

2. Kommunikasiesituasie
    - Heerservry
    - Pastoraal
    - Evangeliegerigte kommunikasie
    - Betrokke by godsdienstige gemeenskap

3. Doel van kommunikasie
    - Bou verhouding met mense/God
    - Laat eie oortuiging toe
    - Streef na gemeenskaplike verstaan
    - Bevryding

4. Vorm van kommunikasie
    - Dialogiese preek
    - Verwisselbare rolle
    - “Open ended”
    - Preek as stap in die proses

5. Inhoud van kommunikasie
    - Sentrale plek van liefde/deernis
    - Goeie nuus van God

- Bybelse boodskap oop vir gemeenskaplike interpretasie
- Bevrydingsboodskap van God.

Die hoofkategorieë en die dimensies wat Pieterse en Wester (1995:61-70) in die dialogiese benadering onderskei, word ook in Vos (1996:6&61) se kommunikasiemodel verreken en geïnterpreteer.

#### 6.2.2.8 ’n Dialogies-kommunikatiewe homiletiek

Nog ‘n kwalifiserende opmerking ten opsigte van homiletiek handel oor die aard van homiletiese kommunikasie (Steyn 2008:89). Vos (1996:170-171) verwys soos volg na Pieterse (1988 & 1991) se dialogiese kommunikasiemodel ten opsigte van die homiletiek:

“In die dialogiese kommunikasiemodel gaan dit om ‘gespreksgenote wat in vryheid en op gelyke voet in hul kommunikasie streef na onderlinge begrip en bestaan verwesenliking; ’n mensbeskouing wat outentiekheid, vryheid en selfstandigheid in die hand werk; en ’n hoogagting vir die ontvanger as kern faktor in die proses’”.

Hermelink (2007:33) bevestig hierdie gespreksmatigheid van die prediking:

*“Preaching is a ‘communicative’ act. By ‘preaching’ hope, the church emphasizes that hope is grounded in mutual interaction. ‘Talking to each other’ – this is meant by the Greek ‘homilein’”.*

In hierdie dialogiese kommunikasiemodel word die vier basiese komponente van kommunikasie naamlik bron, boodskap, kanaal en ontvanger dus behou, maar so gerangskik dat die dialogiese interaksie tussen sender en ontvanger verreken word, en die senders en ontvangers afwisselend beide subjek en objek van die preek word (Vos 1996:171). So word die kritiek teen homiletiek as monologiese retoriek ten minste tot ’n mate ondervang en gekorrigeer (Steyn 2008:89).

Volgens Steyn (2008:89-90) onderskei Pieterse (2001:55-73) vyf definiërende kategorieë in hierdie dialogiese homiletiek.

- Die ander deelnemer (behalwe die homileet) in kommunikasie (met ander woorde die erediensganger) word op so ŉ manier voorgestel dat hy/sy ŉ aktiewe deelnemer en ŉ medegelowige is. Die erediensganger word dan teen vernedering en vernietiging beskerm en die hoordersperspektief gee (groter en breër) betekenis aan die boodskap en die handelinge wat daarop volg

- Die kommunikasiesituasie is heersersvry, met ander woorde nie direktief of outoritêr nie en is pastoraal. Dit is Evangeliegerigte kommunikasie en as sulks betrokke by die geloofsgemeenskap

- Die doel van die kommunikasie word omskryf as die bron van verhoudings met mense en met God, ruimte vir eie oortuigings toe te laat, en te strewe na gemeenskaplike verstaan en bevryding

- Wat die vorm van kommunikasie betref, vind dit plaas in ŉ dialogiese preek met verwisselbare rolle. Dit is ŉ oop-einde proses en die preek is maar net deel (ŉ stap) van die groter proses

- Die inhoud van die kommunikasie is hoofsaaklik die heilsboodskap van God aan die mens wat die goeie nuus van God (die Evangelie), ŉ sentrale plek aan liefde en deernis, en die bevrydingsboodskap van God insluit asook die Bybelse boodskap oopmaak vir gemeenskaplike interpretasie.

Vos (1996:144) sluit by die dialogiese kommunikasiemodel van Pieterse aan, maar kies ŉ fyner vorm daarvan naamlik ŉ sirkulêre kommunikasiemodel:

"Hiervolgens ontstaan die preek nie deur die monologiese afleiding uit 'n teks oorsprong nie, maar in die interaksie en wisselwerking tussen prediker, hoorder en tema/teks" (Vos 1996:145; vgl. Steyn 2008:91).

Hierin (is) "n Preek… 'n dialoog tussen S(s)ubjek(te)'. Verder is die:
"... prediker en die hoorder nie alleen met die teks besig nie, maar die teks omgang vind in dialoog met die veelstemmige Christelike tradisie en die konkrete raam van die teenwoordige situasie plaas" (Vos 1996:145).

Hierdie studie vind hom tuis binne-in die homileties dialogiese kommunikasiemodel.

#### 6.2.2.9 Kommunikasievelde

Relevante prediking kan alleenlik geskied as daar 'n bewustheid is van die hoorders se daaglikse blootstelling aan 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie. Soos alreeds in Hoofstuk 2 genoem oor die kultuur waarbinne mense leef, word daar hoë eise aan predikers gestel en wil die hoorder nie teleurgestel word nie.

#### 6.2.2.9 i) Massakommunikasie

In die lig van relevante prediking beskryf Dingemans (1991:138) die kenmerke van massakommunikasie soos volg:

"'n Spreker/skrywer

- baie mense op dieselfde tyd bereik
- deur "tegniese middels" of "massamedia" (onder andere die prediking hierby ingesluit), waardeur
- die groot afstand tussen prediker en hoorder oorbrug kan word

- sonder dat die hoorders direk of met direkte terugvoer kan reageer op die prediker".

(Dingemans 1991:138)

Die massakommunikasie het ook sekere funksies:

- Oorredende funksie
- Informatiewe funksie
- Ontspanningsfunksie (Babin 1991:189).

Die massakommunikasie probeer ook om die fundamentele behoeftes van die breë publiek te bevredig, en daarom is dit ingestel op die publiek se voorkeure- en afkeure. Dit gaan ook in massakommunikasie daaroor dat die prediker/spreker se verhouding met die hoorders asimmetries is. Dit beteken dat die spreker meer van 'n onderwerp weet as die hoorder. Deur die oordra van die inhoud van die onderwerp probeer die prediker 'n nuwe ervaring kweek by die hoorder om sodoende die hoorder te verryk (Dingemans 1991:138).

Die gevaar van massakommunikasie is dat dit kan lei daartoe dat die hoorder sy skeppende vermoë kan verloor. In hierdie proses van massakommunikasie is hy nie meer die enkeling wat op eie verantwoordelikheid hoor en reageer nie (Schüepp 1982:49). Dit kan ook lei tot manipulasie (Dingemans 1991:139).

Massakommunikasie kan slegs suksesvol wees indien die volgende plaasvind:

- Individualisering van die massas. Hier gaan dit om in die oor en die hart van die enkeling te praat en die aanspreek van die enkeling se behoeftes en verwagtinge
- Die prediker se sensitiwiteit vir die nadele van die onderwerp/saak/tema/preek wat gekommunikeer word.

### 6.2.2.9 ii) Mondelinge kommunikasie van geskrewe tekste

Die prediking is ’n mondelinge kommunikasie. In die konteks van die proefskrif wat vra na ‘relevante prediking’ sal daar klem gelê word op dit wat die mondelinge kommunikasie nog meer relevant kan maak. Dit beteken dat deur die prediking van die Woord die hoorder tot vryheid gelei moet word sodat die hoorder in die hier en die nou kan beweeg in die kragveld van die Gees.

Deur die prediking as mondelinge kommunikasie, stel dit eise aan die prediker om bewus te wees van sy persoonlike kommunikasie. Volgens Vos (1996:163) moet:

*“... die hele persoon van die prediker met die hoorder kommunikeer. Hy moet deur sy aanwesigheid warmte, vertroue, egtheid en deernis uitstraal.... op die wyse dra hy dit aan die hoorders oor dat hy homself gee en die hoorders aanvaar”.*

Van der Geest (1981:39) verklaar na tweehonderd analises van preke die volgende:

“The more personally the preachers present themselves, the stronger is the experience of security among the listeners”.

Saam met die mondelinge kommunikasie is die liggaamshouding van die prediker van kardinale belang. Dit is die grondhouding van kommunikasie (Petkewitz 1991:211). Dit sluit gebare in hetsy positief of negatief (gebalde vuis en vingerwysing). Liggaamstaal het ’n groter impak as woorde en kommunikeer onmiddellik met hoorder se onderbewuste (Vos 1996:164).

Oogkontak is een van die belangrikste aspekte van kommunikasie. Deur oogkontak word daar nie net gekommunikeer nie, maar vind daar konneksie tussen die raakvlakke van individue plaas. Die limbale stelsels in die brein kom in ritme met mekaar en het ’n ongelooflike kommunikatiewe krag en effek (Craddock 1988:220). As daar ’n kombinasie van oogkontak en humor plaasvind, lei dit tot kommunikatiewe intimiteit (Petkewitz 1991:212).

Saam met oogkontak en humor moet vrye preeklewering plaasvind. Dit is een van die hoofredes hoekom kommunikasie nie tussen predikers en hoorders plaasvind nie. Volgens Zerfas (1989:118) praat individue van hulle tweede jaar af vrylik. Hierdie aangeleerde en aangebore vermoë moet gebruik word om die evangelie beter te kommunikeer aan die hoorder. Vrye kommunikasie is ’n sosiaal-psigologiese gebeurtenis (Vos 1996:165). Die prediking, soos ’n gesprek, is ’n spontane gebeurtenis. ’n Mens kan dit nie aflees of van ’n manuskrip af voordra nie. Vos (1996:165) noem dit hard, duidelik en briljant:
“’n Preek wat afgelees word, is in die volle sin van die woord ’n monoloog”.
Van der Geest (1981:48) beaam dit met die volgende woorde:

> *The personal style, the direct address indispensable for the awakening of trust, is in general seriously impaired by reading from notes. This is the case because not only the content, but precisely the presentation – including the visible – is essential for gaining to the realm of emotion. But what does such reading from notes show us, no matter how sophisticated it’s done? The sermon does not emerge; it comes from yesterday. The preacher misses the ‘act of restructuring during the moment of speaking’.*
>
> (Van der Geest 1981:48)

Daarom dan vereis die vrye preekvorm deeglike voorbereiding. Natuurlik moet dit ’n struktuur, tema, sentrale saak hê. Herhaling moet gereeld geskied om die hoorder deel van die gesprek te hou. Dit moet opbou na ’n hoogtepunt en dit wat op die manuskrip staan moet in gesprekstyl wees (Zerfas 1989:120). Dit het tot gevolg dat die spontane vinding en skepping van woorde en sinne ’n gespreksituasie moontlik maak (Zerfas 1989:123). Die vrye preekvorm kan

opgesom word in die woorde van Charles Spurgeon soos aangehaal deur Van der Geest (1981:48):

*"The most difficult and best way is to collect enough material for the sermon and then give it just as the words come to you. This is not improvised sermon; the words are improvised – and I consider this correct, but the content is the result of thorough preparation".*

In gesproke kommunikasie wat 'n groot rol sal speel vir die soeke na relevante prediking in 'n veranderende wêreld, speel die hoorder 'n groot rol. Die hoorder se distansie het 'n wesenlike invloed om prediking relevant te maak. Daar word onderskei tussen vier vorme van distansie naamlik:

- intieme distansie (vind selde plaas in gesproke kommunikasie, maar tog wel in sagte woorde van deernis en gebrokenheid)
- persoonlike distansie (oogverskuiwing wat plaasvind)
- sosiale distansie (aanhoudende oogkontak)
- openbare distansie (formele gesprekshouding en die toename van liggaamshouding en gebare) (vgl. Petkewitz 1991:210).

In die soeke na kommunikasie en konneksie, wat sleutels is vir relevante prediking, moet die prediker met al die faktore van gesproke kommunikasie, deeglik rekening hou.

#### 6.2.2.10 Kommunikasiesteurnisse

Die kommunikasieproses speel binne 'n bepaalde konteks af. Vir die doel van hierdie studie is die konteks dié Paarl. Soos bespreek in Hoofstuk 2 is daar sekere kenmerke van die konteks/kultuur waarbinne gelowiges hulle bevind in die Paarl. Omgewingsfaktore en agtergrondveranderlikes soos interne en eksterne ervaring, bepaal en beïnvloed die konteks/kultuur (Slabbert 1992:41).

Volgens Berlo (1960:23-71) is daar spesifieke kommunikasiebeperkinge of geruis wat voorkom en wat 'n invloed het op die kommunikasieproses. Van der Ven (1990:61-69) noem 'n aantal faktore wat veral op die prediking van toepassing is.

### 6.2.2.10 i) Demografie

Volgens van der Ven (1990:67) het die demografie tot gevolg dat aangesien deur verstedeliking die aantal mense per vierkante kilometer toeneem, neem die neiging ook toe dat waardes in die algemeen en religieuse waardes in die besonder as privaatsake beskou word. Die nadelige effek op die preek is dat mense nie maklik daaroor praat nie.

### 6.2.2.10 ii) Politieke faktore

Die politiek resoneer altyd op 'n manier in die prediking (Van der Ven 1990:68). Preke kan gebruik word om partypolitieke keuses te laat plaasvind en wat sekere hoorders sal vervreem. In die konteks van die Paarl tree politieke pluraliteit sterk na vore. Hierdie faktor word ook in aammerking geneem by die empiriese ondersoek in Hoofstuk 4.

### 6.2.2.10 iii) Kulturele faktore

Kulturele faktore beteken dat die lede van 'n gemeenskap hulle aan gemeenskaplike doelstellings, opvattinge en waardes oriënteer, hulle daaraan verbind, hulle rol en funksie daaraan ontleen en hulle handelinge daardeur laat normeer. Sodoende neem lede van die gemeenskap hierdie doelstellings, opvattings en waardes onverkort aan en word dit aan die nageslag oorgelewer met die hulp van 'n toegeëinde sosialiseringsproses wat op die internalisering

daarvan gerig is (Van der Ven 1990:68). Ook hierdie faktor word in berekening gebring in die empiriese gedeelte.

#### 6.2.2.10 iv) Die prediker se persoon

Dit kan gebeur dat 'n bepaalde persoonlikheidstruktuur nie instaat is om met 'n sekere persoon/e te kommunikeer nie. Die prediker en die hoorder kom net nie op dieselfde golflengte nie. Hier word verwys na Nelius Steyn (2008) se proefskrif getiteld: **'**Persoonlikheidstyle by erediensgangers: 'n Prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® (Myers-Briggs Type Indicator®) persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek' (vgl ook Hoofstuk 2 punt 1.6.2.3 i). Met 'n briljante proefskrif wys Steyn (2008:422-533) hoe die predikers en die hoorders se persoonlikheidsstyle op mekaar inwerk.

#### 6.2.2.10 v) Kerklike selfverstaan

Hier gaan dit oor hoe kommunikasie in die geloofsgemeenskap plaasvind. 'n Kerk se amptelike dokumente en die teologiese selfrefleksie is 'n spieëlbeeld van die kerklike selfverstaan (Henau 1986:89).

#### 6.2.2.10 vi) Taalkode

Taal kan 'n semantiese geruis veroorsaak (Bieritz 1990:86; vgl ook Henau 1986:90; Schüepp 1982:67).
In die prediking kom hierdie geruis voor onder die volgende punte:

- Teoretiese argumente
- Oorinligting aanbod
- Argaïse, teologiese, akademiese taal

- Verskillende taalregisters
- Eindelose herhalings
- Gebrek aan eietydse konkretisering
- Assimetriese kommunikasiestruktuur ens.

**6.2.2.10 vii) Skriftelike gebeure**

Hier gaan dit daaroor dat die preek ’n skriftelike ontstaan het en moeilik tot ’n vrye bestaan kan oorgaan. Die preek geskied in die vorm van ’n lesing eerder as ’n vrye preek.

**6.2.2.10 viii) Rasionalistiese binding**

In die preke met punte word daar meestal van die een fokuspunt na die ander beweeg sonder om die samehang toe te lig of die beweging van die Bybelteks in ag te neem. Punt vir punt word sake afgehandel (Vos 1996:159).

**6.2.2.10 ix) Eenrigtingverkeer**

Die preek as duidelike vorm van eenrigtingverkeer kom in botsing met die kommunikasieproses as dialoog (vgl Hirschler 1988:412; Pieterse 1988:95-102; Van der Ven 1990:55; Craddock 1981:55; Dingemans 1991:21). In hierdie hoofstuk onder punt 6.2.5.2 ‘Kritiek teen die preek as kommunikasie gebeure’, word dit verder uitgebrei.

**6.2.2 Ekklesiologie**

Volgens Pieterse (1993:158) is twee gesigspunte in ‘n prakties-teologiese ekklesiologie belangrik:
“... ‘n kommunikatiewe perspektief en die fokus op die funksies van die kerk”.
Die gemeente van die Here is ‘n kommunikatiewe gemeenskap waarin en waarvandaan kommunikasie van die Evangelie plaasvind. As organisme besit die kerk pastorale funksies en as organisasie het die kerk sosiale funksies. Die pastorale funksies verseker dat die kerk aan sy doel en identiteit as liggaam van Christus beantwoord en so sy teologiese doel verwesenlik. Die sosiale funksies:
“... verseker dat die kerk as ‘n menslike organisasie in die moderne samelewing sinvol kan bestaan en optimaal kan funksioneer om so die kerk se sosiale doel te verwesenlik, wat weer ten nouste gekoppel is aan die kerk se teologiese doel” (Pieterse 1993:158).

Die kerk is terselfdertyd ’n dinamiese organisme én ’n gestruktureerde organisasie.
“Die kerk bestaan in die wêreld as die gemeente van Jesus Christus en het as sodanig ‘n teologiese identiteit. Die kerk is teologies gesproke die liggaam van Christus en is as sodanig ‘n organisme. Maar die kerk bestaan ook in die wêreld as ‘n gewone menslike instelling (‘n vereniging van vrywilligers) en is as sodanig ‘n organisasie” (Pieterse 1993:158).

Volgens Steyn (2008:65) gebruik Heitink (2007:37) die terme ‘instituut’ en ‘gemeenskap’ in ooreenstemmende verband. Heitink (2007:37) voeg egter die apostolaat as ’n derde dimensie by naamlik die kerk as ’n *‘bruggebeure’* wat ’n rol speel in die voortgaande beweging tussen God en die wêreld. Hierdie derde dimensie sluit aan by die missionêre roeping van die kerk en die missionale gerigtheid van die prediking/erediens (Steyn 2008:65).

#### 6.2.3.1 Agt ekklesiologiese faktore

Heitink (2007:37-40) identifiseer vervolgens agt faktore wat 'n invloed op die kerk uitoefen wat ook in die prediking verreken sou moet word. Vier van die faktore verbind hy as kenmerke (doelstellings) aan die kerk as instituut (organisasie) naamlik kultuur, identiteit, werfkrag en leiding (Heitink 2007:38-39); en vier faktore verbind hy as funksies (om in die konkrete behoeftes van mense te kan voorsien) aan die kerk as gemeenskap naamlik inisiasie, partisipasie, kongregrasie en kontemplasie (Heitink 2007:39-40). Al hierdie faktore moet in die prediking verreken word. Daar word gesteun op Steyn (2008:65-70) se interpretasie van Heitink (2007).

Die gevaar is dat die kerk/prediking so algaande haar relevansie in die samelewing kan verloor.
*"Waar het instituut er niet in slaagt om gemeenschap te stichten en een brug te slaan naar de wereld om haar heen verliest de kerk aan relevantie"* (Heitink 2007:37).
Al drie die identiteitskategorieë van die kerk, naamlik die kerk as instituut, die kerk as gemeenskap en die kerk as brug en die dinamiese wisselwerking daartussen, moet dus hermeneuties en ekklesiologies in ag geneem en homileties en liturgies verreken word (Steyn 2008:66).

### 6.2.3.2 Die kerk as instituut

Volgens Steyn (2008:66) noem Heitink (2007:38) die eerste doelstelling van die kerk wat as operasionalisering (konkretisering) van die kultuurfaktor dien, '*inkulturasie*'. Met inkulturasie verwys Heitink na integrasie – 'n proses van aanpassing in 'n vreemde postchristelike (postmoderne) kultuur. Enersyds gaan dit om die aanpassing van die kerk in 'n omringende kultuur, maar andersyds ook om die vorming van 'n teenkultuur in die soeke na balans en ook die invloed van laasgenoemde kultuur op die omringende kultuur. Volgens Heitink (2007:38) lyk dit asof hierdie dinamiese dialektiese proses huidiglik stagneer.

’n Mens moet altyd verreken dat die prediking in ’n bepaalde kultuur en konteks plaasvind. Die kerk (en ook die prediking) se verband met die kultuur is volgens Heitink (2007:333) waarskynlik die belangrikste rede waarom die hedendaagse kerk stagneer en irrelevant word. En as dit die geval is, hoe kan relevante prediking plaasvind? Daarom is dit nou ’n tyd vir die heroriëntasie van die kerk, waarby die subtitel van Heitink (2007) se nuutste boek *‘Een kerk met karakter aansluit’:*

*“De storing tussen kerk en cultuur wordt in dit boek gezien als de belangrijkste oorzaak voor de stagnatie in de kerk. De culturele revolutie in de jare zestig van de vorige eeuw heeft de contuïniteit in het kerkelijk leven ingrijpend verstoord. De secularisatie zette door en de band tussen kerk en cultuur werd verbroken”* (Heitink 270:333).

Die postchristelike (postmoderne tydvak) soos bespreek in Hoofstuk 1, bied dan juis aan die prediking in die kerk ’n unieke geleentheid en uitdaging om deur inkulturasie ’n bydrae te lewer aan die gemeenskap ten opsigte van singewing, waardevorming, normebepaling en die bevordering van menslikheid. Dit sluit ook aan by die mens se behoefte aan ervaring soos bespreek in Hoofstuk 2 punt 1.8.3.3 onder verbruikerisme. Die gemeenskap word dus positief aangeraak, opgebou en verander deur die kontak met die kerk.

Daarom sal daar volgens Heitink (2007:334) ook meer aandag gegee moet word aan die wyse van inleiding (inisiasie) in die kerk, dat mense vanuit die samelewing ook sal kan deel kry aan die geheim van die Christelike geloofs-gemeenskap naamlik die *‘Sache Jesu’* (Steyn 2008:67).

Die tweede doelstelling wat Heitink (2007:38) ‘integrasie’ noem, is die konkretisering van identiteit. Hier word die vraag aangespreek ‘hoe die kerk te midde van ‘n pluraliteit van geloofsgemeenskappe en ’n verskeidenheid van geestelike belewenisse en die daarmee gepaardgaande spanning en konflik, haar identiteit kan (terug)vind?’. Hierdie vraag raak die diepste wese van kerkwees. Waarin lê die identiteit van die gemeente of die kerk? Heitink

(2007:334) se antwoord sluit aan by 'n relasionele hermeneutiek: Die identiteit van die kerk lê in Christus.
*"De kerk staat of valt met een meerstemmige articulatie van het ene geloof in Jezus Christus. Daarin ligt haar identiteit. Want, zoals J. Moltmann opmerkt, met een variatie op enkele kerkvaders, 'Ubi Christus, ibi ecclesia', Waar Christus is – daar is kerk"* (Heitink 2007:334).

Let op dat Christus nie in beginsel is waar die kerk is nie, maar dat die kerk is waar Christus is. So baie hoor jy 'n prediker wat bid dat die Heilige Gees moet opdaag. Die vraag is altyd: Is dit die gemeente/hoorders wat opdaag of die Heilige Gees wat opdaag, asof God nie alomteenwoordig is nie? Dit het geweldige implikasies vir die kerk. Die missionale teologie van gestuurdheid ('*missio Dei'*) sluit hierby aan. Alle gelowiges is deel van God se sending na die wêreld en Hy is aan die werk, met die kerk as (een van) sy instrument(e) ('*participatio Christi')*. Elke mens word ook gesien as beeld van God (*'imago Dei'*). Die 'veranderende wêreld van relatiwiteit' en die opkoms van die 'Ontluikende Kerk' ('*Emerging Church'*) wat in hierdie studie vervat word sluit baie nou aan by bogenoemde. Michael Frost en Allan Hirsch (2008) beklemtoon dit juis in hulle boek *'ReJesus: A world Messiah for a Missional Church'*:

> *Through the eyes of Jesus, we will see God differently, no longer as a distant father figure, but through the paradigm of the missio Dei to find the sent and sending God. Second, we will see the church differently, no longer as a religious institution but as a community of Jesus followers devoted to participating in his mission. We call this the participatio Christi. And third, through Jesus' eyes we will see the world afresh, not simply as fallen or depraved but as bearing the mark of the imago Dei – the image of God. Those taken captive by the sight of Christ must be prepared for a reintegration of the theological concepts of missio*

> *Dei, participatio Christi, and imago Dei. These three concepts are foundational for the church in the West.*
>
> (Frost & Hirsch 2008:24)

Die kerk (elke gemeente) moet dus seker maak dat hy/sy in Christus is en besef dat mens ook ander geloofsgemeenskappe buite die kerk moet ontmoet, wat deel uitmaak van die koninkryk (breër kerk) van God en ook onder die kragveld van die Heilige Gees lewe. Die prediking het 'n wesenlike rol om dit te verkondig.

Die derde doelstelling van die kerk as instituut (organisasie) gaan oor die werfkrag van die kerk en word deur Heitink (2007:38) 'evangelisasie' genoem. Hier gaan dit oor die wyse waarop die kerk as bruggemeenskap met die samelewing kommunikeer. Indien die kerk daarin slaag om aansluiting te vind by die mense in die samelewing, oefen die kerk met woord en daad invloed uit op die samelewing en groei die kerk kwantitatief sowel as kwalitatief. Indien die kerk die samelewing egter nie beïnvloed nie, raak die kerk selfsugtig en na binne gekeer.

Die prediking het 'n groot verantwoordelikheid om mense te help met 'evangelisasie' in 'n nuwe tydsgees. Gelowiges moet nie net hoor van die ewige lewe, hemel toe gaan en die mens wat sondaar is nie. Daar moet meer in die prediking klem geplaas word om hemel op aarde te bring, om te leef as oorwinnaars en dat elke mens na God se beeld gemaak is. Party predikers se hele teologie hak by 'n 'eensydige evangelisasie' vas. Die uitdrukking om 'siele vir Jesus te wen' is geyk en predikers sal op ander maniere die evangelisasie boodskap moet oordra. Daar word aangesluit by Michael Frost en Allan Hirsch (2008) wat evangelisasie beskryf in terme van 'imago Dei' (beeld van God). Om te sê dat alle mense na die beeld van God gemaak is, beteken dat daar sekere spesiale menslike kwaliteite is wat God toelaat om deur die mens te manifesteer.

Dit beteken nie dat die inherente sondigheid van alle mense ontken word nie (Frost en Hirsch 2008:33).

*"It is a statement about God's love for humans but also a statement about the uniqueness and beauty of humans. A belief in the imago Dei is not a denial of the inherent sinfulness of all people. To deny such is not only heretical, it's just plain ignorant".*

Die vierde doelstelling word deur Heitink (2007:39) as 'organisasie' beskryf, as die konkretisering van leidinggewing deur die kerk. Hier gaan dit oor die rapport van die geloofsgemeenskap met die omringende samelewing. Die kerk het 'n leidende aandeel in die vorming en dinamika van die samelewing. Die vraag is in watter mate die kerk 'n aandeel (of oplossing) het vir die problematiek van die samelewing en of (en hoe) die kerk positiewe leiding gee? Hier gaan dit dus om die ontwikkeling van die kerk as organisasie. Volgens Heitink (2007:335) moet die struktuur van die kerk (gemeente of erediens) die geloofsinhoud en saak van die kerk (die '*Sache Jesu*') volg en dien (Steyn 2008:68).

Kerk as 'organisasie', moet ook gestalte vind in die kerk as 'organisme'. Dit is nie 'n 'of-of' nie, maar 'n 'en-en'. In die praktyk gebeur dit dat die hoorder vashaak by die kerk en nooit in die Koninkryk betrokke raak nie. Het Jesus nie in die bergpredikasie gesê: 'Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid nie?'

#### 6.2.3.3 Die kerk as gemeenskap

Volgens Steyn (2008:68-70) verbind Heitink (2007:39-40) vier faktore as funksies aan die kerk as gemeenskap. Die eerste funksie is 'inisiasie', die konkretisering van die faktor van godsdienstige opvoeding en opleiding (Heitink 2007:39). Hier gaan dit om die kerk as 'n deurgeegemeenskap waarin mense van jonk na oud al meer ingelyf word in die lewe van die gemeente. Van geslag tot geslag word geloofswaarhede en tradisies oorgedra. Kategetiese onderrig, maar ook eredienste en prediking is hier van kardinale belang. Stagnasie vind al hoe meer

plaas in die tydvak waarin mens lewe op die terrein van die kerk (Heitink 2007:39). Die tweede funksie van die kerk (gemeente) volgens Heitink (2007:39) is 'partisipasie' (deelname) wat die konkretisering van die faktor van lidmaatskap is. Lidmaatskap vra meedoening en deelname aan die gemeentelike lewe en bring bepaalde verpligtinge en verantwoordelikhede mee. Die probleem is dat al minder mense huidiglik verantwoordelikheid aanvaar vir die kerklike- en gemeentelike lewe (Heitink 2007:40; vgl Steyn 2008:69). Dit is ook die hart van hierdie studie dat deur relevante prediking daar deelname aan die erediens sal geskied en individue se houding teenoor die kerk en die prediking sal verander.

Die (post)moderne liturg Marcel Barnard verwys in dié verband na die Liturgiese Beweging wat teenoor die meer objektiewe 'observasie' ('*detachment'*) van die modernisme 'n meer subjektiewe 'deelname' ('*participatie'*) voorstel. Ook Gadamer raak hierdie saak aan met sy 'horisonversmelting' en die wisselwerking tussen deelname ('*participation''*) en distansiëring ('*distanciation'*) aan (Steyn 2008:69).

In 'n tyd van heroriëntasie van die kerk, is die aard van deelname van kardinale belang. Dit is 'n deelname van mense onder leiding van die Heilige Gees as deel van die vriendekring van Jesus Christus.

Die prediker moet die hoorders al hoe meer bewus maak van die uniekheid van elke individu. Prediking sal meer relevant wees wanneer al die hoorders opgeroep word op deelnemers te word aan die 'Christologie' wat uiting sal vind in die 'ekklesiologie'. Die visie wat Jesus bring is een waar die gelowiges leer dat alle mense (ook ongelowiges) die beeld van God in hulle dra. Dit was een van die kenmerke van die manier hoe Jesus met mense omgegaan het. Heidene, die moordenaar aan die kruis (Lukas 23:43), mense wat deur Jesus se eie volksgenote – die Jode – gesien is as diere (honde), vind Hy die 'imago Dei' (die beeld van God) in hulle (Frost 2008:34).

*"… he is finding the imago Dei in the least likely people—foreigners and criminals. Romans, Canaanites, thieves, adulteresses), and Samaritans (John 4) were seen by the Jewish establishment as being on a par with dogs. As we mentioned, animals are not seen in Scripture as bearing the image of God, so to disregard the imago Dei in certain peoples is to treat them like animals".*

Nooit sien mens dat Jesus enige iemand soos 'n dier behandel nie. Melaatses, prostitute, belastinggaarders, kinders, duiwelbesetenes – almal word met groot genade en respek behandel.
*"You never see Jesus doing that. Lepers, prostitutes, tax collectors, children, demoniacs—they were treated with great grace and respect by Him. This was the scandalous Jesus at his most untamed"* (Frost 2008:35).

In 'n postchristelike (postmoderne) wêreld moet daar volgens Heitink (2007:334) dus eerder vasgehou word aan 'n Johannese ekklesiologie (vriende) as aan 'n Pauliniese ekklesiologie (ampte). Die duidelike onderskeiding tussen lidmate en nie-lidmate vervaag dus aangesien almal vriende of vriendinne van Christus is (en moet wees).

Evangelisasie word dan 'vriendskapsevangelisasie', want die gemeente wil tog nie die geloof (en verlossing) vir haarself hou nie. Dit vra 'n voortdurende en vernuwende koninkryksgerigte denkwyse. 'n 'Agterstevoor' manier van dink, van buite na binne, waarin daar vanuit die mense wat nog buite die kerk is se perspektief na die kerk en kerkwees gekyk word; met ander woorde 'n oop kerk en gemeente in diens van die gemeenskap (Heitink 2007:335).
*"Werken vanuit een open kerk vraagt voortdurend een 'van buiten naar binnen denken', in dienst van mens en wereld".*

Heitink (2007:40) beskryf die derde funksie as 'kongregasie' (versameling) waarmee hy die versamelde gemeente as grondvorm van die kerk bedoel. Hier gaan dit om die konkretisering van die ritueel-faktor. Die kerk as

geloofsgemeenskap is sigbaar in haar samekomste waarvan die erediens en die prediking deel is. Die samekoms van die gemeente gaan om die eer van God en die heil van mense (Heitink 2007:40; vgl Steyn 2008:70). Ten opsigte van die samekomste van die gemeente is daar ook sprake van agteruitgang en stagnasie.

Die postchristelike (postmoderne) tydvak bied egter aan die kerk 'n nuwe geleentheid en uitdaging vir die viering van die heil, wat deur die persoon en werk van Jesus Christus aan gelowiges geskenk is. In die samekomste van die gemeente (veral in die prediking/erediens) werk die Here deur sy Gees en sy Woord en is die gemeente waarlik '*ecclesia'*, uitgeroepenes, geroep om gesond te word en gesond te maak (Heitink 2007:335). Ook hier word in 'n nuwe tydvak groot liturgiese-, homiletiese- en hermeneutiese eise ten opsigte van die vernuwing van die viering en die heil, aan die kerk (en aan die prediking/erediens) gestel.

Die vierde funksie 'kontemplasie' (geestelike oorweging) is die konkretisering van die faktor spiritualiteit. Hier gaan dit om die vorming van individuele geloof en geloofsonderskeiding te midde van die geloofsgemeenskap (Heitink 2007:40). Geloof is die diepste geheim van die kerk wat ervaring, belewing en aanbidding vra. Tans lyk dit asof geloof egter skaars word en van karakter verander. Daar is al minder sekerheid en al meer twyfel. Ook hierdie funksie van die kerk kom juis in hierdie tyd onder druk (Heitink 2007:40; vgl Steyn 2008:70).

### 6.2.4 Antropologie

In die voetspoor van Steyn (2008:70-76) word die antropologie bespreek.

#### 6.2.4.1 'n Holistiese antropologie

'n Antropologie word korliks bespreek wat van toepassing is op die wyer meta-teoretiese perspektief. In die tydgees van vandag is die mens bewus dat hy die

vermoë het om lewe te kan vernietig. Soveel te meer verbind dit die mens om lewe te bewaar en te beskerm. Dit beteken dat 'n holistiese blik op die mens en 'n kommunikatiewe perspektief nodig is om die mens van vandag binne sy konteks te verstaan. 'n Holistiese blik kan holisties verkry word deur die mens binne die perspektief van die eskatologie en dus die alomvattende koninkryk of heerskappy van God te sien (Pieterse 1993:163).

### 6.2.4.2 Antropologies-teologiese begrippe naamlik die verbond, die wet en die koninkryk

In die teologiese begrippe wet, koninkryk en verbond vind mens 'n geskikte antropologie (Pieterse 1993:164 & Vos 1996:64). Die 'verbond' staan sentraal in die Ou en die Nuwe Testament wat homileties in verhouding staan met ander begrippe soos die 'wet' en die 'koninkryk'. Alles staan binne die raamwerk van God se verhouding met die mens en die wêreld.
"In die ruimte oefen God aanspraak op sy verbondsvolk uit en kan sy volk individueel en kollektief op sy woorde antwoord. God se aanspraak en die volk se antwoorde word deur die nakom van die wet uitgedruk. Daarom speel die wet ook 'n belangrike rol in die homiletiese teorie" (Vos 1996:64).

Die derde antropologiese begrip wat naas die 'verbond' en die 'wet' vir die homiletiese teorie onontbeerlik is, is die 'koninkryksbegrip'. Dit is hier waar God se ryk en heerskappy onder alle omstandighede en in alle situasies erken word. Die verbond, wet en koninkryk komplementeer mekaar as konsepte in die teologiese homiletiese antropologie (Vos 1996:65; vgl Steyn 2008:71).

Die koms van God na die mens en die wêreld as Skepper en Herskepper, die verhoudingbreuk tussen God en mens deur die sonde, die versoening tussen God en mens deur die reddende genade van God in Jesus Christus en die 'reeds' en die 'nog nie' van God se koninkryk, is kenmerkte van die homiletiese

siening van die antropologie in die eskatologiese koninkryksperspektief (Steyn 2008:71). Daarom dan dat deur die prediking word die verlossing van God in Christus reeds deur die Heilige Gees geskenk. Hierdie verlossing bring geregtigheid, liefde, versoening en vergifnis. Dit opsigself het 'n vier-ledige effek op die mens se verhouding tot God, naaste, ander en homself. En ten spyte van dit, is daar steeds 'n 'nog nie' kant van die verlossing (Vos 1996:104).

#### 6.2.4.3 Teologies-antropologiese perspektiewe van die liturg

'n Faktor wat bewustelik en onbewustelik 'n rol speel in die hermeneutiese oordrag van die heilsboodskap is die liturg se mensebeskouing. Dit gaan oor hoe die liturg na die mens kyk. Die klem val op die verstaanperspektief van mense. Die liturg het 'n implisiete of 'n eksplisiete teologiese beeld van die hoorder (Vos 1996:203; vgl Steyn 2008:72).

Daar is ook 'n breër antropologiese perspektief op erediensgangers waarin die hermeneutiese proses ingebed is. Dit is 'n perspektief met negatiewe en positiewe kante. In die klassieke gereformeerde model word die hoorders as sondaars aangespreek en aangesien (Vos 1996:203; vgl. Dingemans 1991:58). Ten spyte van hierdie sondaars identiteit is die hoorder ook iemand wat deur God verander kan word. By die sondaar kan daar altyd hoop wees (Vos 1996:205).
Die realiteit van en skending deur die sonde word dus nie ontken nie, maar ook nie verabsoluteer nie, omdat daar uit die oorwinning van Jesus Christus en die herskepping deur die Heilige Gees gelewe word.

'n Teologiese antropologie moet rekening hou met verskillende faktore wat 'n rol kan speel in die mens se verhouding met God (Louw 1998:203).
*"It is important that a theological antropology attempts to integrate all these components: I and self, conscious and unconscious, thinking and feeling as well as certain characteristic styles of conduct in responsible behaviour".*

Daar is verskillende en uiteenlopende teologies-antropologiese perspektiewe van liturge op erediensgangers. Dingemans (1991:58) identifiseer ses onderskeie teologies-antropologiese sieninge op erediensgangers.

#### 6.2.4.3 i) Sondaars

Die klassieke gereformeerde teologie sien die erediensgangers as *'simul iustus et peccator'* (Berkhof 1973:474). Dit is die gemene deler waaruit erediensgangers benader en aangespreek word. Die Heildelbergse Kategismus se skema van 'Sonde, Verlossing en Dankbaarheid' neem ook dit as uitgangspunt (Dingemans 1991:58-59).

#### 6.2.4.3 ii) Begenadigde sondaars

Dingemans (1991:59) haal Karel Barth aan en sien die erediensganger as begenadigde sondaars. Klem val hier op die Christologiese perspektief van verlossing en genade.
*"Gemeenteleden hebben dikwijls al zo lang onder het beslag van het Woord geleefd, dat ze weten wat ze mogen verwachten en dat ze weten, wat ze uit zichzelf niet kunnen weten, namelijk dat ze begenadigde zondaren zijn. Dat moet daarom steeds weer gezegd worden vanuit het Woord, omdat het Woord de enige instantie is, die hun dat kan zeggen"* (Dingemans 1991:59-60).

#### 6.2.4.3 iii) Begenadigde begaafdes

Rudolf Bohren sien erediensgangers aldus as begenadigde begaafdes met 'n toekomsverwagting. Daar word gepreek vir begenadigdes wat begaafd is omdat hulle die gawes van God se Gees ontvang het. Die erediensgangers is dus meer

as net ’n versameling van psigologies- of sosiologies beskryfbare persone; hulle is ook meer as blote toehoorders – hulle is mense wat onder die leiding van en met die gawes van die Heilige Gees lewe. Die Pneumatologiese én eskatologiese dimensies word dus hier uitgelig (Dingemans 1991:60).

#### 6.2.4.3 iv) God se tyd

Volgens Dingemans (1991:61) sien Friedrich Mildenberger erediensgangers as mense wat opgeneem word in God se tyd (‘*Zeitansage’*). Die erediens is soos die paasfeesvieringe waarin die erediensgangers opgeneem word deur God se tyd. Die kerklike jaar staan teenoor die gewone jaar. Die gevaar kan ’n vorm van dualisme wees, wat baie ongesond kan wees.

#### 6.2.4.3 v) Noodsituasie

Ernst Lange volgens Van der Laan (1989:168) sien die erediensganger en dit wat tydens die prediking plaasvind in die konteks van ’n noodsituasie. Erediensgangers bevind hulle in ’n noodsituasie vol vrae, twyfel angs en skeptisisme. Binne hierdie noodsituasie moet die prediker sy woord gestand doen. Christus is die antwoord op dié noodsituasie en die preek is ’n gesprek met die erediensgangers gegrond op die oorlewering van die Bybel. Die erediensganger moet voor die aangesig van God (‘*Coram Deo’*) tot verstaan kom en voor die keuse van geloof of ongeloof gestel word (Dingemans 1991:61-62).

#### 6.2.4.3 vi) Verbondsperspektief

Hans van der Geest (1978:194) verskaf die hermeneutiese sleutel waarmee die moderne mens na die Skrif gryp. Dit vind plaas binne drie perspektiewe wat kulmineer in ’n verbondsperspektief. Daar is ’n soeke by die erediensgangers na:

1. 'Vertroue op God'
2. 'Bevryding'
3. 'Insig' (sin en betekenis).

Die Verbonds-begrip blyk duidelik uit hierdie perspektief. Vertroue tussen God en mens word deur die 'verbond' uitgedruk; die wet en die verlossing (genade) word deur God aan die mens gegee in 'n verbondsverhouding en die mens word nuut gemaak (insig en sin) in terme van die verbond en God se beplande toekoms vir hulle (Dingemans 1991:62-63).

Die liturg het dus altyd 'n bewustelike of onbewustelike teologies-antropologiese perspektief op die erediensgangers en hulle op hom/haar en mekaar, wat in die erediens verreken sal moet word.

### 6.2.5 'n Hermeneuties-kommunikatiewe homiletiek

Vos (2005:298) verwoord iets van hierdie hermeneuties-kommunikatiewe benadering in die homiletiek (en liturgiek) wanneer hy na hermeneutiek as die 'proses van verstaan' en as 'n sleutelbegrip in die praktiese teologie en die homiletiek verwys. Verder wys hy op 'n aantal hermeneutiese prosesse wat in die erediens plaasvind. Die prediker moet die wêreld van die teks binnetree en 'n brug bou na die wêreld van die hoorder (Vos 2005:298). Daar moet erns van die teks se unieke aard, samestelling en geskiedenis gemaak word (Steyn 2008:91).

Verder moet die prediker egter ook erns maak met die hoorder se situasie, konteks en belewenis van die teks. Dit verwys na kommunikasie, ook 'n sleutelwoord in die homiletiek en die praktiese teologie (Vos 2005:298-299). Hieruit vloei die hermeneuties-kommunikatiewe fokus van die prediking om 'n boodskap oor te dra – 'n boodskap van verlossing en die Bybelse boodskap van heil.

*“The basis of salvation comprises the actions of God in the Old testament, as embodied in Jesus Christ in the New Testament”* (Vos 2005:300).
In die boodskap van die prediking word gefokus op die teenwoordigheid van die Skepper God wat nooit die werk van Sy hande (ook nie sy kinders) sal los nie (Vos 2005:299). Hierdeur vind die Christologies- en Pneumatologies begronde homiletiek wat vroeër bespreek is, aansluiting.

#### 6.2.5.1 Die preek as ‘n homiletiese kunswerk

Daar word aangesluit by Pieterse (1987:108-113) wat klem daarop lê dat die teks deur verskillende hermeneutiese lense bekyk moet word. Dit gaan ten diepste om ‘n ervaring waarin die teks tot spreke kom en die prediker in sy eksistensie aanspreek. As die prediker gaan preek, is hy ‘n getuie van die ervaring wat hy met die teks en die verstaansproses gehad het. Die prediker getuig van sy ontmoeting en ervaring met die teks in die hoop dat die teks dieselfde ervaring by die hoorder sal hê. ‘n Mens kan nie anders as om te besef dat relevante prediking ‘n homiletiese kunswerk moet wees nie. Dit behels ‘n verstaanproses, taalvaardigheid, taal kreatiwiteit, literêre vaardigheid, humor, interpretasie van verskillende kontekste, die finale gestalte van die gepredikte teks, preek tema, preekskema wat alles uitloop op die oordrag van die preek (Pieterse 1986:148).
“Voorts is dit so dat jy geen inhoud sonder woorde kry nie. Inhoud en vorm is ‘n eenheid. Wat jy sê hang in ‘n groot mate af van hóé jy dit sê”.

Vos (1996:161) beklemtoon dat die prediker altyd bewus moet bly van die hoorder se blootstelling aan ander vorme van mediale kommunikasie. Dit word genoem hoëvlak kommunikasie, want elke sekonde kos geld en moet benut word. Dit bring mee dat hoorders hoë eise aan die predikers stel. Predikers mag hulle nie teleurstel nie (Vos 1996:161).
*“Following the hermeneutic-communicative approach, the challenge for the homiletician is to craft a sermon with care and make it a work of art”* (Vos

2005:306). Vos verwys hier na die nuwe ontwikkelinge in die homiletiek wat prediking as ‘n kunsvorm uitbeeld – die Nuwe Homiletiek. Hiervolgens bied die preek as ‘n ‘oop’ kunswerk ‘n teoretiese basis aan vir die ontwikkeling van die preek as ‘n dinamies-kommunikatiewe gebeure.

Volgens Garhammer en Schöttler (1998) is die konsep van die homiletiek as ‘n ‘oop kunswerk’ op die ontwikkeling van die oorspronklike idees van Umberto Eco gebou (Vos 2005:306).
*“... preaching should stage a biblical text rhetorically and within the context of a church service in such a way, that the congregation is able to apply it to its own views and experiences. This is called the ‘aesthetics of reception’”* (Vos 2005:306; vgl. Nicol 2002:186-187).

Long beklemtoon die feit dat die homileet nie alleen verantwoordelikheid vir die skepping van die homiletiese kunswerk kan en moet aanvaar nie, maar dat die hele gemeente saam met hom/haar besig is in die skepping van hierdie kunswerk (Long 1988:23).
*“Preachers and listeners have different jobs, but they are working together as co-artists to create the sermon”.*

#### 6.2.5.2 Kritiek teen die preek as kommunikasie gebeure

Daar is verskeie punte van kritiek wat teen die prediking as kommunikasie gebeure ingebring kan word.

Die eerste punt van kritiek is dat mense die preek sien as ‘n ‘Goddelike gebeure’ en nie as ‘n menslike kommunikasie gebeure nie. Dit gaan van die standpunt uit dat indien God se Woord verkondig word, dit altyd effektief sal wees. Met ander woorde, die verkondigende Woord werk outomaties. Dit het tot gevolg dat die preek verhewe is bo alle problematiek en studie van kommunikasieprosesse.

Sommige gaan self so ver dat hulle glo dat die Heilige Gees nie afhanklik is van kommunikasie reëls om die evangelie effektief te maak nie (Vos 1996:160).

Die geldigheidsmoment van bogenoemde is dat God self in die preek aan die woord wil kom en dat dit die Heilige Gees is wat die hoorder oorreed van die verkondigende Woord, maar nooit geskied dit sonder die prediker en die gepredikte Woord nie. Die prediking kan nooit verhewe gestel word bo die kommunikasieprosesse nie. God is net so teenwoordig in die kommunikasieprosesse as in die gepredikte Woord.

Die tweede punt van kritiek teen die preek as kommunikasie gebeure is dat die preek nie 'n dialogiese kommunikasie gebeurtenis is of kan wees nie. Die rede hiervoor is dat die preek gesien word as 'n monologiese gebeurtenis (Pieterse 1986:124). Kommunikasie in sy wese is dialogies van aard en hoe kan 'n preek gesien word as 'n dialoog waar net prediker aan die woord is en die hoorders passief sit en luister en geen reaksie toon nie. Daar word ook aangesluit by Pieterse (1987:124-125) se kommentaar oor die beperkings van die preek as monoloog:

"Die preek soos ons dit ken in die kerk, is 'n monoloog. Die prediker is alleen aan die woord en die gemeente luister sonder die geleentheid tydens die preek tot opklaring of teenspraak" (Pieterse 1986:124).

Pagitt (2005:26) gebruik die term *'speaking'* om juis die eenrigting kommunikasie te illustreer. Die prediking is te kosbaar om soos 'n toespraak oor te kom. Hy pleit dat daar minder tyd bestee sal word in eenrigting-kommunikasie as die primêre vorm om te praat en dink oor die evangelie. Die uiteinde is gemeenskappe wat luister na die prediker wat tussen en saam met mense lewe en nie die prediker wat net voor mense staan nie (Pagitt 2005:26).

*"… less time using one-way communication as our primary means of talking about and thinking about the gospel. I'm suggesting a practice that encourages*

*more speaking. What I'm advocating is that we become communities who listen to the preachers among us, not just the preacher standing in front of us".*

In reaksie op bogenoemde word daar saamgestem met Vos (1996:160) en Pieterse (1986:126).
"Al is die preek monologies gevorm, is dit in sy wese dialogies. Hiermee word bedoel dat die preek 'n dialogiese aard en ooreenkoms moet vertoon. Die hoorder moet deur die preek betrek word".
Indien dit gebeur, ervaar die hoorder sy vrae, worstelinge, kwellinge, twyfel, lief en leed.

In die lig van bogenoemde pleit Pieterse (1986:126-136) vir die volgende:

- Kommunikasie en dialoog wat reeds voor die erediens aanvang neem. Hier gaan dit om die verhoudinge tussen prediker en hoorders wat insluit pastorale werk, die ware situasies, nood en gedagtes van die kultuur/konteks, betrokkenheid en toewyding aan die hoorders
- Gasvryheidskultuur binne in die konteks van die hoorders/gemeentelede
- Inrigting van die liturgiese ruimte en die inrigting van die erediens waarbinne die prediking plaasvind
- Die rol van sang. Dit bring mense se gemoed, sy wese, in beweging "Sang het 'n groter invloed en krag op 'n mens as woorde" (Zwetsloot 1981:8).
- Die sinvolle betrekking van aktiwiteite buite die erediens, binne-in die erediens. In die erediens kom alles saam en vertrek alles. Die erediens is die hart van die gemeente.

Eie aan die praktiese teologie moet die dialogiese karakter van prediking vanuit 'n teologiese hoek bekyk word. Dit gaan hier oor God wat praat en mens wat antwoord. Dit is 'n lewende gesprek vol aksie, vol deelname – woord en weerwoord.

> God spreek deur Sy Woord en Gees, verbaal en sakramenteel en die mens antwoord. Die gesprek loop nie só dat God eers klaar praat en die mens dán antwoord nie. Nee, dis 'n ware gesprek met woord en weerwoord. Die punt is egter dat God dit inisieer, begin en eindig. In die prediking/erediens vind ons die struktuur van kommunikasie volop. Dialoog, deelneem, aksie, woord en weerwoord – kortom, kommunikasie is die wesenstruktuur van die prediking/erediens.
>
> (Pieterse 1986:128-129)

Die erediens is in die lig van die bogenoemde 'n kommunikasie gebeure en kan as 'n kommunikasiesisteem beskryf word waarin die dialoog die grondstruktuur vorm.

Die derde punt van kritiek teen die prediking as kommunikasie gebeure is dat die prediking 'n vorm van massakommunikasie is. Daar word aangesluit by Pieterse (1986:123-124) wat wel erken dat die prediking 'n vorm van massakommunikasie is, maar dat die prediking sy eie aard, karakter het, is ongetwyfeld. Al vind prediking in die openbaar plaas, moet daar in die prediking ook tot die enkeling gespreek word, want wie tot die enkeling spreek, spreek ook tot die vele.

'n Vierde kritiek op die prediking as massakommunikasie is die feit dat die ewewig in die kommunikasieproses vervorm is. Die sender en die hoorders is nie altyd op dieselfde vlak nie en sodoende in die prediking het die sender altyd die laaste sê. Dit sal so wees as die sender/prediker homself verhewe hou deur te dink dat hy/sy die gesag het en ontoeganklik is in sy persoon en nie oop is vir kritiek en terugvoer nie. 'n Verdere implikasie ten opsigte van prediking as massakommunikasie is dat terugvoering moeilik en twyfelagtig is. Dit is juis een van die doelwitte van hierdie studie om juis te kyk hoe daar terugvoering tussen prediker en hoorder kan plaasvind.

## 6.3 ‘n Basisteorie vir relevante prediking

'n Basisteorie of fundamentele teorie is volgens Vos (1996:61) die
“… teologiese basis wat die praktyk ten grondslag lê”.
'n Praktykteorie is daarop gerig om die praktyk van die prediking/erediens in hierdie studie te rig en te stuur (Vos 1996:62). As vak gerigte teorie word die basis teorie in hierdie hoofstuk binne die veld van die homiletiek ontwikkel vir doeleindes van die vak.

Die volgende word as basis teoretiese uitgangspunt vir hierdie studie gestel en bespreek:
‘Relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit, is 'n religieuse handeling waarin die heil van God aan die mens gekommunikeer word en saam met die hoorder gesoek word na die verstaan van die heilsgebeure binne die konkrete bestaan van die mens met die oog op geloofsvorming, geloofsgroei, geloofsbelewenis, deelname aan die erediens en ‘n beter houding teenoor die kerk en die prediking’.

### 6.3.1 Die prediking as 'n religieuse handeling

Basis teoreties word daar aangesluit by die homiletiese benadering wat werk met 'n sirkulêre of kommunikatiewe model (Otto 1976:88; Luther 1982:62; Vos 1996:144). Die basiese kenmerk van dié benadering is die interaksie tussen die prediker, die hoorder en die teks. In die lig van hierdie studie kan mens ook verwys na die interaksie tussen prediker, hoorder, teks en die veranderde wêreld van relatiwiteit waarbinne dit afspeel. In die erediens is daar 'n sterk dialogiese karakter wat beteken dat tussen prediker, hoorder, teks en veranderende wêreld

'n soeke is na God. Daarom praat mens in die lig van hierdie studie dat die prediking/erediens gesien word as 'n 'religieuse handeling'.

Dit beteken dat dit 'n handeling is met 'n 'religieuse' vertrekpunt, wat daarop dui dat daar van God se kant 'n aanspraak op die hoorder gemaak word. Die aanspraak is gegrond op die aanname dat God in die erediens teenwoordig is (Vos 1996:145). Deur die werking van die Gees word die prediker, hoorder, teks en hedendaagse konteks/kultuur ingeskakel in God se werk. Dit is hierdie aanname dat God teenwoordig is wat die erediens as 'n 'religieuse' handeling kwalifiseer en onderskei van ander handelinge van die mens. Sonder hierdie teologiese verankering word dit maar nog een van die mens se vele daaglikse handelinge.

Hierdie 'transendente perspektief' bring Van der Ven (1993a:63) goed onder woorde wanneer hy tussen die volgende drie elemente onderskei. Dit begin by 'resepsie', waarmee bedoel word dat die mens deur God aangespreek word. Hierdie resepsie lei tot 'n 'respons' waarin die mens hom van sy kant tot God rig. Dit lei weer tot 'n 'reaksie' waar die mens hom tot ander mense rig en getuienis aflê van die betekenis van geloof in sy of haar lewe.

### 6.3.2 Die prediking binne twee perspektiewe

As daar gepraat word van relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit, as 'n religieuse handeling, word daar aangesluit by Vos (1996:145), Daiber (1991:207), Den Dulk (1995:7) en Pieterse (1995:47) wat tussen twee perspektiewe onderskei. Hierdie perspektiewe kan onderskei word, maar hulle kan nie van mekaar geskei word nie. Die eerste is 'n 'hermeneutiese perspektief' en die tweede is 'n 'kommunikatiewe perspektief'. Vandaar 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Dit word vervolgens meer breedvoerig verduidelik.

### 6.3.2.1 'n Hermeneutiese perspektief

Die prediking funksioneer as 'n religieuse handeling wat geskied binne 'n sekere hermeneutiese proses. Dit het te make met die gebeure waar die hoorder vanuit sy/haar eie ervaring betrek word in die geskiedenis van die Christelike oorlewering in 'n poging om die lewe binne die eie konteks te verstaan.

In die woorde van Gadamer (1975) het mens met verskillende horisonne te maak. Die horison van die liturg, hoorder, teks en tradisie wat beperk word deur hulle eie historiese konteks. In die lig van hierdie studie is daar ook die horison van die bepaalde konteks/kultuur by die hoorder waarbinne dit moet geskied. (vgl. Thiselton 1980, 1992) In die hermeneutiese perspektief speel die volgende aspekte 'n belangrike rol.

### 6.3.2.1 i) Die rol van verstaan

As die rol van die Christelike teologie as die oorlewering van die Christelike tradisie gesien word, dan beteken dit, dat dit hoorbaar, verstaanbaar en relevant moet geskied. Hermeneuties gesien dui verstaan dan op die ervaring en toe-eiening van ‘sin’ (Vos 1996:9).

As die prediking met al sy fasette nie uiteindelik in die lewens van mense grondvat en hulle hier en nou help om sin van die lewe te maak nie, hang dit as abstrakte uitsprake in die lug. Hierdie proses moet altyd deur 'n ‘kritiese komponent’ begelei word (Vos 1996:9).
"Dit beteken dat die kerk moet weet dat hy nie oor die waarheid beskik nie, maar dit steeds soek. 'n Soeke na die waarheid laat die kerk besef dat sy interpretasie altyd relatief en beperkend is".

In die hermeneutiese proses (m.a.w. in die wisselwerking tussen tradisie (Skrif) en die huidige situasie), word daar in aansluiting by Heitink (1990:207; 1993:190) drie prosesse in die verstaanproses onderskei: die verstaan (begryp), die verstaanbaar maak (verklaar) en die tot verstaan kom (toe-eien). Die eerste het te make met die verstaan van die historiese betekenis van tekste in hulle konteks. By die tweede word gepoog om die tydafstand tussen die tradisie (Skrif) en die hede te oorbrug en die tradisie verstaanbaar te maak in die eie kultuur. In die lig van hierdie studie val die klem baie sterk op hierdie punt om die prediking te laat plaasvind waarbinne mense iets beleef van die heilshandeling van God met die hoorder. Gebeur laasgenoemde het mens in die derde plek te make met die ware verstaan.

**6.3.2.1 ii) Die rol van die konkrete**

Müller (1993:164) skryf:
"Die preek gebeure word toenemend gesien as 'n ekklesiale handeling wat ingebed moet word in die totale bediening en geloofslewe van die plaaslike en ekumeniese gemeenskap van die geloof" (vgl. Zerfass 1989:78-79).

Dit beteken dat die wisselwerking tussen die geloofsgemeenskap en die prediking waarbinne hulle sit die artikulasie en formasie van geloof ten doel het. En dit geskied volgens Müller (1993:166) deur middel van 'n nuwe ekklesiale verstaanproses wat ontwikkel word in dialoog met die Woord en daardeur nuwe handelings moontlikhede vir die hoorder/gemeente ontsluit.

Die erediens waarbinne die prediking gestalte vind is egter nie net 'n ekklesiale handeling nie, maar ook 'n sosiale handeling. Van Seters (1988:13-24; 1991:267-280) wys daarop dat dit eintlik nie iets nuuts is nie maar dat die bydrae vanuit die sosiale wetenskappe nuwe lig werp op die belangrike verhouding wat

daar is tussen die prediking en die sosiale konteks (kultureel, polities, en ekonomies).

### 6.3.2.2 'n Kommunikatiewe perspektief

Relevante prediking as 'n religieuse handeling geskied binne 'n sekere kommunikatiewe proses. Dit het te make met die gebeure waar die hoorder vanuit die evangelie oortuig moet word. Hierdie proses geskied langs die weg van logiese, etiese en emosionele argumente, metafore, 'n sekere tydgees en die rol van die retoriek beklee hier 'n sentrale plek (Den Dulk 1995:7). Volgens Pieterse (1995:54) kan die prediking nie sonder 'n behoorlike kommunikasieteorie oor die weg kom nie. Die volgende aspekte sal verder aandag geniet.

### 6.3.2.2 i) Die rol van taal- en die oorredende handelinge

Die erediens vanuit 'n kommunikatiewe perspektief is 'n doelbewuste handeling wat beteken dat daar 'n kommunikatiewe effek uitgaan na die hoorder wat tot gevolg het dat elke erediens element 'n funksie het.

Die hoorder kom dus agter wat in die prediking gekommunikeer word, waarom dit gekommunikeer word en maak sy eie afleidings op grond van die manier waarop dit in die erediens geskied (Lemmer 1993:72). Al hierdie taal en oorredende handelinge geskied binne 'n bepaalde konteks/kultuur/spiritualiteit wat verskillende hoorders op verskillende maniere laat reageer. Firet (1987:97-98) pas hierdie beginsel op die prediking toe en wys oortuigend hoedat 'n verstandhouding met die hoorder bereik word.

#### 6.3.2.2 ii) Die belang van die hoorder

Binne beide die kommunikatiewe en hermeneutiese perspektiewe beklee die hoorder 'n sentrale plek. Otto (1976) en Lange (1987) plaas die klem daarop dat in die prediking, die prediker 'n voortdurende gespreksgenoot is van die hoorder. Daarom is die prediking meer as om net wetenswaardighede oor 'n Bybelgedeelte te vertel. Dit is om mense in die erediens in te lei in die wêreld van sien, hoor, ruik en voel en waar God aan die woord kom. Vanuit die erediens moet daar iets gebeur, iets aan die gang kom in die lewens van die hoorder. Mense moet deur die erediens verander en aangeraak word (Vos 1992a:12).

Lemmer (1993:63-94) vind aansluiting by verskeie homilete wat erns maak met die hoorder in die erediens. Volgens hom is die hoorder 'n unieke mens in 'n eiesoortige konteks, maar ook deel van die gemeente. Daarom sien hy die prediking as 'n reaktiewe gesprek met die hoorder via wedersydse instemming. Hierdie interaksie van die hoorder met sy belewenis van die prediking is ingebed in 'n persoonlike lewende verhouding en om gespreksgenoot te wees hoef jy nie noodwendig tydens die prediking verbaal te kommunikeer nie (Lemmer 1993:70). Ware (1995:10) som dit as volg op:
*"… all those attitudes and activities that characterize one's attemps to make connection with Deity".*

Volgens Pieterse (1995:46) bly die homiletiese probleem steeds hoe insig en kennis op so 'n wyse uitgebou kan word dat die tuiskoms van die evangelie die hoorder die beste bereik, veral in moeilike tye. Veral in tye waar gelowiges 'n individualistiese, materialistiese, verbruikersmentaliteit het rondom die lewe, die prediking en relevansie. Die prediking kan van hoogstaande korrektheid wees, maar dit vind geen inslag, lewensverandering en internalisering nie.

### 6.3.2.2 iii) Geloofsvorming tot eer van God

Die prediking as hermeneutiese-kommunikatiewe religieuse handeling geskied met die oog op die geloofsvorming en geloofsgroei van die hoorder (Kellerman 1991:480; 1993:176). Deelname, betrokkenheid en 'n intieme belewenis deur relevante prediking in ‘n erediens lei tot 'n beter verstaan van en insig in die God-mens verhouding en dra sodoende by tot die geloofsvorming en geloofsgroei. En waar daar geloofsgroei en geloofsvorming is, is daar ook beter begrip vir die hoorder se rol in die uiteindelike doel van alle Christen gelowiges: die eer en verheerliking van God. En sodoende verander mense se houding teenoor die prediking en die kerk en deelname/dialoog vind plaas.

Die prediking as 'n religieuse handeling, moet ook aan die hoorder verstaanbaar gekommunikeer word. Daarom moet daar dan ook aan die erediens gestalte gegee word. Dit beteken dat hierdie handeling in bepaalde vorme kan geskied om dit vir die hoorder meer hoorbaar, sigbaar en beleefbaar te maak. Hiervoor is dit nodig om aandag te gee aan die hoorders se verskillende behoeftes ten einde die religieuse handeling op die beste wyse oor te dra.
In hierdie hoofstuk was daar na verskillende sosiale, religieuse en hermeneutiese veranderinge gekyk. Ook die hermeneutiese sieninge van Hans-Georg Gadamer en Paul Ricoeur was van naderby beskou. Die Hermeneuties kommunikatiewe benadering en die Narratief kommunikatiewe benadering was ondersoek wat gelei het tot ‘n basis teorie vir relevante prediking. Hierdie basis teorie moet beproef en ondersoek word deur ‘n doelgerigte, noukeurige empiriese ondersoek wat in Hoofstuk 4 geadresseer word.

# HOOFSTUK 4

## 'N EMPIRIESE ONDERSOEK OOR RELEVANTE PREDIKING ONDER GELOWIGES IN DIE PAARL

### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die onderhoude met agtien gelowiges in die Paarl, wat gereeld die gepredikte Woord hoor. In hierdie studie, naas die literatuurstudie word daar ook van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek deur middel van onderhoude gebruik gemaak (Heyns & Pieterse 1990:39-40).

Die praktiese teologie is 'n kommunikatiewe geloofshandeling. Dit kan nie werklik tot sy reg kom as die praktiese teologie nie gebruik maak van die wetenskaplike bestudering van empiriese metodes nie. In Hoofstuk 3 is 'n basis teorie gevorm vir die prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit vanuit die konteks van die Paarl. Die basis teorie en die resultate van die empiriese ondersoek word daarna op 'n hermeneutiese wyse van begryp en verstaan in konfrontasie met mekaar gebring om 'n geslaagde of verstelde praktykteorie te kan bereik. Heitink (1993:212) stel dit as volg:
*"Het empirisch perspectief verbindt het 'wie doet wat' primair met het 'waar en wanneer'".*

In hierdie hoofstuk word dus nou die empiriese ondersoek gedoen as deel van die metode waarmee gewerk word, soos in die vorige paragraaf beskryf. Die doel is om sekere handelinge wat binne 'n bepaalde konteks, kultuur en tydgees afspeel, te probeer verklaar. Uit die vorige hoofstuk se kies vir die hermeneutiese kommunikatiewe benadering, wil hierdie hoofstuk rondom die empiriese, as aanvulling dien. Daar moet op wetenskaplike wyse by die hoorder

uitgekom word rondom die vraag: Wat is relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit? Van der Ven (1993:75) stel dit duidelik dat empiriese navorsing moet voldoen aan die volgende vraag:

*"… in welchem Sinn und in welchem Mass die empirische Forschung in der Theologie an einer Erhellung des Glaubensbewusstseins und der Glaubenspraxis der Menschen von heute in der Gesellschaft von heute beitragen kann".*

## 2. Navorsingsprobleem

Uit die konteks van die Paarl waarbinne die prediking plaasvind, uit die kultuur en tydgees waarbinne mense leef, en uit die voorafgaande hoofstukke is dit duidelik dat daar 'n probleem bestaan rondom 'prediking'. Lidmate wat na die prediking luister, lewe in 'n konteks waar die waarheid relatief is en waar mense nie meer net aanvaar wat die prediker sê nie. Die kultuur het geskuif weg van passiewe instruksies na deelnemende leer, vanaf paternalisme na deelname, vanaf monoloog na dialoog, vanaf instruksies na interaksies, vanaf eenvoud na kompleksiteit, vanaf liniêre na nie-liniêre metodes van inligting oordra. Meeste predikers het 'n persepsie dat lidmate wat na hulle preke luister, noue kontak met hulle as predikers het en dat predikers dink dat dit nie nodig is om direkte terugvoer van hoorders te kry nie.

Die rede vir die empiriese ondersoek is dat gelowiges in die Paarl nog nie grondig op 'n empiriese wyse ondersoek is nie. Dit is die rede vir die navorsingsprobleem. Die empiriese ondersoek is 'n relatiewe onderontwikkelde deel van die homiletiese refleksie. In die homiletiek word die meeste navorsing gewy aan die analise van die preek en hoe daar gepreek moet word. Daar is egter nie baie betroubare informasie in Suid-Afrika beskikbaar oor die persepsie van prediking deur die hoorders nie. In Nederland het Ciska Stark so 'n ondersoek gedoen (vgl. Stark 2005). Nie die homilete of die predikers is

gemotiveerd om meer kennis in te win oor die effek van prediking op die hoorder nie. Daar word ‘n klomp energie bestee aan die proses van preek voorbereiding, retoriese strukture en die lewering, maar nooit word daar spesifiek geweet wat die uitwerking van die prediking op die individu, sosiale en politieke vlakke is nie. Die meeste predikers dink dat goeie teorieë en soliede teologie sal relevante prediking tot gevolg hê. Gelowiges in die Paarl moet gehoor word oor hoe die hermeneutiese en dialogiese karakter versterk kan word. Gelowiges is nog nie gehoor oor wat hulle regtig dink, hoe hulle voel en wat hulle siening is van hulle kultuur waarbinne hulle leef nie. Die kultuur het geskuif en verander. Verandering is die enigste konstante.

Daar word spesifiek by gelowiges in die Paarl uitgekom, om te hoor wat is hulle sieninge en ervaringe rondom prediking wat gestalte vind in die erediens.

## 3. Navorsingsmetodologie

### 3.1 Inleiding

In die sosiale wetenskappe bestaan daar kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes (vgl. Claessens & Van Tillo 1990:51). Die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes moet nie teenoor mekaar gestel word nie, maar wel van mekaar onderskei word. Pieterse (1993:186) beklemtoon wel dat beide metodes gebruik kan word in navorsing, maar as ‘n kombinasie van elkeen se sterk punte. In aansluiting by Claessens & Van Tillo (1990:51), maak Pieterse (1993:186) die opmerking rondom kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing:
“Die kwantitatiewe metode se belangrikste bydrae is geleë in die geldigheid, betroubaarheid en die reikwydte van die resultate wat noukeurig vasgestel kan word. Terwyl kwalitatiewe analises dieper grawe om die sosiale werklikheid, en

die verskynsels daarbinne, in al sy kompleksiteit na te gaan en so tot ‘n beter begrip daarvan te kom”.

Aangesien relevante prediking en die belewing daarvan ‘n persoonlike ervaring is, sal die gebruik van ‘n kwalitatiewe metodologie geskik wees in die versameling van die inligting.

### 3.2 Kwalitatiewe ondersoek

In ‘n kwalitatiewe analise word daar induktief te werk gegaan (vgl. Heyns & Pieterse 1990:81). Daar word ook aangesluit by Stark (2005:95):

“The inductive way tries to build theory on empirical data, seeking for interference and logic between empirical observations…. The incarnation of the Word of God and the pneumatological promise of the Holy Spirit give way to the inductive exploration of vestiges of God in human reality”.

*‘Relevante prediking’ maak deel uit van die sosiale realiteit van die mens. ‘n Moontlikheid om hierdie sosiale realiteit te analiseer is by wyse van die metode van kwalitatiewe analise. Volgens Pieterse en Wester (1995:112):*

“The aim of qualitative research is the systematic development of theory by thorough inspection of social reality. Starting with a roughly defined theoretical framework… the analyst continuously tries to confront this framework with the field under observation in order to specify, define and ground these concepts and to formulate a substantive social theory”.

Kwalitatiewe navorsing is ‘n tipe wetenskaplike navorsing wat veral effektief aangewend word in die insameling van kulturele verwante inligting oor die geloofsveronderstellings, waardes, opinies, gedrag, dryfvere en sosiale kontekste van ‘n spesifieke teikengroep waar daar geringe teorieë oor die saak bestaan (Botha 2009:101).

Die term 'deelnemers' word bo 'respondent' (hiërargiese verhouding) verkies vir hierdie kwalitatiewe navorsing omdat dit meer van 'n vriendskapsverhouding suggereer. Vanweë die kontekstuele aard van kwalitatiewe navorsing is dit moeilik om te dupliseer. Sodoende kan indikatiewe afleiding gemaak word, wat vir die hermeneutiese proses van groot waarde kan wees (Janse van Rensburg 2007:6-7).

### 3.2.1 Tipes navorsingstrategieë

In kwalitatiewe navorsing, kan daar van verskillende navorsingstrategieë gebruik gemaak word. Dit sluit in:

- Bibliografiese studies
- Gevallestudies
- Etnografiese studies
- Fenomenologiese studie
- Dokumente studie (persoonlike briewe, dagboeke, foto's, videos ens.)
- Historiese of argiefmateriaal
- Sekondêre analise van data

(Fouché & Delport 2004:267-269; Fouché 2004:272-276; Janse van Rensburg 2007:6).

### 3.2.2 Eienskappe van kwalitatiewe navorsing

Die volgende eienskappe van kwalitatiewe navorsing is opvallend

- Individueel
- Kontekstueel
- Beskrywend
- Verkennende

- Induktief.
- Emosies en egtheid van deelnemers word geïdentifiseer en geëvalueer omdat daar met woorde en nie syfers nie gewerk word
- Benadering is sistematies en subjektief

(Botha 2001:14).

### 3.2.3 Insamelingstegnieke van data

'In diepte onderhouds voering' word as een van die belangrikste insamelingstegnieke van kwalitatiewe navorsing beskou. Saam met in diepte-onderhoudsvoering word 'deelnemende waarneming' (verstaan van leefwêreld van deelnemer deur navorser) en 'fokusgroepe' ook beskou as tegnieke vir kwalitatiewe navorsing (Janse van Rensburg 2007:5). In diepte onderhoudsvoering kan volgens die navorser nog doeltreffender gedoen word as die deelnemers eers 'n gestruktureerde onderhoudskedule merk, waarna in diepte-onderhoudsvoering kan volg om dieper in te vra na tendense wat in die gestruktureerde skedule na vore kom.

### 3.2.4 Kwalitatiewe navorsing as proses

Volgens Greeff (2004:354), verloop die proses soos volg:

- Insameling van data deur middel van waarneming
- Versameling van data deur gestruktureerde vraelys, onderhoude, notas of opname
- Interpretering van data
- Voorstelling en visualisering van geanaliseerde data.

### 3.2.5 Die kwalitatiewe navorser

By kwalitatiewe navorsing is die navorser direk betrokke by die proses. Die navorser is die 'meetinstrument' (Fouché & Delport 2004:269). Eerstens moet die navorser 'n verwysingsraamwerk van sy studie opstel. Daarvolgens word gebruik gemaak van literatuur bronne wat 'n oorsig en verwysing gee oor die navorsingsprobleem (Fouché & Delport 2004:269). Volgens Strydom (2004:278) het die navorser 'n tweeledige rol naamlik 'n binne staander wat ook tegelykertyd aan die buitekant bly.

*"The observer must attempt to mentally operate on two different levels: becoming an insider while remaining an outsider"* (Strydom 2004:278).

Die navorser mag nooit dominant staan in die kwalitatiewe proses nie. Die leefwêreld en ervaringe van die deelnemer is altyd die belangrikste (Janse van Rensburg 2007:15).

### 3.2.6 Geloofwaardigheid, betroubaarheid en egtheid

Die navorser moet genoeg bewyse bied van die geloofwaardigheid, betroubaarheid en egtheid van ondersoek. Die rede hiervoor is omdat die navorser sekere persepsies en oorwegings het ten opsigte van die verloop van die navorsingsproses. Volgens Greeff (2004:352-353) is daar vier kriteria waaraan die navorsingsresultate gemeet moet word naamlik:

- *'credibility*
- *transferability*
- *dependability*
- *conformability'.*

Dit beteken dat die navorser die proses, versameling van inligting, keuse van deelnemers en metodes deeglik moet beskryf en motiveer (Janse van Rensburg 2007:6). Dwarsdeur die proses van onderhousdvoering sal daar 'n sensitiwiteit teenoor die deelnemers moet wees.

### 3.2.7 Onderhoudsvoering op 'n kwalitatiewe manier

Met kwalitatiewe onderhoude word daar gefokus op teikengroepe of individue. Soveel te meer is die belangrikheid van die keuse van die deelnemers (Greeff 2004:311). Die doelwitte en die navorsingsprobleem sal die keuse bepaal van wie die deelnemers sal wees. Inligting word versamel deur middel van waarneming en in-diepte onderhoude asook deur middel van gestruktureerde onderhoudskedules. Die deelnemers se reaksies (houding, gesigsuitdrukking) en antwoorde moet noukeurig waargeneem, beluister en geïnterpreteer word. Die navorser is sensitief vir woorde, patrone en aksies vanaf die deelnemers (Janse van Rensburg 2007:6-7). Volgens Greeff (2004:293-294) kan kwalitatiewe onderhoudsvoering deur 'n ongestruktureerde een-tot-een onderhoud, of semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoudskedule, of ongestruktureerde onderhoudskedule gedoen word.

## 4. Beskrywing van onderhoude en willekeurige ondersoek

### 4.1 Keuse van deelnemers

Geen persone jonger as 18 het deel geneem aan die onderhoude nie.

| | |
|---|---|
| Aantal: | 18 |
| Geslag: Vroulik | 9 |
| Manlik | 9 |
| Ouderdom: | 18-60 |

Die proefpersone is in die Paarl gebied gekies. Predikante is ingelig dat lidmate in hulle gemeentes wat gereeld die eredienste bywoon as deelnemers gevra sal word om deel te wees van hierdie ondersoek. Die navorser het elke gemeente besoek om name en kontaknommers op 'n diskrete wyse te verkry met die oog daarop om 'n ondersoekgroep saam te stel.

## 4.2 Verkose gemeentes

As basis van gelowiges is die volgende gemeentes in die Paarl gebruik wat die oorgrote aantal gelowiges in die konteks van die Paarl verteenwoordig.

1. Ned. Geref. Kerk Simondium
2. Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl
3. Ned. Geref. Kerk Suider-Paarl (Klapmuts)
4. Church on the Rock
5. Ned. Geref. Kerk Paarl-Strooidak
6. Ned. Geref. Kerk-Toringkerk
7. Ned. Geref. Kerk Drakenstein
8. Paarl Family Church
9. Ned. Geref. Kerk Paarlvallei
10. Ned. Geref. Kerk Paarlberg
11. Ned. Geref. Kerk Agter-Paarl
12. VGK Bet-El
13. Ned Hervormde Kerk Paarl
14. Gereformeerde Kerk Paarl
15. Lewende Wingerd Gemeente
16. Paarl Methodist Church
17. Geloofsgemeenskap van Agter-Paarl
18. Suider-Paarl Tienerkerk

In al 18 van bogenoemde gemeentes vind daar elke Sondag eredienste plaas met die prediking as 'n sentrale moment.

## 4.3 Onderhoude

Onderhoudsvoering is as data-insamelingstegniek aangewend, en daar is van 'n gestruktureerde onderhoudskedule gebruik gemaak waarna in diepte

onderhoude gevoer word na aanleiding van die belangrikste sake wat uit hierdie skedule na vore gekom het (vgl. Botha 2009). Met al agtien deelnemers uit al agtien verskillende gemeentes, is daar onderhoude op ‘n persoonlike vlak gevoer.

Die onderhoudskedule is deur die deelnemers skriftelik ingevul, terwyl vrae aan hulle verbaal gestel is vanuit dit wat na vore gekom het in die onderhoudskedule. In hierdie hoofstuk word ook ‘n interpretasie van elke deelnemer se inligting deurgegee ten opsigte van relevante prediking, relatiwiteit, veranderende kultuur ensovoorts.

### 4.3.1 Samestelling van die gestruktureerde onderhoudskedule

Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe relevante prediking in ‘n veranderde wêreld van relatiwiteit daarna uitsien. Die onderhoudskedule vir die onderhoude is so saamgestel dat die volgende vasgestel kon word:

- 1. Hoe goed verstaan die prediker die leefwêreld van die hoorder?
- 2. Waarom kom jy Sondae erediens toe?
- 3. Wat is die effek van prediking op die erediensganger?
- 4. Noem die faktore wat relevante prediking kan beïnvloed?
- 5. In watter leefwêreld en tydgees bevind die hoorder homself?

Bylaag A ( Bladsy 416-421) verskaf ‘n voorbeeld van die gestruktureerde onderhoudskedule.

### 4.3.2 Plek van onderhoude

Uit elk van die bogenoemde gemeentes is ‘n man en ‘n vrou gekies om deel te neem aan die onderhoude. Die deelnemers met die oog op die ondersoek is deur die navorser persoonlik genader, die opset van die ondersoek is aan hulle verduidelik en hulle anonimiteit is gewaarborg. Die deelnemers het elkeen skriftelik toestemming gegee (BYLAAG B- Bladsy 422). Die navorser het die onderhoude laat plaasvind in ‘n aangewese vertrek sonder steurnisse. Die keuse van die vertrek het berus by die deelnemer.

## 5. Verwerkte onderhoude

### 5.1 Inleiding

Soos reeds genoem in Hoofstuk 1 is daar min navorsing oor die effek en die ontvangs van die prediking op die hoorder. Onder punt 4.3.1 (Samestelling van die gestruktureerde onderhoudskedule) is daar genoem van die gestruktureerde onderhoudskedule (BYLAAG A) wat vir hierdie studie gebruik word. Soos reeds genoem is, is die doel van hierdie studie om vas te stel hoe relevante prediking in in veranderde wêreld van relatiwiteit daarna uitsien. Die onderhoudskedule vir die onderhoude is so saamgestel dat die deelnemers juis die vraag na relevante prediking kon beantwoord en om agter te kom of die prediking nog ‘n rol speel in die konteks en kultuur van die Paarl. Die struktuur van die gestruktureerde onderhoudskedule is soos volg:

1. Die effek van prediking op die erediensganger
2. Faktore wat relevante prediking kan beïnvloed
3. Leefwêreld en tydgees.

Daar is ook ag geslaan op onderlinge belangrike vrae rakende dit wat relevante prediking kan beïnvloed en of die preek in die spervuur is soos genoem is in Hoofstuk 2.

## 5.2 Vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule

Die vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule het die volgende aspekte geadresseer. In elkeen van die vrae mag deelnemers slegs een keuse uitgeoefen het.

Om die effek van die prediking op die erediensganger te bepaal is die volgende vrae gevra:

**Hoekom woon jy die Sondag erediens by?**

Sang (Lof en aanbidding) □
Gemeenskap (Sosiaal) van gelowiges □
Soek 'n boodskap/preek vir die week □
Kinders moet Sondagskool bywoon □
Voel skuldig as ek nie bywoon nie □

**Wat is jou opinie oor die kwaliteit van die PREDIKING in jou gemeente**?

Ek is baie ontevrede oor die kwaliteit van prediking □
Ek is min ontevrede oor die kwaliteit van prediking □
Ek is redelik tevrede oor die kwaliteit van prediking □
Ek is heeltemal tevrede oor die kwaliteit van prediking □

**Hoe sal jy die laaste maand se preke beoordeel?**

Baie negatief □
Meer negatief as positief □
Neutraal □
Meer positief as negatief □
Baie positief □

**Raak die prediking jou persoonlike lewe aan?**

Nee □
Ja, nie baie nie □
Ja □

**Ervaar jy iets van die Heilige Gees se teenwoordigheid tydens die preek?**

Nie eintlik nie □
Ja, nie baie nie □
Ja, absoluut □

**Wat verwag jy van die preek in 'n erediens?**

Verwagtinge is nie groot nie □
Neutraal □
Verwagtinge is groot □

**Dink jy jou gemeente sal kan voortbestaan sonder die prediking wat elke Sondag plaasvind?**

Nie eintlik nie □
Ja, nie baie nie □
Ja, absoluut □

**Indien jy die prediking moet waarneem, hoe sou jy dit inrig?**

Jy maak die preek en preek alleen □
Jy maak gebruik van lidmate in die gemeente □

**Deur watter medium sou jy terugvoering oor die preek wou kry, indien jy die prediking waargeneem het?**

Persoonlike gesprek □

Reaksie op internet □

Vraelyste □

Om die faktore wat relevante prediking kan beïnvloed is daar gevra na aspekte wat sekondêr tot die prediking staan. Daar is van 'n skaal gebruik gemaak waar deelnemers moes kies tussen 1 as geen en 5 as absoluut.

| | **FAKTORE WAT RELEVANTE PREDIKING KAN BEÏNVLOED** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Kommunikasiestyl van prediker | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2 | Lof en aanbidding tydens erediens | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 3 | Inhoud van preek | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 4 | Heilige Gees se werking | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 5 | Ervarings/Emosies | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | Visuele middele (PowerPoint, Clips ens) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 7 | Preektemas | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 8 | Rasionele/Kognitiewe Skrifuitleg | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 9 | Die kultuur van die Paarl | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 10 | Situasie in Suid-Afrika as blanke/kleurling/swart | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 11 | Rituele en simbole | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Om die leefwêreld en tydgees te bepaal waarin die hoorder homself bevind is daar gebruik gemaak van die volgende vrae en keuses. Deur sekere vrae is daar gepoog om uit te vind of die prediker iets van die leefwêreld van die hoorder verstaan.

**Dink jy die predikers verstaan iets van die konteks waarbinne die lidmate lewe?**

Nie eintlik nie □
Ja, maar nie baie nie □
Ja, hy ken die konteks baie goed □

**Help die prediking jou persoonlik in die wêreld waarbinne jy leef?**

Nie eintlik nie □
Ja, maar nie baie nie □
Ja, ek kan nie daar sonder □

Sonder dat die deelnemers daarvan bewus was, moes hulle kies binne watter tydgees hulle hulleself bevind in terme van die erediens, evangelie en kontak/verbintenis met God. Hier is gebruik gemaak van dit wat bespreek is in Hoofstuk 2 onder 1.1 Premodernisme, 1.2 Modernisme, 1.3 Postmodernisme en 1.4 Tydperk na Postmodernisme-Konvergensie.

**Onder watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van die erediens?**

| **1.** □ | **2.**□ | **3.**□ | **4.**□ |
|---|---|---|---|
| ‘n Liturgiese mistieke, ervaring deur rituele. Verlaat die algemene wêreld en gaan in ‘n heilige plek en oomblik in. Die Nagmaal is sentraal. | ‘n Ordelike byeenkoms van prinsipiële beginsels van geloof en aanbieding van die evangelie. Die preek staan sentraal. | ‘n Gebeurtenis vol aanbiedinge en feesviering rondom die Evangelie. Aanbidding en reaksie is belangrik gevolg deur stories en persoonlike ervaringe deur prediker. | ‘n Samekoms vol interaktiewe, intieme, multi sensoriese, improviserende, hoogs toegewyde ervaring. ‘n Fasiliteerder lei ‘n oop einde ervaring. |

**Watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van die Evangelie?**

| 1. □ | 2.□ | 3.□ | 4.□ |
|---|---|---|---|
| **Weer vasstel:** Herleef die Evangelie as 'n heilige verhewe drama. | **Weer vertel:** Onthou die Evangelie as 'n gebeurtenis in die verlede met ewige implikasies. | **Weer verkoop:** Die gebruik van oorredings, dramas en verduidelikings om die Evangelie te verduidelik as 'n appèl tot jou siel en gedagtes. | **Weer kontekstualiseer:** Ongehoorde/sonder voorbeeld individuele toegang tot die tradisies kerkgeskiedenis en style wat 'n begeerte skep om tradisies van die verlede en Evangeliese waarhede nuwe uitdrukking te gee. |

**Onder watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van jou verbintenis/kontak met God?**

| 1. □ | 2.□ | 3.□ | 4.□ |
|---|---|---|---|
| **Aangesig van God:** Jy aanskou Sy aangesig. 'n Daad van intimiteit. | **Gedagtes van God:** Jy sien God se gedagtes word uitgedruk in die fisiese wêreld en in prosesse. | **Hand van God:** Jy fokus op die tasbare dade en bewyse van God. Dit kan wonderwerke, natuurlike rampe of die beantwoording van gebede wees. | **Hart van God** Ons sien God se hart vind uitdrukking in die soeke na konneksie, omgee vir mekaar, verhoudings en eenvoud. |

### 5.2.1 Keuse van deelnemers ten opsigte van die vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule

Die syfer wat verskyn is hoeveel van die 18 deelnemers gekies het vir die betrokke keuse. Dit is ook omgesit en persentasies (in hakies). Die 18 deelnemers se keuses/persentasies op die vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule is soos volg:

**Hoekom woon jy die Sondag erediens by?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sang (Lof en aanbidding) | □ | **1** | **(6%)** |
| Gemeenskap (Sosiaal) van gelowiges | □ | **4** | **(22%)** |
| **Soek 'n boodskap/preek vir die week** | □ | **13** | **(72%)** |
| Kinders moet Sondagskool bywoon | □ | **GEEN** | |
| Voel skuldig as ek nie bywoon nie | □ | **GEEN** | |

**Wat is jou opinie oor die kwaliteit van die PREDIKING in jou gemeente?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ek is baie ontevrede oor die kwaliteit van prediking | □ | **GEEN** | |
| Ek is min ontevrede oor die kwaliteit van prediking | □ | **1** | **(6%)** |
| Ek is redelik tevrede oor die kwaliteit van prediking | □ | **5** | **(27%)** |
| **Ek is heeltemal tevrede oor die kwaliteit van prediking** | □ | **12** | **(67%)** |

**Hoe sal jy die laaste ses maande se preke beoordeel?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Baie negatief | □ | | |
| Meer negatief as positief | □ | | |
| Neutraal | □ | **4** | **(22%)** |
| Meer positief as negatief | □ | **5** | **(28%)** |
| **Baie positief** | □ | **9** | **(50%)** |

**Raak die prediking jou persoonlike lewe aan?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nee | □ | | |
| Ja, nie baie nie | □ | **3** | **(17%)** |
| **Ja** | □ | **15** | **(83%)** |

**Ervaar jy iets van die Heilige Gees se teenwoordigheid tydens die preek?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie eintlik nie | □ | **3** | **(17%)** |
| Ja, nie baie nie | □ | **5** | **(27%)** |
| **Ja, absoluut** | □ | **10** | **(56%)** |

**Wat verwag jy van die preek in 'n erediens?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Verwagtinge is nie groot nie | □ | **3** | **(17%)** |
| Neutraal | □ | **5** | **(27%)** |
| **Verwagtinge is groot** | □ | **10** | **(56%)** |

**Dink jy jou gemeente sal kan voortbestaan sonder die prediking wat elke Sondag plaasvind?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Nie eintlik nie** | □ | **12** | **(67%)** |
| Ja, nie baie nie | □ | **5** | **(27%)** |
| Ja, absoluut | □ | **1** | **(6%)** |

**Indien jy die prediking moet waarneem, hoe sou jy dit inrig?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jy maak die preek en preek alleen | □ | **9** | **(50%)** |
| Jy maak gebruik van lidmate in die gemeente | □ | **9** | **(50%)** |

**Deur watter medium sou jy terugvoering oor die preek wou kry, indien jy die prediking waargeneem het?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Persoonlike gesprek** | □ | **12** | **(67%)** |
| Reaksie op internet | □ | **3** | **(17%)** |
| Vraelyste | □ | **3** | **(17%)** |

| | FAKTORE WAT RELEVANTE PREDIKING KAN BEÏNVLOED | | | | | | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Kommunikasiestyl van prediker | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **90%** |
| 2 | **Lof en aanbidding tydens erediens** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **91%** |
| 3 | Inhoud van preek | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **87%** |
| 4 | Heilige Gees se werking | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **76%** |
| 5 | Ervarings/Emosies | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **72%** |
| 6 | Visuele middele (PowerPoint, Clips ens) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **68%** |
| 7 | Preektemas | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **74%** |
| 8 | Rasionele/Kognitiewe Skrifuitleg | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **66%** |
| 9 | Die kultuur van die Paarl | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **58%** |
| 10 | Situasie in Suid-Afrika as blanke/kleurling/swart | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **58%** |
| 11 | Rituele en simbole | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | **43%** |

**Dink jy die predikers verstaan iets van die konteks waarbinne die lidmate lewe?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie eintlik nie | □ | | **GEEN** |
| Ja, maar nie baie nie | □ | **5** | **(28%)** |
| **Ja, hy ken die konteks baie goed** | □ | **13** | **(72%)** |

**Help die prediking jou persoonlik in die wêreld waarbinne jy leef?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie eintlik nie | □ | | |
| Ja, maar nie baie nie | □ | **9** | **(50%)** |
| **Ja, ek kan nie daar sonder** | □ | **9** | **(50%)** |

**Onder watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van die erediens?**

| **1.□ 1 (6%)** | **2.□4 (21%)** | **3.□10 (56%)** | **4.□3 (17%)** |
|---|---|---|---|
| 'n Liturgiese mistieke, ervaring deur rituele. Verlaat die algemene wêreld en gaan in 'n heilige plek en oomblik in. Die Nagmaal is sentraal. | 'n Ordelike byeenkoms van prinsipiële beginsels van geloof en aanbieding van die evangelie. Die preek staan sentraal. | **'n Gebeurtenis vol aanbiedinge en feesviering rondom die Evangelie. Aanbidding en reaksie is belangrik gevolg deur stories en persoonlike ervaringe deur prediker.** | 'n Samekoms vol interaktiewe, intieme, multisensoriese, improviserende, hoogs toegewyde ervaring. 'n Fasiliteerder lei 'n oop einde ervaring. |

**In watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van die Evangelie?**

| **1.□3 (17%)** | **2.□6 (33%)** | **3.□6 (33%)** | **4.□3 (17%)** |
|---|---|---|---|
| **Weer vasstel:** Herleef die Evangelie as 'n heilige verhewe drama. | **Weer vertel:** **Onthou die Evangelie as 'n gebeurtenis in die verlede met ewige implikasies.** | **Weer verkoop:** **Die gebruik van oorredings, dramas en verduidelikings om die Evangelie te verduidelik as 'n appèl tot jou siel en gedagtes.** | **Weer kontekstualiseer:** Ongehoorde/sonder voorbeeld individuele toegang tot die tradisies, kerkgeskiedenis & style wat 'n begeerte skep om tradisies van die verlede en Evangeliese waarhede nuwe uitdrukking te gee |

**Onder watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van jou verbintenis/kontak met God?**

| **1.□1 (6%)** | **2.□ GEEN** | **3.□5 (27%)** | **4.□12 (67%)** |
|---|---|---|---|
| **Aangesig van God:**<br><br>Jy aanskou Sy aangesig. 'n Daad van intimiteit. | **Gedagtes van God:**<br><br>Jy sien God se gedagtes word uitgedruk in die fisiese wêreld en in prosesse. | **Hand van God:**<br><br>Jy fokus op die tasbare dade en bewyse van God. Dit kan wonderwerke, natuurlike rampe of die beantwoording van gebede wees. | **Hart van God**<br><br>**Ons sien God se hart vind uitdrukking in die soeke na konneksie, omgee vir mekaar, verhoudings en eenvoud.** |

### 5.2.2 Reaksies van deelnemers ten opsigte van die vrae in die gestruktureerde onderhoudskedule

In hierdie gedeelte word die 'hooflyne' van die deelnemers se reaksies ondervang. Die navorser het spesifiek gevra hoekom die deelnemers die betrokke keuses gemaak het by die onderskeie vrae. Fyn waarneming is ook toegepas op die reaksies, houdinge en gesigsuitdrukking van die deelnemers. In aanhalingstekens word die spesifieke woorde van die deelnemers weergegee ter stawing van die hooflyne.

#### 5.2.2.1 Reaksies op: Bywoning van Sondag se erediens

Die preek is:

- Van toepassing op my lewe
- 'n Riglyn vir my lewe
- Inspirasie/inspuiting om te lewe

- ‘n Reaksie op lof-en aanbidding.

“Die preek is die reaksie op die lof en aanbidding”.

Die preek help my om/met:

- Bybel beter te verstaan
- Verhoudings

“Ek gaan na die erediens om saam met ander gelowiges te wees. Dit is die enigste tyd in die week waar ek saam met gelowiges verkeer”

“Die preek is belangrik om samehorigheid te bring wat aanleiding sal gee tot die gemeenskap van gelowiges”

- Na te dink/bepeinsing
- Die groter prentjie van die lewe
- Deur die week.

Die preek bevredig my omdat:

- ‘n Kundige, opgeleide persoon die Woord uitlê
- ‘n Boodskap ontvang word
- Prediker God se aangesig gesoek het
- Help met menswees.

Die preek bring/skep:

- Riglyne vir die lewe
- Samehorigheid
- Interaksie
- Hoop en moed.

Die preek gee:

- Struktuur vir die lewe
- Gereedskap vir die lewe.

#### 5.2.2.2 Reaksie op: Kwaliteit van die prediking in gemeente

Die deelnemers het die volgende eienskappe genoem wat kwaliteit prediking tot gevolg sal hê:

Die Bybel is die basis:

- Konteks van die teks (Storie agter die storie)
- Kruis van Jesus staan sentraal
- Kan sien dat prediker met die Woord besig is
- Bevestig die sentrale waarhede van die Woord.

Appelerende karakter:

- Preek moet prakties, toepaslik wees
- Preek moet my help om tot doen oor te gaan

Relevant:

- Van toepassing op individu se situasie
- Ken konteks/leefwêreld van hoorder
- Die inhoud van die preek en die hoorder se leefwêreld ontmoet mekaar.
- Verstaanbaar
- Bewus van aktuele gebeure van elke dag.

Die Prediker:

- Kwaliteit prediking hang baie af van wie die prediker is (Ons kies na watter prediker ons wil luister. Sekere dominees het nie die gawe nie)
- Spontane, natuurlike kommunikeerder
- Ken die leefwêreld/groter prentjie (‘world wise’)
- Positief, inspirerend, hoopvol en bemoedigend
- Voorbereid en ervare

- Hou op met geestelike manipulasie, sarkasme en negatiwiteit
- Preekstyl moet aanpas by spiritualiteit van erediens.

### 5.2.2.3 Reaksie op: Beoordeling van laaste ses maande se preke

By hierdie vraag is daar dieper gefokus op die redes van kwaliteit prediking in die laaste ses maande. Hier word ook aandag gegee aan sekere negatiewe opmerkings oor die kwaliteit van prediking tydens die laaste ses maande.

**<u>Positiewe opmerkings:</u>**

Die prediking help met/om:

- Perspektief wie God is/ Sy liefde vir my as mens
- Bevestiging dat Hy in beheer is
- Te bly fokus op God

Gesindheid:

- Voel die positiewe atmosfeer in die erediens
- Gelowiges praat onder mekaar oor die preek/erediens
- Sien dit in die erediensbywoning

Woordgetrou

- Nie allerhande stories oor die rugby/krieket van gister nie
- Die basis is die Woord
- Preekreekse wat die Woord sê oor ‘n sekere tema.

**<u>Negatiewe opmerkings:</u>**

- Die werk van die Heilige Gees word nie baie ervaar nie

- Predikers lees nie die konteks van die hoorder reg nie (verkeerde preekreekse)
- Ervaar die Heilige Gees meer by die lof-en-aanbidding
- Predikers vermy sekere onderwerpe soos geestelike oorlogvoering
- Predikers moenie persoonlike sienings as waarheid beskou nie.
- Gemeentelede voel aan of die prediker die preek in gebed deurworstel het.

#### 5.2.2.4 Reaksie op: Raak die prediking jou persoonlike lewe aan?

Daar is dieper gevra na hoekom die prediking die persoonlike lewe van die deelnemer aanraak. Die volgende aspekte volgens die deelnemers is soos volg:

- Skep nadenke
- Appellerend/oproep om te ontwikkel, verander
- Sekere preekreekse
- Rigtingwysers wat van toepassing is op persoonlike lewe
- Relevant vir die alledaagse lewe.

#### 5.2.2.5 Reaksie op: Ervaring van die Heilige Gees se teenwoordigheid tydens die prediking

By hierdie vraag is daar dieper gefokus op hoe die ervaring van die Heilige Gees in ‘n preek beleef word? By meeste van die deelnemers was daar nie ‘n spontane reaksie op die vraag nie. Daar moes dieper gefokus word op hoe individue die Heilige Gees se werking sien in ‘n preek? Wat sal die effek wees as die Heilige Gees deur die prediking werksaam was? Die deelnemers was ook baie uitgesproke deurdat hulle nie die Heilige Gees se werking ervaar tydens die preek nie.

**Ervaar die Heilige Gees as gevolg van:**

Die prediker:

- Liturgie inmekaar laat vloei
- Egtheid in oordrag van preek as gevolg van die persoon/eie-ek wat verdwyn
- Spontane moment in preek deur stilte/humor
- Die gawe van die Gees om te preek
- Is inspirerend in sy oordrag
- Het geworstel met teks
- Maak boodskap verstaanbaar en eenvoudig.

Ervaring deur:

- Gevoel van samehorigheid onder hoorders
- ‘n Verbintenis tussen inhoud van preek en konteks/gedagtes van hoorders
- Definitiewe reaksie van hoorders deur ‘n gevoel van innerlike vrede
- Lof-en aanbidding voor die preek.

Bevestiging van:

- Sekere waarhede wat in die diepste menswees gewortel is
- Bestaande gedagtes en gevoelens.

Ruimte te skep:

- Wie God is?
- Identifisering wie die mens in God is
- Hoorder se ingesteldheid teenoor die Gees.

**Ervaar nie die Heilige Gees nie as gevolg van:**

- Rasionalisasie van gedagtes

- ‘n Gevoel dat die prediker nie met God wandel nie. Prediker te min in die Woord
- Te min bewyse van onderlinge liefdevolle verhoudings
- Te min sigbare reaksie op die prediking
- Te veel beheer en kontrole deur die prediker
- Prediker nie die salwing op sy/haar lewe of die gawe om te preek nie
- Hoorders wat rondvroetel en onrustig is as gevolg van prediker wat oninteressant is.

#### 5.2.2.6 Reaksie op: Verwagting van die preek tydens die erediens

Rondom die verwagting wat gelowiges het rondom die preek was gemengde reaksies.

Verwagtinge is groot as gevolg van:

- Behoefte om die Bybel beter te verstaan
- Goeie prediking in die verlede

“As gevolg van goeie preke in die verlede het ek ‘n verwagting. My verwagtinge word net groter as gevolg van die kwaliteit van die prediking”

- Prediking is deel van die ontmoeting met God
- Prediking is die appèl om waarlik gemeente te wees
- Prediking is ‘n oproep tot verandering
- Preekreekse.

Verwagtinge word bepaal deur:

- Wie die prediker is
- Is die prediker in staat om die hoorder te boei.

Verwagtinge is min/neutraal as gevolg van:

- Verstaan nie die preek nie

“My verwagtinge is neutraal omdat ek nie altyd verstaan wat gepreek word nie. Ek is bang vir teleurstelling as my verwagtinge te hoog is. Miskien sal my verwagtinge meer wees as ek weet dat die predikant sy boodskap goed sal verduidelik”

- Voorafgaande slegte ervaring van preke

“Ervarings van preke deur die jare was nie goed nie. Ek verwag niks en hoop vir die beste”.

### 5.2.2.7 Reaksie op: Voortbestaan van gemeente sonder die prediking elke Sondag

Die meeste deelnemers (94%) sê dat ‘n gemeente kan nie voortbestaan sonder die prediking in ‘n erediens nie. Maar die behoefte by die meeste hoorders is dat die regte opgeleide persoon die prediking moet waarneem.

“As kerke in Suid-Afrika vir 6 maande die prediking in die eredienste termineer, gaan kerke doodloop. Die prediking staan nog steeds sentraal. Dit is die weeklikse bymekaarkomplek rondom die *‘common purpose’”.*

Die prediking kan nie ophou nie want:

- Gemeentes vervul nog nie werklik hulle rolle in die gemeenskap nie
- Skep ruimte/struktuur/kulminasiepunt vir gelowiges om bymekaar te kom rondom ‘n gemeenskaplike doel
- Kwantitatiewe manier om God te ontmoet
- Geestelike versterking en voeding
- Staan sentraal. Belangrikste deel van die pakket van kerkwees.
- Ek soek ‘n boodskap wat ek vir die week kan saamvat.

**Die belangrikheid van prediking word versterk deur:**

- Die regte opgeleide predikers moet preek
- Sekere dominees moenie preek nie

"Ek kon duidelik sien wat die invloed van 'n sekere persoon se prediking op 'n gemeente het. Die prediker is sentraal en speel 'n groot rol in die sukses van die gemeente veral as hy inspirerend preek".

**5.2.2.8 Reaksie op: Indien jy die prediking moet waarneem, hoe sou jy dit inrig?**

Die reaksie van die deelnemers was eensydig dat dit afhang van die persoonlikheid van die prediker. Alhoewel die helfte van die deelnemers tog pleit vir deelname/interaksie (gebed, Skriflesing, keuse van liedere, saampraat in preekmaak proses ens), pleit almal onomwonde dat die prediking deur 'n kundige opgeleide predikant waargeneem moet word. Daar kan hoogstens gebruik gemaak word van hulppredikers wat 'n sekere onderwerp/reeks kom waarneem. As daar meer as een kollega in die gemeente is, moet daar sigbare interaksie en ooreenstemming wees rondom die prediking.

Die predikant moet die prediking waarneem omdat hy/sy:

- Die spesialis is

"As hy die gawe het om te kan preek dan moet hy preek"

- Beste geposisioneerd/toegerus
- God werk deur die individu
- Individu spandeer meer tyd met God en die teks.

Die volgende aspekte vir die deelnemers was belangrik indien hulle sou preek:

- Help gelowiges om die basiese van geloof te internaliseer
- Wees eg met min 'show'
- Hou op om Amerikaanse kontekste in Suid-Afrikaanse kontekste in te forseer
- Belyn die prediking/temas/omgeegroep/kinderkerke/kategese met die 'een groot idee/tema'.

#### 5.2.2.9 Reaksie op: Medium van terugvoering ten opsigte van die prediking

Die oorgrote meerderheid (67%) het gepleit vir persoonlike gesprekke. Die redes is as volg:

- Intiem en verhoudingsgerig
- Veilige ruimte om eerlik te kan wees
- Kwalitatief
- Gevoelens kan eerstehands ervaar word.

Die internet kan as aanvulling dien vir die persoonlike gesprekke om meer mense deel te maak. Die redes vir die internet as aanvulling is:

- Interaktief
- Spaar tyd
- Pas baie mense se lewenstyl
- Tyd om te formuleer
- Kan objektief bly.

#### 5.2.2.10 Reaksie op: Die verstaan van konteks en leefwêreld van die hoorder

Volgens die deelnemers is predikante goed geplaas om die leefwêreld van die hoorders te verstaan. Predikante, volgens die deelnemers, leef naby aan mense se lief en leed. Die oorgrote meerderheid deelnemers (72%) ervaar dat hulle predikante verstaan die konteks en leefwêreld van die gelowiges in die Paarl. Die redes is as volg:

- Ervaring oor die lewe
- Leef/aktief saam met die gemeente deur flieks/kultuur
- Sigbaar by skole se sportvelde en byeenkomste
- Gemaklik/dieselfde vlak as lidmate

- Veilige persoon
- Relevant
- Help my om geloof prakties te maak
- Ken persoonlik/verhoudingsgerig.

Verskeie deelnemers (28%) noem die redes hoekom hulle voel dat die predikers nie baie van hulle leefwêreld verstaan nie:

- Die styl van preek/aanbieding/kommunikasie het niks verander nie
- Weet nie hoe voel dit om van agt tot vyf te werk nie

"Ek dink dominees leef in 'n 'bubble'. Predikers weet nie hoe dit regtig daar buite in die regte wêreld gaan nie. Dominees weet nie van die werklike omstandighede van lidmate nie"

- Lees te min/Lees net teologiese boeke.

### 5.2.2.11 Reaksie op*:* Help die prediking jou persoonlik in die wêreld waarbinne jy leef? Slaag die prediking?

Die helfte van die deelnemers stem saam dat die prediking hulle baie help in hul persoonlike leefwêreld. Die redes is as volg:

- Dit bevredig my verhoudings behoefte met ander gelowiges.
- Dit skep interaksie met gelowiges.
- Ontmoeting met God.
- Dit is relevant.
- Dit stimuleer my intellektueel in die wêreld waarbinne ek leef.
- Ek kry antwoorde vir myself deur die prediking.

Die ander helfte van die deelnemers voel dat die prediking nie baie help in die leefwêreld waarin hul hulleself bevind nie. Die redes wat aangevoer word is:

- Vermy sekere onderwerpe
- Die prediking en die wêreld buite die kerk is vervreemd

“My leefwêreld waarbinne ek werk is heeltemal vervreemd vanaf die kerklike lewe. Dit skep spanning by my dat mense my geloof in God en my lojaliteit teenoor die kerk bevraagteken. Die prediking rus my nie toe om met agnostiese mense te ‘*deal’* wat regkom sonder God nie. Ek weet dit wat gepreek word sal nie relevant wees of my prakties help in my omstandighede nie”

- Prediking is abstrak en rus nie toe vir die tyd waarbinne ons leef nie
- Opleiding van predikante is outyds en irrelevant
- Moeilik om Bybel van toepassing te maak in die leefwêreld van vandag.

## 6. Samevatting

Daar is genoegsame inligting uit die empiriese ondersoek verkry om vyf ‘kernbegrippe’ van die deelnemers se reaksies te verwoord. Deur fyn waarneming en beluistering het die navorser sekere kernbegrippe geformuleer. Hierdie kernwoorde is begrippe of konsepte wat in ‘samehang’ in hul relasies, hul verhouding tot mekaar, ‘n teoretiese kerngedeelte van die homiletiese model uitmaak. Hierdie kernbegrippe is ter ‘verbetering’ en ‘teoretiese versterking’ van die homiletiese model in Hoofstuk 3. Die vyf kernbegrippe uit die empiriese ondersoek is die volgende:

### (1) Kernbegrip: Prediking is belangrik vir die gelowiges

Die prediking is belangrik vir gelowiges want dit verskaf riglyne, gereedskap, struktuur, stof tot nadenke, interaksie (verhoudings) en hoop in hulle leefwêreld.

**(2) Kernbegrip: Die werk van die Heilige Gees in die preekproses is nie baie duidelik nie**

Die meeste gelowiges het nie gemaklik en spontaan reageer oor die werking van die Heilige Gees in die preek nie. Die Heilige Gees word sporadies ervaar as gevolg van ‘n aanvoeling deur die hoorders. Die prediker wandel nie werklik met God nie en alles word rasioneel beheer.

Volgens die deelnemers sal die Heilige Gees ervaar word deur die egtheid, spontaneïteit en inspirasie wat die prediker bied. Die ineenvloeiing tussen liturgiese momente (veral lof-en-aanbidding), die preek en onderlinge liefdevolle verhoudings moet ‘n eenheid vorm.

**(3) Kernbegrip: Die toepassing in die preek is nie persoonlik genoeg nie**

Onder die toepassing van die prediking vra die deelnemers dat die preek altyd appellerend, rigtinggewend, nadenkend (stimulerend), interaktief en relevant sal wees. Die toepassing van die preek vind makliker plaas deur die styl van preek/aanbieding wat in verhouding staan met die lof-en-aanbidding en die werking van die Heilige Gees.

**(4) Kernbegrip: Lof-en-aanbidding as ingebed in die erediens dra by tot ‘n beter ervaring van die preek en sy boodskap**

Daar is geen twyfel dat die lof-en-aanbidding dié belangrikste element (91%) is wat die prediking kan beïnvloed. Dit skep ‘n ruimte vir die Heilige Gees se werking waarbinne die prediking ‘n verlengstuk, toevoeging is. Die lof-en-aanbidding skep interaksie, reaksie en ‘n samehorigheidsgevoel.

**(5) Kernbegrip: Die oorgang van die uitsaaikultuur na die digitalekultuur vra nuwe kommunikasievaardighede**

Die opleiding van predikante vind plaas binne ‘n oorheersende letterkultuur wat behels ‘n ordelike byeenkoms van prinsipiële beginsels van geloof en aanbieding van die evangelie.  Die preek staan sentraal.

Die huidige uitsaaikultuur vra:
‘n Erediens vol aanbiedinge en feesviering rondom die Evangelie.  Lof-en-aanbidding en spontane reaksie is belangrik wat gevolg word deur stories en persoonlike ervaringe deur prediker.

Die nuwe digitalekultuur vra:
‘n Soeke na ‘n samekoms vol ervarings (multi sensories) van konneksie, inter aktiwiteit, verhoudings (omgee/intimiteit) en eenvoud.  Die prediker verander in ‘n fasiliteerder.

Alhoewel dit moontlik sou wees om uit die empiriese ondersoek nog veel meer inligting te kon onttrek, is bogenoemde na die oordeel van die navorser genoegsaam om die basiese hipotese te bevestig.  Dit beteken dat dit nou nodig geword het om aan die tweede deel van die hipotese aandag te skenk, naamlik moontlike verstellings, verbeterings en versterkings wat gemaak kan word in die praktyk van relevante prediking in ‘n veranderende wêreld van relatiwiteit.

# HOOFSTUK 5

## VOORSTEL VIR VERBETERING EN VERSTERKING VAN TEORIE EN PRAKTYK MET DIE OOG OP STRATEGIESE OPTREDE IN DIE PREDIKING IN ‘N VERANDERENDE KULTUUR

Volgens Pieterse (1993:52) moet die teoretiese konsepte en die empiriese bevindinge van ‘n homiletiese ondersoek geïntegreer word sodat verstelde konsepte daaruit geformuleer kan word. Dit sal lei tot ‘n relevante praktykteorie (relevante prediking in ‘n veranderende wêreld) om die preekpraktyk te rig en te stuur (Vos 1996:62).

In die homiletiek word daar verskillende teorieë gebruik (vgl. Hoofstuk 3 punt 6). Die teorieë kan wel van mekaar onderskei word maar moet nie geskei word nie. Die teorieë behoort mekaar te verryk en te verruim. Dit kan vergelyk word met ‘n drie vertrek huis (Vos 1996:61). Die huis bestaan uit ‘n:

- Hermeneutiese-kommunikatiewe vertrek
- Teologiese of fundamentele vertrek
- Praktyk teoretiese vertrek.

In die bewoning van hierdie drie vertrekke kom die homiletiek tot sy reg. In hierdie laaste hoofstuk word daar gefokus op die derde vertrek naamlik die praktyk teoretiese vertrek (Nell 1996:323).

### 1. Interaksie tussen bevindinge en die homiletiese model en die veranderende kultuur

Die resultate van die empiriese ondersoek naamlik die ‘hooflyne’ van die deelnemers se reaksies (Hoofstuk 4 punt 5.2.2) en die vyf kernbegrippe Hoofstuk 4 punt 6) moet nou in verband gebring word met die:

- Homiletiese model
- Verandering in die kultuur.

Die voorstelle vir die versterking en byvoeging van konsepte wat hier volg, is bedoel vir die praktykteorie se strategieë wat in relasie tot die homiletiese model staan.

### 1.1 Die preek is belangrik in die homiletiese model

Ten spyte van negatiewe stemme rondom al die probleme in die erediens en prediking kan die kerk nie daaraan dink om af te skaal aan die belang van eredienste en prediking nie. Gelowiges (72%) kom woon Sondag se erediens by om ‘n boodskap vir die week te kry. Deur die navorsing uit hierdie studie is daar ‘n oortuiging dat daar nie minder aandag aan die erediens en prediking moet gee nie, maar eerder meer. Deur die prediking word gelowiges geïnspireer, geroep en uitgestuur om waarlik kerk van Christus te wees. Die prediking bly stigtelik vir die geloofsgemeenskap deurdat dit die hoorders binnelei in ‘n unieke taal en werklikheid. Deur die prediking word die taal van die geloof aangeleer en vind daar ‘n gemeenskaplike gebruik van die taal plaas. Dit skep sodoende ‘n fundamentele voorwaarde vir die gemeenskaplike geloofspraktyk. Die preek skep die taal infrastruktuur van die geloofsgemeenskap (De Roest 2005:178).

Ciska Stark (2005) het in haar ondersoek *‘Proeven van de preek. Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God’* dieselfde bevinding gemaak het. Stark sê dat die preek vir die gemeentelede in die Gereformeerde tradisie steeds ‘n uiters belangrike handeling in die erediens en in die lewe van die gemeente is. Die homiletiese model moet sterker klem daarop lê en verbeter word. Al verander die kultuur en die medium van kommunikasie bly die preek onverhandelbaar. In die Gereformeerde teologie en tradisie gaan dit om die verkondiging van die Woord van God uit die Skrif. Daarom is die preek in die erediens uit die Skrif ‘n voortdurende konstante (Stark 2005: 454-458). Vir

gereformeerde Christen gelowiges is dit haas ondenkbaar om sonder die erediens en die prediking te kan bly voortbestaan.

Deur die navorsing het dit duidelik aan die lig gekom dat die erediens en die prediking 'n fundamentele rol speel in die onderlinge verhoudings van gelowiges. Die erediens en die prediking word gesien as die spontane gemene deler onder gelowiges. In Thomas Long (2001) se boek *'Beyond the worship wars: Building vital and faithful worship'* vra hy hoe lyk gemeentes waar die eredienste outentiek is, getrou is aan die oorgelewerde 'leer van die apostels', maar lewend vandag – verstaanbaar en ervaarbaar in vandag se lewe? Alhoewel sekere gemeentes al die noodsaaklike kernbestandele van die liturgie gehad het, het daar iets geskort. Long noem dat 'passie' gemis word. Alhoewel daar baie beweging was, was die ervaring van werklike rigting nie aanwesig nie. Dit kan vergelyk word met 'n winkel waar jy nie agterkom wat dit presies verkoop nie. 'n Gemeente behoort vanselfsprekend nie net één verskraalde fokus te hê nie. In sekere gemeentes kom jy agter wat die organiserende middelpunt en energieke sentrum van passie is. Long (2001:65-84) het bevind dat tradisionele hoofstroom denominasies groei beleef waar daar 'n sterk verband is tussen die erediens en die bediening van die gemeente. Hierdie verband is duidelik in elke aspek van die erediens. Die erediens is die middelpunt van die uurglas (vgl. Van der Merwe 2009:158). Alles in die gemeente sentreer rondom die erediens en vertrek uit die erediens. Die missionêre uitwaartse fokus was deel van die hele diens, want daar word veronderstel dat gelowiges hulleself in die erediens wil gee vir God en vir iets groter as hulleself om 'n verskil in die wêreld te maak.

In die erediens en deur die prediking kom gelowiges tuis waar troos en versorging kan plaasvind. Dit sluit aan by die Nuwe Testamentiese beelde en metafore vir die kerk naamlik huis en familie. Ten spyte van die individualistiese kultuur van die meeste Westerlinge wat breedvoerig bespreek is (Hoofstuk 2 punt 1.6), kan gelowiges hulle verhouding met God en hulle verhouding met ander nooit losmaak nie. Die Bybel beklemtoon juis dat alhoewel individue sekere

dinge in die lewe op hulle eie kan doen, hulle nie werklik in hulle geloof in die Drie-enige God tot reg sal kom nie (Burger 2009:19).

Een van die konstante behoeftes van gelowiges is dat die preek hulle moet bemoedig en hoop gee. Saam met die behoefte aan hoop en bemoediging het die deelnemers hulle behoeftes verder uitgespreek dat die prediking 'n riglyn, appèl, boodskap, struktuur, gereedskap en nadenkend moet wees. Die prediking is juis instaat om God se 'etos' (wie en wat God werklik is) en die gelowige se 'patos' (pyn, stukkendheid, moedeloosheid, vrees, ellende) te laat ontmoet en omvou. Daar is 'n konstante behoefte dat die prediking sal bevestig dat God altyd daar is en 'n mens kán help.

Deur bogenoemde kan daar nie anders as om die prediking in die homiletiese model te versterk nie. Die praktykverstelling wat dus nodig is, is dat predikers nie moet dink dat die erediens en veral die prediking van minder belang word of is nie. Inteendeel, meer tyd, aandag en fokus sal daaraan bestee moet word.

### 1.2 Die werk van die Heilige Gees in die preekproses

'n Leemte wat die deelnemers uitwys deur die resultaat is dat daar nie so 'n sterk begrip by hulle is oor die werk van die Heilige Gees in die preekproses nie. Die Heilige Gees (76%) as 'n faktor wat relevante prediking kan beïnvloed word naas Lof-en aanbidding (91%), Kommunikasiestyl (90%) en Inhoud van preek (87%), vierde geplaas. By die vraag of hulle die die Heilige Gees se teenwoordigheid ervaar tydens die preek was die deelnemers se reaksies as volg:

| | |
|---|---|
| Nie eintlik nie | 17% |
| Ja, nie baie nie | 27% |
| Ja, absoluut | 56% |

Ciska Stark lê sterk klem op die werk van die Gees in die preekmaak proses, in die lewering en in die ontvangs daarvan sodat mense 'n ervaring van God mag beleef (Stark 2005:458-465). Die homiletiese model moet weereens versterk word en meer eksplisiet die werk van die Gees in die preekproses beklemtoon en verreken. Die werk van die Gees moet duideliker gestel word. Die insig is deel van die Calvinistiese tradisie dat Woord en Gees saamgaan in die werk van God onder mekaar (vgl. Hoofstuk 3 punt 6.2.1).

Die prediking in die erediens is onontbeerlik vir gelowiges omdat God deur Sy Gees op 'n besonderse manier teenwoordig is en werk. Daar gebeur veel meer as wat mens dink of kan sien. Die Heilige Gees se teenwoordigheid is veel meer as net 'n onthou of herinnering van Christus en Sy werk soos verduidelik in die Letterkultuur (vgl. Hoofstuk 3 punt 2.2). Omdat gelowiges hulle bevind in 'n verbruikerskultuur wat ervaringsgedrewe is, sal dié behoefte outomaties aanwesig wees binne die erediens (vgl. Hoofstuk 2 punt 1.8.3.3). Die tekort aan ervaring van die Heilige Gees se teenwoordigheid in die prediking het te doen met hoe gelowiges dink oor wat tydens die hele erediens gebeur – of nie gebeur nie. As mens glo dat Christus deur die werking van die Heilige Gees alreeds teenwoordig is (vgl. Hoofstuk 3 punt 6.2.3.2) dan raak die prediking in die erediens 'n lewende, inspirerende ervaring (Frost & Hirsch 2008:24). Die prediking en die erediens is die plek waar die Heilige Gees met mense besig raak. Nie net met elkeen se lewe nie, maar ook in elkeen se lewe (Burger 2009:22-23). Dit is die plek waar die lewende, selfopofferende God deur Sy Heilige Gees gelowiges inbring in die kragveld (ruimte) van Sy seënende, vergewende, helende en lewensveranderende liefde om mense se lewens nuut te maak.

Die 'hooflyne' van die deelnemers se reaksies (Hoofstuk 4 punt 5.2.2 en 5.2.2.2) het gedurig die belangrikheid van die persoon wat preek beklemtoon. By sekere predikers word die Heilige Gees meer ervaar. Deur die navorsing het dit duidelik geword dat die hoorders kan aanvoel as die predikant nie genoeg tyd in die

Woord bestee nie. Joubert (2009:66) skryf dat in die Nuwe Testamentiese tyd die eerste Christene met dié beginsel van begaafdheid deur die Heilige Gees gewerk het en nie met teologiese geleerdheid nie. Die eerste Christene het geglo dat die Heilige Gees bepaalde gawes aan gelowiges (predikante/pastore) uitdeel. Paulus sê onomwonde in Handelinge 6 dat gemeentelike leiers/predikante nie alles in die kerk moet doen nie. Eintlik het hulle net twee opdragte naamlik om die Woord van God te verkondig (preek) en om te bid. Die Nuwe Testament maak dit duidelik dat hulle rol is om 'n ruim porsie van hulle tyd in God se teenwoordigheid deur te bring deur gebed en bestudering van die Woord. Dan moet hulle dit wat hulle by God gehoor het tydens die openbare gemeentelike samekomste (erediens) met ander deel (Joubert 2009:67).

Die praktykverstelling wat dus benodig word rondom die ervaring van die Heilige Gees, lê op drie vlakke. 'Eerstens' moet predikers daarvan bewus wees dat die kultuur waarbinne hoorders hulleself bevind oorheersend ervaringsgedrewe is. Dit kom baie duidelik uit die navorsing van Barnard (2004:68-72) dat die grootste spiritualiteitsbehoefte is die hartspiritualiteit. Die hoorders bevind hulleself binne 'n uitsaaikultuur waar ervaring 'n groot rol speel (vgl. Hoofstuk 3 punt 2.3 en 2.3.1). 'Tweedens' moet predikers die hoorders meer bewus maak van die Heilige Gees se teenwoordigheid. Dit is duidelik sigbaar dat baie gelowiges 'n letterkultuur bewustheid het van die Heilige Gees se teenwoordigheid. Die letterkultuur het 'n liniêre en logiese gedagtegang geskep weg van ervaring. Die impak van die gedrukte woord het so dominant geword dat dit die hoogste gesag van outoriteit geword het. Die boodskap word belangriker as die boodskapper. Waarheid verskuif vanaf verhouding na beginsel. Daar word gesteun op die inhoud en die konstruksie van die kommunikasie om aan die boodskap erkenning te gee. Die predikers moet self bewus word en gelowiges help om hierdie oorgang te maak na 'n verandering in religieuse kommunikasie (vgl. Hoofstuk 3 punt 2.2). 'Derdens' is die rol wat die prediker speel in sy ervaring met die werkinge van die Heilige Gees. Dit gaan oor integriteit, leerbaarheid, die behoefte om van die erediens 'n plek van gasvryheid te maak, die oortuiging dat

God deur Sy Heilige Gees alreeds teenwoordig is en dat in die prediking daar werklik iets gaan gebeur. Die prediker sal al hoe meer bewus moet raak dat hy besig is om met God te praat oor mense en met mense te praat oor God en die voorreg het om 'n ruimte te kan skep waarbinne 'n ontmoeting van God se gemeente kan plaasvind (Van der Merwe 2009:160-161). De Roest (2005:182) skryf dat in die preekmaak proses die bid tot die Heilige Gees die eerste voorwaarde is sodat die teks die prediker kan vasgryp.

*"Bidden om het waaien van de Geest is een eerste voorwaarde, opdat de tekst de voorganger in de greep krijgt".*

Samevattend kan gesê word dat te veel predikante besig is met dinge buite hulle primêre verantwoordelikheid wat veroorsaak dat lidmate nie die Heilige Gees ervaar in die prediking nie. Predikers sal gehelp moet word om te besef dat hulle primêre verantwoordelikheid is om die Woord van God te verkondig (preek) en om te bid. Predikers moet voltydse studente wees. Hulle is daaglikse bidders, nimmereindigende soekers, kroniese lesers en deurwinterde eksegete. Hulle is pelgrims wat daagliks onderweg is na God se wêreld toe. Wanneer die prediker van harte deel word van die Bybelse verhale, metafore en beelde, dan kan daar brugbouend na vandag se wêreld toe gedink, gepraat en gesoek word. Binne hierdie spanningsveld van rondbeweeg tussen *'ancient-future'*, tussen Bybelteks en vandag moet die prediker hom daagliks vind. Dit is nie net 'n teoretiese beweging nie, nee, dis ook 'n eksistensiële skuif in die prediker se eie lewe weg vanaf ortodoksie na ortopraktyk.

*"Orthodoxy as right belief will cost us little; indeed. It will allow us to sit back with our Pharisaic doctrines, guarding the 'truth' with the purity of our interpretations. But orthodoxy, as believing in the right way, as bringing love to the world around us and within us… that will cost us everything"* (Rollins 2006:87).

Die praktyk teoretiese aspek ten opsigte van die homiletiese model moet versterk word en meer uitdruklik die werk van die Gees in die teenswoordige kultuur beklemtoon. Daarmee saam moet die prediker sy rol en wandel met God in die

preekproses beklemtoon en verreken, sodat die Woord en Gees tot openbaring kan kom in gelowiges se lewens.

## 1.3 Die toepassing in die preek is nie persoonlik genoeg nie

Prediking funksioneer altyd vanuit die hartklop van die gemeente/erediens en besit 'n konstituerende karakter (Long 1989:11-13). Kerkwees en erediens vereis prediking (Barnard 1985:565; Steyn 2008:22). Die prediker kom nie van buite nie, maar midde uit die gemeente en word deur die gemeente vertrou om as liturg/homileet te funksioneer. Deur die 'oë van God' (die lens van die Woord) en binne die verhouding met God kyk hy/sy na mense, en deur die 'oë van mense' (erediensgangers) kyk hy/sy verhoudingsmatig na God en die wêreld.

Die derde begrip in die verhouding van begrippe rondom die bevindinge oor die preek gaan oor die toepassing van die preek wat nie persoonlik genoeg is nie. Uit empiriese studies van Pieterse (1986:51-90) blyk dit dat die prediking sukkel om die Bybelteks vir die konkrete eietydse hoorder/gemeente te verwoord. By die vraag aan die deelnemers of die predikers iets verstaan van die konteks waarbinne die lidmate lewe het hulle soos volg geantwoord:

| | |
|---|---|
| Ja, maar nie baie nie | 28% |
| Ja, hy ken die konteks baie goed | 72% |

Maar by die vraag of die prediking jou help in jou persoonlike leefwêreld was die antwoord van die deelnemers soos volg:

| | |
|---|---|
| Ja, maar nie baie nie | 50% |
| Ja, ek kan nie daar sonder | 50% |

Dit wil tog iets verwoord dat die deelnemers nie oortuig is oor die uitwerking van die prediking in hulle lewens nie. Die toepassing van die prediking het nie werklik die hoorder se lewe beïnvloed nie. Dit beteken dat die preek meer tuis moet kom in die hoorder se situasie (Runia 1983:57-72). Die praktykverstelling wat dus

nodig is, is dat daar in die homiletiese model 'n begrip ingeskryf word van deelname/dialoog deur die hoorder voor die preek, tydens die preek en na die preek. Pieterse (1979:101-112; 2001:19) huldig die standpunt dat die hermeneutiese kommunikasie slegs kan slaag wanneer daar kennis, verstaan en begrip is van die hoorder se situasie. Kennis van die taal en kennis van die werklikheid asook kennis van die konkrete gemeente situasie kan nooit geïgnoreer word in die hermeutiese proses nie. Volgens Pieterse (2001:78) probeer die prediker om 'n dialoog aan die gang te kry tussen die teologiese inhoud van die teks en die hoorder van die preek in hulle lewensomstandighede. Om enigsins te slaag in hierdie proses moet die prediker slaag met die 'verstaan' van die hoofinhoud en boodskap van die teks (vgl. Pieterse 1978:101-117), en dit dan met die oog op die preek 'vertolk' in die konkrete situasie van die hoorder/gemeente.

Om hierdie deelname/dialoog te verkry word daar verwys na die voorstelle van Pieterse (1995:57-72) deur preek werkgroepe te skep (vgl. Pieterse 1986:131-136). Hierdie punt word ook sterk beklemtoon deur Grözinger (2008:99-120) in sy nuwe boek *'Homiletik'*. Ook de Roest (2005: 183) pleit en vra vir aktiewe deurleefde deelname van die hoorder in hulle verskillende situasies. Daarsonder kan die prediker nie werklik betroubaar wees om die preek toepaslik en persoonlik te maak nie. Daarom vra De Roest (2005:183).
**"***Hoe kan een voorganger betrouwbaar zijn, wanneer er geen betrokkenheid is bij de hoorders in hun concrete levenservaringen?".*

'n Verdere belangrike bevinding van Schaap-Jonker in haar proefskrif '*Before the face of God. An interdisciplinary study of the sermon and the hearer's God image, personality and affective state'* is dat die kern van die saak dat die hoorders die preek goed ontvang te make het met 'relasionaliteit', dus verhoudinge tussen prediker, gemeentelede en hul verhouding met God en met mekaar (Schaap-Jonker 2008:293-304). Die 'relasionaliteit' bevestig ook dat die meeste hoorders (67%) deur intieme persoonlike gesprekke deelname en

dialoog oor die prediking wil hê. Die internet (17%) en vraelyste (17%) kan aanvullend tot die dialoog wees om niemand in die dialogiese proses uit te sluit nie. Hoewel die kommunikasiestyl (90%) van die prediker en die inhoud van die preek (87%) belangrike faktore is wat relevante prediking beïnvloed, is dit nie noodwendig die deurslaggewende faktor nie (Pieterse 1986:181; Müller 1983:210). ‘n Gesonde, veilige vertrouensverhouding tussen homileet en erediensganger is dié bepalende faktor wat die preek meer persoonlik en toepaslik kan maak. ’n Homileet word dus vanuit die hart van die gemeente deur God geroep en deur die geloofsgemeenskap vertrou om met integriteit te getuig van die waarheid van God se liefde vir almal in Jesus Christus. In aansluiting hierby sien Heitink (2007:240) die liturg as ‘n homileet wat ’n ‘relasionele hermeneutiek’ (Steyn 2008:31) moet beoefen. Met relasionele hermeneutiek word dan die verstaan van die erediensganger en die verstaan van die Woord in ’n dialogiese verhouding met God en met mekaar bedoel.
*“Exegese en situasieanalyse gaan op deze wijze hand in hand”* (Heitink 2007:240).

Bogenoemde sluit aan by die opkomende digitalekultuur wat al hoe meer interaktief gaan funksioneer. Daar moet vermoëns ontwikkel word om samewerkende ervarings te skep. Dit kan vergelyk word met ‘n *‘jazz ensemble’* of ‘n improviserende teater. Alles is interaktief en inter generatief gedrewe (Miller 2004:89). Dit alles is die resultaat van die wegbeweeg van die verhoogoptrede as middelpunt na persoonlike interaksie en groepdinamika wat die nuwe verhoog of middelpunt word. Hierdie nuwe middelpunt skep ‘n nuwe tipe byeenkoms (Miller 2004:90). De Roest (2005:185-195) sluit ook hierby aan waar die ‘voorganger’ (liturg/prediker) verskillende standpunte van die deelnemers versoen om ‘n bepaalde doel te bereik. Dit geskied deur die kommunikasie van die teks in verhouding tot die situasie en leefwêreld van die hoorders. In hierdie hoorders groep gaan dit om ‘n klimaat van openheid en vryheid waardeur gesamentlike ontdekkings moontlik word. Uit hierdie gesprekke en die waarskynlike wrywing en skuring groei die preek wat oor die

teks handel, maar ook oor die hoorders. Dan kan die preek sigself afspeel soos 'n drama. Aanvanklik is die predikant die enigste akteur op die verhoog. Natuurlik met die Regisseur agter die gordyn. Die gemeente is die gehoor. Maar soos wat die drama ontwikkel en die gemeente hulleself begin herken in die verhaal word hulle medespelers. En die spel word een van dodelike erns. Want die lidmaat begin sy verhaal, die storie wat sy verhaal kenmerk, inruil vir 'n ander een wat hom sy lewe voortaan anders gaan laat leef. De Roest (2005:173) gebruik ook die metafoor van die toneelwêreld met die teater, regisseur, akteurs en repetisies. Met die teaterwêreld as voorbeeld en die aktiwiteite van die regisseur as die afrigter/spelleier/toneelbestuurder van die akteurs in die toneelspel word daar gevra wat die insigte daarin vir die mens leer oor die ontstaan van insigte vir die geloof kommunikasie van die preek en die interaksie binne die totale geloofsgemeenskap? (De Roest 2005:184-185). In die teaterwêreld word mens eerstens getref deur die omskrywing van repetisies en voorstellings as 'n gemeenskaplik-skeppende gebeurtenis. Volgens die Regisseur gaan dit in die repetisies oor die versterking van die akteurs se charisma waardeur hy/sy buitengewone populariteit en lojaliteit verwek (De Roest 2005:189). Vir die preekkundige proses is hierdie insig van groot belang. As dit toegepas word op die voorbereiding van 'n preek moet mens besef dat die voorganger/prediker en die betrokke geloofsgemeenskap, deelgenote is. Dit gaan oor die gemeenskaplike deelname in die ontmoeting met die teks. Maar meer nog, dit lei tot kreatiwiteit, pastorale interaksie, missionêre en diakonale kommunikasie. Hoe meer Christene idees uitruil en gesamentlike projekte aanpak, hoe beter (vgl. Wepener 2009:182-184).

Ook buite die erediens moet daar sterk persoonlike verbintenisse met die gemeente gebou word. Daar word gesmag na leiers wat toeganklik, in voeling, beskikbaar en eg is. Relevante prediking in 'n veranderende wêreld verwag van die liturg om sterk, liefdevol, wys en entoesiasties te wees.

"Daar moet 'n 'web van bekendheid' in die gemeente wees, waarvan die liturg integraal deel is" (Van der Merwe 2009:161).

Die liturg moet in die erediens voorgaan en lei soos iemand wat weet hy/sy lei mense na 'n goeie plek toe. Hy/sy is soos die dirigent wat die gawes van die hoorders/gemeente bymekaarmaak en laat saamspeel. Daarom is dit van kardinale belang om die leierskap van die erediens met ander te deel en deelname aan die erediens aan te moedig. Deur hierdie deelname en dialoog word daar 'n verwagting geskep dat God in die erediens en deur die prediking die hoorders/gemeente wil ontmoet. In hierdie verwagting kom daar 'n prinsipiële openheid vir verrassings in die erediens. By die vraag aan die deelnemers: 'Wat verwag jy van die preek in 'n erediens?' kom dit duidelik aan die lig dat 56% van die deelnemers se verwagtinge groot is, 27% se verwagtinge is neutraal en 17% se verwagtinge is nie groot nie. Amper die helfte van die deelnemers getuig van slegte ervaringe in die verlede wat hulle skepties en beskermend maak om nie hulle verwagtinge te hoog te stel nie. Dit beteken juis die feit dat die hoorder groot verwagting het van die prediking en dat hulle nie teleurgestel wil word nie.

Relevante prediking is nie teoretiese, onpersoonlike kommunikasie wat deurspek is met imperatiewe ('doen dit, doen dat'), dreigemente ('as julle dit nie doen nie, gaan God julle straf'), of die skep van ellelange skuldgevoelens nie ('ek doen altyd te min te laat'). Nee, dit is eietydse, Skrifgetroue prediking wat sowel prediker as deelnemers/hoorders uitnooi tot die deelwording aan God se reddingsverhale en tot die verandering van sy mooi wêreld en almal daarin. Soveel te meer moet die homiletiese model (Hoofstuk 3 punt 6.2.2.7) versterk word deur doelbewuste deelname te skep van die hoorder voor, tydens en na die prediking/erediens. Hierdie aspek van deelname en dialoog wat Runia (1983), Pieterse (1986; 1995), Grözinger (2008) en De Roest (2005) stel moet pertinent in die homiletiese model ingeskryf word en in die praktyk toegepas word (vgl. Pieterse 2001:55-73)

### 1.4 Lof-en-aanbiddingsbehoeftes

Nieteenstaande van ouderdom of situasie bly musiek steeds 'n kragtige en vormende instrument in geloofsvorming. Teologie word meermale hoofsaaklik gevorm uit die liedere wat gesing word as die boodskappe wat gehoor word. Musiek is die kernreaktor van gemeentelike aanbidding. By die musiek word die radio-aktiewe materiaal gestoor, word die energie opgewek, maar dit kan ook die vernietigingspunt wees van 'n gemeente. Verandering in liturgiese orde kan lei to 'n debat, maar verandering in die styl van musiek kan lei tot verdeeldheid in die gemeente. Juis daarom is die tema van musiek in die liturgiese oorloë die felste twispunt. Van die kontemporêre musiek (lof-en-aanbidding) of beter bekend as *'praise en worship'* word gesê dat dit oppervlakkig, verskralend en herhalend is. Kritici vanuit die tradisionele musiek noem dat hierdie musiek nie kerkmusiek is nie. Aan die ander kant word tradisionele musiek as koud, kognitief, argaïes en vervelig afgemaak. Daar is 'n oor en weer verdagmakery. Maar wat betref die lof-en-aanbidding in die kontemporêre genre kan selfs die felste kritici uit die meer tradisionele kerkmusiek nie die energie, oorgawe, gevoel en kreatiwiteit ontken van die gelowiges wat hieraan meedoen nie. Dit is heeltemal verstaanbaar omdat gelowiges hulle tans bevind in 'n sekere kultuur. Soos bespreek in Hoofstuk 3 punt 2.3 en 2.3.1.3 bevind gemeentes hulle binne 'n uitsaaikultuur. Die deelnemers aan die navorsing het lof-en-aanbidding (91%) as die grootse faktor bestempel wat relevante prediking kan beïnvloed. Omdat hoorders hulle bevind in 'n verbruikerskultuur wat versterk word deur die digitalekultuur, word lof-en-aanbidding gesien as dié faktor wat bydraend is om die ervaring van die erediens/preek te versterk. Thomas Long (2001:13) noem dat lewende en groeiende gemeentes eredienste hou met musiek en gemeentelike sang wat van uitnemende kwaliteit is en wat eklekties is in styl en genre. Long noem dat daar drie kenmerke van die musiek (lof-en-aanbidding) in die eredienste is van lewende en groeiende gemeentes (Long 2001:61-64).

Eerstens is die musiek 'gemeentelik', omdat die musiek vanuit die gemeente kom en die gesamentlike aanbidding in die erediens dien. Dit is baie belangrik om te besef dat die musiek nie uitvoerend van aard is nie, maar gesamentlike

gemeentelike lof-en-aanbidding is. Goeie lof-en-aanbidding is in die vorm van 'n interaktiewe gemeenskaplike teater. Die musiek dien nie meer as onderbrekings of musikale tussenspele nie, maar help mee om die vloei in die diens te verseker (Van der Merwe 2009:154). Die vloei in die erediens en veral die lof-en-aanbidding kan nie genoeg beklemtoon word nie. Musiek is juis in staat om die garingdraad te wees tussen momente in die erediens. Musiek moet die erediens omarm vanaf begin tot einde.

Die praktyk ervaring van die navorser is dat die vloei in die musiek gaan oor die oorgange tussen liedere en momente. Oorgange moet vooraf geoefen word en is eintlik belangriker as die oefen van die musiek/liedere self. Die gemeentelede kan die spanning aanvoel van die musikante as hulle begin twyfel, veral by die oorgange tussen liedere en momente. Wanneer die musikante veilig en gemaklik voel met die oorgange dan ontspan almal en die gemeente neem meer deel. Die vraag is hoe lyk lof-en-aanbidding wat vloei? Hoe kom mens daarby uit? Daar moet ses kritiese vrae gevra word wat aansluit by die belangrikheid van dialoog en deelname wat voor, tydens en na die erediens plaasvind. Hierdie aspek van deelname en dialoog sluit weereens aan by dit wat Runia (1983), Pieterse (1986; 1995), De Roest (2005) en Grözinger (2008) pleit. Die vrae is soos volg:

1. Wat voel mens wil die mense vir die Here sê? (Gaan oor ervaring, deelname en die hart van mense)
2. Watter liedere kan bogenoemde die beste kommunikeer?
3. Hoeveel tyd in die erediens is daar vir die lof-en-aanbidding?
4. Watter tematiese vloei voel die gemaklikste? (Lof-en-aanbidding moet geheel vorm)
5. Wat gebeur voor en na die lof-en-aanbidding?
6. Watter lied gaan die diepste moment in die lof-en-aanbidding teweeg bring? (Die erediensganger moet voel dat hy/sy en God alleen in die vertrek is).

Tweedens is die musiek van 'uitnemende kwaliteit'. Die klem lê op kwaliteit en nie kwantiteit nie. Dit lê ook in 'n verskeidenheid van vorme. Hier speel twee faktore 'n belangrike rol. Enersyds het die musiek 'n bepaalde funksie omdat die gemeente beleef dat bepaalde gedagtes en gevoelens toepaslik tot uitdrukking kom (Long 2001:62-63). Liturgiese klempunte soos geloofsbelydenis, skuldbelydenis, vryspraak, dankoffer ensovoorts moet deel van die lof-en-aanbidding gemaak word. Sodoende word hierdie liturgiese klempunte regterbrein oomblikke. Hoe dieper die aanbiddingsmoment hoe eenvoudiger en bekender moet die musiek wees (*'less is more'*). Andersyds moet die musiek ook intern en tegnies aan 'n sekere minimum van algemeen aanvaarde musikale en letterkundige beginsels voldoen. Herhaalde cliché's, vreemde assosiasies en groot toon strekwydte moet vermy word. Die klem lê op die lied wat 'sing-vriendelik' is (Van der Merwe 2009:155). Dit is baie belangrik dat 'kerkmusiek' op een of ander wyse steeds as 'kerkmusiek' herkenbaar sal wees. Daar móét gevra word na die teologiese inhoud om te voldoen aan die interne kriteria sodat erediensgangers tot 'n voller ervaring van geloof kan kom. Die groot vraag rondom 'uitnemende musiek' en die skuif weg van kwantiteit na kwaliteit is: Moet die gemeente steeds die liedere sing waarvan hulle hou of moet daar 'n vorm van dwang na nuwe liedere plaasvind? Daar moet altyd begin word by die liedere wat vir die gemeente bekend is (Long 2001:63). Maar daar moet ook 'n mate van musikale druk op die gemeente geplaas word om by 'n meer volwasse, ryp musikale uitdrukking uit te kom. Daar word altyd begin waar die gemeente tans is, maar hulle word nie daar gelaat nie. Met ander woorde musiek word benodig musiek waar daar opregte deelname kan wees maar wat ook die erediensgangers bemoedig om die reis voort te sit na 'n meer volwasse, komplekse verstaan van geloof.

Derdens moet die musiek 'eklekties' wees. Volgens Long (2001:63-64) moet daar nie twee vertikale skeidslyne getrek word op die kontinuum van musikale style nie. Met ander woorde net 'n sekere styl van lied word toegelaat. Daar moet eerder 'n horisontale lyn getrek word waar die musiek bo die lyn

'uitnemendheid' verteenwoordig en die lied onder die lyn nie waardig geag word as deel van die lof-en-aanbidding in die erediens nie. Dit beteken dat 'beter' en slegter' musiek nie byvoorbeeld met kategorieë (klassiek versus kontemporêr) omskryf kan word nie.

As daar met die homiletiese model wisselwerking is word daar vasgestel dat daar niks verwoord word van musiek (lof-en-aanbidding) nie. Daar word aangesluit by Grözinger (2008:287-289) wat die prediking as deel van die liturgie stel. Die liturgie, sang en musiek (lof-en-aanbidding) het 'n sterk invloed op die ontvangs en ervaring in die preek. Ook Wepener (2009:189) verwys na nuwe tendense waaronder

"… voortdurende vernuwing rakende musiekstyle en –smake, aktiewe soeke na 'n liturgie wat die alledaagse lewe beïnvloed".

Dit alles sluit aan by 'n soort behoefte-bevrediging by sommige wat sterk herinner aan verbruikerisme (vgl. Hoofstuk 2 punt 1.8).

In die homiletiese model moet daar 'n toevoeging plaasvind waar sang en musiek (lof-en-aanbidding) deel vorm van die homiletiese proses wat sal lei tot 'n beter hermeneutiese kommunikatiewe handeling.

## 1.5 Die uitsaaikultuur en die oorgang na die digitalekultuur

Die oorgang van die uitsaaikultuur na die digitalekultuur gaan nuwe kommunikasievaardighede vereis. Die hartseer is dat die meeste predikante (veral in die Ned. Geref. Kerk) opgelei word om te preek binne 'n letterkultuur (vgl. Hoofstuk 3 punt 2.2). Baie preek style wat steeds aan die orde van die dag is, is ontwerp om te kommunikeer binne 'n wêreld wat 'n klompie jare gelede reeds oor en verby is. Dit is bedoel om hoorders op rasionele vlak aan die hand van goed gestruktureerde voordragte te probeer oortuig van die waarheid. Die aanbidding geskied binne 'n konstante en logiese orde wat opbou na die

prediking van die Woord. Die inruiming van die aanbiddings geleentheid is daar om inligting oor God en God se waarhede oor te dra. Die kerk het verander vanaf 'n ruimte van intieme verbintenisse na 'n ruimte van rasionele afskeidbaarheid.

Baie predikers wat hulle bevind in die letterkultuur begin nou eers vrede maak of gemaklik raak met die uitsaaikultuur se manier van aanbieding en ervarings gerigtheid. Die uitsaaikultuur het die linkerbrein oorweldig met beelde wat nie gemaak is om alles te verwerk nie. Die regterbrein wat geassosieer word met kreatiwiteit, spontaneïteit, en patroon herkenning is baie beter in staat om die aanhoudende vloei van beelde en klanke te verwerk (Howard 2006:58). Die toename en dominansie van die uitsaaikultuur het regterbrein vermoëns meer waardevol en nodig geag. Die uitsaaikultuur word gedryf deur ervaring. Dit is 'n gebeurtenis vol aanbiedinge en feesviering rondom die Evangelie. Aanbidding en reaksie is belangrik, gevolg deur stories van en persoonlike ervaringe deur die prediker. Die meeste van die deelnemers (56%) bevind hulle binne hierdie kultuur. Die aanslag van die prediker, die vertolking van die teks in hedendaagse gebeure en taal deur 'n eietydse storie, die poging om nuwe gedrag te skep, is alles deel van die uitsaaikultuur se poging om aksie te stimuleer en te skep. Die klem is om nou of in die nabye toekoms hierdie gedragsverandering te bewerkstellig. Die prediker doen 'n dringende oproep op die hoorder om sy/haar lewe te verander en skets ook die aksie stappe om dit te doen (Miller 2004:74).

Die navorser meen dat in Suid-Afrika die klem nog 'n geruime tyd gaan val op prediking binne-in die uitsaaikultuur. Maar baie predikers gaan in hulle unieke kontekste uitgedaag word om nuut te dink oor prediking in die opkomende digitalekultuur. In die navorsing soos vervat in Hoofstuk 4 murmel die stemme (67%) van die opkomende digitalekultuur. 'n Soeke na 'n samekoms vol ervarings (multi-sensories) van saambinding, inter aktiwiteit, verhoudings (omgee/intimiteit) en eenvoud.

*"The experience will not be the intellectually passive experience of watching television, or emotionally distant experience of reading. Our minds and bodies will undergo yet another rewiring to support this different sensory experience. We now have the means to allow our desires to journey virtually any place, to consider anything we choose"* (Pagitt 2005:78).

Die skuif na 'n naderende digitale gedifferensieerde kultuur is meer as net 'n skuif in tegnologie, gesindheid en verstaan. Dit is 'n sensoriese verandering met rewolusionêre implikasies. Cas Wepener noem dit:
"Implementering van tegnologie in meer aspekte as slegs die gebruik van *'PowerPoint'*" (Wepener 2009:189).

Die uitstaande kenmerke van die digitalekultuur (vgl. Hoofstuk 3 punt 2.4) is dat iets wat eers in die toekoms moet gebeur, nou alreeds plaasvind *('future perfect').* Die gevolg is dat die digitale tegnologie 'n mens se tydsbegrip en geskiedenis verander. Die manier hoe dit gebeur is om die toekoms bewustheid 'n realiteit te maak en die beste van die verlede ook deel daarvan te maak (Miller 2004:77).

Binne die digitalekultuur bevind die Konvergensie-kerk homself met sy unieke Konvergensie-liturgie wat nie net die musiek nie, maar ook alle ander liturgiese elemente insluit (Van der Merwe 2009:167). Konvergensie-liturgie wil die unieke bydrae van elke deel van die Christelike tradisie respekteer. Dit sluit ook aan by Niemandt (2007) se studie van die 'Ontluikende Kerk' (vgl. Hoofstuk 2 punt 1.5). wat gesien word as 'n beweging wat gevoed word uit alle denominasies en kerklike tradisies. Daar moet 'n samevloei van liturgiese bronne uit die breër Christelike tradisie kom wat 'n outentieke ervaring teweeg bring, maar ook relevant is omdat dit in 'n kontemporêre vorm uitgedruk word. Die tradisionele en die kontemporêre is nie kompeterend in die liturgie nie.

Met betrekking tot die prediking in die digitalekultuur, gaan dit nuwe kommunikatiewe vaardighede vra. Meer nog, dit gaan vra dat alreeds wetende kommunikasievaardighede herbesoek en verbeter moet word. Naas die lof-en-aanbidding (91%) word die kommunikasiestyl van die prediker (90%) as die tweede belangrikste element gesien wat relevante prediking kan beïnvloed. Die vraag is hoe vind prediking plaas binne 'n opkomende digitalekultuur?

In die digitalekultuur moet daar 'n wegbeweeg plaasvind van die verhoogoptrede as middelpunt na persoonlike interaksie en groepdinamika wat die nuwe verhoog of middelpunt word. Hierdie nuwe middelpunt skep 'n nuwe tipe byeenkoms. Predikers neem die rol in van 'fasiliteerders' om die versamelende ervarings van die hoorders te belyn. Die prediking word 'n daad wat die sosiale en kulturele norme uitdaag soos rassisme, globale verhitting en vigs wat baie meer op die voorgrond moet wees, asook mense se sosiale betrokkenheid in die wêreld. Christenskap is nie net 'n saak van die siel nie, maar van liggaam en siel. Die prediking moet nie net inligting oor hierdie sake bevat nie, maar ook persoonlike ervarings oor hoe dit deur gelowiges onder mekaar aangespreek word.

Die boek van Doug Pagitt (2005) '*Preaching Re-Imagined*' pleit vir progressiewe, interaktiewe dialoog in die digitalekultuur. Dit sluit aan by die dialoog/deelname wat in die homiletiese model versterk moet word.

*"Regular people led the call to worship, read the psalm, introduced communion, offered a prayer of invocation, led us in body prayer, and gave the announcements. The contributions of all these different people help us create an atmosphere where participation is the expectation. When the interactive sermon is set in that context, people are ready to take part"* (Pagitt 2005:172).

Die homiletiese teorie sal die nuwe digitale kultuur moet verreken. Predikers sal bewus gemaak moet word dat kommunikasiemiddele nooit neutraal staan nie.

*"The medium is the message"* (McLuhan 1964:9).

Die verskillende kommunikasiemiddele waardeur mens inligting ontvang moet altyd verreken word. Trouens, hulle het die krag om ‘n mens te verander. Dit maak nie saak wat die inhoud is nie. Ook kan daar nie net geoordeel word aan die inhoud nie. Predikers word geleer om massakommunikasie strategieë te gebruik om die impak van die prediking te verbeter. Daar sal gekyk moet word na interpersoonlike kommunikasie vaardighede as ‘n manier om die gemeentelede uit te nooi na ‘n meer betekenisvolle lewe saam met God. Daar word aangesluit by Vos (1996:163) wat sê dat die hele persoon van die prediker moet met die hoorder kommunikeer:

*“... Hy moet deur sy aanwesigheid warmte, vertroue, egtheid en deernis uitstraal.... op die wyse dra hy dit aan die hoorders oor dat hy homself gee en die hoorders aanvaar”.*

Saam met die mondelinge kommunikasie is die liggaamshouding van die prediker van kardinale belang. Dit is die grondhouding van kommunikasie (Petkewitz 1991:211). Liggaamstaal het ’n groter impak as woorde en kommunikeer onmiddellik met hoorder se onderbewuste (Vos 1996:164). Oogkontak is een van die belangrikste aspekte van kommunikasie. Deur oogkontak word daar nie net gekommunikeer nie, maar vind daar konneksie tussen die raakvlakke van individue plaas. ’n Kombinasie van oogkontak en humor lei tot kommunikatiewe intimiteit (Petkewitz 1991:212). Saam met oogkontak en humor moet vrye preek lewering plaasvind. Dit is een van die hoofredes waarom kommunikasie nie tussen predikers en hoorders plaasvind nie. Long (2001:100) het bevind dat predikers wat slaag om deelname te vind vanuit die hoorders, se stemtoon is *‘energetically conversational”* – nie gretig energiek nie, maar warm. ’n Mens kry nie die indruk dat hulle besig is om bevele uit te deel of met mense te raas nie, maar dat hulle besig is om vriende in die aanbidding van Christus te lei. Die data uit die empiriese navorsing ondersteun bogenoemde deur dit wat deur die deelnemers geopper is naamlik:

“Sommige dominees se preekstyl pas nie by die formaat en spiritualiteit van ‘n betrokke erediens nie”

"Moenie sarkasties en afbrekend in die prediking wees nie. Ek hou nie van geestelike manipulasie nie. Vermy asseblief negatiwiteit"
"Natuurlike kommunikasie/manier van aanbieding. Meer spontaneïteit kan die kwaliteit van prediking verbeter. Moet asseblief nie aflees nie"
"Ek verstaan nie altyd die preek nie- veral as sekere dominees preek".

Dit sluit aan by Burger (1995:100) dat die styl van die liturg van deurslaggewende belang is. In dié verband skryf Burger (1995:100):
"Dit beteken ook dat ons die prediking moet uithaal uit 'n modus waarin emosionele afdreiginge plaasvind of bevele gegee of erger nog: oordeel aangekondig word. Die primêre modus van die prediking is vertelling. Die prediking wil nie oordeel of beveel of beskuldig of manipuleer nie, maar vertel en inlig en getuienis aflê".

Dit is baie duidelik dat in die digitalekultuur die klem baie sterk val op verhoudings en inter aktiwiteit. Suksesvolle predikers in die digitalekultuur is gemaklik om ook op afdraaipaaie te gaan binne 'n bepaalde tema om sodoende 'n nuwe storie te skep binne die interaksie wat sal ontstaan met die hoorders.
*"The problem is that preaching, as we know it, suffers from a relationship problem"* (Pagitt 2005:21). Dit gaan om 'n verhouding wat die prediker het met die hoorder, die inhoud, die bronne van inhoud en die manier van oordrag. Prediking bly waardevol, maar mag nooit gereduseer word na 'n toespraak wat net in een rigting kommunikeer oor die evangelie nie. In die digitalekultuur word daar gevra na meer kommunikasie, nie minder nie. Gemeentes en gemeenskappe moet ruimtes word waarbinne daar meer geluister word na die prediker onder en tussen mekaar as na die prediker wat voor almal staan. Die ontluikende digitalekultuur smag na leiers/predikers wat toeganklik, in voeling, beskikbaar en eg is. Hulle wil in verbinding wees met iemand wat ongeskrewe en ongerepeteerd is. Hulle soek 'n egte persoon wat saam met hulle op reis kan wees. Die gevolg is nie meer prediker-hoorder nie, nee, dis nou prediker-deelnemer. Die verhouding tussen prediker-deelnemer is ononderhandelbaar in

die homiletiese teorie. Die digitalekultuur soek nie iemand wat af en toe afklim van ‘n verhewe posisie om ‘n preek te lewer of om ‘n verhewe plato te skep nie.

Hierdie bogaande voorstelle wat die homiletiese teorie meer gepas maak vir die eietydse kultuur, pas ook goed in by die moderne kerkbegrip van Heitink (2007) naamlik die begrip van ‘inkulturasie’, die inkom in die huidige kultuur met kerk en prediking. Met ‘inkulturasie’ verwys Heitink na integrasie – ’n proses van aanpassing in ’n vreemde post christelike kultuur (digitalekultuur). Enersyds gaan dit om die aanpassing van die kerk in ’n omringende kultuur, maar andersyds ook om die vorming van ’n teenkultuur in die soeke na balans en ook die invloed van laasgenoemde kultuur op die omringende kultuur. Volgens Heitink (2007:38) lyk dit asof hierdie dinamiese dialektiese proses tans stagneer.

’n Mens moet altyd verreken dat die prediking in ’n bepaalde kultuur en konteks plaasvind. Volgens McLuhan (1964:9) is die duidelikste manier om na ‘n kultuur te kyk deur die middele wat hulle gebruik om te kommunikeer. Die kommunikasiemiddele is ‘n manier om te verstaan wie die individu is, wie mense dink God is en hoe God se veranderende boodskap verander het en nog baie gaan verander (Hipps 2009:13). Die kerk (en ook die prediking) se verband met die kultuur is volgens Heitink (2007:333) waarskynlik die belangrikste rede waarom die hedendaagse kerk stagneer en irrelevant word. En as dit die geval is, hoe kan relevante prediking plaasvind? Daarom is dit nou ’n tyd vir die heroriëntasie van die kerk, waarby die subtitel van Heitink (2007) se nuutste boek *‘Een kerk met karakter aansluit’: “De storing tussen kerk en cultuur wordt in dit boek gezien als de belangrijkste oorzaak voor de stagnatie in de kerk. De culturele revolutie in de jare zestig van de vorige eeuw heeft de contuïniteit in het kerkelijk leven ingrijpend verstoord. De secularisatie zette door en de band tussen kerk en cultuur werd verbroken”* (Heitink 270:333).

Die opkomende digitalekultuur bied dan juis aan die prediking in die kerk ’n unieke geleentheid en uitdaging om deur ‘inkulturasie’ ’n bydrae te lewer aan die

gemeenskap ten opsigte van singewing, waardevorming, norme bepaling en die bevordering van menslikheid. Dit sluit ook aan by die mens se behoefte aan ervaring soos bespreek in Hoofstuk 2 punt 1.8.3.3 onder verbruikerisme. Die gemeenskap word dus positief aangeraak, opgebou en verander deur die kontak met die kerk en veral die prediking.

## 2. Die ontwikkeling van 'n praktyk model

In Hoofstuk 1 is die konteks waarbinne hierdie studie plaasgevind het omskryf. Saam met die omskrywing is daar gaan kyk na literatuur om die navorsingsleemte te bepaal. Uit die navorsingsleemte het die probleemstelling, vraagstelling, doelstelling en metode van ondersoek gevolg. In Hoofstuk 2 is daar gekyk na die leefwêreld en tydgees waarbinne gelowiges hulleself bevind en die faktore wat verreken moet word wat die prediking kan beïnvloed. In Hoofstuk 3 word die verskillende hermeneutiese benaderings ondersoek met die doel om die invloed van die hermeneutiek op die homiletiese model aan te toon. Die homiletiese model help om die evangelie so effektief as menslik moontlik deur die preek in diens van God se koninkryk te laat kommunikeer. Die homiletiese model het 'n hermeneutiese en kommunikatiewe kant wat die twee kante van een muntstuk is. Die hermeneutiese kant het te doen met die teks in al sy verbande, die prediker as vertolker van die teks, die hoorder se konteks en sy geloofstradisie. Die kommunikatiewe kant behels dat mens 'n sosiale wese is wat nie sonder taal kan bestaan nie. Sonder tekens en klanke van ander kan hy homself nie vind nie en kan die Evangelie nie verstaan word nie. Die Evangelie is ten diepste 'n kommunikatiewe handeling. Meer nog: Prediking gaan om die kommunikasie van die evangelie. Die empiriese ondersoek in Hoofstuk 4 was 'n 'kwalitatiewe benadering' in die vorm van gestruktureerde onderhoud skedules waarna in diepte onderhoude gevoer is. Agtien gelowiges van agtien verskillende gemeentes in die Paarl was gekies om deelnemers aan hierdie empiriese ondersoek te wees. Uit die empiriese ondersoeke het vyf kern sake na

vore gekom. Die Homiletiese model, die empiriese data en die veranderende kultuur is in Hoofstuk 5 in verhouding gebring met mekaar en gereduseer tot vyf kernbegrippe naamlik:

1. Die belangrikheid van die preek in die homiletiese model
2. Die werk van die Heilige Gees in die preekproses
3. Die toepassing in die preek is nie persoonlik genoeg nie
4. Die lof-en-aanbiddingsbehoeftes
5. Die uitsaaikultuur en die oorgang na die digitalekultuur.

Uit hierdie kernbegrippe vind die praktyk teoretiese veranderinge plaas. Dit kan soos volg opgesom word:

1. By die belangrikheid van die preek in die homiletiese model moet die prediking in die homiletiese model versterk word. Die preek bly onverhandelbaar al verander die kultuur hoe radikaal. Die praktykverstelling wat dus nodig is, is dat predikers nie moet dink dat die erediens en veral die prediking van minder belang word of is nie. Inteendeel, meer tyd, aandag en fokus sal daaraan bestee moet word.

2. By die werk van die Heilige Gees in die preekproses moet die homiletiese model versterk word en meer uitdruklik die werk van die Gees in die teenswoordige kultuur en in die preekproses beklemtoon. Saam daarmee moet die prediker se rol en wandel met God, in die preekproses beklemtoon en verreken word sodat die Woord en Gees tot openbaring kan kom in gelowiges se lewens. Predikers sal meer tyd in God se teenwoordigheid moet deurbring deur gebed en studie van die Woord.
3. By die toepassing in die preek wat nie persoonlik genoeg is nie moet die homiletiese model versterk word deur doelbewuste deelname te skep van die hoorder voor, tydens en na die prediking/erediens. ‘Relasionaliteit’, dus verhoudinge tussen prediker, gemeentelede (deelnemers) en hul verhouding met God en met mekaar moet deel uitmaak van die

homiletiese model. Die homiletiek sal moet verreken dat dit eerder ‘prediker-deelnemers’ moet wees as ‘prediker-hoorders’.

4. By die lof-en-aanbiddingsbehoeftes moet daar in die homiletiese model ‘n toevoeging plaasvind waar liturgiese musiek (lof-en-aanbidding en ander liedere) deel vorm van die homiletiese proses wat sal lei tot ‘n beter hermeneutiese kommunikatiewe handeling. Die prediking moet as deel van die liturgie gestel word. Die liturgie, sang en musiek (lof-en-aanbidding en ander liedere) het ‘n sterk invloed op die ontvangs en ervaring van die preek. Lof-en-aanbidding moet gemeentelik, uitnemend en eklekties in styl en genre wees.

5. By die oorgang vanaf die uitsaaikultuur na die digitalekultuur moet daar in die homiletiese model meer ‘n bewussyn wees van bestaande en nuwe kommunikasievaardighede. In die opleidingsproses van predikante moet die Homiletiek bewus gemaak word dat preek style wat steeds aan die orde van die dag is, ontwerp is om te kommunikeer binne ‘n wêreld wat ‘n klompie jare gelede reeds oor en verby is. Die proses van ‘inkulturasie’ sal verreken moet word om die Evangelie meer relevant te kommunikeer.

**BIBLIOGRAFIE:**

Ablard, KE & Parker, WD 1997. Parents' achievement goals and perfectionism in their academically talented children. *Journal of Youth and Adolescence*, 26, 651-667.

Adler, RB, Rosenfeld, LB, & Towne, N 1986. *Interplay: the process of interpersonal communication.* New York: Holt, Rhinhard and Winston.

Allen, RJ 1997. Preaching to different generations. *Encounter*. 58:369-400.

Anderson, L 1990. *Dying for Change*. Minneapolis: Bethany.

Anderson, RS 2000. *Self-Care: A Theology of Personal Empowerment and Spiritual Healing*. USA: Fuller Seminary Press.

Arieli, Y 1964. *Individualism and Nationalism in American Ideology*. Cambridge: Mass.

Babin, P 1991. *The new era in religious communication*. Translated by David Smith. Minneapolis: Fortress

Baker, K 1997. Boomers, busters and missions: things are different now. *Evangelical missions quarterly*. 33(Ja): 70-77.

Baker, J & Gay, D 2003. *Alternative Worship. Resources from and for the Emerging Church*. Grand Rapids: Baker Books.

Bandy, TG 2004. *Mission Mover: Beyond Education for Church Leadership*. Nashville: Abingdon Press.

Barna, G 1994. *Baby Busters*. Revised Edition. Chicago: Northfield Publishing.

Barna, G 1994. Boomers, busters and preaching. *Preaching*. 10(S-O):4-11.

Barna, G 1998. *The Second Coming of the Church*. Nashville: Word.

Barna, G 2006*. Revolution*. Illinois: Barna Books.

Barnard, AC 1985. *Die Erediens.* Kaapstad: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Barnard, M 2001. *Dynamiek van Cultus en Cultuur,* in Barnard, M & Post, P (reds), *Ritueel Bestek – Antropologischen kernwoorden van de liturgie*, 47-62. Zoetermeer: Meinema.

Barnard, M 2006. *Liturgie voorbij de Liturgische Beweging – Over 'Praise and Worship', Thomasvieringen, Kerkdiensten in Migrantenkerken en Ritualiteit op het Internet.* Zoetermeer: Meinema.

Barnard, PH 2004. *'n Prakties-teologiese Ondersoek na Spiritualiteitstipes in Eredienste in die Ring van die Paarl* (MA Verhandeling). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Barth, K 1991. *Homiletics,* in Bromiley, GW & Daniels, DE (trans). United States of America: Westminister/John Knox Press.

Bauer, RA & Greyser, SA 1967. The dialogue that never happens. *Harvard Business Review: Understanding and meeting consumerism's challenges*, 16.

Bauman, Z 1998. *Work, consumerism and the new poor.* Buckingham and Philadelphia: Open University press.

Benton, J 1999. *Christians in a Consumer Culture*. UK: Christian Focus Publishers.

Berkhof, H 1973. *Christelijk geloof. Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.

Berlo, KD 1960. *The process of communication, an introduction to theory and practice*. New York: Holt, Rhinehart and Winston.

Bernstein, RJ 1985. *From Hermeneutics to Praxis,* in Hollinger, R (ed), *Hermeneutics and Praxis*, 272. Notre Dame, Indiana USA: University of Notre Dame Press.

Bieritz, KH 1990. *Predigt und rhetorische Kommunikation*. In: KH Berietz, C Bunners, H Daewel e.a. *Hanbuch der Predigt*. Berlin: Evangelische Verlaganstalt.

Bleicher, J 1980. *Contemporary Hermeneutics – Hermeneutics as Method, Philosophy and Critique*. Great Britain – Londen: Routledge & Kegan Paul.

Bohren, R 1986. *Predigtlehre.* München: Chr Kaiser Verlag.

Botha, P 2001. Die kwalitatiewe onderhoud as data-insamelingstegniek: sterk- en swak punte. *Journal of family ecology and consumer sciences*, 29:13-19. www.up.za/saafecs/vo29/botha.pdf Beskikbaar: ERIC. Toegang op 30 April 2009.

Botha, S 2009. *Pastorale begeleiding ten opsigte van werkstreshantering toegespits op tweede taal-onderwysers in sekondêre skole* (MA Verhandeling). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Boyle, D 2004. *Authenticity: Brands, Fakes, Spin and the Lust for Real Life*. London: Flamingo.

Boyle, TC 2004. *Drop City*. USA: Penguin Books Publishers.

Branson, ML 2003. *Forming God's People*. Congregations, vol.29.

Brillioth, Y 1965. *A Brief History of Preaching*. Philadelphia: Westminster Press.

Brueggeman, W 1982. *Genesis. Interpretations. A Bible Commentary for Teaching and Preaching*. Atlanta: John Knox Press.

Brueggeman, W 1989. *Finally Comes the Poet. Daring speech for proclamations*. Minneapolis: Fortress Press.

Brueggemann, W 1993. *Texts under Negotiations. The Bible and Postmodern Imaginations*. Minneapolis: Fortress Press.

Brueggemann, W 1994. *A social reading of the Old Testament: Prophetic approaches to Israel's communal life.* Minneapolis: Fortress Press.

Buckingham, M & Clifton DO 2001. *Now, discover your Strengths*. London: Pocket Books.

Buckingham, M 2005. *The One Thing You Need To Know*. London: Pocket Books.

Bunners, C 1990: Die Hörer. In KH Bieritz, C. Brunners, H Daewel e.a. *Handbuch der Predigt*. Berlin: Evangelische Verlaganstalt.

Burger, CW 1991. *Die Dinamika van 'n Christelike Geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, CW 1995. *Gemeentes in Transito: Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, CW 2009. *Ontdek die belang van die erediens* in Wepener, C en Van der Merwe, J (redakteurs) 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Buttrick, D 1987. *Homiletic Moves and Structures.* Philadelphia: Fortress Press.

Buttrick, D 1994. *A Captive Voice. The Liberation of Preaching.* Louisville Kentucky: Westminister/John Knox Press.

Buttrick, D 1994a. *On doing Homiletics Today,* in Eslinger RL (ed). *Intersections. Post-critical studies in preaching,* 88-104. Michigan, Grand Rapids: WB Eerdmans.

Castle,T 1988. *Lives of Famous Christians*. Ann Arbor, MI: Servant Books.

Cilliers, Johan 2004. *Die Lewende stem van die Evangelie*. Stellenbosch: Sun Press.

*Claeys, G 1986.* Individualism, Socialism, and Social Science*: Further Notes on a Process of Conceptual Formation, 1800-1850. Journal of the History of Ideas 47 (1): 81–93.*

Claessens, W & Van Tillo, G 1990. *Van beneden naar boven. Een nieuwe richtung in de praktische theologie*. Kampen: Kok.

Codrington, G & Grant-Marshall, S 2004. *Mind the gap!.* South Africa: Penguin Group.

Cole, N 2005. *Organic Church. Growing faith where life happens*. San Francisco: Jossey- Bass.

Collins, J 2001. *Good to Great: Why some Companies Make the Leap… and Others*. New York: Harper Business.

Collins, L 2008. *Pixel Perfect*. The New Yorker – May 12.

Colson CW, & Pearcey, N 1999. *How Now Shall We Live?* Wheaton, Illinois: TIndale House.

Couchman, D 2002. *Facing the Challenge of Our Time*. Southampton: Focus Radio.

Craddock, FB 1981. *As one without authority*. Nashville: Abingdon.

Craddock, FB 1985. *Preaching*. Nashville: Abingdon.

Craddock, FB 1988. *Preaching*. Nashville: Abingdon.

Cross, G. 1993. *Time and money: the making of consumer culture.* London: Routledge.

Crouch, A 2004*. The emergent Mystique*. In Christianity Today 1 Nov. 2004 (http://www.ctlibrary.com/ct/2004/november/12.36.html toegang op 23 Junie. 2009).

Daiber, KF 1991. *Predigen Und Hören, Band 1. Predigen*. München: Chr Kaiser Verlag.

Dameron, K. 1939. The consumer movement. *Harvard Business Review: Understanding and meeting consumerism's challenges*, 26.

Dance, FEX & Larson, CE 1976. *The Function of Human Communication*. New York: Holt, Rhinehart and Winston.

Davidson, MP 1992. *The consumerist manifesto: advertising in post modern times*. London: Routledge.

Deist, FE 1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Dekker, G & Gäbler, KU 1987. *Sekularisatie in theologisch perspectief.* Kampen: Kok.

De Kiewit, C 2007. *Proclaiming the glory of God. A homiletical approach* (Ongepubliseerde PhD-Thesis). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

De Klerk, BJ 2007. *Preaching Hope within a Societal Context of Hunger and of Affluence,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds.), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 177-202. Pretoria: Protea Book House.

De Mello, A 1984. *Sadhana, a way to God: Christian Exercises in Eastern Form.* Garden City, New York: Doubleday.

De Roest, H 2005. *En de wind steekt op! Kleine ecclesiologie van de hoop*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Delport, CSL & Fouché, CB 2004. The qualitative research report. (In: De Vos, CS, ed. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. P. 356-359.

Demasure, K 2004. *Verdwaald tussen liefde, macht en schuld. Pastorale begeleiding bij seksueel misbruik van kinderen. Een hermeneutisch model voor pastorale begeleiding van dader en slachtoffer bij seksueel misbruik van kinderen.* Leuven: Peeters.

Demasure, K & Muller, J 2006. Perspectives in Support of the Narrative Turn in Pastoral Care. *NGTT* 47 (3-4). 410-419.

Den Dulk, M 1995. De homiletiek van CJA Vos. *Praktiese Teologie in Suid Afrika* 10:6-14.

Derrida, J 1972. Structure, sign and play in the discourse of the human sciences. In: B. Macksey & P.E. Donato (eds.). *The structuralist controversy: The languages of criticism and the sciences of man*, 247-272. Baltimore: John Hopkins University Press.

Derrida, J 1973. *Speech and Phenomenon And Other Essays on Husserl's Theory of Signs*. Newton: Evanston.

Die Bybel, 1983. *Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV).* Kaapstad: NG-Kerk Uitgewers.

Die Bybel, 1957. *Ou Afrikaanse Vertaling (OAV),* 3e uitgawe. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dingemans, GDJ 1991. *Als Hoorder onder de Hoorders: Een Hermeneutische Homiletiek.* Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.

Du Rand, W 1950. *The Age of Faith*. NY: Simon & Scuster.

Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF Drukkers.

Edwards, AL 1970. *The Measurement of Personality Traits by Scales and Inventories.* United States of America: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

Epstein, J 1998. X'ers vs. Boomers. *The Futurist*. 32(7):8-9.

Eslinger, RL 1987. *A New Hearing: Living options in homiletics method*. Nashville: Abingdon.

Eslinger, RL (ed) 1994. *Intersections: Post-critical Studies in Preaching*. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Farris, F 1998. *Preaching that matter: The Bible and our Lives.* Louisville Ky: Westminster John Knox.

Feldman, LP 1976. *Consumer Protection: Problems and Prospects.* Los Angeles: West Publishing Co.

Fetters, PR 1994. The Who? Generation and the church. *American Academy of Ministry*. 3(1):15-24.

Firet, J 1987. *Spreken als een leerling*. Kampen: Kok.

Fiske, J 1983. *Introduction to communications studies*. London: Methuen.

Fontana, D 2000. *Personality in the Workplace.* China: Macmillan Press Ltd.

Fowler, JW 1981. *Stages of Faith. The Psychology of Human Development and the Quest for Meaning.* San Francisco: Harper & Row Publishers.

Fox, M 1983. *Original blessing: A Primer on Creation Spirituality*. Sante Fe, N.M.: Bear.

Frazee, R 2001. *Connecting Church: Beyond the small group.* Grand Rapids: Zondervan.

Frost, M 2006. *Exiles: Living Missionally in a Post-Christian Culture.* Massachusetts: Hendrickson Print.

Frost, M & Hirsch, A 2005. *The shaping of things to come. Innovation and mission for the 21st-century church*. 5th print. Peabody: Hendrickson.

Frost, M & Hirsch, A 2008. *ReJesus: A Wild Messiah for a Missional Church.* Massachusetts: Hendrickson Print.

Fouché, CB 2004. Research strategies. (In: De Vos, CS, ed. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. P. 270-277.

Fouché, CB & Delport, CSL 2004. The place of theory and the literature review in the qualitive approach to research. (In: De Vos, CS, ed. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. P. 265-269).

Fowler, JW 1981. *Stages of Faith. The Psychology of Human Development and the Quest for Meaning.* San Francisco: Harper & Row Publishers.

Fuller, RB 1969. *Operating Manual for Spaceship Earth*. Mattituck N.Y.: Aeonian Press.

Gadamer, H-G 1960. *Wahrheit und Methode*. Tübingen: Mohr.

Gadamer, H-G 1975. *Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik.* 4. Auflage. Tübingen: JCB. Mohr (Paul Siebeck).

Gadamer, H-G 1975. *Truth and method*. London: Sheed and Ward Ltd.

Gadamer, H-G 1976. *Rhetorik und Hermeneutik.* Hamburg: Joachim Jungius-Gesellschaft.

Gadamer, H-G 1979. *Truth and Method,* in Glen-Doepel, W (trans) 2nd ed. London: Sheed and Ward Ltd.

Gadamer, H-G 1981. *Reason in the Age of Science,* in Lawrence, FG (trans). London: The MIT Press Cambridge.

Gadamer, H-G 1991. Gadamer on Gadamer, in *Continental Philosophy IV – Gadamer and Hermeneutics*, 13-19. New York and London: Routledge.

*Gadamer, H-G 1994. Truth in the Human Sciences*, *in* Wachterhauser, BR (trans & ed), Hermeneutics and Truth*. United States of America: Northwestern University Press.*

Garhammer, E & Schöttler H-G (Hrsg) 1998. *Predigt als offenes Kunswerk. Homiletik und Rezeptionsästhetik.* München: Don Bosco.

George, CF 1994. *The Coming Church Revolution*. Grand Rapids: Revell.

Geyser, T 2004. *Die Missionêre aktualiteit van die Soeker Sensitiewe Kerkmodel in 'n postmodernistiese samelewing* (Ongepubliseerde PhD Verhandeling). Johannesburg: Rand Afrikaanse Universiteit.

Gibbs, E & Coffey, I 2001. *Church Next – Quantum Changes in Christian Ministry.* Great Britain: Inter-Varsity Press.

Gibbs, E & Bolger, RK 2005. *Emerging Churches. Creating Christian community in Postmodern cultures.* Grand Rapids: Baker Academic.

Gladwell, M 2008. *Outliers. The Story of Success*. London: Penguin Books.

Glazer, SM 1995. *Using Nonfiction in the Classroom- Teaching Strategies*. Scholastic Canada: Limited

Gordon, TW 1997. *McLuhan for Beginners*. New York: Writers and Readers.

Gozzi, R 2004. *Paradoxes of Electric Media*. EME, vol.3, nr 3.

Greeff, M 2004. Information collection: Interview. (In: De Vos, CS, ed. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. P. 291-320.

Grözinger, E 2002. *Preaching as a Lifelong Process of Creating Perspectives,* in Immink, G & Stark, C (eds.), *Preaching: Creating Perspective,* 167-183. Utrecht: Societas Homiletica.

Grözinger, A 2005. Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict – The Way of Experience & Ho Soon, K, in *Studia Homiletica* 6, 91-100. Pretoria: Protea Book House.

Grözinger, A 2008. *Homiletik*. Gütersloh: Gütersloher Verlag.

Habermas, J 1973. *Kultur und Kritik: verstreute Aufsätze*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.

Habermas, J 1993. *Na-metafysisch denken,* in Middelhoek, A (vert.), Kampen: Kok Agora.

Hall, ET 1966. *The hidden dimension*. NY: Garden City.

Harrel, DM 1998. This is not your Father's preaching style. *Leadership.* 19(Sum):83-86.

Hatch, E 1895. *The Influence of Greek Ideas and Usages upon the Christian Church*. Peabody, MA: Hendrickson.

Heitink, G 1990. Theologie en psychologie: Een spanningsveld. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift,* (4), 206-220.

Heitink, G 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis, teorie, handelingsvelden.* Kampen: Uitgeverij Kok.

Heitink, G 1999. *Practical Theology. History. Theory. Action Domains.* Grand Rapids: Eerdmans.

Heitink, G 2003. *Tussen 'oprit 57' en 'afslag 03' de Weg, het Landschap en de Praktische Theologie.* Kampen: Kok.

Heitink, G 2004. Liturgiek tussen Verkondigen en Vieren, in Barnard, M, Heitink, G & Leene, H (reds), *Letter en Feest – In Gesprek met Niek Schuman over Bijbel en Liturgie*, 73-85. Zoetermeer: Meinema.

Heitink, G 2007. *Een kerk met karakter – Tijd voor heroriëntatie.* Kampen: Kok.

Henau, E 1986. *Schriftinterpretatie als element van kommunikatie.* Praktische Theologie, 13(4):87-101.

Henau, E & Jespers, F 1993. *Liturgie en Kerkopbouw*. Baarn: Gooi & Sticht.

Hermelink, J 1992. *Die homiletische Situation. Zur jüngeren Geschichte eines Predigtproblems*. Göttingen: Güterslohen Verlaghaus G. Mohn.

Hermelink, J 1995. Predigt in der Werkstatt. *Zur Bedeutung der Predigtanalyse in der theologische Ausbildung. Berliner Theologische Zeitschrift*, 12. Jahrgang. Heft 1:40-57.

Hermelink, J 2007. The Theological Understanding of Preaching Hope, in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds.), Preaching as a Language of Hope, in *Studia Homiletica* 6, 29-58. Pretoria: Protea Book House.

Hesselgrave, D J 1978. *Communicating Christ Cross Culturally*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Heyns, JA 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, LM & Pieterse, HJC 1990. *Eerste tree in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers. 101p.

Hipps, S 2007. *Dancing with Consumerism.* Beskikbaar by: http://blog.christianitytoday.com/outofur/archives/2007/04/dancing_with_co.html. (Toegang op 20 November 2008).

Hipps, S 2009. *Flickering Pixels. How Technology Shapes your Faith*. Grand Rapids: Zondervan.

Hirsch, A 2006. *The Forgotten Ways. Reactivating the Missional Church*. Grand Rapids: Brazos.

Hirschler, H 1988. *Biblisch Predigen*. Hannover: Lutherisches Verlaghaus.

Hirsh, SK & Kise, JAG 1997. *Looking at Type and Spirituality.* United States of America: Center for Applications of Psychological Type, Inc.

Hogan, LL 2005. *The Individual in Relation to Public Preaching,* in *Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict,* in Studia Homiletica 5, 100-108. Gospel Works: Societas Homiletica.

Hogan, LL 2007. *Homiletical Research,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds.), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 128-137. Pretoria: Protea Book House.

*Holmes, UT 1978.* The Priest in Community: Exploring the roots of Ministry. *New York: Seabury.*

*Holmes, Urban T 1980.* A history of Christian spirituality: An Analytical Introduction*. San Francisco: Harper & Row.*

Howard, PJ 2006. *The Owner's Manual for the Brain* (Third Edition). Austin: Bard Press.

Immink, FG 2003. *In God geloven: Een Praktisch-theologische Reconstructie.* Zoetermeer: Meinema.

Immink, FG & Verweij, A 2007. Dealing with the Suffering of Jesus in the Context of a Suffering World: An Example of Emperical Homiletics, in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds.), *Preaching as a Language of Hope, in Studia Homiletica* 6, 141-154. Pretoria: Protea Book House.

Janse van Rensburg, J 2007. Voordrag op Navorsingsmetodologie gehou op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. [Elektroniese weergawe].

Jansen, N & Steinberg, S 1991. *Theoretical approaches to communication.* Cape Town: Juta.

Jethani, S 2008. *iChurch: All We Like Sheep: Is our insistence on choices leading us astray?*. Beskikbaar by: http://www.skyejethani.com/ichurch-all-we-like-sheep/28/. (Toegang op 21 November 2008).

Jethani, S 2009. The Divine Commodity: Discovering a Faith Beyond Consumer Christianity. Grand Rapids: Zondervan

Jonker, H 1978. *Liturgische Oriëntatie. Gesprekken over de Eredienst.* 3[e] uitgawe. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Jonker, H 1989. *Landingsplaatsen. Over theologie en leven*. Nijkerk: Callenbach.

Jonker, WD 1976, *Die Woord as Opdrag*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Jonker, WD 1981. *Die Gees van Christus. Wegwysers in die Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Jonker, WD 1985. *Die Woord as Opdrag,* 2[e] uitgawe. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD 1998. *Van verstaan naar vertolken*. Meppel: Jonker Creaties.

Jonker, WD 2008. *Die Relevansie van die Kerk*. Wellington: Bybel Media.

Joubert, S 2007. God-nood en Jesus se perfekte stormlopers in Stephan Joubert (red). *Die Perfekte Storm. Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joubert, S (red) Van der Watt, J, Sweet, L, Easum, B, Niemandt CJP, e.a. 2007. *Die Perfekte Storm. Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joubert, S 2009. Ontdek die vroeg-kerklike dinamiek van die erediens in Wepener, C en Van der Merwe, J (redakteurs) 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi. BM.

Kanner, AD & Kasser. T (Redakteurs) 2003. *Psychology and Consumer Culture: The struggle for a good life in a materialistic world.* Washington DC: American Psychological Association.

Keifert, P 2006. *A Missional Journey of Spiritual Discovery – We are Here Now: A New Missional Era.* Idaho: Allelon Publishing.

Kellerman, JS 1991. Narratiewe prediking: 'n Ondersoek en beoordeling. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 32:473-485.

Kellerman, JS 1993. 'n Praktykteorie vir die vormgewing van die preek. *Praktiese teologie in Suid Afrika* 8:175-189.

Kheper 2009. http://kheper.net/topics/worldviews/materialism.htm Internet.

Kid, R 1999. Four Spiritual Laws of GenX. *Sojourner*. 28(JI-Aug):53.

Kimball, D 2003. *The Emerging church: Vintage Christianity for new generations*. Grand Rapids: Zondervan.

Korzybski, A 1951. *The Role of Language in the Perceptual Processes*. New York: The Ronald Press Company.

Kritzinger, JJ 2000. *Navorsing in die Fakulteit Teologie* se *Riglyne vir Studente.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kushner, L 1977. *Honey from the Rock*. Woodstock, Vermont: Jewish Lights Publishing.

Lange, E. 1987. *Predigt als Beruf. Aufsätze zu Homiletik*, Liturgie und Pfarramt. München: Kaiser.

Lasswell, HD, Lerner, D & Pool, I de S 1952. *The comparative study of symbols.* Stanford: (Geen uitgewer gemeld).

Leaf, C 2005. *Skakel jou brein aan*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Lemmer, JC 1990. *'n Praktiese-teologiese ondersoek na die gemeente se verstaan van die preek* (D-Th.-Proefskrif). UNISA: Pretoria.

Lemmer, JC 1993. *Preek om gehoor te word*, in Dreyer & Pieterse (reds) 1993:63-94.

Levine, J 1999. *The Enneagram Intelligences. Understanding Personality for Effective Teaching and Learning.* United States of America: Greenwood Publishing Group, Inc.

Lewis, RL & Lewis, GL 1989. *Learning to preach like Jesus*. Westchester: Crossway Books.

Liftin, AD 2004. *Issues of Truth and Power: The Gospel in a Post-Christian Culture*, 22-24 April. Wheaton: Billy Graham Center.

Lindsay, AD 1930. Individualism. *Encyclopedia of the Social Science*. New York: Vol VII p. 676.

Lonergan, BJF, Morelli, MD, Morelli, EA 1997. The Lonnergan Reader. Toronto: University of Toronto Press.

Long, TG 1988. *The Senses of Preaching.* Atlanta: John Knox Press.

Long, TG, 1989. *Preaching and the Literary Forms of the Bible*. Philadelphia: Fortress.

Long, TG 1989a. *The Witness of Preaching.* Louisville Kentucky: Westminister/John Knox Press.

Long, TG 1994. The Rise of Narrative Preaching, in Vos, CJA (ed), *Proclaim the Gospel.* Pretoria - Grand Rapids: Eerdmans.

Long, TG 2001. *Beyond the worship wars: Building vital and faithfull worship.* Nashville, TN: Abingdon.

Long, TG 2005. *The Witness of Preaching* (Second Edition). Louisville Kentucky: Westminister/John Knox Press.

Louw, DJ 1993. Praktiese Teologie – 'n Fenomenologiese stuiptrekking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 8(2): 206-209.

Louw, DJ 1998. A *Pastoral Hermeneutics of Care and Encounter – A Theological Design for a Basic Theory, Anthropology, Method and Therapy.* Cape Town: Lux Verbi.

Lukes, S 1973. Individualism. *New York*: Harper & Row.

Lundin, R, Thiselton, A & Walhout, C 1985. *The Responsibility of Hermeneutics.* United Kingdom: William B Eerdmans Publishing Company.

Lury, C 1996. *Consumer culture*. New Brunswick, New Jersey: Rutgers University Press.

Luther, H 1982. *Stufenmodell der Predigtvorbereitung*. Theologica Practica 17:60-68.

Martin, J 2006. The Meaning of the 21st Century. I vital blueprint for ensuring our future. London: Eden Project Books.

Masango, MJS 2007. Who Touched Me? in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds.), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 231-236. Pretoria: Protea Book House.

Maslow, AH 1970. *Motivation and personality*. New York: Harper & Row.

McClure, JS 1991. *The Four Codes of Preaching – Rhetorical Strategies.* Minneapolis: Fortress Press.

McClure, JS 1996. *The Roundtable Pulpit: Where Leadership and Preaching Meet.* Nashville: Abingdon Press.

McClure, JS 2003. How to Use the Theological Profile, in Cooper, BZ & McClure, JS, *Claiming Theology in the Pulpit,* 71-120. Louisville London: Westminster John Knox Press.

McKnight, S 2005. *The Jesus Creed. Loving God, Loving others* (5de druk). Brewster: Paraclete Press.

McKnight, S 2006a. What is the Emerging Church? In *Fall Contemporary Issues Conference Westminster Theological Seminary Oct. 2006*. Weergegee op http://www.christianitytoday.com/ct/2007/february/11.35.html (Toegang op 7 Aug. 2007).

McKnight, S 2006b. *The Future or Fad? A look at the emerging church movement*. The Covenant Companion. Weergegee op http://www.covchurch.org/companion/ articles/2006-february-the-future-or-fad (Toegang op 13 Junie. 2009).

McLagan, P & Nel, C 1995. *The Age of Participation.* San Francisco: Berret-Koehler Publishers.

McLaren, BD 1998. *The church on the other side: Doing ministry in the postmodern matrix.* Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 1999. *Finding Faith*. Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 2000. *The church on the other side. Doing ministry in the postmodern matrix*. Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 2001. *A new kind of Christian – a tale of two friends on a spiritual journey.* San Francisco: Jossey-Bass.

McLaren, BD. 2002. *More ready than you realize*. Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 2003. *The story we find ourselves in: Further adventures of a new kind of Christian.* Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 2003. *Adventures in Missing the Point: How the culture-controlled church neutered the Gospel*, saam met Tony Campolo. Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 2004. *A Generous Orthodoxy*. Grand Rapids: Zondervan.

McLaren, BD 2005. *The Last word and the Word after that: a tale of faith, doubt, and a new kind of Christianity.* San Francisco: Jossey-Bass.

McLaren, BD 2006. *The secret message of Jesus. Uncovering the truth that could change everything*. Nashville: W Publishing.

McLaren, BD 2008. *Finding Our Way Again: The Return of the Ancient Practices.* Nashville: W Publishing.

McClaren, BD 2008. Finding Our Way Again. Weergegee op http://everydayliturgy.com/magazine/may-2008/articles/finding-our-way-again-an-interview-with-brian-mclaren- (Toegang op 15 Jun. 2009).

McLuhan, M 1964. *Understanding Media*. New York: McGraw Hill.

McLuhan, M & McLuhan E  1988.  *Laws of Media: The New Science*.  Toronto: University of Toronto Press.

McLuhan, M & Laphan, LH  1994.  *Understanding Media: The Extension of Man. Cambridge,* Mass: MIT Press.

McLuhan, M, McLuhan, E & Zingrone, F  1995.  *Essential McLuhan*.  New York: Oxford University Press.

McLuhan, M & Fiore, Q  1996.  *The Medium is the Message: An Inventory of Effects.*  San Francisco, California: Hard Wired.

McLuhan, M, McLuhan, E & Szlarek, J  1999.  *The Medium and the Light: Reflection on Religion.*  New York: Stoddart.

McLuhan, M, Carson, D, & McLuhan, E  2003.  *The Book of Probes*.  Corte Madera, California: Ginko.

McLure, JS  1995.  *The Roundtable Pulpit.*  Nashville, USA: Abingdon Press.

Mead, GH  1965.  *On Social Psychology.*  Chicago & London: University of Chicago Press.

Mendez, A  1997.  *Groupism vs. Individualism*.  Beskikbaar by: http://ematusov.soe.udel.edu/final.paper.pub/_pwfsfp/00000097.htm.  (Toegang op 28 Nov 2008).

Merton, T  1955.  *No man Is an Island*.  San Diego: Harcourt.

Meyer, F  2000.  Kan die Kerk X'ers laat tuisvoel?  *Die Kerkbode*: 21 April 2000:13.

Mieth, D 1992. Der Beitrag der Kirchen zur öffentlichen Kommunikation Theologische Begründungsversuche. In: Holderegger, A (red). *Ethik der Medienkommunikation.* Grundlagen. Freiburg, Schweiz: Universitätsverlag.

Miller, R 2004. *The Millennium Matrix: Reclaiming the Past, Reframing the Future of the Church.* San Francisco: Jossey-Bass.

Mooij, AWM & Widdershoven, GAM (reds) 1992. *Hermeneutiek en Psychologie. Interpretatie in Theorievorming, Onderzoek en Psychotherapie.* Amsterdam: Boom Uitgeverij.

Müller, BA 1991. Sermon preparation in context. *Journal of Theology for SA* 26:132-138.

Müller, BA 1993. Homiletiese navorsing in Europa en die VSA in gesprek met sosio-kulturele verskuiwinge. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8, 162-174.

Müller, JC 1983. *Die Homilie as Wyse van Eietydse Prediking.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Müller, JC 1990. *Die Erediens as Fees.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Myers, K 1989. *All God's Children & Blue Suede Shoes: Christians and Popular Culture*. Westchester: Crossway Books.

Myers, J 2003. *The Search to Belong: Rethinking Intimacy, Community, and Small Groups*. Grand Rapids, Michigan: Youth Specialties.

Naidoo, N 2004. *Genesis Development an International Management Consultancy. Weergegee op*

http://www.busrep.co.za/index.php?fSectionId=970&fArticleId=2630972 (Toegang op 18 Junie 2009).

Naudé, PJ 1987. *Ortopraksie as metodologiese prinsipe in die sistematiese teologie. 'n Sistematies-teologiese analise van Latyns-Amerikaanse bevrydingsteologie en die politieke teologie van Johan Baptist Metz.* D.Th.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Neal, MA 1984. *Social Justice and the right to use power*. Journal for Scientific Study of religion.23:329-340. Beskikbaar by *ATLA Religion Database*: http://search.ebscohost.com.ez.sun.ac.za/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0000928197&site=ehost-live. (Toegang op 6 October 2008).

Nell, IA 1996. *'n Praktiese Teologiese ondersoek na die vormgewing van die preek.* Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Nell, IA 2003. Klasaantekeninge ten opsigte van MA in Erediens: *Hermeneutiek en Eksegese*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Nel, M 2001. *Ek is die Verskil! Die Invloed van Persoonlikheid in die Prediking.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Neuser, J 1973. *Invitation to the Talmud*. New York: HarperCollins.

Nicol, M 2002. The Art of Preaching versus the Doctrine of God? The Role Dogmatics plays in Preaching, in Immink, G & Stark, C (eds.), *Preaching: Creating Perspective,* 184-195. Utrecht: Societas Homiletica.

Nicol, W 2000. *Godsdiens wat werk*. Wellington: Lux Verbi BM.
Nicol, W 2002. *Gebed van die hart. Word stil en beleef God*. Wellington: Lux Verbi BM.

Niebuhr, RH & Williams, DD 1956. *The Ministry in Historical Perspectives*. San Francisco: Harper & Row Publishers.

Niemandt, CJP 2007. *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld.* Wellington: Lux Verbi BM.

Norrington, DC 1996. *To Preach or Not to Preach? The Church's Urgent Question*. Carlisle, UK: Paternoster Press.

Olivier, PJ 1952. *Ons gemeentelike feesalbum*. Kaapstad en Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Ong, WJ 1967. *The Presence of the World*. New York: Simon and Schuster.

Ong, WJ 1982. *Orality and Literacy: The Technologizing of the World*. New York: Methuen.

Osgerby, B 2001. *Playboys in Paradise: Masculinity, Youth and Leisure-style in modern America.* Oxford: Oxford International Publishers Ltd.

Otto, G 1976. *Predigt als Rede*. Stuttgart: Kohlhammer.

Pagitt, D 2003. *Re-imagining Spiritual Formation – a week in the life of an experimental church*. Zondervan: Grand Rapids.

Pagitt, D 2005. *Preaching Re-Imagined*. Grand Rapits: Zondervan.

Peterson, J 1992. *Church Without Walls*. Colorado Springs: Navpress.

Petkewitz, WR 1991. *Verkündigung in der Mediengesellschaft. Neue Informations- und Kommunikationstechniken in der kirchlichen Praxis*. Gütersloh: Güterslohen Verlaghaus G. Mohn.

Piek GC 1984. *General Didactics.* Pretoria, South Africa: de Jager- HAUM Publishers.

Pieterse, HJC 1979. *Skrifverstaan en Prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, HJC 1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, HJC 1986. *Verwoording en Prediking.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, HJC 1987. *Communicative Preaching*. Pretoria: Unisa Press.

Pieterse, HJC 1988. *Die Woord in die Werklikheid. 'n Teologie van die Prediking.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Pieterse, HJC 1991. *Gemeente en Prediking.* Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, HJC 1992. Communication and Preaching. *Practical Theology*. Pretoria: UNISA.

Pieterse, HJC 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, H 1995. Prediking in die wêreld van die hoorders. *Acta Theologica* 15:46-58.

Pieterse, HJC & Wester, F 1995. Communication style. In: HJC Pieterse, (red). *Desmund Tutu's Message*. *A qualitive analysis*. Kampen: JH Kok.

Pieterse, HJC 2001 (ed). *Desmond Tutu's Message. A Qualitative Analysis,* 2nd ed. Leiden-Boston-Kölen: Brill.

Pieterse, HJC 2001. *Prediking in die konteks van armoede*. Pretoria: Unisa Uitgewers.

Pieterse, HJC 2007. Hoe kom God aan die Woord in die Prediking? Die Werklikheid en Taal waarin ons oor God praat, In: *Praktiese Teologie in Suid-Afrika Volume 22 (1),* 118-134. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Plug, C, Meyer, WF, Louw, DA & Gouws, LA 1986. *Psigologie-Woordeboek,* 2e uitgawe. Johannesburg: McGraw-Hill.

Postman, N 1986. *Amusing Ourselves to Death: Public Discourse in the Age of the Show Business.* New York: Penguin.

Postman, N 1993. *Technopoly: The Surrender of Culture to Technology*. New York: Vintage Books.

Postman, N 1994. *The Disappearance of Childhood*. New York: Vintage Books.

Preaching Past TiVo: *Do you tell the whole truth to people who only want certain parts?* (n.d.). Beskikbaar by http://www.christianitytoday.com/le/2006/summer/12.57.html. (Toegang op 9 December 2008).

Pribram, KH 1971. *Languages of the Brain*. Monterrey, C.A.: Brooks/Cole.

Raidt, EH 1991. *Afrikaans en sy Europese Verlede*. Kaapstad: Nasou Beperk.

Rand, A 1946. *Textbook of Americanism.* USA*: Signet Book.*

Rand, A 1961. *The soul of the individualist- for the new intellectual.* USA*: Signet Book.*

Rand, A 1964. *The Virtue of Selfishness*. USA*: Signet Book.*

Ratzinger, J, Pera, M, Moore MF 2006. *Without Roots: The West, Relativism, Christianity, Islam*. New York: Basic Books.

Rath, R & Conchie, B 2008. *Strengths based Leadership.* London: Pocket Books.

Ray, PH & Anderson, SR 2000. *The Cultural Creatives: How 50 Million People Are Changing the World.* New York: Harmony Books

Rice, C 1976. The Preacher as Storyteller. *Union Seminary Quarterly Review* 31:189-196.

Ricoeur, P 1976. *Interpretation theory, discourse and the surplus of meaning.* Fort Worth: Texas Christian University Press.

Ricoeur, P 1981. *Hermeneutics and the Human Sciences*, in Thompson, JB 1981 (ed), *Paul Ricoeur – Hermeneutics and the Human Sciences. Essays on Language, Action and Interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P 1983*. Temps et récit*, I. Paris: Seuil.

Ricoeur, P 1984. *Time and narrative.* Vol. 1. Chicago: University of Chicago Press.

Ricoeur, P 1991. From Text to Action, in Blamey, K & Thompson, JB (eds. & trans), *Essays in Hermeneutics II.* United States of America: Northwestern University Press.

Rollins, P 2006. *How (not) to speak of God*. London: Paraclete Press.

Rosenthal, E 1978. *Encyclopaedia of Southern Africa*. Kaapstad en Johannesburg: Juta and Company Limited.

Roxburgh, A 2007. *Emergent Church: Filled with creative, energetic potential.* (Ongepubliseerde artikel oor konsultasie van die Allelon Foundation saam met die Fuller Center for Intercultural Ministry in April 2007).

Runia, K 1983. *The Sermon under Attack* . Carlisle: Paternoster.

Sardar, Z & Abrams, I 2004. *Introducing chaos*. Royston: Icon Books.

Schaap-Jonker, H 2008. *Before the face of God. An interdisciplinary study of the sermon and the hearer's God image, personality and affective state*. Wien-Berlin: Lit Verlag.

Schaeffer, F 1968. *The God who is the*re. Downers Grove Illinois: Intervarsity Press.

Schaeffer, F 1983. *How We Should Then Live: The Rise and Decline of Western Thought and Culture.* Wheaton, Illinois: Good News Publishing.

Schmidt FL & Rader, M 1999. Job satisfaction survey among employees in small businesses in Davis G 2004. *Journal of Small Business and Enterprise Development.* Volume 11 Uitgawe 4 P 495-503. Emerald Group Publishing Limited.

Schmidt, LK 2006. *Understanding Hermeneutics.* United Kingdom: Acumen.

Schmit, CL 2003. What Lutherans have to offer mission in preaching, in *Dialogue: A Journal of Theology* 42 (4), 356-365.

Scholem, G 1965. *On the Kabbalah and Its Symbolism*. New York: Schonken.

Schüepp, G 1982. *Grundverständnis der Predigtkommunikation*. In: G. Schüepp e.a. *Handbuch zur Predigt*. Zürich: Benziger.

Seal M, 2003. Reality Kings. *Vanity Fair* (July 2003): 121-125 en 151-155.

Senge, P 1994. *The Fifth Discipline and The Fifth Discipline Fieldbook*. New York: Currency and Doubleday

Sine, T 2008. *The New Conspirators: Creating the Future One Mustard Seed at a Time*. Downers Grove Ill.: InterVarsity Press.

Sire, JW 1997. *The Universe Next Door (Third Edition).* Downers Grove: Intervarsity Press.

Slabbert, A 1992. *'n Verkenning van die begrip religieuse kommunikasie en die daarstel van 'n religieuse kommunikasiemodel*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Randse Afrikaanse Universiteit: Johannesburg.

Slater, D 1997. *Consumer Culture and Modernity*. Malden: Blackwell Publishing Inc.

Sleeth, RE 1986. *God's Word and Our Words: Basic Homiletics.* Atlanta: John Knox Press.

Smit, A 2001. *Kerklike toepassings van die MBTI®,* in Van Rooyen, J. *Myers-Briggs Type Indicator® Training Manual,* 5th ed. Johannesburg: Consulting Psychologists & HR Development.

Smit, D 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi BM.

Stark, C 2005. Emperical Research in the Field of Homiletics: Asking for the Hearer's Voice, in *Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict*, in Studia Homiletica 5, 90-99. Gospel Works: Societas Homiletica.

Stark, C 2005. *Proeven van de preek. Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Stark, C 2007. 'Flickering Hope after 40 years' – A Re-reading of Moltmann's 'Theology of Hope' for Today's Preaching, in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds.), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 101-110. Pretoria: Protea Book House.

Stearns, PN 2001. *Consumerism in world history: The global transformation of desire.* New York: Routledge.

Steyn, CS 2004. *'n Prakties-teologiese Ondersoek na die Invloed van die Liturg se MBTI® Persoonlikheidstyl op die Voorbereiding, Inkleding en Aanbieding van 'n Erediens.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Steyn, CS 2008. *Persoonlikheidstyle by erediensgangers: 'n Prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® (Myers-Briggs Type Indicator®) persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Stott, J 1982. *I Believe in Preaching.* London, England: Hodder & Stoughton.

Strauss, W & Howe, N 1991. *Generations*. New York: William Morrow.

Strydom, H 2004. Information collection: participant observation. (In: De Vos, CS, ed. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. P. 278-290.

Sweet, L 1999. *soulTsunami – sink or swim in New Millennium Culture.* Grand Rapids: Zondervan.

Sweet, L 2003. Garden, Park, Glen, Meadow in Sweet, L (red.). *The church in Emerging Culture. Five Perspectives*. Grand Rapids: Emergent YS Books, 13-58.

Sweet, L, McLaren, BD & Haselmayer, J 2003. *A is for Abductive – The Language of the Emerging Church.* United States of America: Zondervan.

Sweet, L 2004. *Summoned to Lead*. Grand Rapids: Zondervan.

Sweet, L 2007b. Bestorm die perfekte storm in Stephan Joubert (red*). Die Perfekte Storm. Hoe die gelowige van vandag die wêreld van môre kan oorleef*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy, 15-44.

Taylor, M 2005. Postmodern *Pedagogy: Teaching and Learning with Generation NeXt.* in MCLI Forum volume 9.

Thiselton, AC 1980. *The two Horizons: New Testament Hermeneutics and Philosophical Description with Special Reference to Heidegger, Bultmann, Gadamer and Wittgenstein*. Exeter: Paternoster Press.

Thiselton, AC 1992. *New horizons in hermeneutics*. Grand Rapids: Michigan.

Thompson, JB (ed) 1981. *Paul Ricoeur – Hermeneutics and the Human Sciences. Essays on Language, Action and Interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Thomson, J 1996. *Preaching as Dialogue: Is the Sermon a Sacred Cow?* Nottingham: Grove.

Thomson, J 1999. Interactive Preaching. *Anabaptist Today*. Issue 20. Spring 1999.

Tisdale, NT 1997. *Preaching as Local Theology and Folk Art*. Minneapolis: Fortress Press.

Tobias, CU 1996. *Every Child Can Succeed*. Wheaton: Tyndale House Publishers.

Troeger, TH 1990. *Imagining a Sermon.* Nashville: Abingdon.

Troeger, TH 1990a. Emerging New Standards in the Evaluation of Effective Preaching. *Worship* 64:290-307.

Troeger, TH 1994. *Poetics of the Pulpit for Post-Modern Times*, in Eslinger (ed) 1994:42-64.

Van der Geest, H 1978. *Du hast mich angesprochen*: die Wirkung von Gottesdienst und Predigt. Zürich: Theologischer Verlag.

Van der Geest, H 1981. *Presence in the pulpit; the impact of personality in preaching.* Atlanta: John Knox Press.

Van der Laan, JH 1989. *Ernst Lange en de prediking*. Kampen: Kok

Van der Merwe, J 2009. Ontdek nege lense op die erediens in Wepener, C en Van der Merwe, J (redakteurs) 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Van der Merwe, J 2009. Ontdek die bewegings in die erediens in Wepener, C en Van der Merwe, J (redakteurs) 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Van der Ven, JA 1985 (red). *Pastoraal tussen Ideaal en Werkelijkheid,* 191-207. Kampen: Kok.

Van der Ven, JA 1990. *Entwurf einer empirischen Theologie.* Kampen: JH Kok Publishing House.

Van der Ven, JA 1993. *Practical Theology: An Empirical Approach*. Kampen: JH Kok.

Van Der Ven, JA 1993a. *Ecclesiologie in context*. Kampen: JH Kok.

Van Huysteen, JW 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording.* Pretoria: RGN.

Van Huysteen, JW 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Van Huysteen, JW 2004b. Lez Eyzies *Symposium*, May 2004.

Van Niekerk, A 1994. Historisiteit en Waarheid: 'n Hermeneutiese perspektief op die filosofie van die twintigste eeu. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 30(2):72-88.

Van Rensburg, C. 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: JL van Schaik Akademies.

Van Rooyen, J 2001. *Myers-Briggs Type Indicator® Training Manual,* 5th ed. Johannesburg: Consulting Psychologists & HR Development.

Van Ruler, AA 1969. Structuurverschillen tussen het christologische en het pneumatologische gezichtspunt. In: *Theologisch Werk*, Deel 1. Nijkerk.

Van Ruler, AA 1970. *Waarom zou Ik naar de Kerk gaan?* Nederland: G.F. Callenbach N.V. – Nijkerk.

Van Seters, A (ed) 1988. *Preaching as a social act*. *Theology and practice*. Nashville: Parthenon Press.

Van Seters, A 1991. The Problematic of Preaching in the Third Millennium. *Interpretation* 45:267-280.

Van Wyk, RP 2002. *Prediking aan die jeug in 'n eietydse situasie.* Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif. Pretoria: UNISA.

Velema, W 1990. *Nieuw zicht op Gereformeerde Spiritualiteit*. Kampen: Kok.

Viola, F 2005. *The Untold Story of the New Testament Church*. Shippensburg, Pa: Destiny Image Publishers.

Viola, F & Barna, G 2008. *Pagan Christianity. Exploring the roots of our Church practices.* Illinois: Barna Books.

Vos, CJA 1992. Retoriese seile vir 'n konseptuele skip in homiletiese vaarwaters. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7:42-56.

Vos, CJA 1992a. *Die preek in die weegskaal*. Lesing aangebied by Cum-boeke vir Sevto. Fakulteit Teologie Afdeling B: Universiteit van Pretoria.

Vos, CJA 1995. *Die Blye Tyding. Homiletiek uit 'n Hermeneuties-kommunikatiewe Perspektief.* Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan. Homiletiek uit 'n Hermeneuties-kommunikatiewe Perspektief,* Vol I. Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 1996a. *Die Volheid Daarvan. Homiletiek uit 'n Hermeneuties-kommunikatiewe Perspektief,* Vol II. Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA & Pieterse, HJC 1997. *Hoe lieflik is U Woning.* Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 2005. *Theopoetry of the Psalms.* Pretoria: Protea Book House.

Ware, C 1995. *Discover Your Spiritual Type. A Guide to Individual and Congregational Growth.* Bethesda, Md: The Alban Institute.

Warren, R 2002. *The Purpose Driven Life. What on earth I am here for?* Grand Rapids: Zondervan.

Watts, FN, Nye, R & Savage, S 2002. *Diversity among Christians,* in *Psychology for Christian Ministry*. New York: Routledge.

Welsch, W 1988. *Unsere postmoderne Moderne*. Weinheim: VCH Acta humaniora, 7th edition Berlin: Akademie Verlag.

Wepener, C & Van der Merwe, J (redakteurs) 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Wepener, C 2009. Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens in Wepener, C & Van der Merwe, J (redakteurs) 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.BM.

White, JF 1964. *Protestant Worship and Church Architecture*. NY: Oxford University Press.

Wiersbe, WW 2000. *Real Worship: Playground, Battleground, or Holy Ground?* Grand Rapid, MI: Baker Books.

Wikipedia, 2009. http://af.wikipedia.org/wiki/Materialisme: Internet.

Wikipedia, 2009. http://en.wikisource.org/wiki/Catholic_Encyclopedia_(1913)/Materialism: Internet.

Wikipedia, 2009. http://en.wikipedia.org/wiki/Opus_Dei: Internet.

Wikipedia, 2009. http://en.wikipedia.org/wiki/Josemaria_Escriva: Internet.

Wikipedia, 2009. http://en.wikipedia.org/wiki/John_Paul_II: Internet.

Wikipedia, 2009. Htpp://af.wikipedia.org/wiki/Lys_van_eerste_100_NG_gemeentes_in_Suid-Afrika: Internet.

Williams, A 1997. Talking about Generation X: Defining them as they define themselves. *Journal of Language and Social Psychology*. 16(3):251-277.

Wilson, L & Moore, J 2002. *Digital Storytellers: The Art of Communicating the Gospel in Worship.* Nashville, TN: Abingdon Press.

Wilson, L, Moore, J, Boomershine, TE & Cooper, A 2002. Fresh Out of the Box: Digital Worship Experiences for Youth Gatherings. *Digital Worship Series Volume 2*. Nashville, TN: Abingdon Press.

Zhao, Y 2009. *Preparing global citizens. Globalisation and education*. London: Specialist Schools and Academies Trust.

Zerfass, R 1989. *Grundkurs Predigt 1. Spruchpredigt*. Düsseldorf: Patmos.

Zwetsloot, J 1981. *De taal van symbolen*. Hilversum: Gooi en Sticht.

Zoba, WM 1997. The class of Wikipedia, 2009. http://en.wikipedia.org/wiki/Christian_materialism: Internet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG A**

**GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE**

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DIE DEELNEMER (VERTROULIK)

1.1 GESLAG    Manlik □    Vroulik □

1.2 OUDERDOM

18-30 : □
31-40 : □
41-50 : □
Ouer as 50 : □

1.3 GEMEENTE SE NAAM: ______________________________

## 2. DIE EFFEK VAN PREDIKING OP DIE EREDIENSGANGER

Maak ‘n kruisie by NET EEN van die onderstaande beweringe.

**2.1 Hoekom woon jy die Sondag erediens by?**

Sang (Lof en aanbidding) □
Gemeenskap (Sosiaal) van gelowiges □
Soek ‘n boodskap/preek vir die week □
Kinders moet Sondagskool bywoon □
Voel skuldig as ek nie bywoon nie □

**2.2 Wat is jou opinie oor die kwaliteit van die PREDIKING in jou gemeente?**

Ek is baie ontevrede oor die kwaliteit van prediking □
Ek is min ontevrede oor die kwaliteit van prediking □
Ek is redelik tevrede oor die kwaliteit van prediking □
Ek is heeltemal tevrede oor die kwaliteit van prediking □

**2.3 Hoe sal jy die laaste maand se preke beoordeel?**

Baie negatief □
Meer negatief as positief □
Neutraal □
Meer positief as negatief □
Baie positief □

**2.4 Raak die prediking jou persoonlike lewe aan?**

Nee □
Ja, nie baie nie □
Ja □

**2.5 Ervaar jy iets van die Heilige Gees se teenwoordigheid tydens die preek?**

Nie eintlik nie □
Ja, nie baie nie □
Ja, absoluut □

**2.6 Wat verwag jy van die preek in 'n erediens?**

Verwagtinge is nie groot nie □

Neutraal □

Verwagtinge is groot □

**2.7 Dink jy jou gemeente sal kan voortbestaan sonder die prediking wat elke Sondag plaasvind?**

Nie eintlik nie □

Ja, nie baie nie □

Ja, absoluut □

**2.8 Indien jy die prediking moet waarneem, hoe sou jy dit inrig?**

Jy maak die preek en preek alleen □

Jy maak gebruik van lidmate in die gemeente □

**2.9. Deur watter medium sou jy terugvoering oor die preek wou kry, indien jy die prediking waargeneem het?**

Persoonlike gesprek □

Reaksie op internet □

Vraelyste □

## 3. FAKTORE WAT RELEVANTE PREDIKING KAN BEÏNVLOED

Gebruik die onderstaande skaal om die waarde te bepaal en omkring die relevante syfer in die kolomme waar 1 geen en 5 absoluut is

| | **FAKTORE WAT RELEVANTE PREDIKING KAN BEÏNVLOED** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Kommunikasiestyl van prediker | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Lof en aanbidding tydens erediens | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 3 | Inhoud van preek | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 4 | Heilige Gees se werking | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 5 | Ervarings/Emosies | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | Visuele middele (PowerPoint, Clips ens) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 7 | Preek temas | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 8 | Rasionele/Kognitiewe Skrifuitleg | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 9 | Die kultuur van die Paarl | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 10 | Situasie in Suid-Afrika as blanke/kleurling/swart | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 11 | Rituele en simbole | | | | | |

## 4. LEEFWÊRELD EN TYDSGEES

### 4.1 Dink jy die predikers verstaan iets van die konteks waarbinne die lidmate lewe?

Nie eintlik nie □
Ja, maar nie baie nie □
Ja, hy ken die konteks baie goed □

### 4.2 Help die prediking jou persoonlik in die wêreld waarbinne jy leef?

Nie eintlik nie □
Ja, maar nie baie nie □
Ja, ek kan nie daar sonder □

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Onder watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van die erediens?**

| **1.** □ | **2.**□ | **3.**□ | **4.**□ |
|---|---|---|---|
| 'n Liturgiese mistieke, ervaring deur rituele. Verlaat die algemene wêreld en gaan in 'n heilige plek en oomblik in. Die Nagmaal is sentraal. | 'n Ordelike byeenkoms van prinsipiële beginsels van geloof en aanbieding van die evangelie. Die preek staan sentraal. | 'n Gebeurtenis vol aanbiedinge en feesviering rondom die Evangelie. Aanbidding en reaksie is belangrik gevolg deur stories en persoonlike ervaringe deur prediker | 'n Samekoms vol interaktiewe, intieme, multi sensoriese, improviserende, hoogs toegewyde ervaring. 'n Fasiliteerder lei 'n oop einde ervaring |

**4.3 Watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van die Evangelie?**

| **1.** □ | **2.**□ | **3.**□ | **4.**□ |
|---|---|---|---|
| **Weer vasstel:**<br><br>Herleef die Evangelie as 'n heilige verhewe drama | **Weer vertel:**<br><br>Onthou die Evangelie as 'n gebeurtenis in die verlede met ewige implikasies | **Weer verkoop*:***<br><br>Die gebruik van oorredings, dramas en verduidelikings om die Evangelie te verduidelik as 'n appèl tot jou siel en gedagtes | **Weer kontekstualiseer:** Ongehoorde/sonder voorbeeld individuele toegang tot die tradisies kerkgeskiedenis en style wat 'n begeerte skep om tradisies van die verlede en Evangeliese waarhede nuwe uitdrukking te gee. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**4.5 Onder watter een van die 4 kolomme sal jy jouself plaas in terme van jou verbintenis/kontak met God?**

| **1.** □ | **2.**□ | **3.**□ | **4.**□ |
|---|---|---|---|
| **Aangesig van God:**<br><br>Jy aanskou Sy aangesig. ‘n Daad van intimiteit. | **Gedagtes van God:**<br><br>Jy sien God se gedagtes word uitgedruk in die fisiese wêreld en in prosesse. | **Hand van God:**<br><br>Jy fokus op die tasbare dade en bewyse van God. Dit kan wonderwerke, natuurlike rampe of die beantwoording van gebede wees. | **Hart van God**<br><br>Ons sien God se hart vind uitdrukking in die soeke na konneksie, omgee vir mekaar, verhoudings en eenvoud. |

**TOESTEMMINGSBRIEF VIR KWALITATIEWE ONDERSOEK**

**DEUR MIDDEL VAN 'N GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE:**

**Ek is tans besig met 'n verdere studie in die homiletiek. My onderwerp hou verband met prediking wat plaasvind in 'n wêreld wat konstant verander. Dit sluit aan by die Titel van hierdie studie:**

**Relevante prediking in 'n veranderende wêreld van relatiwiteit:**
**'n Ondersoek na deelname aan die erediens**
**en die houding teenoor kerk en prediking onder gelowiges**
**in die konteks van die Paarl.**

As deel van die empiriese ondersoek moet ek 'n aantal onderhoude voer met gelowiges wat gereeld na preke luister. Omdat dit 'n studie is in die 'Praktiese Teologie,' is die onderhoude onmoontlik sonder die hulp en medewerking van gelowiges wat na preke luister.

By voorbaat dank ek u vir die samewerking

In Sy greep!

**Pieter Barnard**

**<u>TOESTEMMING:</u>**

Hiermee gee ek ………………………………………………………………………….. toestemming dat Ds. Pieter Barnard met my 'n onderhoud kan voer vir die KWALITATIEWE ONDERSOEK gedeelte van sy studie deur middel van 'N GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE.

Geteken te ……………………. op die ………dag van ……………………….2009.

**<u>Handtekening</u>**:…………………………………………………………(Deelnemer)

**<u>Handtekening</u>**…………………………………………………………(Pieter Barnard)



t: 021 863 2700 | f: 021 863 2797 | e-pos: info@suiderpaarl.co.za